

MITES RONDOM AFRIKAANS

Annette Marié Jordaan

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad DLitt in
die Departement Afrikaans, Fakulteit Geesteswetenskappe**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Promotor: Prof. M.C.J. van Rensburg

APRIL 2004

Erkennings

Hiermee gee ek baie graag erkenning aan die volgende persone:

- Prof. Christo van Rensburg, my promotor, wat nooit voorskrywend is nie, maar wat 'n mens lei deur wyse vrae te vra en verbande aan te toon – dankie, Professor, vir die voorreg om saam met so 'n besondere promotor 'n klein deeltjie van die “taallandskap” van Afrikaans te kon verken;
- Prof. Elsa Nolte, my kollega en vriendin, wat my deurgaans aangemoedig het en wie se belangstelling 'n onmisbare bydrae gelewer het tot die afhandeling van hierdie proefskrif – dankie vir jou vriendskap en die voorbeeld van jou eie navorsingsuitnemendheid, Elsa;
- Prof. Hein Willemse, my departementshoof die afgelope jare, vir waardevolle navorsingstyd wat hy beskikbaar gemaak het en vir Joseph Campbell, Anderson, Castells, Moodie en Leonard Thompson – trammakassie, Hein;
- Prof. Vic Webb, die “groot indoena” van die taalpolitiek in die Departement Afrikaans, vir gesprekke, insigte en kalwers waarmee ek kon ploeg;
- Dr. Heinrich Grebe, by wie Afrikaans so diep in die grein lê, wat soveel belangstelling getoon het in die verloop van hierdie studie;
- Prof. Heinrich Ohlhoff, wat altyd beskikbaar is vir raad, en wie se deeglike werk in *Perspektief en Profiel* as inspirasie en naslaanbron vir veral hoofstuk 6 gedien het;
- Prof. Piet Roodt, wat my aan die begin van die studie reeds op Etienne Leroux en Jung gewys het, en wat vir my die goeie raad gegee het om – ook in moederverlore dae - aan te hou skryf;
- My ander kollegas – en vriende - by die Departement Afrikaans wat deurgaans belangstelling getoon en my aangemoedig het: Jurie Geldenhuys, Adelia Carstens, Susan Thembekwayo, Viola Milton, Rina Thom, Nico Snyman, Neil Cochrane, Hannelie Marx en ons wonderlike sekretaresse, Neeltjie Celliers;
- Mej. Rita Badenhorst van die Akademiese Inligtingsdiens, een van die mees toegewyde en bekwame inligtingkundiges onder die son, vir onmisbare hulp met die opspoor van bronne en ontbrekende bibliografiese inligting;

- Dr. Lize Kriel van die Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria vir 'n gesprek rondom “geskiedenis en waarheid” (my formulering) en vir insigte uit haar eie proefskrif, asook die verwysing na Hofmeyer en Munslow;
- Enkele lewende Afrikaanse taalsosioloë (naas prof. Christo, Vic Webb en Hein Willemse hierbo), van wie ek sommiges “effens” ken, maar ander nog nooit persoonlik ontmoet het nie, wie se kundige werk grootliks bygedra het tot die diskoers in hierdie proefskrif: J.C. Steyn, Hermann Giliomee, Hans du Plessis, Karel Prinsloo, Theo du Plessis en Alwyn van Gensen;
- My man, Chris, en ons vyf dogters – Annelet, Marenet, Christél, Lize en Jeanne - my skoonseun Ockie, my skoonma Aletta, my broer Lothar, skoonsuster Juliette en suster Linda, my swaer René en skoonsus Ida en my vriendinne – Toekie, Sanet, Ina, Lynette, Brigitte, Linda, Celeste, Corné, Elna en Ingrid – vir belangstelling en volgehoue aanmoediging. En Dinah Bambo wat intussen die “huisfort” help hou het. Ek is opreg dankbaar vir soveel onverdiende voorregte en vriendskappe.

Aan God die eer!

INHOUDSOPGAWE

'n Woord vooraf.....	1
Oor mites en die mitiese.....	10
Hoofstuk 1: Probleemstelling; teoretiese raamwerk en terminologie; werkwyse; verwagte uitkomst	12
1.1 Probleemstelling.....	12
1.2 Miteskepping as belangrikste uitgangspunt in die probleemstelling...18	
1.3 Uitgangspunte.....	23
1.4 Spesifieke navorsingsvrae.....	25
1.5 Terreinafbakening.....	26
1.6 Teoretiese raamwerk.....	27
1.7 Terminologie en konsepte.....	29
1.8 Werkwyse.....	32
1.9 Verwagte uitkomst.....	33
Hoofstuk 2: Die aard en funksies van mites (“Mites waardeur ons leef” – erkenning aan Samuel & Thompson)	34
2.1 Inleiding en doelstelling met die hoofstuk.....	34
2.1.1 Inleiding.....	34
2.1.2 Doelstelling met die hoofstuk.....	35
2.2 Die term <i>mite</i>	36
2.3 Mite vs. die mitologie.....	38
2.3.1 Die “mitologiese”.....	39
2.3.2 Die “mitiese”.....	41
2.4 Die aard en oorsprong van die mite.....	42
2.5 Die funksie van mites in die lewe van individue en gemeenskappe/volke.....	45
2.6 Die siening van Joseph Campbell oor die krag van mites.....	48
2.7 Mites en taal: die kognitiewe semantiek.....	51

2.7.1	“Kategorieë van die brein”.....	51
2.8	Mites vs. geskiedskrywing.....	53
2.9	Voorbeelde van die ontstaan van ’n mite: drie gevallestudies.....	57
2.9.1	Mites tydens ’n geveg, oproer of staking.....	57
2.9.2	Abraham Esau se oorlog, 1899-1901: mite en martelaarskap.....	57
2.9.3	’n Stuk outobiografiese vertelling: die belangrike rol van die “mitemaker/-skepper”.....	61
2.10	Samevatting.....	67

Hoofstuk 3: “Verbeelde gemeenskappe” en politieke miteskepping... 71

3.1	Doelwit met die hoofstuk.....	71
3.2	Die mite van die eie groep (“verbeelde gemeenskappe” - erkenning aan Benedict Anderson).....	72
3.2.1	Inleiding.....	72
3.2.2	Die konstruksie van identiteit.....	72
3.2.3	Nasie, volk en nasionalisme.....	74
3.2.4	Geskiedenis van die ontstaan van nasionalisme.....	76
3.2.5	Die verband tussen nasionalisme en taal in die agtiende en negentiende	78
3.2.6	Nasionalisme in die twintigste eeu.....	79
3.2.7	Na die Eerste Wêreldoorlog.....	80
3.2.8	Na die Tweede Wêreldoorlog.....	80
3.2.9	Suid-Afrika in die dekades na die Tweede Wêreldoorlog.....	81
3.3	Politieke miteskepping/mitologie.....	82

Hoofstuk 4: Die eerste mite: Die liefdesband tussen Afrikaans en die Afrikaners (1875-1948)..... 90

4.1	Inleiding, doelwitstelling en werkwyse.....	91
4.1.1	Inleiding.....	91
4.1.2	Doelwitstelling.....	93

4.1.3	Werkwyse.....	94
4.2	Agtergrond vir Augustus 1875.....	95
4.2.1	Boere en Afrikaners.....	95
4.2.2	Historiese gebeure voor 1875.....	100
4.3	14 Augustus 1875: die begin van die mite.....	105
4.4	Vaslegging van die mite (1875-1900).....	110
4.5	Die uitbreiding van die mite: Afrikanersolidariteit (1902-1915).....	113
4.5.1	Die impak van die Tweede Vryheidsoorlog op miteskepping.....	114
4.5.2	Die mite van die “volgehoue vryheidsdroom” (erkenning aan M.E.R.).....	116
4.5.3	C.J. Langenhoven se pleidooi vir Afrikaans as voertaal in die “laer” onderwys tydens die jaarvergadering van die “Zuid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Letteren en Kunst” te Bloemfontein in 1914...	121
4.5.4	Afrikaans as mitiese “middel tot die (politieke) opheffing en vereniging van Afrikaners”.....	124
4.6	Die mite “kry vlerke”: die stigting van die Nasionale Party en statusverwerwing vir Afrikaans (1915-1925).....	125
4.6.1	Die “Afrikaner-party” en Afrikaans.....	125
4.6.2	Miteskepping in die Afrikaanse pers, 1915.....	126
4.6.3	Die begin van die ekonomiese mobilisasie deur Afrikaners.....	128
4.6.4	Die Afrikaner-“Broederbond”.....	129
4.6.5	Ampstaalwording van Afrikaans.....	129
4.7	Die handhawing van die mite (1925-1938).....	131
4.7.1	Die “handhaaffase” van die “na-oorlogse taalbeweging”.....	131
4.7.2	Korpusontwikkeling ter ondersteuning van die mite.....	132
4.7.3	Vir en teen Afrikaans-moedertaalskole.....	132
4.7.4	Enkele gebeure in Afrikanergeledere en in die groter Suid-Afrika in die jare tussen 1923-1938 wat ’n impak op die gang van die mite gehad het.....	134
4.7.5	Die “simboliese ossewatrek”, 1938.....	137
4.8	Die mite seëvier: 1938-1948.....	139

4.8.1	Die Ossewa-brandwag.....	140
4.8.2	Die Reddingsdaadbond.....	140
4.8.3	Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en Smuts se besluit oor deelname.....	141
4.8.4	Die OB en die oorlogsjare.....	141
4.8.5	Die “1948-oorwinning”	145
4.9	Die rol van die Afrikaner se godsdiens in miteskepping.....	145
4.10.	Die vroeë Afrikaanse letterkunde en miteskepping.....	148
4.10.1	Voor 1900.....	149
4.10.2	Na 1900.....	152
4.11	Gevolgtrekkings.....	155
4.12	Samevatting.....	158

Hoofstuk 5: Die tweede mite: Afrikaans, die verdrukkerstaal (1948-1994)..... 160

5.1	Inleiding en doelstelling met die hoofstuk.....	161
5.1.1	Persoonlike manifes.....	163
5.1.2	Die terminologie van die “apartheids-gesprek”	164
5.2	Die aanloop tot die mite.....	165
5.2.1	Die eerste jare na 1652.....	165
5.2.2	Die slawekwessie aan die Kaap.....	168
5.2.3	Die vestiging van die mite van wit dominansie gedurende die 18de en 19de eeue.....	170
5.2.4	Na die Anglo-Boereoorlog: Die soeke na ’n “witmansland” (erkenning aan Giliomee, 2003).....	172
5.2.5	Die vestiging van die mite van eksklusiewe Afrikaner-etnisiteit en die Afrikaner- burgerlike godsdiens (1938 tot 1948).....	177
5.3	Die institusionalisering van die mite: Die apartheidsjare (1948 en verder).....	180
5.4	Die bruin mense, “bruin” mites en Afrikaans.....	184
5.4.1	Herkoms, status en impak op Afrikaans in die vroeë Kaapse	

geskiedenis.....	184
5.4.1.1 Herkoms.....	184
5.4.1.2 Status van die bruin mense in die vroeë Kaapse geskiedenis.....	186
5.4.1.3 Die Kaapse Moesliemgemeenskap en die Afrikaanse publikasies in die negentiende eeu.....	188
5.4.2 Die twintigste eeu.....	189
5.4.3 “Bruin” mites en Afrikaans.....	190
5.4.4 Die invloed van die Britte op “bruin” mites voor 1948.....	192
5.4.5 “Bruin” miteskepping na 1948.....	194
5.4.6 Die impak van “bruin” apartheidsmites op Afrikaans: die sewentigerjare	197
5.4.7 Die tagtigerjare: “So naby mekaar en tog só ver apart	201
5.4.8 Die negentigerjare: “Nineteen-ninety four [daai djaar van waterskeiding vi’ ons land]”.....	205
5.4.9 Teenoor verdrukking: bevryding.....	209
5.5 “Swart” mites rondom Afrikaans as verdrukkerstaal: die apartheidsjare.....	210
5.5.1 Inleiding.....	211
5.5.2 Die “verhouding” tussen swart mense en Afrikaans voor 1948.....	212
5.5.3 Die ontwaking van “swart” bewussyn en die miteskeppende rol van die ANC en PAC.....	213
5.5.4 “Deur die oog van ’n naald”.....	219
5.5.5 Die 1976-onluste.....	221
5.5.6 Die narratiewe van die apartheidslagoffers voor die WVK en die gepaardgaande miteskepping rondom Afrikaans/ die Afrikaners.....	224
5.5.6.1 Die verhaal as “waarheid”	225
5.5.6.2 Miteskepping in die WVK-narratiewe rondom Afrikaans/ die Afrikaners.....	228

5.6	Samevatting.....	232
-----	------------------	-----

Hoofstuk 6: Die neerslag van die mites..... 235

6.1	Inleiding en doelstelling met die hoofstuk.....	236
6.2	Die Afrikaanse historiografie.....	240
6.3	Die onderwys/-leerplanne.....	252
6.4	Die Afrikaanse letterkunde.....	261
6.4.1	Inleiding.....	261
6.4.2	Die “Afrikanermite” en die letterkunde.....	262
6.4.3	Die “verdrukkingsmite” en die “protes/-bevrydingsmite” en die gepaardgaande ont-/hermitologisering van die “Afrikanermite” in die Afrikaanse letterkunde.....	269
6.5	Die polemieë rondom “Kersliedjie” van D.J. Opperman (as voorbeeld van die impak van miteskepping by sommige van die deelnemende polemici).....	292
6.6	Samevatting.....	299

Hoofstuk 7: En nou, Afrikaans? (Erkenning aan Hans du Plessis).... 300

7.1	Inleiding en doelstelling met die hoofstuk.....	300
7.1.1	Inleiding.....	300
7.1.2	Doelstellings met die hoofstuk.....	305
7.2	Samevatting van hoofstukke 2- 6.....	305
7.2.1	“Mites waarmee ons leef”.....	305
7.2.2	“Verbeelde gemeenskappe” en politieke miteskepping.....	306
7.2.3	Die mite van Afrikaans en die Afrikaners.....	309
7.2.4	Die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal.....	312
7.2.5	Die neerslag van die mites.....	315
7.2.6	Gevolgtrekkings.....	320
7.3	Die mites rondom Afrikaans na 1994.....	322

7.3.1	Inleiding: standpunte van taalsosioloë in die aanloop tot 1994....	322
7.3.2	Die WVK (1996-1998).....	325
7.3.3	“Boetman is die bliksem in” (2000-2001).....	325
7.3.4	Die verskyning van Hermann Giliomee se “biografie van ’n volk” (<i>The Afrikaners: biography of a people</i>) (2003).....	329
7.3.5	Die “versteuring van veilige patrone”	330
7.4	En nou, Afrikaans?.....	332
7.4.1	Het die “wonderboom” geval? (Erkenning aan J.C. Steyn en Réna Pretorius).....	335
7.5	Slotsom van die ondersoek.....	336
7.6	Aanbevelings.....	336
7.6.1	Leef saam met die mites.....	337
7.6.2	“Liesit, praattit, skryffit, ontginnit en bedryffit” (Erkenning aan Marius F. Titus – uit “Skryfwerk”).....	338
7.6.3	Wees ’n miteskepper rondom die rol van Afrikaans in Suid-Afrika....	342
	Bibliografie.....	347
	Samevatting.....	361
	Summary.....	364

'n Woord vooraf

Hierdie proefskrif oor mites rondom my “moedertaal” ('n mities-gelaaide frase) is - in die woorde van een van Afrikaans se grootste miteskeppers, M.E.R. – “my beskeie deel” wanneer dit kom by 'n bydrae tot die volgehoue gesprek rondom Afrikaans.

Die “woord vooraf” word in werklikheid laaste geskryf. Die aanhalings rondom mites wat later volg, gee kerngedagtes weer rondom die aard en funksie van mites soos byeengebring uit die werk van verskeie denkers, filosowe, letterkundiges en – kom ons noem hulle maar so – mitoloë wie se werk rondom mites as eerste ondersoekterrein vir die proefskrif gegeld het. Daar word met die spesifieke aanhalings gepoog om die aard, impak en veral die singewende rol van mites te verwoord.

Die proefskrif val binne die oorkoepelende raamwerk van die taalsosiologie en sosiolinguistiek, en meer spesifiek die taalpolitiek, waarbinne taal gesien word as 'n merker van sosio-kulturele identiteit (vgl. Webb 1992:9). Die primêre vertrekpunt is die vraag of miteskepping rondom Afrikaans in (veral) die twintigste eeu deels verantwoordelik is vir die huidige (moontlik) problematiese situasie rondom Afrikaans.

Daar sal in die loop van die diskoers eksemplaries gewys word op die mate waarin bepaalde mites rondom Afrikaans sin gegee het aan die bestaan van die mense binne wie se groep die mites ontstaan het. Daar sal ook geargumenteer word dat dieselfde mites in 'n groot mate nog steeds as die “heilige” waarheid geglo word binne die betrokke groepe. My bydrae is dan om miteskepping telkens eksplisiet te verwoord as die invalshoek van die betoog oor die geskiedenis, rol en stand van Afrikaans binne die Suid-Afrikaanse werklikheid.

Dit is myns insiens nie moontlik om oor Afrikaans te praat sonder om die kwessie van miteskepping te betrek nie. Talle kundiges op die terrein het dit dan ook in soveel woorde of by implikasie reeds gedoen. Miteskepping as fenomeen was egter so ver ek kon vasstel nog nie die sentrale uitgangspunt in 'n ondersoek van hierdie aard rondom Afrikaans nie.

In hoofstukke 4 en 5 word twee (grootliks) opponerende mites rondom Afrikaans bespreek, nl.

- die mite “Afrikaans, taal van die Afrikaner” wat sy beslag gekry het in veral die eerste vyftig jaar van die twintigste eeu, en
- die mite “Afrikaans, verdrukkerstaal” wat weer veral beslag gekry het in die tydperk van geïnstusionaliseerde apartheid.

Die kernvraag is dan ook nie in elke geval of die betrokke mite “waar” of “vals” is nie (of meer nog: watter mite waar en watter vals is nie), maar wel wat die impak van die mite op die taal en sy sprekers was. Daarom is die titel van die proefskrif: “Mites rondom *Afrikaans*.”

Daar moet op gewys word dat aspekte van die bespreking van die twee mites ook narratiewe en stories binne die kontekste van die betrokke mites as deel van miteskepping en mitebevestiging sal betrek. Elkeen van die narratiewe (bv. die WVK-narratiewe as deel van die hoofstuk oor die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal) verteenwoordig dan nie telkens 'n spesifieke singewende mite wat uitgespel kan word nie, maar word betrek om die wyer konteks van miteskepping rondom Afrikaans as verdrukkerstaal te verhelder.

Die term “mite” kan vanuit soveel verskillende dissiplines benader word dat dit 'n komplekse saak is om dit met die oog op hierdie studie in een enkele definisie vas te pen. Dit is waarskynlik naaste aan die waarheid – hoewel “waarheid” ook weer 'n veelkantige begrip is – om te sê dat “mite” en “'n narratief of storie oor die singewende fasette van die menslike bestaan”, in 'n hoë mate in die proefskrif

aan mekaar gelyk gestel word. Daarom is 'n kernuitgangspunt dié van een van die belangrikste mitoloë van die twintigste eeu, Joseph Campbell, wat beweer dat mites *stories* is van die mens se soeke deur al die eeue na waarheid, betekenis en singewing (“truth, meaning, significance”) (in Flowers 1988:5).

'n Belangrike aspek rondom die begrip is ook dat daar - in die woorde van Conradie (sien die aanhaling later) - 'n “ontwykende kern” in elke mite is wat hoegenaamd nie met redelike begrippe bereik kan word nie. Hierdie “buite-redelike” aspek van die mite is daarom ook een van die uitgangspunte wat baie belangrik is vir die diskoers in hierdie proefskrif. Dit gaan nie noodwendig oor wat ons weet nie; dit gaan oor *wat ons glo dat ons weet*.

Die onderwerp van mites is dan by nabetragting in 'n sekere sin te omvangryk om deeglik te verreken in 'n akademiese studie van hierdie aard. Maar, soos in 'n latere aanhaling (in hoofstuk 4) van M.E.R. : “die droom bly”. En saam met die droom is daar die poging om te probeer sin maak van “*die mites waarmee ons leef*” (hoofstuk 2).

Ons in bogenoemde is hier die inklusiewe “ons” van die menslike bestaan: ons wat meer is as stof, meer as die diere, wat (volgens ons mites) lewende en onsterflike siele in ons omdra, ons wat dink, wat leef om meer as brood te wys vir ons werk en bemoeienisse op aarde, wat omgee, en wonder en vra: veral vra – want om te vra, is om te soek, en om te soek is om sin te probeer maak.

Waarvan probeer ons sin maak? *Juis van dié dinge wat volgens die mites waarmee ons leef sin kan géé aan ons bestaan*. Ons wil bv. weet waar ons vandaan kom, waarom ons is wie ons is, watter verskil ons lewe op aarde maak en waarheen ons op pad is. (Om maar 'n paar te noem.) Wanneer hierdie soeke na sinvolheid aan die hand van 'n mite verklaar en geïnternaliseer word, glo ons die betrokke mite in die “diepst van (ons) gedachten” en in die “binnenst

van (ons) ziel...” (om Kloos aan te pas). So ’n mite word dan vir ons ’n *geloofsekerheid*.

Die ironiese of paradoksale aspek van ’n “geloofsekerheid” is dat dit in ’n sekere sin twee begrippe versoen wat oënskynlik onversoenbaar is, maar wel bv. in die Christelike teologie versoen word. In Hebreërs 11:1 word “om te glo” omskryf as:

... om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van dinge wat ons nie sien nie.”

Suiwer empiries gesproke is dit immers nie moontlik om “seker te wees” van dinge waarop ons eintlik net “hoop” nie en eweneens ook nie om “oortuig te wees” van dinge wat “onsigbaar” is nie. Dit is egter myns insiens die fundamentele aspek van die mite: ons is seker van die waarheid daarvan, selfs al is die inhoud nie noodwendig empiries bewysbaar nie. Die rede waarom ons “seker is” van die mites waarmee ons leef, is omdat ons hele bestaan as geestelike wesens afhang van die geloofwaardigheid van ons mites. Ons *durf* daarom in ’n sekere sin nie ons mites betwyfel nie omdat dit die sinvolheid van ons bestaan in die gedrang kan bring. Dit geld individue, maar ook groepe as entiteite waarbinne individue hulle skaar in wat Anderson (soos in hoofstuk 3 uiteengesit) “verbeelde gemeenskappe” noem.

Dit gaan ook nie in hierdie diskoers om die (redelik oppervlakkige) simbole of eietydse miteskepping wat vir baie mense die lewe interessant en plesierig maak nie. Voorbeelde hiervan is Blou Bul-truie en -horings, McDonald’s-uithangborde, en meer as lewensgroot advertensies van voorkeurbiersoorte. Al dié “warmte-rondom-die-hart”-simbole word gedryf – en gemitologiseer - deur die geweldige impak van die propagandaskeppende media van die verbruikersera.

’n Belangrike faktor in eietydse miteskepping is die rol van globalisering, waardeur sekere simbole nou gedeelde mites word. Soos in die werk van Roland Barthes en ander sou daar ’n volledige studie aan hierdie “nuwe mites” van die twintigste-eeuse (nou: een-en-twintigste-eeuse) mens gewy kon word.

Daar word ook nie hiermee beweer dat hierdie eietydse mites geen verband hou met die mites wat in die proefskrif aan die orde gestel word nie. Mites genereer steeds verdere mites, en elke poging tot ontmitologisering werk nuwe en verskerpte miteskepping in die hand. Hierdie eietydse mites is egter nie die fokus van hierdie studie nie.

Die mites waarmee in die diskoers hierna omgegaan word se singewing lê op 'n dieper vlak as dié van bobotie, bier en boerewors. Die uitgangspunt, soos in 'n latere aanhaling van Adam Small (in hoofstuk 5) verwoord word, is dat die “essentials van die dinge” en die “memories” bly voortbestaan en uiteindelik gereduseer word tot 'n “storie” – en binne hierdie diskoers dan tot 'n mite.

Mites wat ter sprake kom, is bv. die “ontstaansmites” van groepe asook mites rondom die groep se “helde” wat daarop gerig is om selfrespek en 'n gevoel van eiewaarde te kweek. Laasgenoemde mites word onder meer deur ouers of grootouers in kinderkamers of rondom kampvure as slaapydstories of slaaplidjies oorgedra (vgl. die outobiografiese vertelling in hoofstuk 2).

Andersyds word daar egter ook dikwels verwys na “radikale mites” wat veral verband hou met politieke miteskepping en wat weer daarop gerig is om die ander groep se mites te probeer ontmitologiseer of selfs demoniseer. Albei die genoemde soorte mites (d.w.s. sowel ontstaansmites asook radikale mites) word in hoofstuk 3 verder bespreek na aanleiding van die insigte van Leonard Thompson en vind ook neerslag in die uiteensetting van die twee “hoof”-mites rondom Afrikaans in hoofstukke 4 en 5.

Die uitgangspunt rondom mites in hierdie proefskrif is dan dié van mites as stories rondom sin in die lewe van die soekende mens. Leroux word onder meer aangehaal (in hoofstuk 2): die mens kan eerder sterf van honger as om sonder sy mite te leef. Die rede hiervoor is dat die mens sonder 'n mite per slot van sake nie veel meer as 'n verganklike wese sonder doel of rigting is nie. Die

inhoude van bepaalde mites kan dus moontlik oor tyd aangepas word as gevolg van nuwe omstandighede en nuwe behoeftes van die groep waarbinne hulle ontstaan het, maar die behoefte aan die mite se singewende rol bly voortbestaan.

Enige mite kan van alle kante bekyk en beskryf word. Dit kan uitgebou of gedekonstrueer word deur die beredenerings van mense wat hulle eie mite wil bevestig deur “die ander” se mite as vals of onhoudbaar te bewys. Andersyds sou dit kan gebeur dat polemici die mite wat hulle besig is om te dekonstrueer, in werklikheid self “in die binnenst van (hun) ziel” glo, maar nogtans wil bewys dat hulle dit wel kán dekonstrueer. So ’n dekonstruksieproses kan dus net ’n serebrale oefening wees, terwyl die persoon wat daarmee besig is, nie werklik daarin slaag om die mite in sy eie lewe te dekonstrueer nie.

Mites kan “gekaap” word deur politieke figure, uitgebuit word deur bemarkers, ingespan word deur skrywers en ontrafel word deur eksegete. Die kaping van mites deur politieke figure en ander openbare leiers vir propagandadoeleindes en die dryf van hulle persoonlike ambisies word wel in die loop van die diskoers verreken. Daar word egter daarop gewys dat die feit dat mites wel soms vir minder “edele” doeleindes ingespan word, nie die singewende rol van die mite vir diegene wat daarin glo, ongeldig kan maak nie.

Sentraal tot die diskoers is dus die mens se geloof in die wesentlike geldigheid van dié mites waarmee hy van jongs af geleef het. Soos reeds gesê, kan mites mettertyd verander en aangepas word en in sekere omstandighede kan daar selfs mites wees wat uitgedien raak en derhalwe verdwyn. ’n Belangrike uitgangspunt van die proefskrif is egter dat mites nie maklik binne een geslag ontmitologiseer of selfs hermitologiseer kan word nie. Die rede hiervoor is dat die mite vir diegene wat daarin glo, so diep verweef is met die sin van hulle bestaan dat hierdie bestaan nie sonder die mite ingedink kan word nie. Die

sinvolheid van hulle lewe word gemeet in terme van die “waarheidskwaliteit” van die spesifieke mite.

Dit sal egter uit die bespreking blyk dat “waarheid” selde of ooit werklik volledig bewys kan word en dat selfs historici soos Samuel & Thompson, na wie se insigte daar dikwels in hoofstuk 2 en later verwys word, dit hiermee eens is. Die waarheid wat egter wel voorgehou word en wat die fokuspunt van die diskoers is, is die waarheid van die mite vir diegene wat daarin glo: ’n waarheid wat dieper lê as die rede en die redelike. In hierdie sin kan die term *mite* dus beswaarlik, soos in die *HAT*-definisie (in hoofstuk 2 uitgewys), verklaar word as ’n “storie sonder grond.”

’n Mite ontstaan gewoonlik oor ’n relatiewe lang tyd en word eers mettertyd binne ’n groep as die waarheid erken en geïnternaliseer. Hierdie proses kan twee kante hê: politieke figure kan doelbewus mites skep met die oog daarop om mense te beïnvloed en te manipuleer. In hierdie geval kan miteskepping in werklikheid met politieke propaganda gelyk gestel word. Andersyds kan mites egter by die gewone mense van ’n groep ontstaan (hoewel in wisselwerking met die groep se intellektuele leiers). ’n Mite wat so ontstaan, gee dan rigting aan die groepslede se bestaan, en kan eers later deur die politieke leiers ingespan word om sekere oogmerke te bereik. Dit is veral hierdie “spontane” mitevorming in die kollektiewe onbewuste van groepe deur sosialisering en gedeelde historiese werklikhede en bestaansvorme wat die fokus van die diskoers in hierdie proefskrif is. (Vergelyk ook die uitgangspunte en navorsingsvrae in hoofstuk 1 hierna.)

’n Belangrike uitgangspunt rondom mites is verder dat dit nie moontlik is om ’n nuwe mite as ’t ware oornag te skep nie. In hoofstuk 2 word die ontstaan van mites deur ’n outonome proses van simboolvorming in die diepste lae van die sogenaamde kollektiewe onbewuste (aan die hand van Jung se uiteensetting) verduidelik. Jung se gevolgtrekking is dat die mite geen waarde het as dit ’n

“verstandelike konkoksie” is nie (Leroux in Kannemeyer 1980:18-19). ’n Kunsmatig geskepte mite sal derhalwe nooit die “waarheidskwaliteit” vertoon van ’n ware mite nie. So bv. het die mite van die “bevryding” van Afrikaans van die “albatros om sy nek” wat ná 1994 “verkondig” is (om ’n frase te gebruik wat by implikasie negatief is), myns insiens nog nie werklik as lewende mite posgevat nie. Die rede hiervoor is dat die nuut geskepte mite tans nog in stryd is met bestaande mites wat op ’n dieper vlak steeds waar gebly het.

Ook die mite van die “reënboognasie” - met Engels as sy taal van nasionale eenheid – kan beswaarlik ’n lewende mite word omdat dit lynreg in stryd is met een van die mites rondom Afrikaans wat in hierdie proefskrif aan die orde gestel word en waarvoor mense in sommige gevalle letterlik, en in sommige gevalle metafories, bereid was en sou wees om te sterf.

In die bespreking van die mites rondom Afrikaans word die *feitelike gebeure* anekdoties en eksemplaries aan die orde gestel. Die feitelike is naamlik dikwels die “grondstof” waaruit – metafories gesproke – die mite voedingskrag put vir sy groei. Die “mite van die Afrikanervolk” (wat in hoofstuk 4 bespreek word) het bv. oor ’n lang tyd ontstaan en gegroei, maar dit het momentum gekry en werklik mitiese afmetings aangeneem as gevolg van die traumatiese *gebeure* rondom die Anglo-Boereoorlog. Die mite van “Afrikaans as verdrukkerstaal” (wat weer in hoofstuk 5 uiteengesit word) het ’n lang aanloop in die koloniale geskiedenis van Suid-Afrika gehad, maar het weer momentum gekry ná *gebeure* soos Sharpeville en Soweto 1976 en die dood van Hector Petersen.

Die doel van die eksemplariese werkswyse is dan enersyds om te bewys dat miteskepping vanuit verskillende hoeke rondom Afrikaans wel plaasgevind het en andersyds om die impak van die betrokke mite, as deel van die “storie van Afrikaans”, te verwoord. Die fokuspunt van die diskoers is egter nie die gebeure self nie, maar die ontstaan en impak van die betrokke mite. Die doelwit hiermee is om te wys op die mate waarin mites rondom Afrikaans vir individue, maar in

die konteks van die taalsosiologie en taalpolitiek veral ook vir groepe, hulle eie bestaan verklaar en verhelder het.

Op grond van die uitgangspunt hierbo dat mites en stories/ narratiewe grootliks verband hou met mekaar (en in die diskoers dikwels sinoniem gebruik word) volg die afleiding dat daar saam met elkeen van die twee “hoof”-mites rondom Afrikaans wat in hierdie proefskrif bespreek word, ’n legio ander mites (of stories) gegroei het. Dit moet onomwonde gestel word dat dit vanweë die omvang daarvan nie moontlik is om al die mites en mitiese figure wat deel uitmaak van die “storie van Afrikaans” selfs net te noem nie. Hieruit volg dat ’n seleksie noodwendig gemaak moes word. Daar word egter nie beweer dat die voorbeelde naastenby alle miteskepping rondom Afrikaans verteenwoordig nie.

Dit is wel so dat die resultaat van die ondersoek die indruk kan skep van ’n polemiese gesprek rondom Afrikaans. Die rede hiervoor is dat verskillende persone na wie se uitgangpunte en bydraes tot miteskepping verwys word, dikwels verskillende standpunte rondom Afrikaans (ge)huldig (het). ’n Diskoers oor mites rondom Afrikaans – en mites in die algemeen – is, soos gesê, ’n komplekse saak. Selfs die term “mite” is moeilik vas te vang binne ’n enkele klinkklare definisie. Die rol van miteskepping kan ook nie afdoende empiries bewys word nie. Uiteindelik is die vraag of die ondersoek kan meehelp om die rol van miteskepping in die “storie van Afrikaans” uit te wys en om sekere aanbevelings te maak oor die hantering van uiteenlopende mites rondom Afrikaans in die huidige bestel. Daar word in hierdie verband na die gevolgtrekkings en slotopmerkings in hoofstuk 7 verwys.

Die volgende aanhalings rondom mites, miteskepping en stories as “singewing aan die eie bestaan” kan dan beskou word as sentraal tot die diskoers in hierdie proefskrif omdat hulle lig werp op die uitgangspunt van mites (en ook van narratiewe of stories) as singewende en waarheidskeppende kragte in die mens se bestaan. (Kursiverings is my eie ter wille van beklemtoning.)

Oor mites en die mitiese...

Die mite mag miskien 'n blote 'fiktiewe' verhaal wees volgens die populêre en *verkeerde definisie*, maar *die krag daargter* is 'n onomstootlike werklikheid. Die hele verloop van geskiedenis kan verander word onder die aanslag daarvan... (Leroux 1960 in Kannemeyer 1980:12).

Daar is 'n *ontwykende kern* in elke mite wat ons hoegenaamd nie met *redelike begrippe* kan bereik nie (Conradie 1964:10).

For it is only our consciousness that does not yet know; the unconscious seems already informed.... (Jung 1964:78).

Throughout the inhabited world, in all times and under every circumstance, the myths of man have flourished... It would not be too much to say that myth is the secret opening through which the inexhaustible energies of the cosmos pour into human cultural manifestation (Campbell 1972:3).

Die mite (Gr. muthos, verhaal) is sedert die vroegste tye die mens se manier om deur middel van 'n eenvoudige vertelling *die sin, samehang en doel van die kosmos te verklaar*. *Die mitiese vertelling beskryf op epiese wyse [...] die herkoms en uiteinde van die dinge...* (Malan 1978:39).

Myths are stories of our search through the ages *for truth, for meaning, for significance...* (Campbell in Flowers 1988:5).

... myth is a fundamental component of human thought. One has only to consider the magical feelings attaching to authority, or the glamour attributed to celebrities, or the power of divided historical origins and cultural traditions to set modern communities – in Ireland or Israel, Sri Lanka or the Lebanon – tearing themselves apart, to see that myth has lost neither its *imaginative purchase* nor its *living power* as a historical force today (Samuel & Thompson (reds.) 1990:4).

We know of no people without names, no languages or cultures in which some manner of distinction between self and other, we and they, are not made [...] Self-knowledge – always a *construction* (dus: miteskepping – AMJ) *no matter how much it feels like a discovery* – is never altogether separable from claims to be known in specific ways by others (Calhoun 1994:9-10).

En alles

- *die essentials vannie dinge Here* - is niks
ma' niks oek minder
as 'n storie ...

(Adam Small 1994: *nuwe verse*)

I am busy with the truth ... *my truth*. Of course, *it's quilted together from hundreds of stories* that we've experienced or heard about in the past two years. Seen from my perspective, shaped by my state of mind at the time and now also by the audience I'm telling the story to. *In every story there is hearsay, there is grouping together of things* that didn't necessarily happen together, there are assumptions, there are exaggerations [...], there is downplaying ... *And all of this makes up the whole country's truth* (Krog 1998:170,171).

We make sense of things by fitting them into stories... Nations tell stories of their past in terms of which they try to shape their futures (Krog 1998:196).

We all are, I suppose. Trying to *invent our version of the story*. All human odes are essentially one: 'My life: what I stole from history, and how I live with it' (Kingsolver 1999:492).

"Dis nie die storie wat jy ons vantevore vertel het oor hoe jou mense hier gekom het nie, " maak Katja beswaar. "Oor die twee broers by die groot boom." Kahapa haal sy skouers in die donker op. "*Ons het baie stories,*" sê hy. "*En al die stories is waar. Jy moet net reg leer luister ...*" (Brink, 2002: 202).

HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING; TEORETIESE RAAMWERK EN TERMINOLOGIE; WERKWYSE; VERWAGTE UITKOMSTE

1.1 Probleemstelling

Soos die titel van die proefskrif aandui, gaan dit hier oor 'n ondersoek na mites rondom Afrikaans. Die ondersoek is nie uitsluitlik gerig op 'n verkenning en beskrywing van die mites nie, maar behoort insigte te bied en selfs beperkte oplossings voor te stel rondom die huidige (moontlik) problematiese situasie vir sowel die moedertaalsprekers van Afrikaans asook vir niemoedertaalsprekers van Afrikaans vir wie Afrikaans in baie gevalle nog steeds 'n belangrike ekonomiese funksie vervul.


Voor 1994 was Afrikaans naas Engels die belangrikste *lingua franca* en hoëfunksietaal in Suid-Afrika. Die belangrikste redes hiervoor is onder meer die feit dat moedertaalsprekers van Afrikaans die derde grootste taalgroep was en dat die taal geografies die wydste verspreiding van die elf hooftale in die land gehad het, omdat dit in agt van die nege (nuut voorgestelde) provinsies een van die drie grootste huistale was (vgl. Webb 1992:28-29). Nog 'n belangrike faktor was die feit dat ongeveer 17 miljoen mense in Suid-Afrika in 1994 aangedui het dat hulle oor 'n tweedetaalkennis van Afrikaans beskik (volgens syfers van die SABC se sogenaamde *Broadcasting Research Unit*, aangehaal deur Vic Webb in sy klasaantekening vir die Taalpolitiek-studente aan U.P.). Die heel belangrikste faktor was egter die feit dat Afrikaans op daardie stadium (1994) reeds vir amper sewentig jaar ampstaalstatus geniet het.

Daar kan dus met stelligheid beweer word dat Afrikaans oor die algemeen in 1994 'n gunstige sosiolinguistiese profiel gehad het en as 'n belangrike taal vir groot groepe mense beskou kon word omdat hulle daardeur in staat gestel is om, in die woorde van Van Rensburg (1992:26), "hulle menslike potensiaal optimaal te ontwikkel."

Houdingstudies (soos onder andere ook aangehaal in Webb 1992:37 en verder) dui wel soms op negatiewe gesindhede teenoor Afrikaans en die ongunstige stereotipering van Afrikaanssprekendes. In hierdie geval kan die rol van miteskepping rondom Afrikaans nie uitgeskakel word nie, soos later in die proefskrif in diepte bespreek sal word (veral in hoofstukke 4 en 5).

Die gunstige sosiolinguistiese posisie van Afrikaans het in sommige opsigte nie noemenswaardig verander na 1994 nie, soos afgelei kan word uit die volgende inligting rondom sprekersgetalle en geografiese en demografiese verspreiding van die elf hooftale in die land in 1996 en 2001. Die inligting is met sy toestemming onttrek uit 'n referaat van Vic Webb by die *International seminar on Applied Linguistics in a global world* by die Universiteit van Delhi in Desember 2003 en verteenwoordig gegewens uit die 1996- en 2001-sensusopnames.

Politiese kaart van Suid-Afrika



Tabel 1: Sprekersgetalle van die 11 amptelike tale (1996- and 2001-sensusopnames

Taal	T1 1996 (G)	% 1996	T1 2001 (G)	%	Geraamde kennis: T1 + T2
Zulu	9 200 144	22.7	10 677 305	23.8	26.3 miljoen
Xhosa	7 196 118	17.7	7 907 153	17.6	19.0
Afrikaans	5 811 547	14.3	5 983 426	13.3	16.3
Noord- Sotho	3 695 846	9.2	4 208 980	9.4	13.3
Engels	3 457 467	8.5	3 673 203	8.2	17.7
Tswana	3 301 774	8.1	3 677 016	8.2	11.4
Sesotho	3 104 197	7.7	3 555 186	7.9	11.4
Tsonga	1 756 105	4.3	1 992 207	4.4	5.4
Swazi	1 013 193	2.5	1 194 430	2.7	3.5
Venda	876 409	2.2	1 021 757	2.3	2.7
Ndebele	586 961	1.5	711 821	1.6	3.0
TOTAAL	40 583 573		44 819 778		

Tabel 2: Huistaal volgens etniese groep: 1996; 2001 as %

	Swart	Bruin	Asiër	Wit	Ander	Totaal
Afrikaans	0.7; 0.7	81.4; 79.5	1.5; 1.7	57.7; 59.1	23.6	14.3; 13.3
Engels	0.4; 0.5	16.2; 18.9	93.2; 93.8	38.6; 39.3	19.7	8.5; 8.2
Zulu	29.3; 30.1	0.2; 0.3	0.2; 0.2	0.1; 0.1	14.4	22.7; 23.8
Xhosa	23.0; 22.3	0.3; 0.3	0.1; 0.1	0.1; 0.1	8.4	17.7; 17.6
Ndebele	1.9; 2.0	0.1; 0.0	0.0; 0.3	0.1; 0.1	0.8	1.5; 1.6
Swazi	3.2; 3.4	0.0; 0.1	0.0; 0.0	0.0; 0.0	1.2	2.5; 2.7
Pedi	11.8; 11.9	0.1; 0.1	0.0; 0.0	0.0; 0.0	4.7	9.1; 9.4
Sesotho	9.9; 10.0	0.2; 0.2	0.0; 0.0	0.0; 0.0	3.4	7.7; 7.9
Tswana	10.5; 10.3	0.4; 0.4	0.0; 0.0	0.0; 0.1	3.8	8.1; 8.2
Tsonga	5.6; 5.6	0.0; 0.0	0.0; 0.0	0.0; 0.0	2.4	4.3; 4.4
Venda	2.8; 2.9	0.0; 0.0	0.0; 0.0	0.0; 0.0	1.2	2.2; 2.3
Ander	0.9; 0.3	1; 0.2	5.0; 3.8	3.4; 1.1	16.6	1.5; 0.5
TOTALE (2001)	35 416 166	3 994 505	1 115 467	4 293 640		44 819 778

Tabel 3: Drie grootste huistale volgens provinsie, 2001, %

Oos-Kaap	Vrystaat	Gauteng	KwaZulu-Natal	Limpopo	Mpumalanga	Noord-Kaap	Noord-Wes	Wes-Kaap
Xhosa 83.4	S.So. 64.4	Zulu 21.5	Zulu 80.9	N.So. 52.1	Swazi 30.8	Afr. 68.0	Tswana 65.4	Afr. 55.3
Afr 9.3	Afr 11.9	Afr 14.4	Eng. 13.6	Tsonga 22.4	Zulu 26.4	Tswana 20.8	Afr. 7.5	Xhosa 23.7
Eng 3.6	Tsw 6.8	S.So. 13.1	Xhosa 2.3	Venda 15.9	Ndeb. 12.1	Eng. 2.5	Xhosa 5.8	Eng. 19.3

Die afleidings uit die voorafgaande tabelle rondom Afrikaans se posisie is die volgende:

- Afrikaans verteenwoordig in 2001 steeds die derde grootste moedertaalgroep in Suid-Afrika, nl. 13.3 % of bykans 6 miljoen van die amper 45 miljoen sprekers;
- na raming is daar 16,3 miljoen T1- en T2-sprekers van Afrikaans¹ (teenoor 17,7 miljoen met 'n eerste- of tweedetaalkennis van Engels);
- Afrikaans figureer demografies sterk in twee etniese groepe (naamlik in die wit en bruin groepe) met ongeveer 79,50 % van die bruin groep en 59,1 % van die wit groep wat in 2001 aandui dat hulle moedertaalsprekers van Afrikaans is); en
- Afrikaans het geografies die beste verspreidings van al elf tale deurdat dit in twee provinsies die grootste en in vier provinsies die tweede grootste taalgroep verteenwoordig.

Verdere belangrike aspekte rondom die sosiolinguistiese profiel van Afrikaans is dat dit terminologies op al die belangrike vakwetenskaplike terreine ontwikkel is om die eise van die een-en-twintigste eeu die hoof te kan bied, oor 'n gevestigde, produktiewe en steeds groeiende letterkunde beskik en nou reeds vir bykans tagtig jaar een van die amptelike tale van Suid-Afrika is ('n status gedeel met Engels en Nederlands sedert 1925, vanaf die vyftigerjare net met Engels, en na 1994 met Engels en nege ander tale).

Die laaste feit is veral van groot belang vir hierdie ondersoek. Afrikaans deel nl. sedert 1994 sy ampstaalstatus nie net met Engels nie, maar ook met die nege ander hoof tale van Suid-Afrika, nl. Zulu, Xhosa, Noord-Sotho, Tswana, Sesotho, Tsonga, Swazi, Venda en Ndebele (sien Tabel 1 hierbo). Die keuse vir elf amptelike tale in die oorgangsgrondwet (en vasgelê in die finale grondwet in 1996) onderskryf die beginsels van die menseregte-handves, nl. nie-

¹ As hierdie syfer met dié van 1994 (vergelyk bladsy 12) vergelyk word, kan die volgende afleiding gemaak word: Die jongste syfer dui op ongeveer 10 miljoen T2-sprekers (16.3 miljoen in totaal minus ongeveer 6 miljoen T1-sprekers), terwyl daar in 1994 nog 'n geraamde 17 miljoen T2-sprekers was. Dit beteken dus 'n redelik dramatiese afname van ongeveer 7 miljoen ná 1994. Die impak van miteskepping rondom Engels?

diskriminasie, respek vir groepsregte (ook van minderhede) en diversiteit asook die reg van die individu om in sy eie taal met die owerheid te kommunikeer.

In praktyk wil dit egter voorkom asof die elftalige ampstaalbeleid van die nuwe regering nie haalbaar is nie, en kies die owerheid toenemend vir die gebruik van Engels as die belangrikste (of in baie gevalle die enigste) hoëfunksietaal en die erkende *lingua franca*. Die gevolg hiervan vir Afrikaans is voor-die-hand-liggend: 'n onteenseglike verskraling van die taal se funksionele status in terme van die situasie voor 1994. Hierdie funksionele verskraling van Afrikaans is 'n onderwerp wat in die afgelope jare (sedert die ANC aan bewind gekom het) feitlik daaglik op die een of ander wyse in (veral) die Afrikaanse media ter sprake gekom het.

Verskeie aanduidings van die toenemende keuse vir Engelseentaligheid (of minstens 'n voorkeur vir Engels) in die parlement, die staatsdiens en munisipaliteite, aan tersiêre onderriginstansies en in die uitsaaiwese word in berigte en hoofartikels in dagblaaie uitgewys. 'n Bewys van die voorkeur vir Engels in die uitsaaiwese is voor-die-hand-liggend, nl. dat die SAUK (die Suid-Afrikaanse Uitsaakorporasie) die Afrikaanse afkorting laat vaar het en kort na 1994 slegs bekend begin staan het as die SABC (South African Broadcasting Corporation). Wat TV betref, is Afrikaans se posisie slegs enigsins beredder deur die skep van 'n Afrikaanse betaalkanaal, KykNET.

Enkele spesifieke voorbeelde van beriggewing rondom Afrikaans se ingekorte funksionele status word vervolgens kortliks bespreek.

Op 29 Julie 1994 (dit wil sê ongeveer drie maande na die ANC-bewindsoorname) word in *Beeld* berig dat Afrikaans by **Eskom** (nie meer die Afrikaanse akroniem, Evkom, nie -AMJ) gaan "sneuwel". Mnr. Peter Adams, mediawoordvoerder van Eskom, regverdig die besluit om "voortaan net Engels as amptelike interne voertaal te gebruik" deur te verduidelik dat dit geneem is vir

“praktiese redes.” In *Rapport* van 7 Augustus 1994 doen Piet Muller oor hierdie selfde saak verslag. ’n Meegaande diagram by sy berig dui aan dat die huistaal van 47,42 % van Eskom-werknemers Afrikaans is, teenoor 23,85 % wie se huistaal Engels is (terwyl die orige ongeveer 30 % gedeel word deur Zulu, Xhosa, Sesotho, Noord-Sotho en Tswana in die spesifieke volgorde). ’n Verdere “interessantheid” is dat die opsteller van die Eskom-memorandum, mnr. Juan la Grange, die uitsluitlike gebruik van Engels motiveer as sou dit ten doel hê “[...] to ensure and enforce clear, unambiguous communication [...] for the safety of personnel and plant” en dan byvoeg dat navorsing getoon het dat “in cases where Afrikaans *are* (sic) used” die “pure form” nie gebruik word nie (wat die wenkbroue metafories gesproke kan laat lig oor die opsteller se eie gebruik van ’n nie-“pure form” van Engels.)

Ongeveer vier jaar later is die proses van die funksionele verskraling van Afrikaans steeds een van die fokusareas van die Afrikaanse pers en berig *Rapport* op 10 Mei 1998 onder die opskrif “Poskantoor word nou net Engels” soos volg:

Die Poskantoor het besluit dat Engels sy enigste ampstaal gaan word. Alle vergaderings, memoranda, kennisgewings, briewe, advertensies vir vakatures en notules van vergaderings sal daarom uitsluitlik in Engels wees nadat Afrikaans en die nege amptelike Afrika-tale uitgefaseer is. Die Personeel van die Poskantoor is pas van die besluit, wat die bestuur op 16 April geneem het, verwittig. Dit lyk egter of die Poskantoor se stap straks teenstand gaan kry. Prof. Cynthia Marivate, hoofamptenaar van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) sê dié stap skend die Grondwet.”

In ’n artikel in *Afrikaans Vandag*, Julie 2000, verwoord J.C. Steyn die funksionele verskraling van Afrikaans verder. Hy verwys na ’n toespraak (aangehaal in *Rapport* van 4 Junie 2000) van dr. Karel Prinsloo, uitvoerende direkteur van die Stigting vir Afrikaans, by ’n internasionale konferensie in Puerto Rico oor taalregte en meertaligheid. In die toespraak het dr. Prinsloo melding gemaak van die ontstaan van ’n “breë Afrikaanse beweging” as gevolg van “die sterk druk vir verengelsing.” Steyn verduidelik die saak soos volg:

Die koerante lewer inderdaad dag vir dag bewyse vir die noodsaak van taalaksies (om die benadeling van die ampstale in Suid-Afrika ten gunste van Engels te verminder – AMJ). Die pers het in Junie 2000 die aandag daarop gevestig dat pres. Thabo Mbeki nog nie 'n belangrike belofte nagekom het wat hy in Maart 1999 gedoen het nie. Dit is om 'n meganisme in te stel wat moet verseker dat grondwetlike taalregte beskerm word.

Steyn se slotsom (2000:9) is dat “dit alles leë woorde gebly (het)”. Hy brei soos volg hierop uit:

Spoedig ná Mbeki se toespraak is die aftakeling van Afrikaans [...] hervat. So is begin met stappe om van Engels die enigste verslagtaal in howe te maak. Engels het die Weermag se amptelike operasionele taal geword, en gaan ingefaseer word as die enigste taal van Weermagopleiding. Pansat wys op die een oortreding van die Grondwet na die ander.

En verder:

Die onderwysdeskundige Huw Davies het vermeld dat uit 'n totaal van 2 800 Afrikaansmediumskole meer as 800 sedert 1994 oorgeskakel het na parallel-, dubbel- of selfs Engelsmedium. Sowat agt persent van die skole in die land is Afrikaansmedium, terwyl agt persent van die leerlinge ook Afrikaans is. Nogtans word gereeld verkondig dat daar veels te veel Afrikaanse skole is, en het Blade Nzimande van die ANC beweer dat die strewe van die Afrikaanse skole om Afrikaans te bly, van 'n volkstaatmentaliteit getuig.

1.2 Miteskepping as belangrikste uitgangspunt in die probleemstelling

Die verband tussen die probleem van die verskraling van Afrikaans se status en die kwessie van miteskepping rondom Afrikaans sal die fokuspunt van die diskoers in hierdie proefskrif wees.

Vanuit die uitgangspunt van mites en hulle impak is dit reeds interessant dat die effek van miteskepping implisiet teenwoordig is in die frase van Blade Nzimande in die aanhaling hierbo, nl. in sy verwysing na “'n volkstaatmentaliteit.”

Die afleiding kan reeds gemaak word dat een van die grootste probleme wanneer daar gekyk word na die huidige posisie van Afrikaans, die moontlikheid is dat enige redelike aandrag op taalregte vir Afrikaans sonder meer

teruggevoer sal word na die apartheidsmities (wat in hoofstuk 5 bespreek word). Hierdie afleiding word gestaaf deur die feit dat 'n ANC-politikus op neerhalende wyse na die “strewe van Afrikaanse skole om Afrikaans te bly”, verwys as 'n “volkstaatmentaliteit.”

Andersyds weer kan selfs 'n redelike en kundige taalsosioloog soos J.C. Steyn nie volkome daarin slaag om die mities waarmee hy tot nog toe geleef het, uit die gesprek te weer nie en kan die impak van die Afrikanermities (wat in hoofstuk 4 bespreek word) myns insiens afgelei word uit woorde en frases in sy kommentaar in *Afrikaans Vandag*, Julie 2000, soos hierbo aangehaal. Emotiewe woorde en frases (wat die neerslag van mitieskepping sou kon weerspieël) is onder meer “taalaksies”, “leë woorde”, “die aftakeling van Afrikaans” en “[...] word gereeld *verkondig* ...”.

Dit is ook nie net J.C. Steyn wat vanuit 'n nugter en wetenskaplike uitgangspunt as taalsosioloog nogtans die invloed van mitieskepping in sy lewe laat blyk nie. Die historikus, prof. Hermann Giliomee, wie se biografie oor die Afrikaners as 'n belangrike bron vir hierdie diskoers sal dien, skryf volgens 'n berig in *Rapport* van 13 Mei 2001 aan die onderwysminister, mnr. Kader Asmal, die “regering se nasionale plan vir hoër onderwys het hom tot ‘*wanhoop*’ gedryf oor die *toekoms van Afrikaans* en ander nie-dominante tale op universiteitsvlak.”

In 'n insiggewende artikel in *Beeld* van 23 Mei 2001 (p.15) doen Jorisna Bonthuys verslag oor die standpunte rondom moedertaalonderwys soos gestel deur Praesa (die Sentrum vir Alternatiewe Onderrig aan die Universiteit van Kaapstad). Praesa se navorsing wys op lesse uit die koloniale geskiedenis van Afrika: ná onafhanklikheidswording het die meeste Afrikalande die taal van die ou koloniale moondheid as ampstaal aanvaar “ter wille van (die mite van - AMJ) nasiebou”. Die gevolg hiervan verwoord die skryfster van die artikel soos volg:

Terwyl die gesprek oor die veeltaligheidsbeleid plaaslik hoofsaaklik deur politiek onteinde Afrikaanssprekendes gevoer en oorheers word, worstel

die res van die vuisvoos vasteland met die nalatenskap van sy verkeerde taalkeuses dekades gelede.

Bonthuys wys daarop dat onlangse navorsing van Praesa daarop dui dat die “algemeen aanvaarde vooroordeel dat inheemse taalsprekers hul eie taal wil versak (ter wille van) Engels [...] gewoon net nie waar (is) nie.” Sy haal ook die direkteur van Praesa, dr. Neville Alexander aan, wat dit onomwonde stel dat die regering moeilike besluite oor die toepassing van die taalbeleid sal móét neem en wat die vertraging in die toepassing van die “taal-in-onderrigbeleid in Suid-Afrika” (wat neerkom op moedertaalonderwys met “toegevoegde tweetaligheid”) toeskryf aan “’n skreiende gebrek aan politieke wil.”

In die uitsprake van dr. Alexander (’n man wat, terloops, ook sy draai op Robbeneiland gemaak het gedurende die apartheidsjare) gaan dit nie om die verskraling van Afrikaans se status nie, maar om die feit dat die ANC nie handel in ooreenstemming met die grondwetlike bepalinge van veeltaligheid en die party se eie voorstelle voor 1994 nie. (Jordaan 1995:54,55 wys op die ANC se verbintenis tot ’n “aggressiewe regstellende-aksieprogram” om die “onderdrukte tale, veral die Afrikatale (volgens hulle eie definisie - AMJ) (te) bemagtig”, soos uiteengesit in ’n konsepvoorstel deur die party se taalkommissie en voorgelê tydens die *International Culture and Development Conference* in Johannesburg op 25 April 1993.)

Die slotsom waartoe dr. Alexander kom, word in miteskeppende taal verwoord:

Sonder taalbemagtiging en onderrig in die *heem- en broodtaal* (moedertaal) is die *Afrika-renaissance* en die *intellektuele en kulturele revolusie van sy mense* gewoon net nie moontlik nie en huiwer Suid-Afrika op die rand van ’n groot treurspel (my kursivering).

Wat betref die uitsprake van dr. Alexander soos in bogenoemde artikel verwoord, is die fokus van sy besware teen die hegemonie van Engels die leerders wat nie-moedertaalsprekers van Engels is nie en wat skade ly as gevolg van die “nie-toepassing” van veeltaligheid en die keuse vir Engelseentaligheid.

Vanuit die uitgangspunt van miteskepping binne die konteks van die taaldebate, sou daar egter ook reeds die afleiding gemaak kon word dat daar 'n duidelike bewys van die neerslag van mites (soos in hoofstuk 6 bespreek sal word) in sowel Alexander se uitsprake as Bonthuys se eie kommentaar waarneembaar is. Enkele frases in die berig word ter staving van hierdie standpunt uitgelig:

- (Die eerste twee paragrawe van die berig):

Verengelsing. Bemagtiging. Eng, eksklusiewe taaldebate. Onteining. Politieke mag. Oorlewing. Onderdrukking. Veeltaligheid. Beleidsinisme. Taalapatie. Tweetaligheid. Groeiende verset.

'n Eg Suid-Afrikaanse kakofonie van botsende belange en verpolitiseerde en emosionele taaldebate? Beslis nie.

- vuisvoos vasteland
- ter wille van nasiebou...
- Beheerliggame kies “die weg van die minste weerstand” (nl. Engelseentaligheid – AMJ)
- Die lot van inheemse tale...
- Talle onderwysmense en taalaktiviste meen [...] inheemse tale, Afrikaans inkluis, sal om pedagogiese redes 'n ystervuis moet bal...
- Ondanks al die politieke retoriek skram die besluitnemers weg van moeilike besluite omdat die mite (sic) dat Engels 'n samebindende uitwerking op nasiebou kan hê steeds voortleef.
- Die koloniale taal (lees:Engels) was dus nie die enigste weg en waarheid nie (moontlik 'n Bybelse verwysing? – AMJ), meen hy (dr. Alexander – AMJ).

In *Beeld* van 10 April 2001 word daar verslag gedoen van 'n lesing deur die redakteur van *Die Burger*, Arrie Rossouw, by die KKNK (die Klein Karoo Nasionale Kunstefees). Rossouw het nl. kapsie gemaak het teen die “optogte en betogings” ter wille van die “taalstryd” wat volgens hom Afrikaanssprekendes se “aandrang op taalregte oneindig skade (kan) berokken.” Volgens die politieke redaksie van die koerant, wat die outeurs van die berig is, is Rossouw se verwysing na 'n “groep Gautengse filosowe wat aan openbare debatte oor

Afrikaans deelneem” (onder andere dr. Dan Roodt – AMJ). Rossouw se uitspraak teen die “taalstryders” is onteenseglik in mities-gelaaide taal geklee:

Ek sien beelde van stryd en bloed en van Don Quichotterige bestormings van Coco-Cola-koeldrankblikkies en Parmalat-joghurtbakkies en opstandige, bebrilde Afrikaanse raasbekke met hul *designer*-kapsels en byderwetse baarde wat stapels Engelse koffietafelboeke voor die Uniegebou verbrand. Engels, alles net Engels!

(Die verwysing na die blikkies en bakkies hou verband met die besware van Afrikaanse taalaktiviste teen die uitsluitlike gebruik van Engels op byvoorbeeld padtekens en verpakkings van produkte. Rossouw se standpunt is dat die taal op produkverpakkings “geen duit” verskil sal maak aan die oorlewing van Afrikaans nie. Sonder om te diep op hierdie saak in te gaan, kan daar net verwys word na soortgelyke aansprake binne die EEG vir die gebruik van Nederlands op verpakkingsmateriaal wat my in 1996 tydens ’n besoek aan die Lae Lande opgeval het. Die oordeel dat hierdie oënskynlik klein funksieverlies “geen duit” verskil aan Afrikaans se oorlewing sal maak nie, mag moontlik taalpolitie beskou nie diepgaande genoeg gefundeer wees nie. Vanuit die invalshoek van miteskepping speel soortgelyke “klein” bewyse van ’n taal se status myns insiens ’n belangriker rol as wat Rossouw vermoed. Dié uitgangspunt word onderskryf deur prof. Deon Knobel van die Universiteit van Kaapstad wat in dieselfde berig aangehaal word. Knobel se standpunt is dat, indien die kleinste reg weggeneem word, ander dinge ook verlore mag gaan: “Hoe kan borriegeel voortleef as daar geen verpakte borrie meer is nie?”)

Dr. Dan Roodt, wat waarskynlik beskou word as die prototipiese “Afrikaner-taalaktivis” vir Afrikaans in die “nuwe taalstryd” ná 1994 antwoord op Rossouw se uitspraak deur te beweer dat “*die denkpatroon* (miteskepping? – AMJ) van politieke korrektheid en konformering *wat deur die Broederbond gekweek is*, [...] deesdae weer vaardig (is) by mense wat politiek korrek wil wees. Dis soos ’n *kwasi-Broederbond*. Hulle is bang om die neergelegde reëls te oortree” (my kursivering).

In die slothoofstuk van die proefskrif oor die huidige situasie rondom Afrikaans (*En nou, Afrikaans?*) word daar weer na enkele resente miteskeppende of mite-ondersteunende uitsprake van taalaktiviste verwys. Die bostaande voorbeelde behoort voldoende te wees om aan te dui dat daar 'n verband bestaan tussen die verskraling van Afrikaans se funksionele status en die impak van miteskepping rondom Afrikaans.

1.3 Uitgangspunte

Samevattend kan die uitgangspunte rondom die bostaande probleemstelling en die kwessie van miteskepping rondom Afrikaans soos volg verwoord word:

- 1) Daar is duidelike tekens van die inkorting van Afrikaans se funksionele status ná 1994;
- 2) Hierdie saak het 'n negatiewe impak op die optimalisering van die potensiaal van (veral) die moedertaalsprekers van Afrikaans wat in dié taal hul “tuiste” (Steyn 1980) vind;
- 3) Daar word soms uitsprake deur (soos in die berig van Bonthuys hierbo gestel) “politiek onteiene Afrikaanssprekendes” gemaak soos die volgende: “Wat my nog hier (in Suid-Afrika) hou, is my taal, en as dít verlore gaan, is daar eintlik niks vir my hier nie.” (So 'n uitspraak hou natuurlik direk verband met die “mitiese liefdesband” tussen Afrikaans en die Afrikaner wat in hoofstuk 4 van die proefskrif bespreek word.)
- 4) Sou Afrikaans dus verder gedefunksionaliseer word op veral die hoëfunksieterreine, bestaan die moontlikheid dat nog meer goed opgeleide Afrikaanssprekendes hulle heil elders sal gaan soek;
- 5) Baie Afrikaanssprekendes ly aan die gevolge van wat beskryf kan word as 'n ontgogeling met die “lewende mites” waardeur hulle voorheen gedryf en geïnspireer is. (Hierdie saak sal in die slothoofstuk onder oënskou geneem word deur bv. na die “Boetman”-debat te verwys);
- 6) Soos in die voorafwoord gestel, kan mites nie oornag ontmitologiseer word nie, maar die gedurige pogings deur ander (en ook deur die eie

- taalgenote) om die mites waarmee van jongs af geleef is, te dekonstrueer, kan lei tot apatie, depressie en rigtingloosheid (vgl. die uitspraak van John Steinbeck waarna in in die slothoofstuk verwys word, nl. dat disillusie die emosie is wat ontstaan wanneer die mens se “veilige patrone” versteur word);
- 7) Die moedertaalsprekers van Afrikaans wat die nadeligste geraak word deur die inkorting van die taal se funksies is veral die laer geletterde of ongeletterde Afrikaanssprekendes wie se kennis van Engels onvoldoende is om toegang te hê tot wat Webb (1992:32) beskryf as “die vernaamste goedere en dienste in die land, die regte en die voorregte, die mag en die status;”
 - 8) Die moontlikheid bestaan verder dat die toenemende hegemonie van Engels en veral sy gebruik as enigste *lingua franca* ook ’n negatiewe rol mag speel in die werkverrigting en deelname aan die demokrasie van dié segment van die (geraamde) 10 miljoen T2-sprekers van Afrikaans wat steeds meer tuis is in Afrikaans as in Engels. Hierdie groep (d.w.s. T 2-sprekers met ’n beter beheersing van Afrikaans as van Engels) word eweneens weerhou van die genoemde voorregte soos hierbo geskets;
 - 9) Ten spyte van die elftalige ampstaalbeleid is alle aanduidings dat die ANC-regering nie werklik erns maak met die implementering van veeltaligheid bv. op onderwysvlak nie;
 - 10) Die twee ampstale van voor 1994 se funksionele status is steeds baie groter as dié van die ander nege tale, hoewel die betoog hierbo dui op die groter rol van Engels as van Afrikaans;
 - 11) Die taaldebat rondom Afrikaans word dikwels gekenmerk deur emotiewe uitsprake – selfs in die geval van taalsosioloë wat meen dat hulle redelike standpunte stel ;
 - 12) Die rol van miteskepping en die neerslag van mites² rondom Afrikaans, soos verderaan in die proefskrif deeglik verreken sal word, is duidelik

² Mites word in die diskoers hierna beskou as “singewende” narratiewe en *nie* as vervalsings of onwaarhede nie

- waarneembaar in beriggewing, briefwisseling en uitsprake van politici en taalbeplanners en dié van “gewone mense”;
- 13) Daar is wel sprake van die “kaping” van mites deur politieke figure en ander leiers ter wille van hulle eie persoonlike ambisies soos mag en beheer, en in hierdie geval kan “goeie” mites versteur word en “demoniese magte” ontketen (soos wat in hoofstuk 3 verwoord word na aanleiding van die standpunte wat Leonard Thompson stel en in hoofstuk 5 en verder eksemplaries verken word);
 - 14) Die twee “hoof”-mites onder bespreking word uiteindelik beoordeel op grond van hulle impak op Afrikaans se status in die land; en
 - 15) Die invalshoek van miteskepping rondom Afrikaans as fokuspunt van die diskoers behoort insigte te kan lewer wat ’n nuwe bydrae tot die taalpolitieke gesprek rondom Afrikaans kan maak.

1.4 Spesifieke navorsingsvrae

Spesifieke vrae wat in die loop van die ondersoek beantwoord behoort te word, is dan veral die volgende:

- 1) Wat is mites?
- 2) Wat is die rol van mites in die lewe van individue en groepe?
- 3) Wat is die spesifieke impak van nasionalisme en die rol van politieke miteskepping?
- 4) Watter mites rondom Afrikaans het veral in die loop van die twintigste eeu ’n rol gespeel, enersyds in die wordingstryd van Afrikaans en die Afrikaner, en andersyds in negatiewe persepsies rondom Afrikaans as metaforiese verdrukkerstaal by sommige groepe binne die Suid-Afrikaanse samelewing?
- 5) Wat was die “neerslag” van die mites in verskillende Afrikaanse sisteme?
- 6) In watter mate het die mites rondom Afrikaans wat in die proefskrif bespreek word, aanleiding gegee het tot die verskraling van Afrikaans se status en funksies na 1994?

- 7) Watter “mitiese elemente” vind steeds neerslag in die uitsprake van gespreksgenote in die Afrikaanse taaldebat?
- 8) Sou ’n begrip vir die betrokke mites van die ander groep kon bydra tot beter kommunikasie oor kultuurgrense heen en derhalwe ook tot gunstiger persepsies binne en buite die Afrikaanse taalgemeenskap?
- 9) Watter rol kan die “verstaan” van mekaar se “stories” speel in die herwaardering van mekaar en daarmee saam tot ’n herevaluering van die posisie van Afrikaans binne die Suid-Afrikaanse konteks?

1.5 Terreinafbakening

In die ondersoek sal daar eksemplaries op die volgende aspekte gefokus word:

- die term “mite” en die verwante afleidings “mitologiese/mitiese”;
- die aard en funksie van sogenaamde “lewende” mites in die lewe van individue en veral groepe mense en die rol van die kollektiewe onbewuste (Jung) in die skep van die betrokke mites;
- die rol van die sogenaamde “miteskepper”;
- die feit dat, in die woorde van Leroux (1960, aangehaal in Kannemeyer 1980:12) “die meeste ideologieë vandag ’n vorm van die mite (is)”;
- die polemiese aspekte rondom die historiografie van Afrikaans as voorbeelde van ideologiese verskilpunte en die rol van miteskepping;
- die rol van Afrikaans as dryfveer/mitiese simbool in die wording van die Afrikanervolk na 1900 en die sukses van die Nasionale Party in 1948 (met verwysings na sommige van die eksponente van Afrikaans se rol as bindingsmiddel binne die Afrikaanse politieke en literêre sisteme soos president Steyn, genl. Hertzog, C.J. Langenhoven en M.E.R.);
- die “positiewe” en “negatiewe” mites (gesien vanuit die oogpunt van die posisie van Afrikaans) in die apartheidsera, waartydens die “Wonder van Afrikaans” en die vooruitgang van die taal op vele terreine in kontras gestel kan word met die groeiende mite van Afrikaans as

- onderdrukkerstaal binne die gemarginaliseerde Afrikaanssprekende en niemoedertaalgemeenskappe;
- die “negatiewe mite” van Afrikaans en Soweto 1976 (vgl. Steyn,1980);
 - die neerslag van bogenoemde “positiewe” en “negatiewe” mites in die skryfwerk van geselekteerde eksponente van die “mites van Afrikaans”, bv. N.P. van Wyk Louw, D.J. Opperman, J.C. Steyn, Hermann Giliomee, Antjie Krog en enkele sogenaamde “bruin” digters/skrywers;
 - die veranderde konteks van Afrikaans na 1994 en die noodsaak om oënskynlik verlore mites rondom Afrikaans vir die Afrikaanse taalgemeenskap te herdefinieer tot voordeel van die hele Suid-Afrika.

1.6 Teoretiese raamwerk

Die ondersoek val binne ’n taalsosiologiese (veral: taalpolitieke) raamwerk, waarbinne die rol van taal as ’n simbool of merker van sosio-kulturele indentiteit veral belangrik geag word. Hierdie vakwetenskap hou ook steeds rekening met psigologiese aspekte soos persepsies en denkraamwerke en daarom ook met miteskepping wat onweerlegbaar hierin ’n rol speel. Binne hierdie raamwerk word taalbeplanning, die behoud van taaldiversiteit in ’n veeltalige land en kommunikasie oor kultuurgrense heen ook as van groot belang beskou.

Du Plessis (1991:85) beskryf die proses van taalbeplanning as “’n sistematiese ingryping in die bestaan en funksionering van taal binne die samelewing.” Dit beteken dat die taalbeplanner moet poog om na die taalbelange van al die sprekers van ’n meertalige land te kyk.

Webb (1991:14) verwys na die belang van die groter Suid-Afrikaanse gemeenskap en verduidelik die belangrikheid van taalbeplanning soos volg:

Given the conflict potential in South Africa, it should be clear that the planning of the country’s languages is necessary – just as family planning, town planning, economic planning and political planning is necessary and

important. Language can play an important part in the construction of a new social, economic and political order.

Jordaan (1995:9) omskryf die rol van die taalbeplanner soos volg:

Die taalbeplanner as taalsosioloog, wat veral die lotgevalle van mense op die hart dra, kan egter nie die groei en kwyn van tale somaar aan die noodlot oorlaat nie, maar behoort wetenskaplik daarvoor te beplan...

En verder:

In Suid-Afrika, byvoorbeeld, het verskeie tale naas mekaar en ook in konflik tot mekaar bestaan, gegroei, status verwerf (of **nie** status verwerf nie), onafhanklik van enige doelbewuste taalbeplanningsproses vir die land as geheel. Dit is egter die konflik as gevolg van die reeds bestaande taalreëlings wat taalbeplanning noodsaaklik maak.

Die verwickelde aard van taalprobleme maak ook deel uit van die teoretiese raamwerk van hierdie studie. So verduidelik Cobarrubias (1983:6) dat besluite oor taalstatusbeplanning dikwels beïnvloed word deur “ideological considerations of powerful groups and counteracting forces.” Hy gaan voort om te sê dat die ideaal by taalbeplanning behoort te wees om objektiewe kennis, geformuleer as geloofwaardige hipoteses, te skei van groepsbelange en ideologiese verbondenhede.

Aan die ander kant sou die stelling gemaak kon word dat selfs die navorser wat erns maak met objektiewe en wetenskaplike navorsing binne die taalpolitieke terrein beswaarlik volkome vry is van ’n eie ideologiese raamwerk. Die ideaal van objektiwiteit is dus waarskynlik selfs met die beste pogings nie volkome haalbaar nie.

’n Goeie bewys van bogenoemde stelling is dat ook Steyn se gesaghebbende publikasie oor die taalpolitiek van Afrikaans, *Tuiste in eie taal* (1980), eindig op ’n toon wat nie as ideologies neutraal ervaar kan word nie. Die slotwoord gee naamlik blyke daarvan dat die skrywer sekere “lewende” mites binne die groep met wie hy deurgaans identifiseer, onderskryf (Steyn 1980:459-460):

En waarom sou daar ooit enggeestigheid kon wees in die houding wat 'n figuur in een van Hennie Aucamp se verhale soos volg uitdruk: “My bestaan, my identiteit, my kern, my alles lê opgesluit in Afrikaans. 'n Bestaan in 'n ander taal sal vir my tweedehands wees”? Die grootste gevaar van 'n “tweedehandse” lewe kom wanneer 'n mens saam met 'n stroom beweeg terwyl jy meen dat jy meehelp om die rigting daarvan te bepaal.

'n Mens aanvaar baie moeilik die ongeldigheid van jou eie mite omdat, soos reeds gestel, die sinvolheid van jou bestaan dan in die gedrang kom. Hieruit volg dat die enigste moontlike oplossing vir teenstellende mites rondom 'n saak – soos in hierdie diskoers aan die orde gestel word – geleë is in kommunikasie met lede van dié groepe wat “ander mites” as jyself “geleef” het. Kommunikasie oor kultuurgrense heen is dikwels moeilik en “ongemaklik”, maar dit bied waardevolle insigte en kan uiteindelik respek kweek vir die feit dat daar “baie stories is wat almal waar is solank jy net reg leer luister” (om die aanhaling van Brink uit *Anderkant die stilte*, 2002, wat in die voorafwoord en weer in hoofstuk 6 ter sprake kom, te parafraseer).

1.7 Terminologie en konsepte

Die terminologie en konsepte wat in die studie ter sprake sal kom, is veral die volgende:

- **Mite** – “A myth is a story – a symbolical fable as simple as it is striking – which sums up an infinite number of more or less analogous situations” (De Rougemont, 1956:18). (Vgl. o.a. ook Bulfinch, Campbell, Jung, Leroux, Samuel & Thompson (reds.) en Steenberg). Voortvloeiend uit die term “mite” ook: **die mitiese/die kollektiewe onbewuste** (vgl. Jung); **mites vs. geskiedskrywing** (vgl. Samuel; & Thompson (reds.) en **samelewingsmites** (vgl. Roland Barthes); (Die begrip “mite” en die afgeleide begrippe en terminologie wat daarmee verband hou, geniet in hoofstuk 2 deeglik aandag.)

- **Ideologie** – “Denkwyse tipies vir ’n volk of groep, wat heersend onder hulle is/ Idee(s) wat die grondslag vorm van ’n politieke of ekonomiese teorie of stelsel, veral sulke idees wat tot starheid, onversetlikheid van denke of optrede lei.” (Die *HAT*); vgl. ook Leroux, 1960 (aangehaal in Kannemeyer,1980:12): “Die meeste ideologieë vandag is ’n vorm van die mite.”;
- **Taal** - Menslike taal as kommunikasie-instrument, maar veral as “merker van sosio-kulturele identiteit” (Webb 1992:9) (vgl. ook die “**eie taal as tuiste**” (Steyn, 1980) en die aanhaling uit Hennie Aucamp hierbo);
- **Kultuur** - “Die ganse geestelike besitting van ’n volk of ander groep(ering) op elke terrein” (volgens die *HAT*), asook verskeie ander omskrywings;
- **Identiteit** - Dit wat eie is aan ’n persoon of groep, dit wat die persoon of groep veral kenmerk (vgl. Castells);
- **Sosio-kulturele identiteit** - Identiteit wat veral verband hou met die mens se “behoort tot” ’n bepaalde sosiale groep wat uit vrye keuse saam groepeer (vgl. o.a Webb);
- **Nasionalisme** - “Liefde vir die eie volk of nasie” (volgens die *HAT*). Vgl. ook Steyn 1980:134: “Die gevoel van bloedverwantskap het baie bygedra tot die nasionale ontwaking van die Afrikaners” en sy verwysing na Fishman (1977:18): “Kinship’ is the basis of the felt bond to one’s own kind. It is the basis of one’s solidarity with them in times of stress. It is the basis of one’s right to presume on them in times of need.” (Die kwessie van die “ontwaking” van nasionalisme geniet veral aandag in hoofstuk 3);

- **“Verbeelde gemeenskappe”** – Groepe wat ’n “mitiese verbondenheid” as groep onderling ervaar (vgl. Anderson se “imagined communities”, hoofstuk 3);
- Die **historiografie van Afrikaans** - Die beskrywing van die ontstaan van Afrikaans as selfstandige taal: sy herkoms, sy standaardisering en ontwikkeling en polemiese aspekte rondom sy status as Europese of Afrikataal) (vgl. Van Rensburg, Raidt, Grebe, Willemse e.a.);
- **Afrikaans** – ’n Taal wat Nederlands as die vernaamste brontaal daarvan het, maar op unieke wyse op Afrikabodem ontwikkel/verander het en grootliks beïnvloed is deur die wisselwerking met aanleerders van Nederlands/Afrikaans as doeltaal, soos die historiografie daarvan getuig (sien bo); ook die **simbool** van Afrikanernasionalisme enersyds en ’n negatiewe simbool van die ideologie van apartheid andersyds;
- **Afrikaanssprekendes** - Die taalgemeenskap van Afrikaans, te wese almal wat die taal as moedertaal/eerste taal gebruik;
- Die **nie-primêre spraakgemeenskap van Afrikaans** - Mense wat Afrikaans hoofsaaklik vir ekonomiese redes of as *lingua franca* gebruik, maar wie se tweede of verdere taal dit is;
- **Afrikaner(s)** - “Persoon wat Afrikaans is deur geboorte of afstamming, veral iemand wat Afrikaans as moedertaal het” (Die *HAT*-definisie, wat dus veral klem lê op die deurslaggewende rol van die taal in die bepaling van wie as Afrikaners beskou kan word). Vir die doel van hierdie studie sal die definisie van Afrikaners uitgebrei word om te verwys na die groep/volk wat veral na die Anglo-Boereoorlog, dus aan die begin van die twintigste eeu, kragte saamgesnoer het teen die Britse owerheid rondom Afrikaans as mitiese bindingsmiddel en wat hulleself waarskynlik gesien

het as Afrikaanssprekend, blank, Christelik-gelowig, dikwels landelik, hardwerkend en polities behorende tot die latere Nasionale Party. Sinoniem met Afrikaner word die term **Boer** soms gebruik. Laasgenoemde benaming kan, afhangende van die ideologiese hoek van die spreker, 'n aanprysing of 'n belediging wees;

- **Ontmitologisering** – 'n Proses waarvolgens daar gepoog word om bestaande mites van hulle lewende krag te ontnem (deur 'n proses van dekonstruksie wat die betrokke mites “uitmekaar haal” en probeer ontluister) en wat dikwels lei tot ontgogeling vir die groep wat volgens die betrokke mites geleef het. Die uitgangpunt van hierdie diskoers is egter dat “lewende mites” nie sonder meer ontmitologiseer kan word nie, aangesien hulle vir die groepe waarbinne hulle ontstaan het, onlosmaaklik deel is van die singewing rondom die eie bestaan;
- **Hermitologisering van mites rondom Afrikaans** – 'n Poging om die bogenoemde ontgogeling teen te werk deur nuwe inhoude aan die vroeëre mites te gee (vgl. Prinsloo en Van Rensburg (reds.)1984, Du Plessis & Du Plessis (reds.)1987 en Du Plessis & Van Gensen (reds.) 1999 e.a.)

1.8 Werkwyse

'n Literatuurondersoek en verkenning van geselekteerde bronne oor mites, die aard en krag van mites en miteskepping vs. geskiedskrywing sal die eerste ondersoekterrein van die navorsing wees. Terminologie en konsepte wat betrekking het op hierdie saak (vgl. 1.6 hierbo) sal in die loop van die proefskrif vollediger gedefinieer of bespreek word.

Vervolgens sal verskeie ander bronne oor die geskiedenis en posisie van Afrikaans in Suid-Afrika geraadpleeg word. Verskillende fases in die ontstaan/

bestaan van Afrikaans (veral met betrekking tot die twintigste-eeuse geskiedenis van Afrikaans) sal noukeurig onder die soeklig geplaas word ten einde die mitiese en geïdeologiseerde aard van die historiografie van Afrikaans en die neerslag van mites binne bepaalde Afrikaanse sisteme te bepaal.

1.9 Verwagte uitkomst

Die taalpolitiek van Afrikaans as vakgebied het veral sedert 1980 (vergelyk Prinsloo (1980) en Steyn (1980) in die bronnelys) die aandag van (veral) Afrikaanse vakwetenskaplikes begin geniet. Tot hierdie gesprek het verskeie bydraers in onder andere *Afrikaans: Stand, taak, toekoms* (Prinsloo & Van Rensburg (reds.)1984), Theo du Plessis in *Afrikaans in Beweging* (1986), en kundiges in *Afrikaans en Taalpolitiek* (Du Plessis & Du Plessis (reds.) 1987) en in *Afrikaans ná Apartheid* (V.N. Webb (red.)1992) toegetree. Nog meer resent is *Taal en stryd 1989-1999 gedenkbundel* (Du Plessis en Van Gensen (reds.)1999) en *The Afrikaners: biography of a people* (Giliomee 2003).

Hierdie studie steun dus sterk op reeds verworwe kennis en insigte van onder meer die bogenoemde vakwetenskaplikes, maar het uiteindelik ten doel om tot 'n geïntegreerde slotsom te kom oor die rol van mites rondom Afrikaans en sodoende 'n nuwe bydrae te lewer tot die gesprek rondom die taalpolitiek van Afrikaans.

HOOFSTUK 2: DIE AARD EN FUNKSIE VAN MITES (“Mites waardeur ons leef”- *erkenning aan Samuel & Thompson*)

2.1 Inleiding en doelstelling met die hoofstuk

2.1.1 Inleiding

Sing van die wrok, o godin, van Peleus se seun, Achilles, die verderflike wrok, wat tienduisende smarte oor die Achajers gebring het, en baie sterk siele van helde voor Hades geslinger het en hulleself ten prooi van die honde en al die roofvoëls beskik het – en die plan van Zeus is voleindig! – ja, vandat Atreus se seun, koning van manne, en die goddelike Achilles vir die eerste keer in twis van mekaar geskei het... (Homerus: *Ilias*, Boek 1, 1-9).

Prof. J.P.J. van Rensburg verwys in die voorwoord tot sy Afrikaanse vertaling van die *Ilias* van Homeros na dié klassieke werk, oorspronklik in Grieks geskryf, as “die oudste letterkundige werk van ons Westerse kultuur”(Van Rensburg s.j. : “Vooraf”). Die *Ilias* dateer uit die negende eeu voor Christus en vertel die geskiedenis van die val van Troje (of Ilios) na ’n verraderlike inval deur die Grieke.

Die vraag is egter in watter mate die *Ilias* en sy Latynse “opvolger”, die *Aeneïs* van Vergilius, blote letterkundige versinsels is, en in watter mate albei hierdie grootse epiese gedigte die belangrikste mites en legendes van hulle eie tyd maar net digterlik vertolk.

Reeds in die aangehaalde eerste nege versreëls van die *Ilias* is daar immers die name van drie figure in die Griekse mitologie en wat dus deel uitmaak van die Grieke se kollektiewe onbewuste soos Jung daarna verwys wanneer dit gaan oor mites as argetipes (Conradie, 1964:9). Die drie mitologiese helde en gode is Achilles, Hades en Zeus. Die volgende opsommende inligting uit Conradie:

Achilles Die seun van Peleus, koning van Thessalië, by die seegodin Thetis (Conradie, 1964:118). Sy dood is lank voor sy sterfdag tydens die

Trojaanse oorlog deur sy moeder voorspel. Hy was net op sy hak wondbaar, want na sy geboorte het sy moeder hom in die Styx-rivier gedoop om hom onkwesbaar te maak, maar sy het hom aan sy hak vasgehou en die water kon nie die hak oorspoel nie. Die gode het hierdie geheim omtrent Achilles geken (Conradie, 1964:137).

Hades Die god van die onderwêreld wat oor die gestorwenes heers (Conradie, 1964:16).

Zeus Die hoofgod van die Grieke (Latyns: Jupiter), wat ook die god van die hemel is en wat reën, sneeu en hael stuur. Hy straf veral meinediges en mense wat die regte van gaste skend. Hoewel hy die hoofgod is, het hy dikwels moeite om die ander gode tot gehoorsaamheid te dwing (Conradie, 1964:15).

Hades en Zeus is hier maar twee van talle gode wat in die epos verskyn asof hulle vanselfsprekend deel uitmaak van die verloop van die verhaal. Hulle teenwoordigheid verhef die storie – en ook die historiese feit van die bestaan van 'n stad soos Troje en die inval daarvan deur vyandige magte - tot die vlak van die mitologiese.

Die belangrike rol van mites vanaf die heel vroegste letterkundetradisies van die Westerse wêreld, en waarskynlik baie lank daarvoor in orale vertellings, kan dus moeilik oorskat word.

2.1.2 Doelstelling met die hoofstuk

In hierdie hoofstuk sal daar as primêre ondersoek met die oog op die latere bespreking van mites rondom *Afrikaans* eers aan die hand van 'n breë literatuurondersoek besin word oor die kwessie van mites en miteskepping soos wat dit neerslag vind in verskeie vakdissiplines. Die doel van hierdie werkswyse is om nie aan die begin van die studie reeds te eng na die kwessie van mites en miteskepping te kyk nie, aangesien hierdie saak so kompleks is en soveel verskillende toepassingsmoontlikhede het (onder meer binne die letterkunde,

sielkunde, teologie, historiografie, filosofie en taalsosiologie) dat dit as wenslik geag word om as 't ware in gesprek te tree met "mitoloë" wat reeds gesaghebbend binne hulle betrokke vakdissipline oor mites nagevors en geskryf het.

Dit moet ook reeds op hierdie stadium duidelik gestel word dat dit op geen manier binne die bestek van hierdie proefskrif oor mites rondom Afrikaans moontlik is om al die literatuur en uitgangspunte rondom mites en miteskepping (selfs binne die Suid-Afrikaanse akademiese konteks) te betrek nie. Mites kan teruggevoer word na die heel eerste oertye van die mens, en het bv. nog voor die eerste skrif gestalte gevind in onder meer rotstekeninge. Die inleiding hierbo maak melding van die "oudste letterkundige werk van ons Westerse kultuur"; dis egter seker dat die *Ilias* nie die eerste miteskepping van die mens op aarde verteenwoordig nie. 'n Poging om alle miteskepping vanaf die vroegste tye en beskawings (soos dié waarna Van Wyk Louw verwys in "Beeld van 'n jeug: duif en perd") tot en met die jongste navorsing omtrent die onderwerp selfs net te noem, is gewoon nie haalbaar nie.

'n Seleksie uit die werk van toonaangewende navorsers uit verskillende dissiplines oor mites en miteskepping in (veral) die twintigste eeu is dus gemaak en sal as uitgangspunt dien vir die verdere bespreking in hierdie hoofstuk van die term *mite* en van die ontstaan, aard en funksie van mites.

Die verwagting is dat daar teen die einde van die hoofstuk wel tot 'n slotsom gekom sal kan word oor die betekenisonderskeiding(s) van die term en die beskouings oor die aard en funksie van mites wat in die loop van die verdere ondersoek as vertrekpunte sal dien.

2.2 Die term *mite*

The distinctive quality of myth, the aspect of it that gives its peculiar value for literature, is its capacity to express in story form the primary emotional and imaginative workings of the human mind (Kirkwood 1958:22).

'n Mite is meer as 'n blote storie. Die moderne gebruik van die woord 'mities' as sinoniem vir 'vals' is baie misleidend. As die mite niks meer as 'n onware verhaal was nie, sou dit baie moeilik gewees het om te verklaar waarom dit eeue lank so 'n geweldige invloed uitgeoefen het (Conradie 1964:9).

Die *mite* is 'n literêre vorm wat d.m.v. 'n verhaal in eenvoudige taal gestalte gee aan 'n standhoudende waarheid oor die wesensaard van die werklikheid en terselfdertyd gekenmerk word deur 'n veelheid van moontlikhede (Steenberg, 1999: 313).

In die lig van die bogenoemde aanhalings lyk die definisie van die term *mite* in die jongste uitgawe van die *HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse taal)*¹, die 1994-uitgawe, beslis yl en onvoldoende. Hiervolgens word *mite* verklaar as:

- 1 Oorlewering omtrent gode en godsdienste; godeverhaal; en
- 2 Fabel; storie sonder grond.

Veral die omskrywing “sonder grond”, wat wil dui op die inherente “onwaarheid” wat in die mite opgesluit lê, is problematies vir die doel van hierdie ondersoek.

Simoons (1974:9) bekijk die genealogie van die term *mythos* en vergelyk dit met dié van die term *logos*. Sy gevolgtrekking is dat die twee terme se oorspronklike betekenis eintlik sinoniem is:

Wie Grieks kent, weet dat *mythos* en *logos* ingelyk sinoniemen zijn. *Mytheo* en *lego* beteken spreken. *Mythos* en *logos* zijn beide woord.

Simoons gaan egter verder om daarop te wys dat die twee begrippe lateraan totaal verskillende betekenisonderskeidings gekry het: *mythos* bring ons volgens hom voor “een schier onoverzichtelijke veelheid van materiaal uit die primitiewe

¹ My promotor, prof. Christo van Rensburg, het ernstige besware teen die gebruik van die *HAT* as bron om sekere sleutelbegrippe te verklaar. My motivering vir hierdie gebruik is egter juis die feit dat 'n verklarende Afrikaanse woordeboek as middel tot leksikalisering bygedra het tot die “mitologisering” van sekere standaardterme in Afrikaans.

godsdienste”, terwyl logos die gedagtes rig op “de moderne wetenskappe en hun tegniese verworvenhede.”(1974:9).

Hierdie siening van *mite* verwys myns insiens na dié aspek wat terugspeel op die “mitologiese”, en wat dus nie genoegsaam dui op die lewende krag van ’n mite, ook in die moderne konteks, nie.

Die verwagting is reeds dat mite in die loop van hierdie studie nie beperk sal word tot die verhale van “primitiewe godsdienste” nie, en nog minder sinoniem gestel sal word met ’n “onwaarheid”, maar veel eerder met dit wat eintlik “meer as waarheid” is, wat hom juis uitspreek oor fundamentele lewenswaarhede.

Leroux (1960, opgeneem in Kannemeyer 1980:11) beweer:

Mite is nie sinoniem met onwaarheid nie: andersom, ’n lewende mite kan ook ’n lewende waarheid wees.

Watter kriteria bepaal dat ’n mite inderdaad “lewend” is, is ’n volgende vraag wat deur die loop van die studie beantwoord behoort te word.

2.3 Mite vs. die mitologie

Verskeie definisies vir die term *mite* is reeds hierbo gegee. *Mitologie*, daarenteen, word (ook in die *HAT*) beskryf as “Al die oorgelewerde mites van ’n volk” en kan dus as die versamelterm beskou word. Die afgeleide byvoeglike naamwoorde, *mitologiese* en *mitiese* kan dus enersyds in die betekenisonderskeiding gebruik word van “volgens die mites, wat in verband staan met die oorgelewerde mites van ’n volk” en andersyds in die betekenisonderskeiding (vgl. weer die *HAT*) “fabelagtig, verdig”.

Vir die doel van hierdie ondersoek sou ek graag wou probeer om konsekwent die afleidings “mitologies” en “mities” nie as sinoniem met mekaar te gebruik nie,

maar telkens 'n afsonderlike polisemiese betekenisonderskeiding te aktiveer, en wel soos volg:

2.3.1 Die “mitologiese”

Steenberg (in Cloete, 1999:312) verduidelik in sy omskrywing van die term *mite* dat uiteenlopende omskrywings al vir dié term gegee is omdat die opvatting van wat dit behels, afhang van die ondersoeker se benadering, bv. histories, filosofies-teologies, esteties, sosiologies of oorkoepelend. Hy verwys na die benadering van die Grimm-broers wat mite gesien het as “'n groep tekste wat met mites verband hou en rondom mites gebou is, bv. *sages, fabels en soortgelyke vertellings oor die algemeen*. Die neiging is hier om *mite* gelyk te stel aan *mitologie*, ‘*n versamelterm vir avontuurverhale waarin oorspronklik mitiese figure as handelende karakters optree*” (Steenberg, 1999:313) (my kursivering).

Kyk ons dan na laasgenoemde benadering tot die term *mite*, kry ons dus te doen met die betekenisonderskeidings wat ek in verband sou wou bring met die beskrywende term die *mitologiese*. Hiermee word dan myns insiens verwys na fabels, legendes en verhale vanuit die vroegste tye wat aan die mens bekend is deur oorlewings. Van die heel bekendste en mees aangehaalde mitologiese verhale van die Westerse wêreld is dié van die Grieke en Romeine, wie se kultuur en literatuur as die oerbronne binne dié wêreld beskou kan word. Hierdie verhale het heel waarskynlik vermaak en estetiese bevrediging ook ten doel gehad, maar was veral gerig op die oordrag van sekere waardes en denkpatrone. De Rougemont (1956:18) stel dit soos volg:

[...] a myth expresses rules of conduct of a given social or religious group. It issues accordingly from whatever sacred principle has presided over the formation of this group.

Thomas Bulfinch (1796 – 1867) sluit hierby aan in sy voorwoord tot die klassieke werk “Bulfinch’s Mythology”(Bulfinch, s.j.) wat in 1993 heruitgegee is in die Wordsworth Reference-reeks (1993:ix):

If no other knowledge deserves to be called useful but that which helps to enlarge our possessions or to raise our station in society, then Mythology has no claim to the appellation. But if that which tends to make us happier and *better* can be called useful, then we claim that epithet for our subject. For Mythology is the handmaid of literature; and literature is *one of the best allies of virtue* and promoters of happiness (my kursivering).

Bulfinch wys verder in die genoemde voorwoord op die talle klassieke mitologiese verwysings in die Engelse letterkunde, bv. in die werke van Byron, Milton, Spenser en ander. In sy werk oor die mitologie neem hy onder andere ook mitologiese verhale van die Skandinawiese lande, die Ooste, Karel die Grote en Egipte op. Hy wys ook daarop dat dit nodig sal wees om die Grieke se wêreldbeeld te ken om sodoende die verhale beter te verstaan.

Die Grieke het nl. geglo aan ’n plat, ronde aarde, met Griekeland in die middel daarvan en die Berg Olympus, woonplek van die gode, weer as die sentrale punt van die land. Die ronde skyf van die aarde is van oos na wes deur die Middellandse See verdeel, terwyl die “Rivier-oseaan” rondom die aarde gevloei het en water aan die Middellandse See en al die riviere op aarde voorsien het. Die Griekse oppergod, Zeus (Romeins: Jupiter), is gebore uit Cronos(Saturnus) en Ops (Rhea), die kinders van Aarde en Hemel, wat weer uit Chaos gebore is.

Bogenoemde kort samevatting gee die klassieke wêreldbeeld en skeppingsverhaal in ’n neutedop. Bulfinch se werk oor die mitologie beslaan amper sewehonderd bladsye en handel veral oor gode en helde in die mitologieë van die betrokke lande en kulture. In hierdie geval word die betekenisonderskeiding geaktiveer wat na mites verwys as “godeverhale” (vgl. die *HAT*-definisie hierbo).

Wanneer daar 'n eeu na die dood van Bulfinch verwys word na die “mitoreligieuse substratum” in *Hilaria* van Etienne Leroux (Malan, 1978: 31) word daar eweneens gewag gemaak van die mitologiese “misteriekultusse” uit die antieke wêreld, nl. dié van Cybele-Attis en die misterieë van Eleusis. Malan verduidelik dat Cybele die aardgodin is en haar eggenoot/seun Attis 'n vegetasiegod. Daar word ook gewys op die feit dat die Attis-misterieë 'n belangrike invloed op die Christelike rituele en oorlewings gehad het. Attis is bv. op 24 Desember om middernag gebore, en sterf onder 'n denneboom. In Leroux se oeuvre word antieke mites met Christelike motiewe in verband gebring, bv. die “lam” in *Die mugu*, die “sondebok” in *Een vir Azazel*, en “dood-en-herlewing” in 18-44. (Malan, 1978:31-32).

Sonder om dieper in te gaan op die talle mitologiese verwysings in die drie trilogieë van Leroux (wat nie die onderwerp van hierdie ondersoek is nie), sou 'n mens kon aflei dat verwysings na klassieke mitologiese figure beslis funksioneel aangewend word in sy werk. Die mitologiese substratum, soos Malan dit hierbo stel, dien dikwels as onderbou vir die tekste.

Dit is ook nie uniek aan Leroux om mitologiese figure as spieëlbeelde vir sy karakters te gebruik nie, hoewel hy sekerlik die Afrikaanse skrywer tot hede is wat dit by uitstek doen. Die digteres Elisabeth Eybers het bv. ook dikwels verwysings na klassieke mitologiese figure, bv. in “Dido se afskeid”, “Vlug uit Troje” en “Daedalus en Icarus”. 'n Intensiewe studie sou ongetwyfeld baie meer voorbeelde kon uitwys.

2.3.2 Die “mitiese”

Daar sal in die loop van hierdie ondersoek gepoog word om die beskrywingsterm, die *mitiese*, (en nie die *mitologiese* nie) te gebruik en sodoende die betekenisonderskeiding te aktiveer van “dit wat in verband staan met al die oorgelewerde mites van 'n volk”.

Dit gaan immers in hierdie ondersoek oor die soeke van die mens na sogenaamde “lewende mites” om daardeur sin aan sy eie bestaan en ook aan dié van sy groep/volk te gee. Soos Leroux (in Kannemeyer 1980: 12) dit stel:

Aangespoor deur 'n lewende mite kan 'n hele volk tot fantastiese dade oorgaan; sonder 'n mite kan 'n volk alle belang in die lewe verloor en verdwyn. Dis kenmerkend van 'n mite, daardie emosionele aspek wat 'n enkeling of 'n hele volk kan laat verander... Die mens kan eerder sterf van honger, maar sonder sy mite kan hy nie klaarkom nie.

En wanneer Leroux in dieselfde konteks (Kannemeyer 1980:12) verwys na die fisiese en emosionele puin wat deur die Tweede Wêreldoorlog in Europa agtergelaat is, beweer hy verder:

Dit was nie 'n fisieke wêreld wat ten gronde gegaan het nie, dit was 'n mite...

Heelwat meer oor die mites wat in 'n volk leef later.

2.4 Die aard en oorsprong van die mite

Om die oorsprong van die mite te beskryf, gee Leroux in sy reeds aangehaalde lesing voor die Afrikaanse Studiekring in Stellenbosch, 1960, 'n samevatting van die leer van Carl Gustav Jung in verband met die sogenaamde onbewuste van die mens. Volgens Leroux het Jung hom besig gehou met “die skeppende bedrywighede wat in die mikrokosmos van die menslike psige plaasvind” (in Kannemeyer 1980:13).

Jung se opvattinge in verband met die menslike psige kom daarop neer dat daar in die psige drie lae voorkom, nl. die Bewuste, die Persoonlike Onbewuste en die groot, skeppende area van die Kollektiewe Onbewuste. Die laaste vlak verwys na “iets generies ... in die mensheid, d.w.s. materiaal wat kollektief deur alle

mense gehou word en wat te voorskyn kom as *vormgewing aan psigiese prosesse* wat oorgeërf word.” (Kannemeyer, 1980:14).

Die manifestasies van ’n groep se kollektiewe onbewuste word “oerbeelde” of argetipes genoem en hierdie argetipes maak deel uit van al die mites wat in die groep leef. Die argetipes wissel egter van kultuur tot kultuur en het dus nie vir almal dieselfde inhoud nie. Die rede hiervoor is dat dit nie die inhoud van die argetipes is wat oorgeërf word nie, maar die mens se vermoë tot simboolvorming. Die moontlike betekenis van ’n verskeidenheid simbole vir die mens (of vir verskillende groepe mense) word deur Jung omvattend beskryf in sy werk, *Man and his symbols*, 1964.

Wat die argetipes en hulle verband met die ontstaan van mites betref, redeneer Jung dat die feit dat die argetipes in elke tydperk van die mens se geskiedenis voorkom daarop dui dat daar ’n mite-skeppende struktuur in die menslike psige is wat in elke nuwe generasie steeds aktief is.

...just as personal complexes have their individual history, so do social complexes of an archetypal character. But while personal complexes never produce more than a personal bias, *archetypes create myths, religions, and philosophies that influence and characterize whole nations and epochs of history* (Jung 1964:79) (my kursivering).

Hoewel elke groep dus sy eie simbool-inhoud aan die gemelde argetipes toeken, is daar sekere basiese motiewe wat telkens herhaal en wat meebring dat daar ooreenkomste bestaan tussen die inhoude in verskeie godsdienste of mites dwarsdeur die wêreld en deur alle tye.

Voorbeelde van herhalende argetipes is dié van die aardgodinne van die Griekse en Romeinse godsdienste en die Vrou of Maagd in baie ander en die argetipe van die Held in die Keltiese, Skandinawiese, Griekse en ander mites.

Wat die argetipiese held betref, kom Campbell in sy studie oor die argetipiese held in die wêreld se mitologieë, *The Hero with a Thousand Faces*, tot die volgende slotsom in verband met die aard van die held:

The hero, therefore, is the man or woman who has been able to battle past his personal and local historical limitations to the generally valid, normally human forms. Such a one's visions, ideas and inspirations come pristine from the primary springs of human life and thought. Hence they are eloquent, not of the present, disintegrating society and psyche, but of the unquenched source through which society is reborn (Campbell 1972:19,20).

In Campbell se gesprek met Bill Moyers waaraan hierna breedvoeriger aandag gegee word, maak hy die universele aard van die held in die mitologie nog duideliker (Flowers 1988:136):

Essentially, it might (even) be said there is but one archetypal mythic hero whose life has been replicated in many lands by many, many people. A legendary hero is usually the founder of something – the founder of a new age, the founder of a new religion, the founder of a new city, the founder of a new way of life...

Wat die onstaanswyse en funksie van mites betref, maak Leroux (in Kannemeyer 1980:18-19) die volgende samevatting van Jung se standpunte wat hierdie onstaanswyse en funksies motiveer:

Alhoewel die simbool, en dus die mite, deur die gemeenskap daargestel word, is dit nie 'n produk van sosiale verkeer of van die menslike brein nie. Die simbool ontstaan spontaan deur 'n outonome proses van simboolvorming in die diepste lae van die Kollektiewe Onbewuste deur die argetipes. Die mite, bestaande uit simbole, is vir die individu dan 'n *lewende* mite en 'n bron van krag vir die enkeling en die gemeenskap. Verloor die simbool om een of ander rede daardie eienskap van lewend te wees, word dit 'n dooie simbool en die mite 'n dooie mite... Die mite het geen waarde as dit 'n verstandelike konkoksie is nie... Die mite verskyn ... nie as 'n produk van die rede nie, nie as 'n produk van die persoonlike Onbewuste nie, maar spontaan uit die Kollektiewe Onbewuste en by wyse van openbaring of intuïsie.

Myns insiens is die volgende uitspraak van Samuel en Thompson (1990:14,15) ook 'n raak uitspraak oor hoe mites hulle houvas op individue en groepe kry en hoe dié houvas as't ware in wisselwerking tree tussen die individu en die groep:

... the most powerful myths are those which influence what people think and do: which are *internalized, in their ways of thinking*, and which they pass *subconsciously* to their children and kin, their neighbours, workmates and colleagues as part of *the personal stories which are the currency of such relationships*. *What each of us selects and absorbs from publicly offered myth is crucially influenced through this continual mutual exchange of individual experience* (my kursivering).

Dit lyk dus asof persoonlike mites, gegrond op die eie – dikwels onbewuste – interpretasie van lewensomstandighede en die gepaardgaande vorming van 'n eie lewensbeskouing, 'n invloed het op en dikwels help vorm gee aan die mites van die groter gemeenskap waarbinne die individu leef. In hierdie opsig sou 'n mens beslis kon beweer dat “lewende” mites ongetwyfeld 'n belangrike funksie het in die lewe van individue en groter gemeenskappe of volke. Hierdie saak word vervolgens kortliks in oënskou geneem.

2.5 Die funksie van mites in die lewe van individue en gemeenskappe/ volke

That's what people are doing all over the place – dying for metaphors (Joseph Campbell in Flowers 1988:230).

Storytelling is... not an idle practice... Although some use stories as entertainment alone, tales are, in their oldest sense, a healing art... In dealing with stories, we are handling archetypal energy, which is a lot like electricity... Archetype changes us; if there is no change, there has been no real contact with the archetype. The handing down of a story is a very big responsibility... (Estes 1992:463).

Wanneer daar gekyk word na die funksie van mites in die lewe van die mens, gaan dit hier oor die sogenaamde “lewende mites”, wat 'n besonder kragtige werking in die lewe van individue en groepe openbaar. Soos wat verderaan behoort te blyk, manifesteer genoemde werking as 'n dryfkrag wat individue en

groepe mense kan rig, inspireer en soms ook manipuleer. Soos wat Leroux dit stel:

Die mite, bestaande uit simbole, is vir die individu dan 'n *lewende* mite en 'n bron van krag vir die enkeling en die gemeenskap (in Kannemeyer, 1980:18).

Dieselfde mening word gehuldig deur De Rougemont (1956:19) wanneer hy die bewering maak dat “the most profound characteristic of a myth is the power which it wins over us, usually without our knowing”.

Steenberg (1999:313) onderskei skeppings- en apokalipsmites, “mites wat bloot sekulêre antwoorde op sosiale of voortbestaanvrae gee” en mites waarin sekere (helde)figure bydra tot die “bevryding van 'n getiranniseerde of bedreigde volk/gemeenskap.” Voorbeelde van sodanige mitiese bevryders is volgens Steenberg (1999:314) Jeanne d’Arc, Wilhelm Tell, Saul Barnard in *Kringe in 'n Bos* (Matthee, 1984) en Andries Pretorius en Sarel Cilliers in F.A. Venter se *Gelofteland* (1969). In hierdie gevalle is daar volgens Steenberg sprake van 'n “kreatiewe krag by die ontstaan van die mites (wat) daartoe by(dra) om ook hierdie soort mite bo die geskiedenis te verhef tot 'n tydlose wêreld van vrae, vrese, verlange, drome en konflikte” (1999:314).

'n Belangrike gevolgtrekking van Steenberg is dat daar in sodanige mites 'n “tydlose waarheidskwaliteit” teenwoordig is wat by die “sensitiewe ontvanger” 'n ooreenstemmende reaksie uitlok en wat meebring dat “die mite universeel werk” (1999:314).

Hierdie universaliteit en waarheidskwaliteit van die mite hang myns insiens saam met een van die “oerpatrone” in die menslike psige, nl. die soeke na die Waarheid, die Lig, of, sou ons kon sê, na God. In die lig van hierdie diskoers en die uitgangspunte wat in die “woord vooraf” uiteengesit is, kan daar beweer word dat die belangrikste funksie van mites dié van **singewing aan die menslike bestaan** is.

Dié singewende funksie van die mite hang saam met die soeke van die mens na die Argetipiese Goeie en werk daarom opheffend en troosryk in op sy bestaan. Jung (1964:79) stel dit soos volg:

...myths of a religious nature can be interpreted as a sort of mental therapy for the suffering and anxieties of mankind in general – hunger, war, disease, old age, death.

En verder:

...we can perhaps understand how the ordinary man can be liberated from his personal impotence and misery and endowed (at least temporarily) with an almost superhuman quality. Often enough such a conviction will sustain him for a long time and give a certain style to his life. It may even set the tone of a whole society.

Uit bostaande kan afgelei word dat daar sowel positiewe as negatiewe mites bestaan. Samuel en Thompson (1990:15) praat van mites wat te doen het met idealisering enersyds en met demonisering andersyds:

Splitting the world into images of absolute good and evil is – as the psychoanalysts know well – a classic way of handling our own fears about ourselves.

In dié opsig sou 'n mens tot die slotsom kon kom dat mites in die lewe van individue in die eerste plek veral dien om die werklikheid van die stryd tussen goed en kwaad te onderskryf en te bevestig deur idealisering en demonisering van dié twee uiterstes. Tweedens dien mites vir individue, soos ook vir groepe, as 'n soeke na wortels, dit wil sê as 'n manier om die eie afkoms te verklaar en, in 'n mate, te regverdig. Samuel en Thompson (1990:10) glo "(a)ny life story, written or oral, more or less dramatically, is in one sense a *personal mythology*, a *self-justification*" (my kursivering).

In groepe of gemeenskappe het idealiseringsmites dan ook 'n besliste singewende funksie: dit dien om hulle wordingstryd as groep uit te beeld, sin te

gee aan hulle bestaan en die nuwe geslag tot nog groter hoogtes te inspireer. Verderaan in hierdie ondersoek behoort voorbeelde hiervan die saak nog duideliker te maak.

2.6 Die siening van Joseph Campbell oor die krag van mites

Die krag van mites, ook vir die moderne mens, word myns insiens baie duidelik onder woorde gebring in gesprekke tussen Joseph Campbell en Bill Moyers, soos vervat in Flowers 1988.

Campbell was bekend as een van die twintigste eeu se outoriteite oor die mitologie (wat hy vir amper veertig jaar gedoseer het by die Sarah Lawrence College) en waaroor hy gesaghebbend gepubliseer het. Bill Moyers was 'n bekende televisiejoernalis by onder andere CBS News.

Betty Sue Flowers het in haar geredigeerde weergawe van die genoemde gesprekke tussen Campbell en Bill Moyers (Flowers 1988) gebruik gemaak van transkripsies van die oorspronklike gesprekke, wat in 1985 en 1986 oor 'n bestek van ongeveer vier-en-twintig uur vir televisie verfilm is, maar later geredigeer en gesny is tot 'n ses-uur-reeks.

In die inleiding tot die genoemde werk van Flowers (1988:xiv en verder) vertel Moyers die staaltjie van iemand wat van een van Moyers se kollegas wou weet waarom hulle met Joseph Campbell saamwerk. Die vraagsteller het haarself as 'n moderne mens beskou en was van mening dat “all these Greek gods and stuff” irrelevant is vir die twintigste-eeuse menslike staat (“human condition”).

Moyers se opmerking in dié verband is:

What she did not know – what most of us do not know – is that the remnants of all that ‘stuff’ line the walls of our interior system of belief, like

shards of broken pottery in an archaeological site. But as we are organic beings, there is energy in all that 'stuff'. Rituals evoke it.

'n Voorbeeld wat Moyers gee is dié van 'n regter. Indien sy posisie in die samelewing net sosiologies belangrik was, en nie ook mitologiese ondertone veronderstel het nie, sou hy nie sy swart toga hoef te gedra het nie: "For the law to hold authority beyond mere coercion, the power of the judge must be *ritualized, mythologized*" (my kursivering).

Op Moyers se eerste vraag oor die noodsaak van mites (Flowers, 1988:3) antwoord Campbell dan soos volg:

One of our problems today is that we are not well acquainted with the literature of the spirit. We're interested in the news of the day and the problems of the hour. It used to be that the university campus was a kind of hermetically sealed-off area where the news of the day did not impinge upon your attention to the inner life... When you get to be older, and the concerns of the day have all been attended to, and you turn to the inner life – well, if you don't know where it is or what it is, you'll be sorry.

Hierdie uitspraak van Campbell hou weer eens direk verband met die sentrale uitgangspunt van hierdie diskoers, nl. dié van **singewing aan ons bestaan deur die mites waarmee ons leef**.

Die hele diskoers van *Joseph Campbell: The Power of Myth* is in werklikheid relevant vir hierdie studie. Daar word egter volstaan met enkele verdere aanhalings uit die werk, wat almal veral verband hou met die aard van mites en ook met wat hierbo genoem is die funksies van mites in die lewe van individue en groepe:

Myths are clues to the spiritual potentialities of the human life (p.5).

Read myths. They teach you to turn inward, and you begin to get the message of the symbols... Myth helps you to put your mind in touch with this experience of being alive (p.6).

What we have today is a demythologized world. And, as a result, the students I meet are very much interested in mythology, because myths bring them messages... They're stories about the wisdom of life...(p.9).

Mythology teaches you what lies behind literature and the arts, it teaches you about your own life. It's a great, exciting, life-nourishing subject... myths offer life models. But the models have to be appropriate to the time in which you are living... (pp. 11,13).

'n Laaste aanhaling, wat myns insiens veral belangrik is vir die doel van hierdie ondersoek, verdeel die mitologie in twee bene, nl. mitologie wat handel oor die mens se "natuurlike bestaan" en mitologie wat 'n sosiologiese grondslag het:

... myths are metaphorical of spiritual potentiality in the human being, and the same powers that animate our life animate the life of the world. But also there are myths and gods that have to do with specific societies or the patron deities of the societies. In other words, there are two totally different orders of mythology. There is the mythology that relates you to your nature and to the natural world, of which you're a part. And there is the mythology that is *strictly sociological, linking you to a particular society. You are not simply a natural man, you are a member of a particular group* (pp.22-23) (my kursivering).

Dit sou dus uit bostaande aanhaling moontlik wees om die afleiding te maak dat die "mitologiese" (vgl. 2.3.1 hierbo) veral verband hou met mites rondom die mens as natuurlike wese en met die lewensiklusse waarna Campbell ook verwys wanneer hy praat van "the stages of life, the initiation ceremonies as you move from childhood to adult responsibilities, from the unmarried state to the married state. All of those rituals are mythological rites"(Flowers, 1988:11).

Die "mitiese" (vgl. 2.3.2 hierbo) daarenteen, sou veral verband hou met die mens as sosiale wese en dan ook as deel van 'n groep wat 'n "lewende mite" vir hulself geskep het, met ander woorde met die tweede groep mites waarna Campbell hierbo verwys. Soos genoem, is dit veral hierdie "mitiese" as verskynsel wat in die loop van die ondersoek aandag sal geniet.

2.7 Mites en taal: die kognitiewe semantiek

Lakoff se siening rondom kategorisering bring insigte rondom die rol van mites op taalkundige terrein.

2.7.1 Die “kategorieë van die brein”

'n Interessante invalshoek waaruit die invloed van mites op taal bekyk sou kon word, is dié van die kognitiewe semantiek. Ondersoeke in hierdie verband is byeengebring deur George Lakoff in sy 1987-publikasie *Women, Fire and Dangerous Things: What categories reveal about the mind*.

In verband met die titel van sy werk maak die skrywer die volgende opmerking (1987:5):

Many readers, I suspect, will take the title of this book as suggesting that women, fire and dangerous things have something in common – say, that women are fiery and dangerous. Most feminists I've mentioned it to have loved the title for that reason, though some have hated it for the same reason.

Lakoff verduidelik die nuwe teorie rondom kategorisering (nuut in terme van die tagtigerjare waarin sy aangehaalde werk verskyn het) as die sogenaamde “prototipe-teorie” en maak die stelling dat kategorisering nie 'n saak is wat ligtelik opgeneem kan word nie (1987:5-8):

There is nothing more basic than categorization to our thought, perception, action and speech...Without the ability to categorize, we would not function at all, either in the physical world or in our social and intellectual lives. The approach to prototype theory that will be presenting here suggests that human categorization is essentially a matter of both human experience and imagination – of perception, motor activity, and culture on the one hand, and of metaphor, metonymy, and mental imagery on the other.

In 'n latere hoofstuk (1987:92-94) verlaat Lakoff hom op die navorsing van Dixon (1982). Uit genoemde navorsing blyk dit dat in die Australiese outoetone taal, Dyrbal, daar vier klasse naamwoorde bestaan het, voorafgegaan deur een van

die klassifiseringsvorme *bayi*, *balan*, *balam* of *bala*. Volgens hierdie sisteem word in die tweede groep (*balan*) onder andere vroue, honde, sekere slange, die meeste voëlsoorte, skerpioene, water, vuur en verwante sake asook sterre en spiese saam gegroepeer. Dit verklaar die titel *Women, Fire and Dangerous Things* (maar nie noodwendig dat vroue saam met honde, skerpioene en spiese ingedeel word nie!).

Volgens Lakoff het Dixon gevind dat daar soms afwykings binne die vasgelegde klassifikasiepatrone in Dyrbal is wat slegs verklaar kan word deur terug te gaan op sekere volksgelowe en mites. Lakoff noem hierdie ontdekking van Dixon die “myth-and-belief principle”:

Birds are believed to be the spirits of dead human females, and so are in class II...Three species of willy-wagtails (’n algemene voëlsoort in Australië – AMJ) are believed to be mythical men, and so are in class I with men. The spangled drongo is in myth the bringer of fire (from the clutches of the rainbow snake); thus, the spangled drongo is in class II with fire...In myth, crickets are ‘old ladies’ and so are in class II. According to myth, the moon and the sun are husband and wife; consequently the moon is in class I with other husbands, while the sun is in class II with other wives (Lakoff 1987:94).

Lakoff se gevolgtrekking omtrent die sogenaamde “myth-and-belief principle” is dat mites en gelowe ’n belangrike rol speel by kategorisering en dus deel uitmaak van die wyer menslike ervaringsveld. Of anders gestel: sekere ervaringsdomeine is belangrik met die oog op kategorisering en mites is een van dié ervaringsdomeine (in die geval van Dyrbal, maar waarskynlik in die meeste kulture/tale. (Hoewel nie self ’n kenner van die Afrikatale nie, sou ’n studie van die woordklasindeling bes moontlik ook soortelyke resultate kon lewer – AMJ).

In ’n persoonlike mededeling het prof. Christo van Rensburg ook gewys op die invloed van die mite van die “vrou as lewe-gewer” soos afgelees kan word uit die Koi-Afrikaanse vorm van “put”, nl. “puts” (waar –s = (+vrl) omdat ’n put *geboorte gee aan water*).

Daar is sekerlik nog ander invalshoeke waaruit die invloed van mites op taal sinvol bekyk sou kon word, bv. deur na die etimologie van sekere woorde te kyk, maar vir die doel van hierdie studie word daar met bogenoemde siening van Lakoff volstaan.

2.8 Mites vs. geskiedskrywing

Die reeds aangehaalde insiggewende werk van Samuel & Thompson, *The myths we live by* (1990) is saamgestel na 'n geskiedenis-kongres oor "orale geskiedenis-oordrag". Die kongres, wat in September 1987 in Oxford plaasgevind het, se tema was "Myth and History"

Die redakteurs wys in die inleiding tot hulle publikasie daarop dat geskiedskrywers eintlik verkies (het) om met die "harde feite" te werk (maar dekonstrueer dan later in hulle werk deur verskeie anekdotes hierdie uitgangspunt van die geskiedskrywing as die "oordrag van feite." Die outeurs stel dit soos volg:

We (d.i. geskiedskrywers – AMJ) cleave to precise locations, dateable periods, delimitable fields of study. Our chronologies are marked in numbered years rather than the succession of generations of lost golden ages...We look for the reality content in our documents rather than what they may tell us about the symbolic categories through which reality is perceived. We build our arguments around empirically verifiable truths... most historians are apt to see myth, if they notice it at all, as an impediment to their true work (Samuel & Thompson, 1990:1, 3).

Die redakteurs argumenteer egter verder in die inleiding (p.2 en verder) dat die oënskynlike teenspraak tussen mite en "historiese waarheid" as't ware opgehef behoort te word (my beklemtoning). Verskeie argumente wat ter staving van dié standpunt gestel word, word hier kortliks saamgevat:

- Gemeenskappe wat slegs van orale literatuur afhanklik is omdat hulle nie oor 'n skryfkultuur beskik nie, word sodoende nie uitgeskakel uit die “optekening” van die geskiedenis nie;
- Sommige eietydse historici het begin insien dat alle geskiedskrywing in werklikheid niks anders is nie as a “narrative construction”;
- Daar is literêre kritici wat metafore sien as “clues to social consciousness”;
- Elke individu se lewensverhaal word sodoende belangrik as “a vital document of the construction of consciousness, emphasizing both the variety of experience in any social group, and also how each individual story draws on a common culture” (Hierdie siening staan dus teenoor die standpunt dat die optekening van geskiedenis spesifiek na die “politieke geskiedenis” verwys – AMJ);
- Daar kan 'n sterk saak uitgemaak word vir die universaliteit van mites as “a constituent of human experience.” Hierdie aspek word verder omskryf deur te verduidelik dat die identifikasie van mites as deel van orale geskiedskrywing nie “onware” geskiedenisoptekening veronderstel nie (“onwaar” in terme van die aanhaling van Samuel & Thompson hierbo nl. dat geskiedskrywers oor die algemeen hulle argumente opbou rondom “empiries verifieerbare “waarhede” – AMJ). Immers: “...a high proportion of the rich detail in a typical life story remains objectively valid: sometimes demonstrably so, from other sources...”(p. 6).

Wat die verband tussen geskiedskrywing en mites betref, wys Passerini verderaan in Samuel & Thompson (1990:49) daarop dat die twee terme in Grieks, *mythos* en *istoria* een gemeenskaplike betekenis gedeel het, nl. “diskoers” of “vertelling”. Hierdie gemeenskaplike betekenis reflekteer veral in die mondelinge vertellings wat die basis vorm van orale geskiedenisoordrag (en

wat uiteindelik juis vanweë optekening/ die “neerskryf” daarvan, wyer trefkrag kry - AMJ.)

Tonkin omskryf weer die belangrike rol van die mens se herinneringe as riglyne vir sy toekoms.

All understandings of the past affect the present. Literate or illiterate, we are our memories. We try to shape our futures in the light of past experience – or what we understand to have been past experience – and, representing how things were, we draw a social portrait, a model which is a reference list of what to follow and what to avoid (Tonkin, 1990: 25).

Bogenoemde aanhaling sou natuurlik ewe goed kon tuis hoort onder die vroeë opskrif wat handel oor die funksies van mites. Dit kom voor in die inleiding van die afdeling, *The making of myth*.

Interessant genoeg handel Tonkin se betoog rondom die “maak van mites” juis oor die sogenaamde “myth of realism” en maak sy ’n saak uit vir die feit dat geskiedskrywers glo in die “mite van realiteit”. Absolute waarheid, soos wat geskiedskrywers glo dat hulle dit beet het, is egter volgens Tonkin die eerste mite (hier in die sin van “veralgemening” of selfs “vervalsing” – AMJ). Dit kom dus daarop neer dat die “waarheid” in die teks van ’n geskiedskrywer eendelik ook weer aan dekonstruksie onderwerp kan word.

Min of meer dieselfde standpunt word by implikasie teruggevind in die slotopmerkings van Lize Kriel in haar proefskrif oor die verskillende weergawes van dieselfde historiese gebeurtenis (nl. die “Boer-Hananwa-oorlog van 1894):

Met die dekonstruksie van elke teks word wéér ’n teks gekonstrueer, wat met elke keer dat dit gelees word, blootgestel word aan ’n nûwe dekonstruksie (Kriel 2002:374).

Hieruit blyk myns insiens die feit dat ook die historiese navorser as ’t ware ’n teks skep wat dekonstrueer kan word, en dus die “waarheid” van die historiese teks aan kritiek blootstel. Kriel se standpunt word verder bevestig deur ’n

gesaghebbende bron wat sy aanbeveel het, nl. dié van Alun Munslow van Staffordshire University. Munslow se eie definisie oor geskiedskrywing word binne 'n postmodernistiese konteks geplaas en lui soos volg (1997:15):

As a self-reflexive historian, I define written history as a *socially constituted narrative representation that recognises the ultimate failure of that narrative form to represent either accurately or objectively* (my kursivering).

Wat betref die mitiese elemente in individue se lewensverhale verduidelik Peneff (1990:36) dat hierdie elemente die raamwerke vorm waarbinne individue hulle persoonlike geskiedenis verduidelik, orden en interpreteer. Een tipiese voorbeeld van 'n herhalende mite is dié van die dinamiese entrepreneur wat arm grootgeword het of die selfgemaakte man:

America has been carried away with the myth of the *self-made man*, who builds up his fortune and honour by his own efforts, an example for the whole nation...

Peneff gee voorbeelde van verdere mitiese elemente in persoonlike geskiedenis en kom tot die slotsom dat baie van hierdie lewensverhale nie as die absolute onvervalste waarheid aanvaar kan word nie (1990:41):

You have to adjust the screen of what is said and portrayed; you have to judge the degree of distortion... I have suggested some intellectual mechanisms 'reflecting' the image of the past; sublimation or blackening, exaggeration or cover-up...

Enkele voorbeelde van die ontstaan van 'n mite word vervolgens bespreek. Die eerste twee voorbeelde kom uit die werk onder bespreking, *The myths we live by*, terwyl die laaste 'n outobiografiese vertelling is.

2.9 Voorbeelde van die ontstaan van 'n mite: drie gevallestudies

2.9.1 Mites tydens 'n geveg, oproer of staking

Basso (1990: 61-64) beskryf 'n geval waar 'n kontemporêre mite tydens 'n skielike staking in 1977 by 'n middelbare skool in die suide van Italië ontstaan het. Die rede vir die skielike staking was dat die sentrale verhitingsstelsel van die skool vir 'n paar dae buite werking was, en die gerug die oggend versprei is dat dit nog steeds stukkend is. Die staking het maar een en 'n half uur lank geduur. Die besware is aan die hoof oorgedra en daarna is die leerlinge terug klas toe.

Die ondersoeker het 222 onderhoude met leerlinge gevoer na die betrokke staking, en het gevind dat leerlinge nie dieselfde persepsie gehad het van wat 'n staking presies impliseer nie. Nogtans was die “staking” volgens hulle suksesvol, want 'n gesamentlike slagspreuk is uitgeroep en sodoende is standpunt ingeneem— “through the single instrument of communication that the children had at their disposal – their voices.” Basso se gevolgtrekking is dat hierdie tipe mite van verbygaande en korte duur is en tog ook 'n invloed op die gebeure van elke dag het:

The school strike shows us how myth can provide us not only with clues to the deeper meaning of human existence, present and past, but *also with an imaginative leap to immediate everyday life, the daily history which shapes our own lives* (Basso, 1990:59) (my kursivering.)

2.9.2 Abraham Esau se oorlog, 1899-1901: mite en martelaarskap

Hierdie mite word uit verskeie voorbeeldstudies in *The myths we live by* gekies omdat dit op Suid-Afrikaanse bodem plaasgevind het: Die verteller is Bill Nasson, ten tye van die publikasie se verskyning 'n dosent in ekonomiese geskiedenis aan die Universiteit van Kaapstad:

Abraham Esau was 'n Namakwalandse skrynwerker en smid. Sy storie is nagespeur deur met plaaslike mense te praat wat dit kon onthou en deur gewone geskrewe bronne na te gaan.

Die skrywer maak dit duidelik dat sy bedoeling met die vertelling nie is “to reconstruct a sequence of events [...] but to consider how qualities of martyrdom, myth and legend have come to cluster around this man who became a civilian victim of a distant South African war nearly ninety years ago”(Nasson, 1990:111).

Abraham Esau is in 1865 in Kenhardt in die Noordwes-Kaap gebore. Hy was die oudste van 'n hele paar kinders van Adam Esau en Martha April. Die gesin het aanvanklik los werkies gedoen op plasies, maar later permanent gaan werk en woon by 'n ryk veeboer, William Seton. Die Esaus het Seton kultureel nageboots, die Anglikaanse geloof aangeneem en Engels gepraat. Hiermee het hulle gedistansieerd geraak van die ander sogenaamde kleurlinge in die omgewing deurdat laasgenoemde eerder die Afrikaanse/Boerekultuur hulle eie gemaak het. Hy word dus in die plaaslike herinneringe onthou as 'n “Engelse kleurling”. As volwassene was Esau dus bewustelik 'n Brit, met 'n Britse sosiale en kulturele identiteit.

Esau het hom in die agtien tagtigs as smid in Calvinia gevestig. Hierdie vakmanne kon deel in die stemreg, wat op daardie stadium in die Kaapkolonie gekwalifiseer is deur sekere minimumopleidingsvereistes en grondbesit en wat dus 'n groot aantal swart en arm wit mense uitgesluit het. Hierdie “vry” nasie in die Kaapkolonie is in stand gehou deur Britse koloniale hegemonie, waarvan koningin Victoria volgens Nasson die simbool was (p.112).

Die uitbreek van die oorlog in Oktober 1999 het spanning in Calvinia meegebring, want Boere-guerillas het van die Vrystaat af in Namakwaland geïnfiltreer terwyl die inwoners van Calvinia hulleself as Brits gesien het en sterk anti-republikeins begin betoog het. Die sentrale figuur was Abraham Esau. Op

19 Mei 1900 tree hy in die openbaar na vore as hoof van 'n oorwinningsparade na die ontsetting van Mafeking. Vier maande later voer hy 'n groot groep manne aan wat wapens wil eis van die plaaslike magistraat, Peter Dreyer.

Laasgenoemde weier die wapens aan bruin burgers omdat dit volgens hom moeilikheid sal beteken. Hierna lei Esau sy “bende” tot gewapende weerstand, hoewel in sommige gevalle met beeshorings. Hierdie weerstand het volgens Nasson sy karakter gekry op grond van “a distinct element of personal leadership... The village blacksmith was becoming a warrior; men and women not only listened to him but were ready to stand with him against rifles, whips, and horses” (pp.113,114).

In Oktober 1900 stel Esau 'n formele petisie vir wapens op waarmee die dorp en die omliggende gebied verdedig kan word, maar weer eens word dit geweier met die bykomende opmerking dat die oorlog witmenssake is en niks met die kleurlinge te doen het nie. Esau word hierna naby Williston opgemerk op 'n Basoetoeponie en die afleidings wat mense maak is dat hy 'n onderhoud verkry het met luitenant James Preston, 'n Britse leëragent in Clanwilliam. Hy word so 'n spioen en dra nuus oor in verband met die bewegings van Boererebelle.

Esau word hierna dikwels op 'n swart perd gesien, terwyl hy 'n swaard in die hand hou en kleurlingsteun soek vir die imperiale saak. Sodoende werf hy baie van sy mense vir die Britse kant en verwys na hulle as sy “faithful children.”(p. 115).

Hierdie groep van Esau word beskryf as saamgesnoer deur 'n kollektiewe identiteit en verbind tot geheimhouding deur 'n eed. So vorm hulle “a solid core of spies, snoopers and informers.” Hulle aksies is om inligting byeen te bring wat beskryf word as “a mixture of incriminating hard information, petty gossip, and slander about the character, opinions, and actions of suspect Boer rebels...” (p.115). Die orale vertellings gee weer dat hierdie groep van Esau baie van die eienskappe van 'n plattelandse geheime beweging besit het.

Esau het hom natuurlik in die proses baie ongewild gemaak by plaaslike republikeinse ondersteuners, en versinsels is versprei, bv. van 'n ondergrondse arsenaal wat Esau gereed gemaak het vir 'n opstand teen die plaaslike bevolking in Januarie 1901. Hoorsê het dit ook gehad dat hy baie perde en krugerrande van die Britte ontvang...

And they built him up into a mythic individual. Several tales refer to his cunning ability to assume 'whiteness' for deception... Another powerful and emotive story said that he had shaved off his moustache, grown his hair, and bundled himself up in women's clothing to snoop around farmers' kitchens (p.116).

Op 7 Januarie 1901 word Calvinia egter deur 'n groep kommando's van die OVS ingeneem en krygswet word afgekondig, Charles Niewoudt word die landdros van Calvinia en regeer volgens oorlewing veral met die sambok. Esau bly tot aan die einde die segspersoon van sy groep "Britse kleurlinge" en wys volgens die vertelling van 'n ou vrou vir die Vrystaters die oor van 'n dooie Boer wat hy in sy sak gedra het, terwyl hy aandui dat hyself net so doof soos daardie oor is. Op 15 Januarie word hy deur veldkornet Van der Merwe tot vyf-en-twintig houe gevonniss en op 5 Februarie kom daar 'n bevel vir sy teregstelling, wat volvoer word deur ene Stephanus Strydom.

Nasson maak die stelling dat die verhaal van Esau in die dekade na die oorlog uitgebuit is deur Engelse politici in die Noordwes-Kaap om die bruin stem vir hulle verkiesingsveldtog in 1904 te werf. "A bitter and vituperative political contest was a good moment for the *creation of martyrdom, and for this brief moment Esau became visibly the Coloured martyr of a Cape liberal political culture*" (p.118) (my kursivering). Dit was egter nie net die politici wat van Esau 'n martelaar gemaak het nie. Volgens Nasson het ook die kleurlinge hom gebruik as 'n simbool van die onreg teen en vervolging van hulle gemeenskap.

In the years following the South African War, the martyrdom of Abraham Esau served a recognizable function. It met a psychological need....and offered an integrating element at this particular historical moment. Esau became the mythic symbol of a revived British patriotism in Calvinia village life. (p.118).

2.9.3 'n Stuk outobiografiese vertelling: die belangrike rol van die "mitemaker/-skepper"

Samuel & Thompson se volledige motivering (1990:2) vir die plek van "persoonlike narratiewe" in geskiedenisoordrag lui soos volg:

As soon as we recognize the value of the subjective in individual testimonies, we challenge the accepted categories of history. We reintroduce the emotionality, the fears and fantasies carried by the metaphors of memory, which historians have been so anxious to write out of their formal accounts. And at the same time the individuality of each life story ceases to be an impediment to generalization, and becomes instead a vital document of the construction of consciousness, emphasizing both the variety of experience in any social group, and also how each individual story draws on a common culture; a defiance of the rigid categorization of private and public, just as of memory and reality... (my kursivering).

Op grond van die bogenoemde motivering deur twee gesaghebbende outeurs binne die konteks van die historiografie en orale geskiedenisoordrag word daar vervolgens "gewaag" om 'n stuk outobiografiese vertelling binne die konteks van 'n akademiese diskoers in te sluit:-

My oupa aan vaderskant, bekend as "oom Jan" Neethling, is tydens die Eerste Vryheidsoorlog gewond en het daarna sy plaas in die destydse Oos-Transvaal verkoop en Pretoria toe getrek. Hy het later 'n klein oudstryderspensioen ontvang. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog/Anglo-Boereoorlog was hy onder huisarres in Pretoria. Sy vrou, Erdmuthe Wilhelmina Schmidt, was van Duitse afkoms. Hulle het voor die oorlog reeds drie seuns en twee dogters gehad. Albei hierdie dogters is oorlede, Sofie as sesjarige van masels, en Franki saam met haar baba in die 1919-griepepidemie. Sy was interessant genoeg getroud met die bekende J.E.W. Grosskopf.

My pa, Johann Christiaan, vernoem na sy Duitse moeder se broer(?) is op 21 Februarie 1900 in Pretoria gebore. Oupa Neethling het 'n klein "boerdery" in die hartjie van die huidige Brooklyn bedryf, met 'n perdestal, wat later in nog 'n woonhuis omskep is en steeds as sodanig bewoon word, 'n melkery en 'n groentetuin en vrugteboord. My pa moes soggens voor skool op 'n paar plekke gaan melk aflewer en het volgens sy eie getuienis nogal skaam gekry as van die skoolmeisies hom gesien het.

Chris (soos my pa se noemnaam was, aangesien sy ouer broer se eerste naam Johan was) was in Brooklyn Primary en in Pretoria Boys' High omdat daar geen Afrikaanse skole in Pretoria was tot nadat sy skoolopleiding voltooi was nie. Daarna het hy by die pas gestigte T.U.K. 'n B- en M-graad in die ekonomie gevolg, waarna hy met 'n beurs Amerika toe is om aan die Cornell-universiteit aan sy doktorsgraad in ekonomie te werk. 'n Aanbevelingsbrief van sy professor in Amerika aan 'n Engelse professor, by wie my pa na voltooiing van sy D-graad op pad terug na Suid-Afrika sou aandoen, verwys na hom as 'n knap student en "a prince of a fellow".

Die bostaande inligting is net relevant om te wys dat Chris Neethling nie absoluut eng-Afrikaans grootgeword het nie, maar beslis in sy vormingsjare ook blootstelling aan die Engelse kultuur en later aan 'n groter internasionale gemeenskap gehad het. Sy Afrikaneridentiteit moes egter tuis reeds goed vasgelê gewees het, want hy het onder andere vertel hoe hy as veertienjarige in 1914 saam met ander gehelp het om Jopie Fourie se briewe wat uit die gevangenis geskryf is, per hand oor te skryf sodat dit landswyd versprei kon word.

Na sy terugkeer uit Amerika het Chris werk in die Landboudepartement aanvaar en verlief geraak op Anna Pohl, met wie hy toe in die vroeë dertigerjare getroud is. Daarna het sy bekend geword as Anna Neethling-Pohl en het sy vir baie jare

haar merk in Suid-Afrika as toneelspeelster en kultuurstryder gemaak. Chris en Anna het een dogter gehad, Evelyn Erda, vernoem na haar twee oumas, maar bekend as Linda.

In die woelige jare voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Chris geleidelik al hoe meer oortuig geraak van die unieke aard van die Afrikaner. Vir die Engelse as groep het sy mense uiteraard geen besondere voorliefde gehad nie. 'n Vriend het op sy begrafnis in 1982 vertel hoedat hulle in die Koffiehuis in Kaapstad ontmoet het. Op sy vraag dié dag aan Chris of hy nie sy lot by die Ossewabrandwag (en by implikasie ook die Stormjaers) wil inwerp nie, sou laasgenoemde geantwoord het dat hy besig is om die saak te oorweeg.

Die “oorweeg” het uitgeloop op 'n aktiewe en openlike lidmaatskap van die Ossewabrandwag. Daar is 'n foto in my besit van my pa met sy OB-uniform en die inskrywing agterop: Chris Neethling, Hoofkommandant Ossebrandwag Noord-Transvaal. Die lidmaatskap van die Stormjaers, 'n meer militante anti-oorloggesinde groep, sou natuurlik minder openlik gewees het. Dit het nietemin gelei tot sy internering in die Koffiefontein-kamp vir die duur van die oorlog.

Briewe wat Chris uit die interneringskamp vir Linda geskryf het oor die gewoontes van verskillende voëlsoorte wat hy en sy mede-geïnterneerdes dopgehou en deels mak gemaak het, het uitgeloop op 'n boekie wat later gepubliseer is met die titel *Vreemde vriendjies*. Op die buiteblad is naas die afbeelding van 'n voëltjie, die huisies van die kamp en die doringdraad duidelik sigbaar.

Na Chris uit die interneringskamp vrygelaat is, kon hy sy werk as ekonoom in die Departement Landbou hervat, hoewel met verbeuring van krediet vir die diensjare voor die oorlog. 'n Verdere terugslag was dat Anna hom op daardie stadium vir 'n egskeiding gevra het. Hoewel baie ongretig, het hy daartoe ingestem.

Linda was toe 'n hoërskoolleerling aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria en as gevolg van haar ma se betrokkenheid by toneelreise was sy ook in die koshuis. 'n Geskiedenisonderwyseres aan dieselfde skool, mej. Annie van Niekerk, is deur gemeenskaplike vriende aan Chris voorgestel en aan die einde van 1946 is hulle getroud. Chris was veertien jaar ouer as Annie (of "Niek") maar hulle was tog bevoorreg om ses-en-dertig jaar getroud te kon wees, tot met sy dood op twee-en-tagtigjarige ouderdom in 1982.

In 1948 het Chris en Niek Neethling die oudste onder die groep Duitse oorlogweeskinders wat deur bemiddeling van die sogenaamde Dietse Kinderfonds na Suid-Afrika toe gebring is, aangeneem. Tussen Chris en sy aangename seun, Lothar Paul, het 'n besondere band van wedersydse toegeneentheid bestaan. In 1950 het Niek, hoewel toe reeds ses-en-dertig jaar oud, ook geboorte geskenk aan hulle eie dogter, Annette.

Met my geboorte was my pa dus reeds vyftig jaar oud. Albei stalle grootouers was toe lank reeds oorlede en my pa het blykbaar teenoor my ma en vriende genoem dat hy beplan om maar die rol van 'n oupa naas die pa-rol in sy dogter se lewe te vertolk. Een van sy selfopgelegde "take" in dié verband was om vir my saans 'n paar "slaapliedjies" te sing. Dié ritueel het waarskynlik voortgeduur tot die "dogtertjie" skool toe is. Hy het volgens my 'n mooi stem gehad, hoewel die neiging om die verlede rooskleurig in te kleur, my moontlik so laat dink.

Gewone wiegeliëdjies soos "Slaap my kindjie, slaap sag", en selfs 'n Engelse liedjie, "Golden slumbers kiss your eyes" is ook gesing, maar gewoonlik is die aand afgesluit met twee besondere liedere, wat in retrospek nie konvensionele slaapliedjies is nie. Al gou het die ongeveer vyfjarige dogtertjie 'n spesiale klank in haar pa se stem ervaar by die sing van dié liedere. Enkele frases en strofes uit die twee liedere het veral opgeval (miskien te meer omdat woorde – maar veral die stories agter die woorde - toe reeds fassinerend was):

Slaap rustig, dapper helde, verby is al jul leed...

en

*Land van die vaders, land van vrome Trekkers,
jy is ons dure pand, ons geliefde vaderland,
dierbaar Suid-Afrika!*

Hierdie “mities gelaaide” woorde bring tot vandag toe ’n emosionele gevoelsoopwelling wat moeilik redelik te verklaar is. Soos in die aanhaling van Conradie (1964:10) aan die begin van hierdie hoofstuk sou ’n mens hier ook kon beweer dat daar ’n “ontwykende kern in elke mite (is) wat ons hoegenaamd nie met redelike begrippe kan bereik nie”.

Kortweg: ’n mens sou waarskynlik met sekerheid kon beweer dat ’n proses van miteskepping in daardie kinderkamer begin is wat juis vanweë die amper terloopse aard daarvan ’n baie sterk indruk gemaak het. Die “helde uit die verlede” het rigtingwysers vir die eie strewes geword en die ideaal om “getrou te bly aan dit waarvoor hulle goed en bloed geoffer het”, het ’n lewende mite geword wat ’n belangrike **singewende funksie** in die eie lewe begin vervul het.

Die oud-OB-generaal en die oud-geskiedenisjuffrou (wat dikwels nog afgelos het by een van die naaste hoërskole) het natuurlik ook hulle kind by die Voortrekkerbeweging laat aansluit, waar Gerrit Viljoen toe kommandant van die plaaslike kommando was en die mitologiseringsproses momentum gekry het.

Op hoërskool (in die vroeë sestigerjare) het my ouers my ’n keer saamgeneem na die jaarlikse dinee van die sogenaamde “Rampokkers” (die Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes) waarby adv. John Vorster die betrokke aand die spreker was. Die grootste oomblik was toe die mans saam om ’n klavier gaan staan het en die trane vrylik oor die meeste van hulle – en ook my pa – se wange gerol het terwyl hulle uit volle bors saam met die begeleiding gesing het: “Hoor die wekroep in ons land, los van Engeland!”

Dit sluit die vertelling af, behalwe om te vermeld dat op grond van iets wat Chris op 'n stadium teenoor sy vrou Niekie genoem het, sy grafskrif in die helde-akker van die Ossebrandwag in Verwoerdburg – nou Centurion – lui: “Hy was 'n goeie Boer.”

Die gevolgtrekking uit hierdie persoonlike geskiedenis is die onbetwisbare bewys wat dit kan bied van die groot invloed van die persoon wat 'n mens sou kon noem die mitemaker of miteskepper.

Die afleiding is dat die statur, geloofwaardigheid en volgehoue integriteit van die mitemaker 'n baie sterk invloed kan uitoefen op die vestiging en die herhaalde bevestiging van die mite. Indien die mitemaker se lewensbeskouing te eng voorkom, sal die geloofwaardigheid van die mite myns insiens in die slag bly wanneer die ontvanger ook kontak maak met ander lewensbeskouings. Andersyds sal daar ook ontgogeling of disillusie kan intree indien die mitemaker “ontmasker” word as vals of selfgerig (sien onder meer die bespreking van die “Boetman”-debat in hoofstuk 7).

In my pa se geval was hy nooit eng, “kleinburgerlik” of “boers” in die negatiewe sin van dié woorde nie. Hy kon lang stukke Engelse poësie uit sy matriekjaar onthou, het vir my boeke gegee om te lees soos *Freckles* en *A girl of the Limberlost* van 'n Amerikaanse skryfster en het op sy oudag gereeld sy Zane Gray-boeke herlees. In sy optrede was hy, ten spyte van 'n vinnige humeur en die gewone menslike tekortkominge, 'n voorbeeld van 'n “ware heer” en 'n mens van integriteit. Sy deurleefde Afrikanerskap en sy onwankelbare lojaliteit teenoor sy volk en mense – hoe hy hulle dan ook vir homself gedefinieer het – het egter so 'n sterk indruk gemaak dat dit die eienskap is wat bo alle ander uitgestaan het. Dit is myns insiens die rede waarom hy die mite van die Afrikanervolk as 'n besondere groep mense, van wie die meeste eintlik helde was, so deeglik by my gevestig het.

Die gevolgtrekking is verder dat, soos Samuel & Thompson dit in die aanhaling aan die begin van hierdie vertelling (1990:2) stel, “the individuality of each life story [...] becomes a vital document of the construction of consciousness.”

Dieselfde twee outeurs beweer ook in verband met lewensverhale binne die genre van orale geskiedenisoordrag:

They (life stories – AMJ) should be seen, not as blurred experience, as disorderly masses of fragments, but as shaped accounts in which some incidents were dramatized, others contextualized, yet others passed over in silence, through a process of narrative shaping in which both conscious and unconscious, myth and reality, played significant parts (p.5).

Min of meer dieselfde sienswyse oor die totstandkoming van die “mitiese” verhaal as rekonstruksie deur die verteller binne die Suid-Afrikaanse konteks word verwoord deur Antjie Krog in *Country of my skull*, wanneer sy beweer (1998:85):

... there are actually two stories: the story and the under-story, the matrix, the propelling force *determining what is left out, what is used, how it is used* *Telling is [...] never neutral, and the selection and ordering try to determine the interpretation...* (my kursivering).

Die slotsom is dat “geskiedskrywing” ook ’n rekonstruksie van die werklikheid is en dat die ideologie van die “verteller” en die mites waarmee hy leef noodwendig die seleksie en ordening van die stof beïnvloed en rig. Ook in hierdie geval sal **mites dus ’n deurslaggewende rol in singewing** speel.

2.10 Samevatting

Die betoog tot hier het gelei tot ’n paar baie belangrike afleidings in verband met mites wat vir die res van hierdie studie van groot belang is. Enkele van die hoofmomente rondom die bespreking word kortliks saamgevat:

- Mites speel 'n fundamentele rol in die lewe van die mens vanaf die vroegste tye tot datum;
- een van die belangrikste eienskappe van die mite is dat dit gestalte gee aan die mens se soeke na waarheid of anders gestel na die sin, samehang en uiteinde van die kosmos;
- die krag van 'n sogenaamde "lewende" mite vir die moderne mens is 'n onomstootlike werklikheid;
- die meeste ideologieë het 'n mitiese onderbou.
- Wat die term *mite* betref, is die eerste afleiding dat die *HAT*-definisie, nl. "godeverhaal" en "fabel of storie sonder grond" te beperkend is. In die oorspronklike Grieks het mythos en logos albei "woord" beteken, maar later is die onderskeid getref van mite as materiaal uit die primitiewe godsdienste en logos as die term vir die moderne wetenskappe en tegnologie.
- Wat betref die polisemiese betekenisonderseidings van "mite", "die mitologie", "mitologies" en "mities" is die slotsom dat, vir die doel van hierdie ondersoek, die beskrywingsterm "mitiese" konsekwent gebruik sal word in betekenisonderseidings wat dui op "lewende mites" soos wat Etienne Leroux daarna verwys het. Hierdie lewende mites ontstaan volgens Carl Gustav Jung in die kollektiewe onbewuste van groepe deur middel van simbole wat weer aanleiding gee tot argetipes bv. dié van die universele held. Die ontstaan van die argetipes is 'n bewys daarvan dat daar 'n mite-skeppende struktuur in die menslike psige voorkom wat in elke generasie aktief is.
- Die "ontmoeting" met die argetipes verander die mens; daarom is die oorvertel van 'n storie 'n verantwoordelikheid. Mites verteenwoordig 'n "tydlose waarheidskwaliteit" (Steenberg 1999:314) in die lewe van mense en werk dus universeel. Godsdienstmities bring verligting vir die angste van die mensdom: oorlog, siekte, ouderdom en die dood.

- Daar is wel positiewe en negatiewe mites, wat daartoe bydra om die wêreld te verdeel in goed en kwaad deur idealisering of demonisering van dié twee uiterstes.
- Mites verklaar ook vir individue en groepe hulle afkoms en dien soms as regverdiging vir die optrede van die voorouers. Dit word bevestig deur Samuel & Thompson (1990:10) wanneer hulle beweer dat elke lewensverhaal beskou kan word as “a personal mythology, a self-justification.”
- Joseph Campbell, as een van die twintigste eeu se outoriteite oor mites, se gesprekke rondom die onderwerp soos vervat in *Joseph Campbell: The Power of Myth* (Flowers:1988) bied ook baie interessante insigte oor die aard en funksies van mites. Om maar een aanhaling te gee (Flowers 1988:9): “...myths bring ... messages... They’re stories about the wisdom of life...”
- Wat die neerslag van mites op taalkundige terrein betref, word die invalshoek van die kognitiewe semantiek, soos beskryf deur George Lakoff, veral as uitgangspunt gebruik. Die afleiding hier is dat mites een van die ervaringsdomeine is wat belangrik is met die oog op kategorisering in die taal.
- Die verband tussen mites en die geskiedskrywing is ook bekyk, soos deeglik verwoord deur onder andere die samestellers van *The myths we live by*, Samuel & Thompson, 1990. Die afleiding is dat die streng skeidslyne tussen openbare en private geskiedenis en tussen mite en werklikheid opgehef word. Drie gevallestudies rondom die ontstaan van mites in die lewe van ’n groep of individu word aan die orde gestel. Die gevolgtrekking is dat ook ’n individuele lewensverhaal kan dien as “a vital document of the construction of consciousness, emphasizing both the variety of experience in any social group, and also how each individual story draws on a common culture...” (Samuel & Thompson, 1999:2).

Verderaan in die proefskrif sal die bostaande samevatting in verband met die oorsprong, aard en funksies van mites dan as uitgangpunt gebruik word in die ondersoek na die vernaamste mites wat sedert die ontstaan van Afrikaans rondom dié taal en sy sprekers ontstaan het, en waarvan die impak tot in die huidige tydsbestel duidelike waarneembaar is.

Wat betref die term *mite* en die gepaardgaande proses van *miteskepping* sal die betekenisonderskeiding en funksie van die mite wat veral geaktiveer word, dié wees van **die mite as storie/narratief met 'n “tydlose waarheidskwaliteit” en wat daarop gerig is om die singewende fasette van die menslike bestaan te verwoord**. Van al die aanhalings rondom “mite” waarna al verwys is, word daar dus waarskynlik die sterkste gesteun op dié van Malan (1978:39) wat beweer dat die mite “sedert die vroegste tye die mens se manier (is) om *deur middel van 'n eenvoudige vertelling die sin, samehang en doel van die kosmos te verklaar*.”

Daar moet egter reeds op hierdie stadium daarop gewys word dat dit nie in alle gevalle moontlik sal wees om die spesifieke mite onder bespreking as singewende narratief uit te wys nie. Hiermee word bedoel dat sogenaamde “negatiewe” mites rondom Afrikaans, en veral dan die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal, nie *per se* sin gegee het aan die bestaan van die groepe waarbinne die mite ontstaan het nie. In dié geval word die mite wel bespreek as een van die pertinente mites rondom Afrikaans, maar daar word terselfdertyd na ander voorbeelde van miteskepping binne die betrokke groepe verwys.

Vervolgens word daar enersyds daarop gewys dat hierdie eie mites wel as singewende en lewende waarhede binne hierdie groepe gefunksioneer het en andersyds aangetoon hoe hierdie eie miteskepping die persepsie van die negatiewe rol van Afrikaans dikwels versterk het. Wat betref die mite(s) rondom Afrikaans is die fokus in so 'n geval die impak wat die mite gehad het of steeds het op die voortgesette rol en status van Afrikaans in die land na 1994.

HOOFSTUK 3: “VERBEELDE GEMEENSAPPE” EN (POLITIEKE) MITESKEPPING

3.1 Doelwit met die hoofstuk

In hoofstuk twee is daar hoofsaaklik generies na die aard en impak van mites in die lewe van groepe en individue gekyk. Oor die algemeen is hierdie impak positief geëvalueer omdat mites, as lewende kragte, die mens se lewe kan rig en sin en betekenis daaraan kan gee. Anderson betrek die “verbeeldingryke” aspek van menslike groeperings rondom bepaalde gedeelde mites waarmee hulle identifiseer deur na dié groeperings as “verbeelde gemeenskappe” (“imagined communities”) te verwys. Singewing speel myns insiens ook hier ’n belangrike rol.

Daar is egter ook ander aspekte van miteskepping wat nie spontaan in die menslike psige ontstaan as gevolg van sekere miteskeppende strukture nie (vgl. Leroux se uiteensetting van Jung se standpunt oor mites in 2. 4), maar wat dikwels doelbewuste pogings van bv. politieke figure is om mense te beïnvloed en te manipuleer.

Een van die mites wat voortvloei uit persoonlike/individuele miteskepping, maar wat dan dikwels polities gemanipuleer word om die oogmerke van politieke figure te ondersteun, is die mite van die eie groep: die eenling wat homself deel voel van ’n baie bepaalde groep mense, of volk/nasie. Die mite van ’n individu se groepsbetrokkenheid (wat Anderson (1991) “verbeelde gemeenskappe” of “imagined communities” noem) asook die gepaardgaande kwessies van groepsidentiteit en nasionalisme word kortliks in hierdie hoofstuk bespreek, aangesien dit myns insiens onontbeerlike agtergrondsinsig bied t.o.v. politieke miteskepping en die mites rondom Afrikaans waarop daar in die volgende twee hoofstukke gefokus sal word.

Verderaan in hierdie hoofstuk word die aard van politieke miteskepping as sodanig ook vlugtig belig.

3.2 Die mite van die eie groep (“Verbeelde gemeenskappe” – erkenning aan Benedict Anderson)

3.2.1 Inleiding

Nasionaliteit is en bly voorasnog die mees permanente, algemene en kragtige element in die dryfvere van menslike gemeenskappe, en in die historiese faktore wat daardie dryfvere bepaal, sodat dit nie verwaarloos kan word in die uitbeelding van die geskiedenis nie (Preller 1941:8).

Whatever the unifying nature of religion ... the history of religions has also been the history of great discord. It would seem that *nothing can more effectively set people at odds than the demand that they think alike. For, given our many disparate ways of life, we couldn't really think alike, even if we wanted to* (Burke 1961:v).

In Mankiewicz's Julius Caesar all the characters are wearing fringes. Some have them curly, some straggly, some tufted, some oily, all have them well combed, and *the bald are not admitted although there are plenty to be found in Roman history* (Barthes 1972:26).

Yes, it is quite accidental that I am born French; but, after all, France is eternal (Debray 1977, aangehaal in Anderson 1991:12).

Identity is people's source of meaning and experience (Castells, 1997:6).

3.2.2 Die konstruksie van identiteit

Is truth (en daarom ook binne hierdie diskoers: miteskepping – AMJ) *that closely related to identity? It must be. What you believe to be true depends on who you believe yourself to be* (Krog 1998:99) (my kursivering).

Castells (1997:6) haal Calhoun (1994:9-10) soos volg aan in verband met die konstruksie van identiteit:

We know of no people without names, no languages or cultures in which some manner of distinction between self and other, we and they, are not made ... Self-knowledge – *always a construction no matter how much it*

feels like a discovery – is never altogether separable from claims to be known in specific ways by others (my kursivering).

Hierdie siening van selfkennis – en dus van die eie identiteit – as 'n konstruksie eerder as 'n ontdekking hang myns insiens ten nouste saam met die kwessie van miteskepping. 'n Konstruksie van die werklikheid is immers reeds 'n herskepping (en daarom ook 'n mitologisering) daarvan en herinner dus aan die aanhaling van Samuel en Thompson (1990:5) in hoofstuk 2 hierbo:

(Life stories) should be seen, not as blurred experience, as disorderly masses of fragments, but as *shaped accounts* in which some incidents were dramatized, others contextualized, yet others passed over in silence, through a process of *narrative shaping in which both conscious and unconscious, myth and reality*, played significant parts (my kursivering).

Castells (1997:6,7) definieer identiteit soos volg:

By identity ... I understand the process of construction of meaning on the basis of a cultural attribute, or related set of cultural attributes, that is/are given priority over other sources of meaning... Although ... identities can also be originated from dominant institutions, they become identities only when and if social actors internalize them, and construct their meaning around this internalization... I define meaning as the symbolic identification by a social actor of the purpose of her/his action.

Castells meen egter dat die werklike vraag is hoe, waaruit, deur wie en met watter doel identiteit gekonstrueer word.

Wat betref die **hoe**, **waarmee** en **deur wie** is sy afleiding dat die boumateriaal kom van die geskiedenis, die geografie, die biologie, van produktiewe en reprodktiewe instellings, van “collective memory and [...] personal fantasies...”

Vergelyk in hierdie verband die verduideliking deur Leroux van Jung se siening rondom die ontstaan van mites (in Kannemeyer 1960:18-19):

Die mite verskyn [...] nie as 'n produk van die rede nie, nie as 'n produk van die persoonlike Onbewuste nie, maar *spontaan uit die Kollektiewe Onbewuste en by wyse van openbaring of intuïsie*. (my kursivering).

Vervolgens, meen Castells, prosessee en rangskik individue, sosiale groepe en gemeenskappe hierdie materiaal in ooreenstemming met hulle eie sosiale strukture en ruimte- en tydraamwerke:

I propose, as a hypothesis, that, in general terms, who constructs collective identity, and for what, largely determines the symbolic content of this identity and its meaning for those identifying with it or placing themselves outside it (1997:7).

Castells meen voorts dat die konstruksie van identiteit altyd binne die konteks van magsverhoudings plaasvind, en onderskei daarom tussen drie vorme en oorspronge van identiteitskepping (die “met watter doel?” van identiteitskepping):

- “Legitimizing identity” - Identiteitskepping wat deur die dominante rolspelers/groepe of instelling aangewend word om hulle dominansie te regverdig;
- “Resistance identity” - Identiteitskepping deur dié rolspelers wat deur die dominansie van ander gedevalueer of gestigmatiseer is en wat dien om weerstandmerkers op te rig teen die beginsels wat deur die gevestigde orde voorgehou word as geldig;
- “Project identity” - Identiteitskepping wat dien om te help met die opbou van ’n totaal nuwe identiteit vir die self om sodoende die skepper se posisie in die samelewing te herdefinieer. Hierdie soort identiteitskepping streef dus in werklikheid die transformasie van die hele sosiale struktuur na.

Al bogenoemde aspekte hou direk verband met miteskepping en die kwessie van singewing en identiteitskepping by wyse van mites soos wat dit verderaan in die proefskrif uitgewys sal word.

3.2.3 Nasie, volk en nasionalisme

Nasionalisme is volgens die *HAT* die “liefde vir die eie volk of nasie”. Myns insiens is daar selfs in die definisie die neerslag van ’n mite te vinde, nl. die kwessie dat ’n mens jou volk/nasie kan liefhê (ten spyte van hierdie entiteit se *redelik amorfe gedaante*). Dit impliseer voorts dat daar ’n bewussyn by die groep

moet wees oor wie dan die “eie volk of nasie” is. Daar kan ook afgelei word dat “nasia” en “volk” hier as sinoniem gesien word en dat “nasionalisme” dan sou verwys na ’n gevoel van vaderland-, groeps- en kultuurgebondenheid.

Dit wil egter voorkom asof daar mettertyd ’n wesentlike verskil tussen die begrippe “nasia” en “volk” ontwikkel het, soos wat hier verder uitgeengesit sal word.

Daar is sekere objektiewe maatstawwe om nasieskap te help bepaal, onder meer die bestaan van geografiese grense en ’n sentrale regering. Om weer eens die *HAT* as uitgangspunt te gebruik: nasie ¹ Groep enkelinge wat tot dieselfde staat behoort, wat ’n politieke eenheid vorm.

Hierteenoor - d.w.s. teenoor die begrip “nasia” as ’n politieke eenheid - staan “volk” as ’n hoofsaaklik kulturele eenheid. Dit wil egter lyk asof die afgeleide begrip “nasionisme” geleidelik ’n betekenisverskuiwing ondergaan het om nie soseer te dui op “liefde vir die nasie” nie, maar vir die kleiner kultuurgroep, tensy die betrokke nasie ’n hoofsaaklik homogene gemeenskap is met dieselfde kultuurwaardes en norme (soos wat mens egter beswaarlik ooit in die werklikheid sal vind, aangesien so ’n homogene gemeenskap binne die definisie van ’n “nasia” nie bestaan nie).

In die soort gemeenskap wat Woshinsky (1995:55) as ’n voorbeeld van ’n heterogeen-aktiewe kultuur voorhou – “we find in heterogeneous-active culture a basic disunity exacerbated by a series of profound divisions” – kan daar wel geografiese grense en ’n sentrale politieke sisteem teenwoordig wees, maar van nasionale eenheid en ’n oorkoepelende nasionalisme is daar min sprake. Inteendeel, Woshinsky meen:

It (die heterogeen-aktiewe kultuur – AMJ) is a society of diverse and clearly differentiated people, deeply suspicious of each other and fundamentally at odds over most of the issues people care about.

As daar na twee voorbeelde uit die 20ste eeuse Suid-Afrika gekyk word, sou daar beweer kon word dat politieke groeperings soos die Nasionale Party en die African National Congress ontstaan het – nie as manifestasies van “nasieskap” nie – maar eerder op grond van die “nasionalistiese” dryfvere van kleiner groeperings. Nie een van die genoemde groeperings of partye hou nl. verband met die nasionale gevoel van ’n Suid-Afrikaanse nasie nie.

Die groei en uiteindelijke oorwinning in 1948 van die Nasionale Party, soos in die volgende hoofstuk verder bespreek sal word, is stellig nie los te dink van die toenemende volksbewussyn van die Afrikaners in die eerste vyftig jaar na die Anglo-Boereoorlog nie. Toe ’n regser groep van die Afrikaners nie meer ’n ideologiese tuiste in die Nasionale Party gevind het nie omdat, volgens hulle, die volksbelang nie meer gedien is nie, is die Herstigte Nasionale Party in die lewe geroep.

Die African National Congress (ANC) weer is die politieke manifestasie van veral swart nasionale bewussyn en vryheidstrewes wat gekulmineer het in die oorwinning van die ANC in 1994. Hierdie uitgesproke nasionalistiese beweging kan dus ook nie as die neerslag van inklusiewe Suid-Afrikaanse nasieskap gesien word nie.

Die slotsom is dus dat, wanneer nasionalisme as verskynsel bekyk word, dit gaan om die gevoel van “een-wees” wat ’n groep mense saambind tot ’n bykans mitiese eenheid wat dikwels eerder ’n volk as ’n nasie genoem kan word.

3.2.4 Die geskiedenis van die ontstaan van nasionalisme

Anderson (1983:12 en verder) verklaar die opkoms van nasionalisme en nasionale state teen die einde van die agtiende eeu as ’n resultaat van die geleidelike aftakeling van die voorafgaande twee sterk kulturele sisteme, nl. die godsdienstige gemeenskap en die koninkryk. Sy standpunt is dat bogenoemde sisteme vir die mense van hulle tyd as vanselfsprekende verwysingsraamwerke

gedien het, en dat hulle aftakeling noodwendig plek gemaak het vir 'n nuwe raamwerk, wat uiteindelik dié van nasionalisme was. Anderson stel dit soos volg (1991:12):

What I am proposing is that nationalism has to be understood by aligning it, not with self-consciously held political ideologies, but with the large cultural systems that preceded it, out of which – as well as against which - it came into being.

Die afleiding uit hierdie stelling van Anderson is dat nasionalisme 'n raamwerk bied waarbinne groepe mense in die laaste twee eeue gedink en gefunksioneer het, of, binne die konteks van hierdie ondersoek gestel, dat die konsep van nasionalisme in die negentiende en twintigste eeue 'n “lewende mite” geword het.

Verderaan in sy betoog oor wat hy noem die “imagined community of the nation” (1991:24), beweer Anderson dat twee belangrike vorme van “verbeelding” (“imagining”) in die loop van die agtiende eeu hulle verskyning gemaak het wat verband hou met die verbeelde gemeenskap van die nasie, naamlik die roman en die koerant. Die resultaat was volgens Anderson “print-capitalism, which made it possible for rapidly growing numbers of people to think about themselves, and to relate themselves to others, in profoundly new ways.” (1991:36). Veral die koerant se impak kan feitlik as dié van mitiese bindingsmiddel gesien word:

[...] the newspaper reader, observing exact replicas of his own paper being consumed by his subway, barbershop, or residential neighbours, is continually reassured that the imagined world is visibly rooted in everyday life (Anderson 1991:36).

3.2.5 Die verband tussen nasionalisme en taal in die agtiende en negentiende eeue

Anderson (1991:47 en verder) wys voorts daarop dat die jong Amerikaanse state van die laat-agtiende, begin negentiende eeu nie deur taalverskille geskei is nie,

aangesien die VSA-state, die voormalige Spaanse kolonies en bv. Brazilië almal kreoolse¹ state was waarbinne die mense 'n gemeenskaplike taal gepraat het en 'n gemeenskaplike afkoms gehad het, hoewel hulle dikwels teen mekaar geveg het.

Hierteenoor het “nasionale drukkerstale” in die negentiende eeu in Europa simbole van nasionale onderskeid begin word:

[...] in almost all of them (die nasionale groepering in Europa na 1820 – AMJ) ‘national print-languages’ were of central ideological and political importance, whereas Spanish and English were never issues in the revolutionary Americas (Anderson, 1991:67).

Hierdie tendens om die kultuurvariëteit (om die term van Ponelis, 1992:72 te gebruik – “n algemene, toonaangewende, versorgde en eenvormige [...] variëteit [...] wat veral as skryftaal aangewend word...”) van die onderskeie tale as merkers van nasionale identiteit te begin sien, is reeds teen die einde van die agtiende eeu soos volg deur Johann Gottfried van Herder (soos aangehaal deur Kemiläinen, 1964:42) verwoord:

Denn jedes Volk ist Volk; es hat seine Bildung wie seine Sprache.

Anderson (1991:68) meen dat hierdie toenemende koppeling van nasieskap aan 'n sogenaamde “private-property language” 'n groot invloed uitgeoefen het op Europese denke in die negentiende eeu, maar ook op “subsequent theorizing about the nature of nationalism.”

In die lig hiervan lyk dit nie vreemd dat die geleidelike bewuswording van 'n eie volksidentiteit by die Afrikaner in die laaste drie dekades van die negentiende eeu eweneens gepaard gegaan het met die ontwaking van 'n amper fanatiese taalbewustheid en taalnasionalisme nie. Du Toit (1987:66) wys daarop dat daar

¹ Kreool - (volgens Anderson se definisie) - Persoon van (teoreties) suiwer Europese afkoms maar gebore in die Amerikas en (later ook) verwysend na sodanige persone wat op enige ander plek buite Europa gebore is.

in die vyftigerjare van die negentiende eeu wel in die Kaapkolonie “herhaaldelik uitdruklike ontkenning daarvan (was) dat die nasionalistiese model op die koloniale situasie van toepassing kan wees.” Daarteenoor reflekteer tekste uit die sewentigerjare van die negentiende eeu “doelbewuste en uitdruklike pogings tot politieke mobilisering op taal- en etniese gronde, asook die totstandkoming van ’n nasionalistiese denke waarin die Afrikaanse taal en nasionaliteit tot grondslag gemaak word van die geprojekteerde bestaan van ’n Afrikaner-’nasie.”² Ook Theo du Plessis (1986:1) wys op die verband wat daar van meet af bestaan het tussen die G.R.A.-taalbeweging en die Afrikanergeskiedenis :

Wat in werklikheid gebeur het, is dat die hele geskiedenis van die Afrikaanse taalbeweging doodgewoon by die Afrikanergeskiedenis geïnkorporeer is. Hierdie situasie sou uiteindelik lei tot ’n *onafwendbare mitologisering* van beide dié globale geskiedenis en in die besonder dié van die Afrikaanse taalgeskiedenis. Uiteraard *geskied dié mitologisering binne ’n bepaalde ideologiese raamwerk* (my kursivering).

Dit is nie verbasend nie dat die Britse Eerste Minister, Harold Macmillan, in 1960 met sy besoek aan Suid-Afrika in retrospek na die opkoms van Afrikanernasionalisme verwys as “the first of the African nationalisms” (soos aangehaal op die flapteks van Van Jaarsveld, 1961). Meer hieroor in die volgende hoofstuk.

3.2.6 Nasionalisme in die twintigste eeu

Dit spreek vanself dat nasionalisme of ’n nasionale bewussyn by groepe/volke/nasies ’n belangrike rol moes gespeel het in ’n eeu waarin daar twee oorloë net meer as twintig jaar uit mekaar was waarby die meeste lande in die wêreld op die een of ander wyse betrek is. Die impak van hierdie twee gebeure was daarom verreikend.

² Vergelyk Castells se “resistance identity” soos hierbo uiteengesit, wat ten doel het om die gevoel van eiewaarde van ’n groep wat hulself as gedomineer of gestigmatiseer ervaar, te verbeter.

3.2.7 Na die Eerste Wêreldoorlog

Anderson meen dat die konsep van dinastieë na die eerste wêreldoorlog (1918) feitlik uitgedien was. Hy stel dit soos volg (Anderson 1991:113):

From this time on, the legitimate international norm was the nation-state, so that in the League (van nasies – AMJ) even the surviving imperial powers came dressed in national costume rather than imperial uniform.

3.2.8 Na die Tweede Wêreldoorlog

Hoewel dit nie die doel van hierdie proefskrif is om dieper in te gaan op miteskepping binne ander nasies/volke of groepe (as dié rondom Afrikaans nie) nie, sou die opkoms van die Nasionaal-Sosialisme in Duitsland en die impak van die miteskepping rondom die superieure Ariese ras as klassieke voorbeeld kon dien van die enorme impak van miteskepping. Vergelyk maar die volgende aanhaling uit die roman van Ursula Hegi, *The Vision of Emma Blau*:

[...] what felt terribly familiar in all this was that attitude of superiority she knew from having grown up there, from seeing it bloom so quickly against anyone who was considered to be different. Still – how could it have turned into something so monumental? (Hegi 2000:229).

Anderson wys daarop dat baie van die nuwe state wat na die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het, nie-Europees was, maar wel Europese tale as hulle amptelike tale aangeneem het. Die probleme wat hierdeur ontstaan het, is 'n studie op sy eie en word onder andere deur Webb (1992:5-6) verwoord. Die belangrike aspek t.o.v. die bloei van nasionalisme is egter die blote feit dat koninkryke en keiserryke nou plek gemaak het vir nasionale state met geografiese grense en sentrale regeringstelsels, van watter aard ookal. Dit is waarom Anderson kan beweer:

After the cataclysm of World War II the nation-state tide reached full flood (Anderson 1991:113).

3.2.9 Suid-Afrika in die dekades na die Tweede Wêreldoorlog

Dit was dus binne die konteks van nasionale state in Europa, maar onder andere ook in Afrika, dat die Republiek van Suid-Afrika in 1961 tot stand gekom het.

Daar is beoog om ook aan die sogenaamde TBVC-lande (die Transkei, Boputhatswana, Vendaleland en die Ciskei) onafhanklikheid as nasionale state te gee.

In ooreenstemming met die standpunt van Woshinsky (soos hierbo aangehaal), was daar egter geen sprake van een nasie met een homogene kultuur nie, maar wel van 'n sogenaamde heterogeen-aktiewe kultuur met ernstige interne konflik en verskille:

[...] we find in heterogeneous-active culture a basic disunity exacerbated by a series of profound divisions (Woshinsky, 1955:55).

Die diepgaande verskille wat verdeeldheid in die Suid-Afrikaanse samelewing meegebring het, was veral onderlinge wantroue en onverdraagsaamheid tussen die verskillende etniese groeperings, ideologiese verskille (bv. tussen aanhangers van die kapitalisme vs. aanhangers van die sosialisme of Kommunisme), godsdienverskille (onder meer tussen Christene en Moesliems, maar ook tussen sub-groeperings van dieselfde godsdien) en konflik tussen die verskillende taalgroepe.

Laasgenoemde verskille (tussen die taalgroepe) was nie beperk tot 'n wedywering om dominansie tussen Engels en Afrikaans nie – wat in die sestigerjare waarskynlik minder fel was aangesien albei tale gelyke status as die twee ampstale van die land geniet het – maar ook teen die verpligte gebruik van Afrikaans as onderrigmedium in swart skole binne die Republiek. Hierdie stryd het uiteindelik in 1976 uitgeloop op die Soweto-opstande, waarna in hoofstuk 5 breedvoeriger verwys sal word.

Vervolgens word die kwessie van politieke miteskepping vlugtig in oënskou geneem.

3.3 Politieke miteskepping/mitologie

Thomson (1985) se definisie van 'n politieke mite is dat dit 'n verhaal is wat oor die verlede vertel word met die uitsluitlike doel "to legitimize or discredit a regime." Hy brei dan soos volg hierop uit:

By a political mythology (I mean) a cluster of such myths that reinforce one another and jointly constitute the historical element in the ideology of the regime or its rival" (1985:1).

Thompson wys voorts op die manipulerende aard van verskeie Amerikaanse, Britse en Russiese "patriotiese" staaltjies, wat die doel het om 'n gevoel van eiewaarde te skep en die "ander" te diskrediteer. So bv. is die mitiese verhaal van die "Black hole of Calcutta" volgens hom 'n oordrewe weergawe van historiese gebeure om daardeur die wreedheid te illustreer van die "lesser breeds without law" (Thompson, 1985:2).

Thompson meen egter dat daar ook politieke mites is wat veel meer is as stories oor die verlede, maar wat eerder "indispensable, integral parts of a regime's ideology" is (1985:2). Een van die kernmites wat hy bv. identifiseer t.o.v. die Afrikaner-geskiedenis is dié van die gelofte-aflegging op 16 Desember 1938 voor die slag van Bloedrivier tydens die Groot Trek.

'n Verdere voorbeeld van 'n mite wat 'n integrale deel van 'n ideologie uitmaak, is volgens Thompson die mitiese ophemeling van Lenin en Stalin deur die twintigste-eeuse Kommunistiese miteskeppers.

Nog 'n insiggewende aspek van Thompson se uiteensetting van politieke mitologie, is dat hy twee soorte politieke mites onderskei, nl. "konserwatiewe" mites en "radikale" mites. Volgens hom (1985:3 en verder) is konserwatiewe

mites dié soort mites wat die geskiedenis vertel van die totstandkoming van 'n staat, soos bv. van Aeneïs as die stigter van Rome. (Hierdie mite is deur die Romeinse digter Vergilius in 'n epiëse gedig wat baie boeke beslaan, verewig.) Ook wat betref die ontdekking van Amerika is daar mitiese uitsprake, nl. dat dié “nuwe wêreld” se oogmerk is “to spread freedom across the continent and throughout the world” (1985:3).

Radikale mites is dan mites waarvan die hoofdoel is om die vyand – plaaslik of elders – te diskrediteer en sy val te veroorsaak. Radikale mites “herskryf” met hierdie doel voor oë die geskiedenis, of gee eskatologiese toekomsprojeksies waarin daar gewys word op die moontlike katastrofiese gevolge indien die vyand nie gestuit word nie. Hierdie soort mites is volgens Thompson al vir gruwelike (“nefarious”) doeleindes ingespan.

'n Baie negatiewe siening oor die rol van politieke mites kom van Cassirer, soos aangehaal deur Thompson:

The power of mythical thought (is) perhaps the most important and the most alarming feature in this development of modern political thought (Cassirer, 1946:3). It (die politieke mite – AMJ) is always there, *lurking in the dark* and waiting for its hour and opportunity. This hour comes as soon as the other binding forces of man's social life, for one reason or another, lose their strength and are no longer able to combat the *demonic mythical powers*.” (1946:280). (my kursivering.)

Bogenoemde standpunt is strydig met die belangrikste momente van die bespreking oor die aard en impak van mites (in hoofstuk 2 van hierdie studie) waarvolgens mites hoofsaaklik as lewende en positiewe kragte in die mens se bestaan gesien word. Die taal waarin die mite deur Cassirer “verdoem” word, blyk bowendien self miteskeppend te wees (vgl. “lurking in the dark”, “waiting for its hour” en “demonic mythical powers”.) Dit mag natuurlik wees dat die negatiewe aspekte van politieke miteskepping in die twintigste eeu en veral tydens die aanloop tot en duur van die Tweede Wêreldoorlog Cassirer se siening (in 1946 verwoord) help kleur het.

Wat betref die standpunt van die historikus Barraclough (1979:211), nl. dat geskiedenisoorlog 'n mite-vrye wetenskap moet word, is Thompson (1985:7) dit nie eens nie. Laasgenoemde wys daarop dat die mite nie uit die mens se kultuur weggeneem kan word nie **omdat dit 'n noodsaaklike funksie verrig**. Hy wys verder daarop dat daar ook in die Oxford English Dictionary geleidelik 'n nuwe betekenisonderskeiding tot die begrip "mite" toegevoeg is: in 1908 is "mite" beskryf as "a purely fictitious narrative", terwyl die supplement van die OED die term verklaar met 'n verwysing na die "British Journal of Sociology", waarin die mite beskryf word as "a tale which is told to justify some aspect of social order or of human experience."

Die geskiedskrywers Samuel & Thompson, wat dikwels in hoofstuk 2 hierbo aangehaal is, gaan nog verder deurdat hulle mites bestempel as "vital document(s) of the construction of consciousness" (1999:2).

Daar moet ook in gedagte gehou word dat geskiedskrywers self gewone mense is en dat hulle – soos alle ander mense – beswaarlik enige gebeurtenis waaroor verslag gedoen word, honderd persent objektief en neutraal kan benader. Hulle kom na die gebeure met 'n eie voorkennis en verwysingsraamwerk en met die mites waarvolgens hulle self leef as onvermydelike meelopers.

Daar sou eintlik na aanleiding van die bespreking tot so ver die stelling gemaak kon word: **as ek as mens sinryk wil lewe, is my mites vir my onontbeerlik**. Wat egter belangrik is om in gedagte te hou, en wat ook deur Thompson bevestig word (1985:8), is dat die inhoud van veral politieke mites nie vas en onveranderlik is nie. Politieke mites verander soos wat opeenvolgende geslagte en regerings se belange verander, en kan selfs uitsterf. Daar is egter wel "limits to the adaptability of myths." (1985:11). (In hierdie verband kan ook verwys word na die standpunt van die semioloog, Roland Barthes, (aangehaal deur O' Sullivan e.a.1983:216) wat mites sien as "*a chain of concepts widely accepted*

throughout a culture, by which its members conceptualize or understand a particular topic or part of their social experience ... These myths are [...] culture specific” (my kursivering).)

Thompson meen dat politieke mites aan drie toetse onderwerp sou kon word om te oordeel of hulle bestaansreg het al dan nie, nl.

1. Is die mite versoenbaar met historiese data? In dié geval sal opspoorbare dokumentasie of geloofwaardige getuienis in verband met geskiedkundige gebeure die mite staaf.
2. Is die mite verifieerbaar op wetenskaplike gronde? So bv. was daar pogings tussen die twee wêreldoorloë om rasseverskille wetenskaplik te bewys. Politici het die sogenaamde “scientific racism” vir eie doeleindes gebruik en wel as “a perfect fit with the global political economy of the period of white hegemony.” (1985:14). In die loop van die twintigste eeu is “wetenskaplike rassisme” egter deur verskeie antropoloë en bioloë weerlê en veral na die Tweede Wêreldoorlog, toe die mite van Ariese superioriteit aanleiding gegee het tot die ongebreidelde vervolging van Jode, het hierdie mite ernstige kritiek gekry.
3. Is die mite nuttig/bruikbaar? Hierdie toets onderwerp die mite nie aan die oordeel van “waar” of “vals” op wetenskaplike gronde nie, maar eerder op morele gronde. Die vraag is dus hier of die mite se effek “goed” of “sleg” is. Die antwoord op hierdie toets is egter nie noodwendig eenduidig nie, aangesien dit sou afhang van die waardesisteem van die persoon wat antwoord. Thompson wys bv. daarop dat Plato reeds in sy uiteensetting van die “ideale republiek”, die mite van klasseverskille help skep het. Plato het nl. in mities gelaaide metaforiese taal verduidelik dat God die leiers van die volk van goud gemaak het, die helpers (van die leiers) van silwer en die ambagsmanne en boere van yster en brons. Hy het boonop

die handhawing van die klasse-onderskeiding as ideaal voorgehou en die orakel tot sy ondersteuning ingeroep in hierdie verband:

For an oracle says that when a man of brass or iron guards the state, it will be destroyed" (Aangehaal deur Thompson, 1985:18).

Die afleiding is myns insiens dat mites (ook sogenaamde politieke mites) dikwels nie in diens staan van leiers met onkreukbare integriteit of van idealiste in die ware sin van die woord wat die eie groep of ander "verbeelde gemeenskappe" wil saambind en ophef nie. Daar is ook dikwels gevalle waar die begeerte na politieke of ekonomiese mag individue daartoe dryf om die "lewende mites", wat grootliks spontaan by individue en groepe ontstaan het, te manipuleer ter wille van hulle eie oogmerke. So word "goeie mites" as't ware besoedel. In so 'n geval lyk die aangehaalde standpunt van Cassirer hierbo, waarvolgens verwys word na "demonic mythical powers" wat in die donker skuil en hulle oomblik van glorie afwag, nie so vergesog nie. Die uitgangspunt van hierdie diskoers is egter steeds dat die inherente "waarheid" – en ook die waarde – van 'n mite vir die groep wie se sinryke bestaan daardeur gekwalifiweer word, nie werklik vernietig kan word deurdat bv. politici die mite vir eie gewin probeer kaap nie.

Dit is myns insiens ook dikwels moeilik om tussen hierdie twee aspekte van miteskepping, nl. die skep van "goeie mites" en die negatiewe/nadelige manipulering van mites te onderskei. Thompson wys immers daarop dat morele oordele omtrent die waarde van 'n bepaalde mite nou saamhang met die waardesisteem van die persoon wat die oordeel uitspreek.

Soos dan verder in die loop van hierdie studie sal blyk, word die "hoof"-mites rondom Afrikaans (soos in hoofstukke 4 en 5 uiteengesit) deur twee uiteenlopende ideologiese gesigspunte verteenwoordig, omdat die betrokke "miteskeppers" se ideologieë radikaal verskil, en so ook dan "die mites waarmee hulle leef" (vergelyk Samuel & Thompson in hoofstuk 2).

Die uitgangspunt van die volgende hoofstukke is om steeds te probeer om die term “mite” te gebruik in die betekenis van ’n “lewende” en rigtinggewende mite of **verhaal rondom die eie herkoms en die sin van die eie bestaan**. Dit is egter nie altyd moontlik nie. Daar is heelwat voorbeelde in die taalpolitieke konteks waar aan “mite” veel eerder die betekenis van “vervalsing” of ten minste “oorveralgemening” toegeken word. Om maar een van verskeie moontlike voorbeelde in hierdie verband aan te haal:

Dr. Albert Weideman van die Universiteit Pretoria het, omdat hy bewus is van hierdie ondersoek rondom mites, ’n kopie laat kry van werk wat deur drs. Phil Brouwer gedoen is rondom miteskepping. Brouwer het veertien “stellings rakende mites en fiksies in die Afrikaner se politiek/lewensbeskoulike mondering” opgesom as deel van ’n voorlesing wat hy gelewer het by die jaarvergadering van die lektorevereniging van die Universiteit van die OVS op 16 Oktober 1981. Volgens Brouwer is “fiksies” ’n uitvloeisel van “mites”. (“Fiksies is soos geloofstukke, maar berus op mites.”) “Mites” definieer hy soos volg:

1. Mites is misplaaste geloofsekerhede wat soos egte geloofsekerhede nie bevraagteken word nie.

Die verskil in die betekenis van “mite” soos in bogenoemde definisie teenoor die betekenis van “mite” soos wat dit in die loop van hierdie studie geaktiveer word, hou nie verband met die tweede deel van die definisie nie, nl. “wat nie bevraagteken word nie.” Ook “lewende”, rigtinggewende mites word tot ’n groot mate nie bevraagteken nie, aangesien hulle deel uitmaak van die singewende en kollektiewe onderbewuste van mense en groepe, en daarom as “sekerhede” geïnternaliseer word.

Brouwer se definisie van “mites” as “*misplaaste* geloofsekerhede” sou wel van toepassing kon wees op dié soort mites wat negatiewe impak het op die lewe van die individue en groepe binne die gemeenskappe waarin hulle ontstaan. Die

betekenis wat egter in die meeste gevalle in hierdie diskoers geaktiveer word, nl. van mites as stories of narratiewe wat singewend werk, sou nie as “misplaas” beskryf kon word nie.

Lewende mites word in hierdie diskoers wel gelyk gestel met “geloofsekerhede” (sien die bespreking in die “Woord vooraf”), maar die klem op “misplaas” kan nie in verband met singewing deur miteskepping gebring word nie. Hierdie negatiewe betekenisgewing rym dus nie met die belangrikste sienings omtrent die aard en funksies van mites soos uiteengesit in hoofstuk 2 nie. Vergelyk bv. die standpunt (in Flowers 1988:5) van een van die twintigste eeu se grootste mitoloë, Joseph Campbell, dat mites beskou kan word as “stories of our search through the ages for *truth, for meaning, for significance...* “ Immers kan die soeke na “waarheid”, “betekenis” en “sinvolheid” tog nie “misplaas” wees nie.

Dit moet duidelik gestel word dat die **inhoud** van drs. Brouwer se stellings omtrent die mites en fiksies in Afrikanerpolitiek (soos bv. dat geen bepaling van Afrikaneridentiteit sinvol kan wees “sonder verwysing na die nabyheid van anderskleuriges nie”) nie as sodanig bevraagteken word nie. Oor die algemeen strook die mites/ fiksies wat hy noem met die afleidings wat in hoofstuk 4 hierna gemaak word. Dit gaan egter veral oor die funksie van mites soos dit in die diskoers verwoord word – nl. as **singewende kragte** –teenoor Brouwer se dekonstruksie van dieselfde mites as “misplaas” en dus afbrekend. Dit is ook nie volgens my betoog moontlik om mites sonder meer van hulle geldigheid te ontnem deur ’n proses van dekonstruksie nie, aangesien die mite te diep verweef is met die betrokke groep se gevoel van eiewaarde, identiteit en die sinrykheid van sy bestaan. Dekonstruksie in hierdie geval is selde meer as ’n serebrale oefening.

Wanneer daar in die loop van hierdie studie gekyk word na die mites rondom Afrikaans, sal daar nie in die belangrikste instansie van “misplaaste” mites of vervalsings/veralgemenings gewag gemaak word nie. Daar sal eerder gepoog

word om te onderskei tussen “goeie mites” as mites wat bygedra het tot die groei en status van die taal en “negatiewe mites” as mites waardeur die taal skade aangedoen is. Die uitgangspunt sal dus wees om te probeer vasstel watter mites die **taal Afrikaans** bevoordeel het, en watter eerder tot die inkorting van sy status en spekersgetalle gelei het.

In die volgende hoofstuk val die klem dan veral op die “goeie mite” van Afrikaans as belangrike hulpmiddel in die opheffing, herwinning van selfrespek en eenwording van die Afrikaner na die Anglo-Boere-oorlog. Hierdie mite word nie as “goed” beoordeel op grond van die winste (of nadele) van Afrikanernasionalisme as sodanig nie, maar op grond van die feit dat dit **meegehelp het /regverdiging daaraan verleen het** om ampstaalerkenning in 1925 en verdere uitbreiding op talle lewensterreine vir Afrikaans te beding en by (ten minste) een groep van sy sprekers ’n gevoel van eiewaarde en trots te skep.

HOOFSTUK 4: DIE EERSTE MITE: DIE “LIEFDES BAND” TUSSEN AFRIKAANS EN DIE AFRIKANERS (1875-1948)

“Land van vrome Trekkers...”

“Slaap rustig, dapper helde...”

“Daar het ’n doringboompie vlak by die pad gestaan...”

“Hoeke Boerseuns ons was...”

“Trouwe Afrikaners”

“Ek sien haar wen, vir man en seun en broeder...”

De taal van een volk is zijn meest gewaardeerde kleinood (C.R. de Wet 1896, aangehaal deur Steyn 1980:169).

Waar is die waarheid. Ja, waar is hy, dis waar. Maar waar is hy? (C.J. Langenhoven – Uit: *Spreuke van Langenhoven*, byeengebring deur Jan Scannell 1993:33).

Iedere nuwe geslag verlustig hom ’n oomblik in die duurgekogte regte en vryhede van die vorige ... maar binne ’n menseleeftyd het ons die prys vergeet, waarvoor dit alles verkoop en betaal word (Gustav Preller in sy feesrede, 1917, soos aangehaal in Steyn 1987: Voorwoord).

[...] die geskrewe woord, sê die Latynse spreekwoord, bly staan. En daardeur kry hy ’n *beïnvloedingsmag wat hom nie altyd toekom nie* (M.E.R 1972:5).

Die bekende Engelse skrywer, Lawrence Green, vestig die aandag op twee baie *interessante ooreenkomste tussen Israel en die Boere* – ’n gevolgtrekking waartoe hy na jare se studie van die *Boerevolk* gekom het, nl. (a) dat mens nêrens buite Palestina soveel plekke en dorpe met Bybelname kry as in Suid-Afrika nie en (b) dat die Afrikaner, meer as enige ander volk ter wêreld, *oor die gawe van profesie beskik* (Adriaan Snyman 1995:30 – my kursivering).

Die doel van hierdie publikasie is om *een perspektief* op die talegesprek in Suid-Afrika te gee. *Omdat ek Afrikaans is, is dit ’n Afrikaanse perspektief* (Hans du Plessis 1992:1 - my kursivering).

To understand is not necessarily to pardon, but there is no harm in trying to understand (Kitto 1951:132, aangehaal deur Giliomee 2003:xiii).

4.1 Inleiding, doelwitstelling en werkwyse

4.1.1 Inleiding

“DI AFRIKAANSE PATRIOT” Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in one ei’e taal! Dit het baie moeite gekos om so vêr te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks pêrde, hulle wil mos nie glo dat ons een ei’e taal het nie. Die ou’e Patriotte hou vas, en klou vas, an die *Hollans* taal; die jong mense vind die *Engelse* taal weer so danig mooi, en o’ertui’e gaat net so moeilik, as om steeks pêrde te leer pronk in die voertuig. Ons wil nou met ons “Patriot” an die wereld wys, dat ons wel de’entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil. “AFRIKAANSE PATRIOT” Ja, dit is die naam van ons blad! Een beter naam kan ons nooit kry nie, want een “*Patriot*” is een flukse vent, en so wil ons ons koerant ook maak:- klein, maar fluks.

(Heruitgawe van die eerste nommer van *Di Afrikaanse Patriot*, Saterdag 15 January (sic), 1876, No.1 – heruitgegee deur die Paarlse Drukkers vir die Afrikaanse Taalmuseum, Paarl.)

Raidt (1976:83) maak die volgende stelling:

Die wordingsgeskiedenis van Afrikaans val waarskynlik saam met die ontstaan van die Afrikaanse volk.

Alhoewel Raidt nie praat van die Afrikanervolk nie, maar wel van die Afrikaanse volk, is daar ’n sterk moontlikheid dat sy hier wel na die Afrikaners verwys, aangesien die begrip “volk” reeds per definisie ’n groep mense is wat ’n duidelike gevoel van samehörigheid en historiese verbondenheid beleef. (Vergelyk die bespreking rondom die begrippe “nasie”, “volk” en “nasionanisme” in hoofstuk 3.2.3 – AMJ.)

Op skool is ons, as Afrikaanse leerlinge, geleer dat die amptelike begin van Afrikaans teruggevoer kan word na die stigting van die G.R.A. (Genootskap van Regte “Afrikaanders”) op 14 Augustus 1875 aan huis van Gideon Malherbe in die

Paarl. Daar sal in hoofstuk 6 rondom die geïdeologiseerde aard van die Afrikaanse historiografie weer na hierdie persepsie en die moontlike kritiek daarteen verwys word.

Die verklaarde doel van die G.R.A. was om te staan “ver ons Taal, ons Nasie en ons Land.” (Steyn 1980:138). L.T. du Plessis (1986:1) trek die verband tussen die stigting van die G.R.A. as een van die mitiese momente in die geskiedenis van Afrikaans en dié van die Afrikanervolk soos volg:

Die feitelike korrektheid van bv. gegewens oor die Genootskap van Regte Afrikaners (voortaan:G.R.A.) word ... nie bevraagteken nie. Wat in werklikheid gebeur het, is dat die hele geskiedenis van die Afrikaanse taalbeweging doodgewoon by die Afrikanergeskiedenis geïnkorporeer is. Hierdie situasie sou uiteindelik lei tot 'n *onafwendbare mitologisering* van beide dié globale geskiedenis en in die besonder dié van die Afrikaanse taalgeskiedenis. Uiteraard *geskied dié mitologisering binne 'n bepaalde ideologiese raamwerk* (my kursivering).¹

Vanselfsprekend het hierdie (mitiese?) begin (die stigting van die G.R.A.) en hierdie datum (14 Augustus 1875) 'n langer aanloop gehad. Soos blyk uit die bespreking in hoofstuk 2, ontstaan mites selde oornag, maar word hulle as lewende mites gevorm en bevestig deur verskeie prosesse, waarvan onderlinge sosialisering 'n verneme deel uitmaak. Daar is in genoemde hoofstuk melding gemaak van die standpunt van Samuel en Thompson (1990:14,15) wat beweer dat miteskepping deur 'n proses van sosialisering tot stand kom, waarvolgens mense mites oordra op 'n manier wat die outeurs beskryf as “...subconsciously “ en wat dan oorgedra word aan “their children and kin, their neighbours, workmates and colleagues as part of the personal stories which are the currency of such relationships.” Hierdie “onbewuste” oordrag dra by tot die feit dat die mites ook deur die ontvangers as 't ware “onbewustelik” aanvaar en geïnternaliseer word en later in die “diepste van hul gemoed” (sien die “Woord vooraf”) geglo word.

¹ Alle verdere kursiverings in hierdie hoofstuk is my eie tensy anders vermeld.

Bogenoemde sosialiseringsproses staan nie los van 'n ander proses waardeur mites soos dié van die verbondenheid tussen Afrikaans en die Afrikanervolk tot stand kom nie, maar hou waarskynlik verband met wat ook in hoofstuk 2 beskryf word as die werkinge van die sogenaamde “kollektiewe onbewuste” en die manifestasie hiervan in die ontstaan van “social complexes of an archetypal character” (Jung 1964:70).

Binne hierdie konteks word die agtergrond vir die eerste mite onder bespreking—dié van die verbondenheid tussen Afrikaans en die Afrikaner - vervolgens beskou.

4.1.2 Doelwitstelling

In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na die mate waarin Afrikaans as mitiese bindingsmiddel in Afrikanernasionalisme meegewerk het om rigting en sin te gee aan die nasionale en groepstrewes van Afrikaanssprekende “Afrikaners” sedert 1875, maar veral in die eerste vyftig jaar van die twintigste eeu.

Die doelwit van die hoofstuk is voorts om vanuit 'n agterna-perspektief te bepaal of die mite waarna verwys sal word as die “mite van die verbondenheid tussen Afrikaans en die Afrikaner” werklik as 'n lewende mite bestaan het en, indien wel, hoe hierdie mite in die loop van net meer as sewentig jaar (tussen 1875 en 1948) ontstaan het en uitgebou is en wat die impak daarvan op die taal se status en funksies was.

Daar is reeds deur verskeie taalsosioloë, taalkundiges en (kultuur)historici en meer onlangs ook deur taalpolitici boekdele vol geskryf oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans (op sowel die gebied van korpusontwikkeling as dié van statusontwikkeling) in die ongeveer drie en 'n halwe eeue na die koms van die Nederlanders na die Kaap van Goeie Hoop. Dit is 'n haas onbegonne taak

om met al dié geleerdes as 't ware in gesprek te tree in die loop van hierdie studie. Daar word wel na baie van hulle verwys en waar nodig vir die argument word hulle standpunte weergegee.

Dit moet ook hier gestel word dat, nadat die eerste konsep van hierdie hoofstuk reeds voltooi was, die omvattende werk van Giliomee oor die Afrikaners die lig gesien het. Daar sal in die loop van hierdie studie dikwels na Giliomee se werk verwys word, maar dit het nie as primêre naslaanbron gedien vir die insigte wat in hierdie hoofstuk bereik word nie.

Die **doel** van die hoofstuk is dan om

- Die **kronologiese verloop** van die ontstaan en vestiging van die mite onder bespreking, nl. dié van die verbondenheid tussen Afrikaans en die Afrikaners, in die bykans vyf-en-sewentig jaar tussen 1875 en 1948 weer eens onder oënskou te neem met die oog op latere afleidings en gevolgtrekkings;
- **Enkele stemme uit die tydperk onder bespreking aan die woord te stel**, soos onder andere die skryfster M.E.R., uit wie se eie woorde en kommentaar die proses van miteskepping rondom Afrikaans en die Afrikaner duidelik afleibaar is.

4.1.3 Werkwyse vir hoofstuk 4

Verskeie primêre bronne uit die tydperk onder bespreking is nagegaan en relevante stof in verband met miteskepping is aangeteken. Sekondêre bronne, dit wil sê bronne waarin daar kommentaar gelewer word oor dieselfde tydperk, is ook geraadpleeg. Sommige van die laasgenoemde bronne lewer self kommentaar op die miteskepping in die tydperk, maar daar is ook bewyse dat sommige van die sekondêre bronne op hulle beurt weer miteskepping in die hand gewerk het (vgl. o.a. die Nienabers se werk, *Die Opkoms van Afrikaans as Kultuurtaal*, later in hierdie hoofstuk).

Die resultaat van die ondersoek behoort stof te lewer wat reeds aan kenners van die taalhistoriese agtergrond van Afrikaans bekend is. Die wins is egter dat die klem deurgaans op **miteskeppende elemente** val, soos onder meer:

- Metaforiek en woordkeuses wat miteskeppend werk (bv. *vroom, edel, dapper, helde, heiligdom* en so meer);
- retoriese middele (bv. herhaling, retoriese vrae, ens.), en
- sintaktiese middele (plasing van belangrike miteskeppende elemente in sleutelposisies in die sin).

Die wyse van miteskepping is nie die oogmerk van dié ondersoek nie, maar wel die **feit van miteskepping**, op watter wyse dan ookal. Laasgenoemde feit word deurgaans beklemtoon deur die **kursivering van miteskeppende frases en middele**. Soos reeds genoem, is kursivering deur die loop van die hoofstuk my eie, tensy anders vermeld. Die kursivering dien die **spesifieke doel** om miteskepping **eksplisiet** aan te toon. Hierbenewens word die kommentaar van outeurs wat oor die tydperk berig ook gekursiveer indien daar eksplisiet of implisiet deur die betrokke outeurs na miteskeppende prosesse verwys word.

Enkele afleidings word aan die einde van die hoofstuk gemaak. Vollediger kommentaar oor die impak van die betrokke mite en dié van die mite oor Afrikaans as verdrukkerstaal (hoofstuk 5), asook oor die neerslag van dié mites binne bepaalde (Suid-) Afrikaanse taal-en kultuursisteme (hoofstuk 6) word egter eers in hoofstuk 7 gegee.

4.2 Agtergrond vir 14 Augustus 1875

4.2.1 Boere en Afrikaners

“Afrikaners” (en sy variant “Boere”) is terminologie wat reeds voor 1875 in gebruik was.

Fouché 1914 (aangehaal deur Steyn 1980:108) haal voorbeelde uit die briewe van W. A. van der Stel aan die begin van die 18de eeu aan die Here XVII aan waarin die goerwerneur verwys na die “boere wat kla” en die “lompe schoften van boeren.” Dit volg uit ’n klagskrif van die Kaapse vryburgers oor wat beskou is as Van der Stel se wanbestuur en korrupsie. Fouché se standpunt is dat die vryburgers bygedra het tot die “politieke selfbewussyn van die Afrikanervolk” en voeg by:

Wanneer Van der Stel honend zijn tegenstanders uitkrijt voor ‘boeren’, beseffen wij, dat deze scheldnaam geen stand of klas bedoelt; hij bestempelt een natie. *Een nieuw-geboren volk heeft hier zijn naam ontvangen.*

Steyn (1980:108) wys daarop dat J. du P. Scholtz nie volkome saamstem met Fouché se standpunt nie. Scholtz (1969:14) huldig volgens Steyn die siening dat Afrikaans nooit “uitsluitend ’n boeretaal” was nie en die Afrikaners nooit “uitsluitend ’n boerevolk nie”. Tog lyk dit asof die eerste verband tussen “Boer” en “Dutch colonist” (Scholtz 1969:14) sy oorsprong so vroeg as die begin van die 18de eeu het.

Wat betref die benaming **Afrikaner** is hierdie naam in die sewentiende eeu vir **boorlinge van Afrika** gebruik. J. du P. Scholtz (1975) maak melding van ’n argiefstuk waarin daar in 1768 verwys word na ene Andries as “een slaaven jongen ... dewelken een **africaner** is”. Die implikasie is hier dat genoemde Andries nie ’n “Dutch colonist” of nasaat van laasgenoemde groep is nie, maar ’n slaaf (waarskynlik gekleurde), wat in dié land gebore is. (In hierdie geval is **africaner** dus waarskynlik niks anders nie as ’n vertaling vir die Engelse **African** – ’n (gekleurde) persoon van Afrika-afkoms – AMJ.)

Van Jaarsveld (1961:10) wys daarop dat wit mense aan die Kaap in die sewentiende eeu “koloniste” genoem is, terwyl die terme “Afrikaan” (“African”), “Africaander” en “Africaaner” na die gekleurde inboorlinge van die Kaap verwys het. Eers sedert die begin van die 18de eeu is daar ’n nuwe inhoud aan dié

begrip gegee, toe daar in 'n gedrukte dokument sodoende verwys is na wit koloniste wat in Suid-Afrika gebore is om hulle te onderskei van Hollanders en Franse wat in Europa gebore is. Daar is ook deur reisigers na die Kaap opgemerk dat die wit koloniste aan die Kaap *wat nie Engelssprekend was nie*, maar van Nederlandse, Duitse en Franse afkoms, hulleself “Africaanders” begin noem. Van Jaarsveld merk op dat hierdie groep reeds 'n eie gemeenskap gevorm het, wat ander karaktertrekke openbaar het as dié van hulle Nederlandse, Duitse en Franse voorouers:

By the beginning of the 19th Century, the name ‘Africaander’ or Afrikaner was in general use among the White colonists to identify themselves as a group... They were rather like a big family. The 18th Century was the period in which they were firmly forged together and in which their characteristics were strongly developed (1961:10).

Giliomee (2003:217-218) onderskryf grootliks bostaande uiteensetting, deur die term te verduidelik as aanvanklik verwysende na slawe wat in Afrika gebore is en dié se nageslag, asook na vry swartes en Khoisan, maar later hoofsaaklik gereserveer vir burgers en koloniste van Nederlandse, Duitse en Franse afkoms. Maar die term was nog elasties en in sommige kringe het die verwagting geheers dat die term later na sowel koloniste uit die Duitse en Franse wêreld as na dié van Britse afkoms sou kon verwys.

Descent, not language, was the defining characteristic (Giliomee 2003:217).

Die historikus, G.D. Scholtz, meld dat daar teen die jaar 1810 31 194 **Afrikaners** aan die Kaap was en teen 1854 in die land as geheel (dus in die Kaapkolonie en die binneland tesame) ongeveer 150 000 (Scholtz 1970:31-36). Hierdie toename in die Afrikaanse bevolking word hoofsaaklik toegeskryf aan 'n proses van natuurlike bevolkingsaanwas, omdat die Afrikaanse gesinne “kinderryk” was (Steyn 1980:124). Inbegrepe by hierdie “Afrikaanse gesinne” sou natuurlik ook nog etlike individuele Nederlanders wees wat in die negentiende eeu na Suid-

Afrika geïmmigreer het en hulle by die Afrikaanse gemeenskap aangesluit het. So word in *Het Volksblad* van 26 Julie 1881 verwys na die gebruik van “Afrikaander” en “Dutchman” deur ’n Engelse blad as feitlik sinoniem (Steyn 1987:15).

’n Duidelike verandering tree met verloop van tyd in die definisie van “Afrikaner” in, en in 1847 skryf die Trekkerleier, Andries Pretorius, die volgende: “Daar ik nooyd sullen ophouden (een) *Afrikaander* te zyn kan ik niet zwygen wanneer ik myne land(genoten) sien dwaalen...” (Van Schoor 1963:97, aangehaal deur Steyn, 1987:14). In die loop van die negentiende eeu moes daar ’n geleidelike herdefiniëring van die term **Afrikaner** gewees het. Hoewel dié term nog steeds verwys het na iemand wat op Afrikabodem gebore is, het daar ’n geleidelike betekenisverskuiwing ingetree sodat dit teen 1847 nie meer na (gekleurde) boorlinge van Afrika verwys het nie, maar na die nageslag van die Nederlandse koloniste wat “Hollands” en gaandeweg “Afrikaans” as taal gehad het. ’n Groot groep van hierdie “Afrikaners” het hulle bowendien met die “Trekker-ideale” vereenselwig, waarvan een van die oorheersendste die begeerte was om onafhanklik te leef van die Britse bewind aan die Kaap (in ooreenstemming met die mite van vryheid en onafhanklikheid van Brittanje).

Baie Afrikaners wat in die aanloop tot 1875 steeds in die Kaapkolonie onder Britse heerskappy geleef het, het hulle in baie gevalle sterk met die lot van die Voortrekkers vereenselwig en bv. geld en lewensmiddele ingesamel vir die slagoffers van die Zoeloe-moorde in Natal en Piet Retief verdedig teen aanvalle deur *The African Commercial Advertiser* wat hom ’n “madman” genoem het (Steyn 1980:134). Steyn wys daarop dat die gevoel van bloedverwantskap baie bygedra het tot die nasionale ontwaking van die Afrikaners, en haal in dié verband vir Fishman (1977:18) aan:

‘Kinship’ is the basis of the *felt bond to one’s own kind*. It is the basis of one’s solidarity with them in times of stress. It is the basis of one’s right to presume upon them in times of need.

Die Paarlse “Patriot-Afrikaners” het mettertyd ook die belange van die Afrikaanse taal steeds sterker op die hart gedra en veral om hierdie rede hulleself in 1875 as Regte Afrikaners (of “Afrikaanders”) bestempel.

Daar moet ook hier gemeld word dat, volgens Steyn (1987:14,15), die term **Afrikaner** in die 1880-erjare en tot en met die 1930-erjare dikwels “in toespraak- en hoofartikel-politiek” ook in ’n breër betekenis gebruik is. Steyn verwys onder andere na ’n hoofartikel in *Ons Land* van 25 Mei 1899, waarin **Afrikaner** beskryf word as “iemand die Zuid-Afrika als zijn vaderland erkent en *liefheeft*”, en waar “ras” of nasionaliteit nie so deurslaggewend is nie as “de toets of Zuid-Afrika zijn vaderland, zijn ‘home’ is”. Hierdie breër definisie vind ook baie interessante neerslag in die “Hertzogtoesprake” (Deel 2,166-67) waarvolgens genl. Hertzog in ’n toespraak oor die taalstryd in 1911 gesê het dat “Hollandssprekendes” wel “in ‘t eerste gelid der Afrikaners” staan, maar dat daar ook (op die aand waartydens die betrokke toespraak gelewer is) Afrikaners teenwoordig is “wier moedertaal Engels is.” (Die afleiding hier sou kon wees dat betekenisverskuiwings soms doelbewus geïnisieer kan word.)

In die loop van die twintigste eeu het die gebruik om onder sekere voorwaardes ook na mense met Engels as moedertaal as “Afrikaners” te verwys, egter vervaag. Andersyds is daar volgens Steyn (1987:15) sedert die 1960-erjare pogings aangewend om “die betekenis van *Afrikaner* so uit te brei dat dit alle Afrikaanssprekendes, dus ook gekleurde Afrikaanssprekendes insluit.” Steyn se slotsom is egter dat “die algemeenste betekenis van *Afrikaner* nog altyd wit Afrikaanssprekende (is)” en dat dit dan ook die betekenis is wat daaraan geheg word “wanneer ons van Afrikanernasionalisme praat.”

Van Jaarsveld verwys na die veeboer-pioniers op die grense van die Kaapkolonie as ’n groep wat geleidelik hulle eie identiteit ontwikkel het, met as simbole die wa, die os, die geweer en die perd – almal landelike simbole wat

meegewerk het tot die benaming “Boer” as latere sinoniem vir die Afrikaner (1961:11). Volgens Van Jaarsveld is karaktertrekke soos onafhanklikheid, handigheid, koppigheid en volharding en vryheidsdrang gevorm deur die isolasie van die groot plase en die groot oop ruimtes. Hy wys verder daarop dat die pioniers ook ’n spesifieke geloof aangehang het, nl. dié van die Calvinistiese Protestantisme, en dat hieruit gevolg het die diepgewortelde konsep van “Christen” teenoor “heiden”, wat geleidelik sinoniem geword het met “Europeër” teen “nie-Europeër”. (Hierdie onderskeiding wat so vroeg reeds deur die wit pioniers gemaak is, verklaar waarskynlik ten dele die diepgewortelde kleurvooroordeel van die latere Afrikaners – AMJ.)

4.2.2 Historiese gebeure voor 1875

Tussen 1652 en die einde van die agtiende eeu het Nederlands of Hoog-Hollands min werklike kompetisie as hoëfunksietaal aan die Kaap gehad (behalwe moontlik op grond van getal sprekers van Portugees), hoewel die spreektaal geleidelik “krom Hollands” of Afrikaans begin word het. Franse en Duitse immigrante in die laat-seventiende en agtiende eeu se tale het om verskeie redes – waaronder ’n doelbewuste beleid van taalassimilasie, klein getalle sprekers en ondertrouing met Nederlanders - nie werklike kompetisie gebied nie en taalassimilasie met Nederlands het meestal plaasgevind (Steyn 1980:111-113).

Gebeure in Europa, waar Brittanje groter status as Nederland begin kry het en waar die oorlog tussen Brittanje en Frankryk daartoe aanleiding gegee het dat Brittanje in 1795 die Kaap vir strategiese redes verower het, het egter ’n impak op die Kaapse geskiedenis gehad. Na ’n kort tydperk van hernude Bataafse bewind het die Kaap in 1806 weer in Britse hande geval. Nederlands (en “Krom Hollands”) moes nou vir die eerste keer meeding met ’n sterk koloniale en handelstaal. Verder het Afrikaans aan die begin van die negentiende eeu nie

hoë aansien geniet nie en is dit beskou as ongeskik as kultuurtaal (Steyn 1980:119 -120).

Die koms van die Britse Setlaars in 1820 het vanselfsprekend 'n verdere impak gehad op die verengelsing van die Kaap; hoewel daar natuurlik in baie gevalle weerstand hierteen gebied is. In die hoë taalfunksies is die verengelsing uiteraard aangehelp deur die doelbewuste verengelsingspogings van Lord Charles Somerset. Sy voorgangers het egter ook reeds toegesien dat “Engels in die staatsadministrasie die alleenheerskappy toegewys is” (Nienaber & Nienaber 1958:10). Etlke voorbeelde van hierdie “alleenheerskappy” van Engels in die Kaapse regering in die negentiende eeu word verderaan (1958:11-13) gegee:-

- Sir John Cradock bepaal in 1813 dat “Engels-onkundiges” Engels moet aanleer en dat die land eentalig regeer moet word, “aangesien die beginsel van vertaling vreemd is aan alle doeltreffende uitvoering van landsake”;
- In 1822 proklameer lord Charles Somerset die regbank eentalig Engels;
- Vir die Hollandse gemeentes word Skotse leraars van die Presbiteriaanse kerk ingevoer en gaandeweg word preekdienste hoofsaaklik in Engels waargeneem;
- Somerset vervang die ou Hollandse sg. “koterskole” deur gratis Engelse staatskole, hoewel daar in 1839 die toegewing gemaak word dat Hollands ook 'n “klein plekkie” in hierdie staatskole ontvang. Met inspeksies in die skole is egter hoofsaaklik kennis van Engels getoets.

Ten spyte van bogenoemde maatreëls was daar sekere bepalende faktore wat die Afrikaners in die eerste dekades van die negentiende eeu van grootskaalse verengelsing gered het. Steyn (1980:130) verwys na die feit dat baie Afrikaners (waarskynlik veral in die uitgesterkte plattelandse gebiede en in die Bo-Kaap, waar die Maleiers veral gewoon het) steeds eentalig was en dat Engels selfs in groot dele van die Kolonie nooit gehoor is nie.

Verder het Afrikaanse gesinne, soos reeds genoem, heelwat kinders gehad en is die posisie van Afrikaans uiteraard deur die toenemende getal Afrikaners versterk.

Politiese gebeure het ook aanleiding gegee tot die Groot Trek, waarvan die amptelike aanvangsjaar 1938 is. Die Groot Trek kan beskou word as 'n georganiseerde migrasie van Afrikaners na die binneland van die latere Vrystaat en Transvaal. Sodoende is die Afrikaans van die Kaapse burgers, en veral die Oosgrensboere, gaandeweg oor 'n groter geografiese gebied versprei. Kwantitatief het Afrikaans dus gegroei, maar die taal het nog mank gegaan aan wat beskou kan word as kwalitatiewe gebreke.

Afrikaans sou ontwikkel moes word tot volwaardige kultuurtaal en daarmee saam sou die Afrikaners hulleself ook polities moes mobiliseer om taalverplasing te voorkom. Intussen het die status van Afrikaans aan die Kaap egter verswak. Von Wielligh (1922:3) meld dat Afrikaners wat in 1870 amptenare in Afrikaans aangespreek het, as antwoord gekry het "Speak English!" Binne hierdie klimaat word die G.R.A. gestig.

Du Toit (1987) maak 'n ontleding van Kaapse dokumente met taal, religie en nasionaliteit as onderwerp in die tydperk 1824-1886. Volgens Du Toit (1987:65,66) dien 'n sogenaamde nasionalistiese raamwerk gewoonlik as uitgangspunt vir standaardweergawes van die Afrikaanse taalbewegings:

Hiervolgens (vanuit die "nasionalistiese raamwerk" – AMJ) is die Afrikaanse etniese groep vanaf die begin van die 19de eeu gekonfronteer met Britse pogings om 'n sistematiese beleid van verengelsing op hulle af te dwing. Dit het uiteraard toenemend die Afrikaanssprekendes gegrief en is al meer deur hulle verwerp, 'n proses wat uitgeloop het op die stigting van die *Genootskap van Regte Afrikaners* en die oprigting van *Di Patriot*, en sodoende uitdrukking gegee het aan dit wat eintlik deurentyd die *onuitgesproke waardes en betrokkenheid van die Afrikaanse groep was*.

Du Toit vind egter in sy ontleding van die genoemde dokumente 'n tendens wat hy beskryf as 'n “verrassende patroon” wat dui op 'n besliste afwyking t.o.v. die sogenaamde nasionalistiese raamwerk. In breë trekke kom dit daarop neer dat daar in die twintiger- en vroeë dertigerjare van die negentiende eeu, toe die verengelsingsbeleid aan die Kaap hoogty gevier het, slegs beperkte verset teen genoemde beleid was. In die vyftigerjare, daarenteen, toe die verengelsingsbeleid minder heftig was, was daar meer bemoeienis met “kwessies van taal, religie en nasionaliteit” (1987:66). Die konsensus in die vyftigerjare, toe daar uitgebreide debatte oor genoemde onderwerpe was, was dat Engels uiteindelik wel sal seëvier. Teen die sewentigerjare word Afrikaans egter weer as 'n moontlike opsie gesien en terselfdertyd word daar vir die eerste keer “partye” gevind wat “op grondslag van taal en etniese kwessies gemobiliseer word, met verreikende politieke implikasies” (1987:66).

Du Toit kom dan tot die gevolgtrekking dat die nasionalistiese raamwerk nie voldoende verklaring bied vir die afwykende patroon nie, en dat daar eerder binne 'n historiese raamwerk na die diskoers rondom taal, religie en nasionaliteit in genoemde tydperk gekyk moet word. Hy ontleed die historiese gebeure tussen 1824 en (vir hierdie doel) 1875 soos volg (1987:67-69):

- In die twintigerjare, met die doelbewuste verengelsingsbeleid van die Britse koloniale regeerders, het die staat nog oor beperkte middele beskik en die beleid het nie 'n groot impak op die sosiale en kulturele lewe van die Afrikaanse gemeenskap gehad nie;
- In die vyftigerjare is verteenwoordigende regering ingestel. Daar was ook 'n uitbreiding van die infrastruktuur van die land in die vorm van beter hawes en paaie na die binneland. Die onderwys en kerlike lewe is georganiseer en het 'n binnelandse pers tot stand gekom. Daar was ook in die vyftigerjare 'n sterk ekonomiese opbloeit. Al die genoemde faktore verklaar die groter betrokkenheid in die vyftigerjare met kwessies van taal, religie en nasionaliteit;

- In die sestigerjare toe op die ekonomiese opbloefase 'n lang en ernstige depressie gevolg het, was daar weer 'n afname in betrokkenheid oor genoemde onderwerpe;
- In die sewentigerjare vind weer eens 'n kwalitatiewe politieke verandering plaas deurdat verantwoordelike bestuur ingestel word. Terselfdertyd was daar 'n sterk ekonomiese opbloei nadat diamante ontdek is en spoorweë gebou word. Vir alle betrokkenes was daar nou ekonomies en polities meer op die spel.

Du Toit se afleidings t.o.v. die verband tussen die gemeenskap se betrokkenheid by o.a. taalkwessies en bogenoemde historiese gegewens, kan moontlik lig werp op enkele fasette van die wisselwerking tussen taal en ideologie.

In die twintigerjare en dertigerjare is Engels ten spyte van die verengelsingbeleid nie as 'n wesentlike bedreiging gesien het nie. Engels was wel die taal van die staat, maar Nederlands/Afrikaans was die taal van gesin, kerk en samelewing. Voorstelle van owerheidskant om Engels ook die taal van die gemeenskap te maak, is volgens 'n hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan* van 12 Oktober 1832 gesien as die eise van “so many petty tyrants” (Du Toit 1987:68). Toe Engels egter teen die vyftigerjare begin het om ook die kerklike en gesinslewe binne te dring, het twee stelle kontrasterende opvattinge volgens Du Toit na vore gekom, waarvan die eerste gegaan het oor die **aard van die ontwikkeling self**. Ook hieroor was daar twee kontrasterende sienings:

1. Die siening dat die meer volledige indringing van Engels ook in die private, sosiale domeine onafwendbaar is en dat verengelsing 'n “natuurlike” sosiale proses is;
2. Die siening dat hierdie proses geensins 'n natuurlike een is nie, maar een van doelbewuste inmenging deur die staat. Laasgenoemde

proses is omkeerbaar, maar die konsensus in die vyftigerjare was dat die prys in linguistiese en etniese konflik dan te hoog sou wees.

Die tweede opvatting het gehandel oor die **kwessie van taal as sodanig**. Reeds in daardie stadium is ingesien dat taal verskillende funksies verrig, enersyds as instrument wat neutraal is en as sodanig die middel tot doelwitte wat te make het met politiese, morele en religieuse kwessies. Taal is nie 'n "doel op sigself nie", maar vervul slegs 'n pragmatiese funksie. Andersyds egter was daar 'n minderheidsopvatting wat taal gesien het as "*die medium vir ons denke en konstitutief vir ons begrip*". Kulturele en religieuse waardes van 'n groep is volgens hierdie beskouing ingebed in die taal self en besluite oor taalvoorkeur en taalverandering kan nie slegs op pragmatiese gronde geneem word nie. Die gebeure in die sewentigerjare van die negentiende eeu (en die besluit oor die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners – AMJ) moet volgens Du Toit teen die agtergrond van laasgenoemde siening beoordeel word (1987:69):

Taal en nasionaliteit word nou die basis vir politieke mobilisering ten einde beheer te verkry oor die regering as hoofmiddel tot die strukturering van die samelewing en die staatsbestel. Terwyl daar in die vyftigerjare van die 19de eeu nog 'n konsensus was dat taal- en etniese konflikte te verdelend sou wees, word *taalpolitiek nou 'n sterk mag en word taal en nasionaliteit steutelkwessies in die openbare beleid*.

4.3 14 Augustus 1875: Die begin van die mite

Soos vroeër genoem, het Afrikaans as taal kwantitatief gegroei in die eerste sewe dekades van die negentiende eeu, maar moes die taal as kultuurtaal ontwikkel word om status te kon geniet, ook onder die eie sprekers daarvan.

Die amptelike begin van hierdie poging word deur sommige (miteskeppers?) gesien as die stigting van die G.R.A. Om hierdie rede kan 14 Augustus 1875 gesien word as die aanloop tot die mite van Afrikaans as die taal van die "Regte Afrikaners".

Soos in hoofstuk 2 hierbo genoem, beskou Campbell (in Flowers 1988:5) mites as “*stories* of our search through the ages for truth, for meaning, for significance.” Elke storie het die een of ander begin, al is dit dan in die geval van ’n sprokie “Eenmaal, lank, lank gelede...” Soos die sprokie, wat in sy “onskuld” sekere waarhede wil oordra, was die oordrag van die G.R.A.-storie aan Afrikaanse skoliere op skool sekerlik ook daarop gerig om die mite van Afrikaans en die “Regte Afrikaners” as singewende waarheid te help vestig.

Die *storie* van Afrikaans as die taal van die “Regte Afrikaners” begin volgens hierdie betoog in die Paarl in 1875.

Die neerslag van die mite van Afrikaans as die moedertaal en nasionale bindingsmiddel van die Afrikaner vind ons ongeveer tagtig jaar na die stigting van die G.R.A. terug in die volgende uitspraak van Nienaber & Nienaber (1958:20):

Hulle (die Afrikaners – AMJ) moet eers bewus gemaak word van die eenvoudige waarheid dat *Afrikaans hulle moedertaal* is (skrywers se kursivering). Bekerings- en oortuigingswerk moet vooraf verrig word – en soos dit altoos met groot hervormingsbewegings die geval is, sal een of ’n paar intellektueles ’n beter begrip van die reddingsmiddels hê en as hartstogtelike pleitbesorgers vir die nuwe saak optree. *Daar moet dus eers leiers kom wat ’n duidelike visioen kry en dissipels vir die ideaal werf.*

Dit is dus duidelik dat die Nienabers bewus was van die storie (soos hierbo) en dat hulle self ook mitiese elemente daaraan toegevoeg het, soos bv. dat “bekerings- en oortuigingswerk” nodig was voordat die intellektueles as “hartstogtelike pleitbesorgers” in staat was om die volk te oortuig en sodoende “dissipels” vir hulle ideaal te werf.

Alle uitsprake van die Nienabers getuig dus myns insiens van die impak van die betrokke miteskepping in hulle eie lewe, maar ook van die wyse waarop hulle self weer miteskeppend te werk gaan.

Hierdie “intellektueles”², “hartstogtelike pleitbesorgers” en “leiers” met ’n “duidelike visioen” kan gelykgestel word aan die “miteskeppers” na wie in hoofstuk 2 verwys is, terwyl hulle self ook mitiese figure word.

Nienaber & Nienaber 1958 se beskrywings (1958:20-22) van dr. Arnoldus Pannevis (1838-1884) en van C.P. Hoogenhout (1843-1922) roep die beelde van “miteskeppers” maar ook van mitiese figure in eie reg sterk op, hoewel die skrywers nie as sodanig na die twee taalstryders verwys nie. Die relevante woordgebruik word kursief aangedui (sien “Werkwyse” hierbo):

(Pannevis) was Nederlander van geboorte, ’n *groot kenner* van die klassieke en verskeie moderne Europese tale en ’n geleerde wat deur ds. S.J. du Toit *geroem is as die grootste taalkundige* wat Suid-Afrika gehad het. Pannevis was *baie godsdienstig*. Hy het hulle (C.P. Hoogenhout en S.J. du Toit – AMJ) se oë oopgemaak vir die goeie reg van Afrikaans as kultuurtaal, en hulle *aangevuur* om daarvoor in die bresse te tree.

Casper Peter Hoogenhout (1843-1922) is ook ’n Hollander. Die *vrome* Pannevis het hom nie alleen gehelp om sy onderwyserseksamen af te lê nie, maar onder Pannevis se invloed het Hoogenhout ook tot bekering gekom. In later jare het Hoogenhout hom *gedenk* as sy ‘*dierbaarste vriend op aarde*’. In gesprekke met Pannevis het die jong onderwyser hom van sy vooroordele ten opsigte van Afrikaans kon ontdoen en hy het toe ’n *ywerige voorstander* geword. As dertigjarige bring hy die bewys van sy *geloof in en entoesiasme vir die jong Boeretaal...*

(Weer eens is dit interessant om daarop te let dat die twee Nienabers hier bydra tot die mitologisering van hierdie eerste “taalstryders” se karakters en rolle, maar dat die skrywers terselfdertyd ook as miteskeppers optree – AMJ.)

² Ana Deumert lewer op 5 Februarie 2004 ’n referaat (gereël deur Vic Webb) aan U.P. oor haar navorsing rondom die standaardiseringsgeskiedenis van Afrikaans. Deumert het onder meer die private korrespondensie van ongeveer 137 ondersekersone in die laaste dekades van die negentiende eeu as navorsingsbron gebruik en data versamel oor genoemde persone se voorkeur vir Nederlandse of Afrikaanse vorme. ’n Interessante brokkie inligting is dat persone wat in hulle persoonlike briewe voorkeur gee aan Afrikaanse vorme eerder as aan Nederlandse vorme jonk, *geleerd* en *entoesiastiese Afrikaner-nasionaliste* is.

Hoewel Pannevis volgens Nienaber & Nienaber die “vader van die Afrikaanse Beweging” genoem kan word en veral die wenslikheid van die Bybel in Afrikaans as ideaal voorgelê het, was hy nie teenwoordig by die stigtingsvergadering van die G.R.A. nie. Moontlik was hier ’n botsing van belange omdat Pannevis, soos genoem, as dryfveer vir die Afrikaanse beweging die vertaling van die Bybel in Afrikaans voorop gestel het.

Du Plessis (1986:37-49) beskryf die tydperk van 1872-1878 in die geskiedenis van die Afrikaanse taalbewegings onder die opskrif die “Bybelvertalingsbeweging” en wys op die uiteindelijke mislukking van dié beweging. In ’n latere hoofstuk (hoofstuk 6), oor onder andere die wisselwerking tussen die historiografie van Afrikaans en mites rondom Afrikaans, verwys ek weer na Du Plessis se standpunt dat die “hele GRA-verering berus op valse aannames” (1986:48). Kennis word intussen geneem van teenargumente teen die G.R.A.-beweging as die werklike “Eerste Afrikaanse Taalbeweging” en bowendien van 14 Augustus 1875 as die begindatum van genoemde taalbeweging.

Interessant genoeg is hierdie datum deur Pannevis self teengestaan in ’n brief aan *De Hollandsche Afrikaan*, 22 Augustus 1883, waarin hy betoog dat sy eie eerste skrywe in verband met die Afrikaanse Bybelvertaling op 7 September 1872 die begin van die Eerste Beweging inlui (Von Wielligh 1922:37, aangehaal deur Van Rensburg, 1989:95):

Want van het eerste begin van de Beweging af was ik daar ten nauwste in betrokken en ten alle tijde is *het lot der volkstaal mij een onderwerp van hoge belangstelling en opmerkzaamheid geweest*; ook heb ik van die voorgevallende gepaste aantekeningen gehouden, zodat men naar de mens gesproken van mij de zuivere waarheid omtrent dit punt kan verwachten.

Teenoor Pannevis se belangrikste oogmerk, nl. om Afrikaans “gereed te maak” en te begin standaardiseer vir die vertaling van die Bybel daarin, het die G.R.A.

veel eerder “n nasionale beweging beoog, met die taalstryd as die vernaamste terrein van aksie in die begin.” (Nienaber & Nienaber 1958:27).

Die rede vir die voortgesette keuse van 14 Augustus 1875 as die mitiese beginmoment van die storie van Afrikaans en die Afrikaner, is veral die voorkoms van besliste mitiese elemente in die volgende uittreksels uit die manifes van die G.R.A. (Nienaber & Nienaber 1958:30) wat hulle in die vorm van ’n “Ope Brief” aan die publiek uiteensit. Nienaber & Nienaber meen dat die G.R.A.-lede in hierdie ope brief “hulle *belydenis* van hulle *nuwe liefde aflê*, met skriftuurlike bewyse die goeie reg van hulle saak verdedig en om ondersteuning vra.”

Elke poging, al is dit nog so swak, om *ons moedertaal*, wat ons *dierbaar en heilig is*, te *bewaar en te verdedig*, sal ons voorstaan en bevorder *so lank as ons leef...* En wat gaan ons dan maak? ... *Regte Afrikaners, ons roep julle op* om saam met ons te erken dat die Afrikaanse taal ons moedertaal is wat *ons Liewe Heer vir ons gegee het; om saam met ons te staan vir ons taal deur dik en dun; en nie te rus nie vóórdat ons taal in alle opsigte algemeen erken is as die volkstaal van ons land...*

Dié miteskeppende gesprek word voortgesit in ’n hoofartikel in *De Zuid-Afrikaan* van 15 Januarie 1876 wat saamval met die eerste aflewering van *Di Afrikaanse Patriot* (Nienaber & Nienaber 1958:31):

So moes meer as een Afrikaner wat *verstand en gees* het, stilbly, omdat hy *geen taal* het waarin hy hom kon uitdruk nie. En die Hollandse of Engelse taal wat hy daartoe wou gebruik, kom hom net so sleg te pas as *Saul se wapenrusting vir Dawid* (vgl. 1 Samuel 17 – AMJ). Nee, *jonge Afrikaners!* Gooi nou weg die *vreemde wapenrusting van Dawid...* Ja, nou kan elke *Afrikaner* skrywe wat hy wil *in sy eie taal...*

Dit behoort in die lig van bogenoemde aanhalings duidelik te wees waarom daar vir die doel van hierdie ondersoek steeds betoog word dat 14 Augustus 1875 die begin van die “*storie van Afrikaans en die Afrikaner*” verteenwoordig.

4.4 Die vaslegging van die mite (1875-1900)

Steyn (1980:138) wys daarop dat die G.R.A. baie vyande gehad het. Onder andere het ds. J.H. Hofmeyr van Somerset-Oos beweer dat die *Patriot* oproer teen die regering verkonding. Die verengelste hoofregter J.H. de Villiers het van Afrikaans gesê:

Poor in the number of its words, weak in its inflections, wanting in accuracy of meaning and incapable in expressing ideas connected with the higher spheres of thought, it will have to undergo great modification before it will be able to produce a literature worthy of the name (aangehaal in G.D. Scholtz 1974:278).

Die anneksasie van Transvaal deur Shepstone in 1877 het volgens Steyn nie slegs 'n nasionale gevoel by die Afrikaners laat ontwaak nie, maar ook 'n sterker taalbewustheid. Dit hou volgens hom verband met die aspek van taalbewegings wat daarop neerkom dat “geskifte wat draer is van die ideale en behoeftes van die bevolking ook 'n nuwe band skep met die taal waarin dit opgestel is” (1980:139). Die *De Zuid-Afrikaan* van 6 November 1880 verdedig op hierdie stadium *Die Afrikaanse Patriot* in mities-gelaaide woorde deur te beweer dat “Die Patriot snaren heeft doen trillen van naar nationale uiting smachtende Afrikaanders” en dat dit die rede is “dat het blad zoo grooten opgang maakt onder het volk.”

Dit herinner aan die uitspraak van Campbell (Flowers 1988:23) in hoofstuk 2:

[...] there is the mythology that is [...] sociological, linking you to a particular society. You are not simply a natural man, you are a *member of a particular group*. (Vergelyk ook Fishman se beskrwyng van “kinship” soos aangehaal in 4.2.1 hierbo.)

Cilliers (1953) (aangehaal in Steyn 1980:142) haal 'n uitspraak in hierdie tydperk van ds. Du Toit aan waarin hy die verengelsing van die meisieskole in die Kaap eweneens in mities-gelaaide taal kritiseer:

Di Engelse Meisiiskole in ons land is di *listigste en gevaarlikste aanslag teen ons Moedertaal*; dit verdring ons taal in di huisgesinne en *vergiftig di fontein van ons nasionaliteit* ... Onse dogters word daar in Amerikaans-Engelse gees en taal en sede opgelei [...] en *vergiftig* [...] tot *taalverraaiers*.

Afgesien van die metaforiese taalgebruik waarmee die mite van die moedertaal as entiteit wat verraai kan word, en die huisgesin en by name die jong vrou as draer (“fontein”) van volksbewussyn of nasionaliteit verwoord word, is dit ook interessant om te let op die sterk verband wat daar tussen “gees, taal en sede” getrek word en op die Bybelse taalgebruik, soos onder meer “listig” waarmee die mite ingeklee word.

Die afleiding kan gemaak word dat uitsprake soos dié by monde van een van hulle vooraanstaande leiers ’n besliste bydrae gemaak het tot **die vestiging van die lewende mite van die Afrikaanse taal as draer - nie net van die nasionale strewe nie – maar ook van die kulturele en geestelike waardes van die Afrikaner**.

Na die taalbewusmakingsfase (vgl. Steyn 1980:79-81) wat waarskynlik een van die belangrikste winste van die vroeë G.R.A.-jare was, het die stigting van die Afrikanerbond in 1880, soos wat tradisioneel aanvaar word, die “politieke fase” van die G.R.A. ingelui (Du Plessis 1986:51). Van hierdie fase beweer Du Plessis dat dit “dié vooroorlogse taalbeweging (was) waar die ‘resep’ **taal as middel tot ’n politieke doel**, sekerlik die beste gewerk het, en beslis die skouspelagtigste resultate gelewer het” (1986:52). In hierdie geval vaar Du Toit nie in sy doelwitstelling uit teen “taalverraaiers” (sien hierbo) nie, maar teen “landsverraaiers” en kry sy betoog ’n duidelike politieke kleur. Hy stel as een van die doelwitte met die Afrikanerbond die daarstel van ’n organisasie wat “die oog hou op die politiek, om *landsverraaiers* uit die raadsaal te weer, en te sorg dat *ware vrinde van die vaderland* hulle plase inneem” (Du Toit, 1882:5).

Die miteskepping hier is duidelik: Afrikaners is “vrinde van die vaderland”, die ander is “landsverraaiers”. In hierdie geval word daar ’n “breër” definisie van “Afrikaner” gegee (vgl. die verwysing na die Hertzogtoesprake vroeër) nl. “almal wat Afrika erken as hulle Vaderland, same woon en werk as broeders van één huis, al is hulle van Engelse, Hollandse, Franse of Duitse afkoms...” (1882:4) en word daar nie melding gemaak van die rol van die Afrikaanse taal as mitiese bindingsmiddel in die bepaling van wie Afrikaners is nie. Maar uit ander aanhalings blyk dit dat S.J. du Toit wel die *Afrikaner* in die handel wil vestig sodat hy nie aan die *Engelse ekonomie* ondergeskik hoef te wees nie, en sy verklaarde taalbeleid vir die *Afrikaanse besighede* word soos volg deur sy seun, J.D. du Toit (Totius), weergegee (1917:217-218):

Net een ding, die Boerewinkels moet deur en deur Hollands of Afrikaans wees, nie Engels nie...

Die mite van die verbondenheid tussen taal en “nasie” word ook bevestig in een van die doelwitte wat deur Du Toit vir die Afrikanerbond uitspel (1882:8-9):

Die beskerming van ons Landstaal moet hoofsaak wees van so ’n Bond, want *taal en nasi is één*; en di wat dit ni tot doelwit stel ni, moet liewers ni lid worde van ons bond ni.

Du Plessis (1986:58) wys daarop dat Du Toit, alhoewel hy die waarde van Afrikaans as propagandamiddel vir die vestiging van die Afrikanerbond hoog aangeslaan het, versigtig was om Nederlands te negeer, en self die begrip “landstaal” verder omskryf het deur te verklaar dat “Hollands of Afrikaans” daardeur verstaan kon word – “daaroor hoef ons nie te strij nie.” (1917:149).

Die Afrikanerbondideaal het volgens Du Toit (1917:174) nie werklik sukses in die Boererepublieke behaal nie omdat die Republieke reeds in die politieke aspirasies van die Afrikaner voorsien het. Ironies genoeg word in die tydperk net voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog ’n sterk anti-nasionale gesindheid aan S.J. du Toit toegeskryf. Du Toit het nl. geweier “om met

Rhodes te breek na die Jameson-inval” en het “die skuld vir die komende Tweede Vryheidsoorlog op die Transvaalse regering gepak.” (Steyn 1980:143). Die karakter van *Di Patriot* verander van nasionaal in anti-nasionaal. Daardeur word ook die taal wat deur die koerant gedra is, skade gedoen.

J.H.H. de Waal skryf terugskouend (De Waal 1939:64-65) dat die lesers van die *Patriot* in die Eerste Vryheidsoorlog nagenoeg almal Republikeine was, maar ten tye van die dreigende Tweede Vryheidsoorlog verwoede Imperialiste en *anti*-Republikeine. De Waal se uitspraak in hierdie verband onderskryf eweneens die mite van die verbondenheid tussen die Afrikaners en Afrikaans baie sterk:

Watter vooruitsig was daar vir Afrikaans in die hande van so 'n omgekeerde, on-Afrikaanse klas? *Dis my ondenkbaar dat jy kan draai teen jou nasie maar darem nog sy taal net so kan waardeer en bemin as vantevore...*

4.5 Die uitbreiding van die mite: Afrikanersolidariteit (1902-1915)

Volgens Nienaber & Nienaber (1958:48) was toestande in die Kaapkolonie teen 1900 baie ongunstig vir die Afrikaner en Afrikaans. Die skolewet van 1865 het daartoe gelei dat Engels deur “opgevoede Afrikaners” gebruik is vir briefwisseling en selfs in gesprekke.

'n *Boerseun* wat hom nie ‘torrerig’ wil voordoene nie, moes die *Boernooi* in Engels in die openbaar aanspreek, tensy hy haar wil beledig... Die toekoms was vir die Afrikaner so donker soos nog nooit van tevore nie. Van owerheidsweë is alles in die werk gestel om die gebruik van Hollands te ontmoedig en die *Boerevolk los van sy tradisies en instellings te maak...*

Ook in die “twee worstelende Republieke” het Engels “al 'n *houvas op baie burgers gehad...*” (Nienaber & Nienaber 1958:49).

Die implikasie van die skrywers is duidelik: die Afrikaners was teen 1900 besig om te verengels en dit sou beteken dat “die Boerevolk” ook van sy tradisies – en

sy identiteit – vervreem sou raak. Ironies genoeg was dit juis die impak van die Anglo-Boereoorlog wat hierdie proses van verengelsing in 'n groot mate help stuit het. Miteskepping as 'n proses van singewing aan die “Boerevolk” se bestaan en die kweek van 'n hernude gevoel van selfrespek het hier 'n baie groot rol gespeel.

4.5.1 Die impak van die Tweede Vryheidsoorlog op miteskepping

I know little of the actual Peace Conference as I was not a delegate, but the outcome was a foregone conclusion. Every representative had the same disastrous tale to tell of starvation, lack of ammunition, horses and clothing, and of how the great block-house system was strangling their efforts to carry on the war. Added to this was the heavy death-roll among the women and children, of whom twenty-five thousand had already died in the concentration camps, and the universal ruin that had overtaken the country. Every homestead was burned, all crops and live-stock destroyed, and there was nothing left but to bow to the inevitable (Reitz 1983:322 - oorspronklik in 1929 uitgegee deur Faber and Faber, Londen).

Die Anglo-Boere-oorlog as historiese gebeure is nie die fokus van hierdie studie nie, hoewel die miteskepping daaromheen 'n integrale deel is van die miteskepping rondom die Afrikaner waarmee baie Afrikaanse kinders in die loop van die twintigste eeu groot geword het.

Ons is onder meer vertel van die legendariese ontsnappings van Christiaan de Wet, selfs wanneer hy van alle kante omsingel was deur Britse magte, van bekende en minder bekende oorlogshelde (terwyl daar neerhalend en ongeskakeerd teen die “joiners” of “hanskakies” kapsie gemaak is – AMJ), van die laakbare “Verskroeiende Aarde”-beleid, van die dood van 26 000 vroue en kinders in konsentrasiekampe, van die ingryping en liefdesdiens van Emily Hobhouse en van Milner se hatigheid teen die Afrikaners. Etlieke verhale, gedigte en liedere het hierdie miteskepping ondersteun. Dit is duidelik waarom Leroux (1960, aangehaal in Kannemeyer 1980:12) kan beweer dat die krag agter die

mite “’n onomstootlike werkliheid (is)” en byvoeg dat “(d)ie hele verloop van geskiedenis verander (kan) word onder die aanslag daarvan.”

Baie vrae kan na aanleiding van die afloop van die Anglo-Boere-oorlog gevra word, maar die antwoorde bly gegrond op spekulasie. Sou die Afrikaner as groep werklik sterker gestaan het sonder verlies van die groot aantal kinders en vroue wat hulle lewe in Britse kampe verloor het? Indien die wrok by die Afrikaner *juis as gevolg daarvan* nie so sterk was nie, sou hulle dan nie dalk makliker met Milner se uitgesproke beleid om hulle as afsonderlike groep “tot niet te maak” meegegaan het nie? Wat was die impak van die vlag van Afrikanernasionalisme as gevolg van die vergrype deur Brittanje op die verloop van die eerste helfte van die twintigste eeu in Suid-Afrika? En op Afrikaans?

Soos genoem, berus die moontlike antwoorde op hierdie vrae op aannames en vermoedens wat moeilik feitelik bewys kan word, hoewel daar moontlik groot waarheid in steek. Jung (1964:78) beweer dat die mens dikwels nie bewustelik oor sekere kennis beskik nie maar ... “the unconscious seems already informed.”

Conradie weer meen dat daar “’n ontwykende kern in elke mite (is) wat ons hoegenaamd nie met redelike begrippe kan bereik nie. (Die moontlikheid bestaan natuurlik dat juis dié “ontwykende kern” die teiken kan word vir “ontmitologiseerders” wat hulle argumente bou op die feit dat die mite se waarheid nie bewys kan word nie – AMJ.) Die skrywer voer sy argument verder:

As die mite egter niks meer as ’n onware verhaal was nie, sou dit baie moeilik gewees het om te verklaar waarom dit eeue lank so ’n geweldige invloed uitgeoefen het” (Conradie 1964:10).

Die impak van die miteskepping rondom die oorlog en daaruit voortvloeiend rondom die Afrikaner en sy taal, kan in ’n mate verder “afgelees” word uit die gebeure na die Vrede van Vereeniging op 31 Mei 1902.

4.5.2 Die mite van die “volgehoue vryheidsdroom” (erkenning aan M.E.R.)

In 1901, nog voor die afloop van die oorlog, skryf Milner in 'n brief (aangehaal in Steyn 1980:172 uit Headlam, 1933) die volgende oor sy oogmerke met die Afrikaners en by implikasie met Afrikaans:

I am all for the most forbearing and generous treatment of the Boers *when they are once completely beaten* – if only because that is the sole means of absorbing and ultimately *getting rid of them as a separate, exclusive caste*.

(Vanuit die *Afrikaanse perspektief* – sien Du Plessis 1992:Vooraf, soos hierbo aangehaal – sal dit 'n mens seker vergewe word as jy wens dat Milner kon sien dat die poging 'n eeu later nog nie geslaag het nie en dat die weerstand teen finale uitwissing nog deur die “Boere” voortgesit word – AMJ.)

Dieselfde standpunt is ook gestel deur

- Joseph Chamberlain, die Britse minister van kolonies wat in 1903 op besoek in Suid-Afrika beweer het “any aspirations for a separate Dutch identity ... are absurd and ridiculous” (Scholtz 1978:268, aangehaal in Steyn 1987:49); en
- *The Star*, 18 Maart 1904, wat hom sterk uitgespreek het teen (die Afrikanerstrewe) “to preserve the ‘taal’ from extinction and maintain the burgher population as a separate people living a life apart from that of their English neighbours.” Die koerant se standpunt was dat dit nie moontlik sou wees vir die land om eenheid en 'n “golden unification of races and interests” te bereik nie “unless the *Boers modify their pretensions and forego this aspiration*” (Scholtz 1978:433, aangehaal in Steyn 1987:49).

Daar was onmiddellike en diepgaande weerstand deur sommige Afrikanerleiers teen bogenoemde standpunte van onder andere Milner, Chamberlain en die Engelse pers. Een so 'n leier was die legendariese generaal Christiaan de Wet, wat naas sy militêre leierskap in die Anglo-Boereoorlog na die Vrede van

Vereeniging ook weer as kultuur- en politieke leier prominent was. As “sterk taalbewuste Afrikaner” (Steyn 1980:195) het hy hom reeds in 1904 by ’n nasionale kongres uitgespreek ten gunste van die stigting van C.N.O.-skole (Christelik-Nasionale Onderwyskole):

Al moeten wij onszelf en onze families van benodigdheden afkniipen *om onze taal te behouden, zullen wij het doen tot den dag dat het God sal behagen het hart van die Regering te weken alvorens ons volk uitgewist is* (“Speciaal Bijvoegsel tot *Het Westen*, 23/2/1915”, aangehaal in Steyn 1980:195).

Wat myns insiens veral insiggewend is in verband met die bostaande uittreksel, is die implikasie dat die *taal* behou moet word sodat die *volk* nie uitgewis word nie . Daar is hiervolgens ’n mitiese binding tussen taal en volk wat duidelik dui op die simboliese status wat Afrikaans reeds in 1915 vir die Afrikaner gehad het.

’n Prominente figuur binne die Afrikaner-kultuurmilieu wat haar eie persepsie oor hierdie tyd onder woorde gebring het, is die skryfster M.E.R. (Maria Elizabeth Rothmann). Teenoor die standpunt van Milner om “toegeeflik” te wees ter wille van assimilering van die Afrikaner as groep binne die Engelse kultuur, gee M.E.R. ’n uiteensetting van die politieke dryfvere van sowel die “Engelse volk” as “die Afrikaner” (1972:166): (Daar is soveel relevante stof hier in verband met miteskepping dat die hieropvolgende uittreksel uit die skryfster se bespreking woordeliks aangehaal word.)

Wat met ons as volk gebeur het, het vir my, soos vir *elke normale Afrikaner*, altyd diep aangegaan.... Ook leef ’n mens nie alleen in die eie persoon nie, maar *deur en met jou volk*. *Word die volk se lewensfunksies gekeer, kwyn die individu ook...* Vir hulle (die Engelse – AMJ) was *onse volksgees* net so tot ewige las... Maar hierdie Engelse volk is *met die oortuiging gebore* dat ander volke, ander tale, ander tradisies, sedes, gewoontes nie eintlik daarop aankom nie, en dat *die enigste werklike bestaansreg, dié van die Engelse volk*, tog eindelik deur almal erken moet word... “Vryheid, vryheid, dierbaar ding!” Dit is *die droom wat elk van die twee geërf het* van die voorsate (nogal oorspronklik gesamentlike voorsate!) – *’n standhoudende droom*. En elk, as hy die nugter bestaansfeite bekyk, kan glad nie sien hoe hy *die dierbare vryheid* kan

besit nie as die ander daar is. Maar, vas aan sy droom, droom elk ook sommer dat die ander skielik van wese sal verander, of dat hy *deur 'n towerslag uit Suid-Afrika sal wegraak*. Wat het die Afrikaners tog nie al onder die *betowering van die vryheidsdroom beleef en verduur nie!* Slagtersnek. Die Trek. Vegkop. Bloedrivier. Majuba. Rhodes. Jameson. Die Tweede Vryheidsoorlog. Vereeniging. Milner. Die goud- en diamantbase. Die Konsiliasiepolitiek. Die *droom bly nog*.

Die skryfster skets vervolgens die gebeure na die Vrede van Vereeniging (1902) toe “selfregering” in 1906 deur die Liberale Party in Engeland aan die voormalige Boererepublieke toegestaan is. Volgens haar het oud-president Steyn van die Vrystaat in dié jare 'n baie belangrike rol gespeel deurdat hy “gewerk (het) vir die bewaring van die *siel* van sy volk. *Al het die volk, soos die Bybel leer, die hele wêreld verloor, sy siel moes nog behoue bly.*” Steyn met die “gebroke liggaam en *sterk, groot gees*” het “in alle rigtings gewerk – vir Unie, vir die viering van Dingaansdag oor die hele land, vir die Vrouemonument, en vir *al die onsigbare versterkings wat so 'n arme siel so nodig het.*” In die lig hiervan is die skryfster se gevolgtrekking: “Ek wonder wat van ons in daardie tyd sonder Steyn sou geword het?”(1972:167).

Die voortsetting van hierdie vryheidstrewes asook die Afrikaners van destyds se ontugtering met Louis Botha, skets M.E.R. verder soos volg (1972:167):

Oral in die land, op onse dorp kon jy dit (die voortsetting van die vryheidsdroom – AMJ) sien in die *stigting van 'n tak van die Arikaanse Taalvereniging*, niteenstaande die afkeuring van die ou mense (wat Nederlands nog aangehang het – AMJ). Onse liewe ds. Botha, toe moderator van die Kaaplandse kerk, het die A.T.V. genoem die “Arme Taalverknoeiers”. En ons kon dit sien aan die hele geskiedenis van die Privaatskool en *die verowering van leierskap in die onderwys deur die Afrikaner*. Maar dit het baie swaar gegaan: ons was oral, op die kleinste dorp, omring van teenstand. As ek nou die lewensbeskrywing van Steyn en Hertzog lees, vind ek in hulle briewe van daardie tyd, *soos in 'n spieël, ons hele nimmerverslappende opdraand gesukkel om onself te bly*.

Hierdie stryd van die Afrikaner “om homself te bly” word ook verwoord in 'n artikel in *Die Brandwag* in 1910, geskryf deur “Nig Miemie” (moontlik ook M.E.R.) soos

verhaal in Steyn (1987:80-81). Dit handel oor taaltoestande in sommige Kaaplandse skole, waar kinders strafmerke ('n R in rooi ink in hulle strafboekies) gekry het as hulle een van die skoolreëls oortree deur “Hollands” te praat. Daar is dan, volgens die artikel, op sekere spesiale vakansiedae een van die moedigste meisies afgevaardig om “die hoofonderwyseres verlof te gaan vra om tog Hollands te mag praat.” Die skryfster sê dat sy in haar geestesoog “nog die ou klompie sien staan [...] met 'n gemengd gevoel van twyfel en versekering die aankoms van die afgevaardigde af te wag...”

Steyn se slotsom in hierdie verband is:

'n Deel van die eienaardige Afrikaner-reaksie op die Engelssprekende reaksie op die stryd vir die erkenning van Afrikaans kan mens seker uit hierdie deerniswekkende omstandighede verklaar. Die beeld van sulke Afrikaners oor hoe 'n Afrikaner moet wees, is gevorm na die beeld van *hoe 'n Engelssprekende meen 'n Afrikaner behoort te wees – onder meer iemand wat die wêreld nie omkrap deur hom vir sy eie taal te beywer nie.*

M.E.R. skets ook die Afrikaner se intense teleurstelling in hierdie tyd (rondom 1910) in Louis Botha, sy eens heldhaftige generaal. Die rede waarom die teleurstelling in Louis Botha soveel meer intens was as dié rondom Smuts spel sy soos volg uit:

Jan Smuts het nog baie meer vir Engelse belange gewerk as wat Louis Botha ooit by magte was om te doen, maar die gevoel wat ons omtrent Smuts gehad het, was nooit teleurstelling nie. Hy het nooit onse liefde gehad nie – sou dit ook nie hê nie. Maar Louis Botha was ons *geliefde held* en hy het daardie *liefde en verering* verdien... (M.E.R.1972:168).

Maar:

Toe kom Unie in 1910. Die verwydering tussen Botha en Hertzog het ... steeds groter geword. Die twee het *verskillende vryheidsdrome* gehad: Botha se één prediking was konsiliasie: dié van Hertzog was “Suid-Afrika Eerste”... Op elke dorp en plaas was daar Hertzogmanne en Bothamanne. Moeders het hulle seuntjies geleer sê: *Ek is 'n Hertzogman!* as hulle nog skaars kon praat (1972:169).

Steyn (1980:201) haal uit Engelenburg, 1928 aan om die omvang van die teleurstelling in Botha te illustreer. Hy is uitgekryt as 'n Judas, bloedhond, verraaier en moordenaar.

Smuts het egter nie ligter daarvan afgekom nie. Volgens Steyn (1980:201) vertel Crafford(s.j.) hoedat Smuts se vergaderings in die 1915-verkiesingsveldtog “dikwels in wanorde uiteen (is).” Mense het “van heinde en verre” na Smuts se vergaderings in sy kiesafdeling, Pretoria-Wes, gekom en hom toegeroep: “Renegaat!”, “Moordenaar!”, “*Storter van broederbloed!*” Daar is dan ook op feitlik elke vergadering uitgeskree: “*Waar is Christiaan Beyers?*” “*Wie het De la Rey doodgemaak?*” “*Wie het Jopie Fourie vermoor?*” (Met die implikasie dat Jan Smuts verantwoordelik gehou moet word in al hierdie gevalle – AMJ.)

Dit is duidelik dat die genoemde verwysings na heldefigure soos die 1914-rebel Jopie Fourie wat deur sy mede-Afrikaners ter dood veroordeel is miteskeppend gewerk het net soos die geval was met Abraham Esau (vgl. hoofstuk 2):

And they built him up into a mythical individual [...] the martyrdom of Abraham Esau served a recognizable function. It met a psychological need [...] and offered an integrating element at this particular historical moment. (Nasson 1990: 116,118).

M.E.R. skets dan die impak van Hertzog se bekende De Wildt-toespraak in 1912 waarin hy weer sy “Suid-Afrika eerste”-droom uitspel en 'n krisis ontstaan in die Botha-kabinet, “*n krisis oor Suid-Afrika eerste*, en dit omdat Louis Botha dit nie meer kon uithou dat iemand oral en openlik die belange van Suid-Afrika bo alle ander belange stel nie – Louis Botha, die *dapper*, die *onverskrokke*, die *geliefde kommandant-generaal van die republieke*” (1972:169).

Uit bostaande kommentaar is dit duidelik in watter mate leiers soos Steyn en Hertzog na die Anglo-Boereoorlog meegehelp het om te bou aan die mite van die

voortsetting van die Afrikanervolk – “gewond maar onoorwonne” – en sy taal, Afrikaans.

4.5.3 C.J. Langenhoven se pleidooi vir Afrikaans as voertaal in die “laer” onderwys tydens die jaarvergadering van die “Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst” te Bloemfontein in Julie 1914

Daar bestaan geen twyfel nie dat C.J. Langenhoven, soos M.E.R., in ongeveer dieselfde tydperk ’n baie belangrike miteskepper rondom die Afrikaner en Afrikaans was.

Langenhoven het nog ná die oorlog ’n keuse vir Engels gemaak teen die “onbruikbare, onleerbare, in Suid-Afrika morsdooie Hooghollands... “ (*U dienswillige dienaar*, 1932:345) en het selfs sy stiefkinders gemaan om Engels te praat aan tafel ter wille van ’n beter opvoeding (Kannemeyer 1995:224).

Na ’n “definitiewe deurbraak omstreeks April of Mei 1910” het hy egter “sy eintlike missie in die lewe gevind, naamlik om te veg vir die regte van Afrikaans en om literatuur te skep wat die aansien van die taal sou verhoog (Kannemeyer 1995:236).

Sonder om al die besonderhede te gee van sy goed beredeneerde uiteensetting in 1914 voor die hierbo genoemde Akademie rondom die wenslikheid van Afrikaans as onderwysmedium, word daar op die onteenseglik miteskeppende diskoers in hierdie lesing gewys:-

Langenhoven begin sy betoog met die anekdote van Euklides wat in twintig stellings die teorie uiteengesit het dat die “regstreekse koers die kortste pad is na ’n gegewe bestemming.” Sy leerling het hom daarvan beskuldig dat hy onnodig omslagtig is omdat ’n “dors donkie” dit ook weet deur die kortste pad dam toe te kies in plaas van ’n ompad. Hierop het Euklides geantwoord dat ’n donkie dit mag weet, maar dit nie sou kon bewys nie! Wat betref miteskepping rondom

Afrikaans en die behoefte aan Afrikaans by die “nasie” verduidelik Langenhoven die saak steeds binne die metaforiek van die donkie en die water soos volg (1934:15):

Die donkie het dors. Sy vulletjie het dors. Hy sien duisende ander dorstige vulletjies rondom hom van sy nasie. Hy weet waar die dam water is om die dors te les. Hy weet die naaste pad soheentoe; maar die pad is verspér.

(Uit die res van die lesing word die vermoede bevestig dat die “water wat die dors kan les” die huistaal van die “vulletjies”, Afrikaans, is – AMJ.)

Langenhoven bou sy volgende argument rondom die ooreenkomste en verskille tussen die woorde *moeder* en *mother* wat klankmatig feitlik dieselfde is en uiteraard albei dieselfde “logiese definisie” het. Die Engelse *mother* het hy egter by sy Engelse goewernant geleer en die woord verteenwoordig daarom vir hom ’n “intellektuele geskiedenis” en nie ’n “psiegiese” een nie, terwyl die Afrikaanse *moeder* “’n goue draadjie deur die bonte weefsel van (sy) siele-geskiedenis (vleg)” (1934:20). Hy verwys dan na die feit dat Latyn in die Middeleeue die taal van geleerdheid was, en dat geleerdes dit goed geken het. Nogtans was dié tydperk letterkundig gesproke ’n “dorre woestyn”: die “*mother* wou maar nie hulle *moeder* word nie” (1934:23).

Die uitgangpunte van eietydse taalsosioloë soos onder meer Vic Webb (wat na taal as “merker van sosio-kulturele identiteit” verwys – soos voorheen aangehaal), word deur Langenhoven in 1914 reeds soos volg verwoord:

...ons het reeds gesien dat die moedertaal van die individu meer is as sy verstands-medium. Dit is ook sy gevoels-medium. En juis omdat dieselfde gevoels-medium die kommunkasie-band vorm tussen al die lede van die volk, *daarom is die volks-taal die semént van nasionale gevoel* (1934:25-26) (my kursivering).

Hy spreek voorts ’n kommer uit wat myns insiens in die eie tyd steeds ewe geldig is, nl. dat Afrikaanse kinders wat Engels as die meerderwaardige taal en kultuur

ervaar, die persepsie sal ontwikkel dat hulle self minderwaardig is – “nie omdat (h)y (die Engelssprekende - AMJ) dit sê nie, maar deur my eie erkenenis:”-

Ons kinders word nie opgevoed om op hulle bors te kan slaan en hulle hoof hoog te hou en 'n ander nasie-man in die oë te kyk en te sê: “Ek is 'n Afrikaner en jou gelyke, en as dit op dae daarop aankom, jou meerdere” nie... (1934:66).

'n Laaste baie belangrike aspek van miteskepping in hierdie lesing van Langenhoven is sy bekende uitspraak rondom Afrikaans (1934:67):

... dis ons kostelikste roem, ons hoogste besitting: die één enigste *witmans-taal wat in Suid-Afrika gemaak is* en nie oor die seewater klaar gekom het nie, wat die spore van die lief en leed dra van alles wat ons en ons vadere hier deurleef en deurworstel en deurtriomfeer het; die één band wat ons as nasie aan mekaar het; *die uitgedrukte siel van ons volk* (my kursivering).

Twee afleidings uit bostaande woorde van een van Afrikaans se heel belangrikste vroeë miteskeppers, is die volgende:

- Afrikaans is in die naoorlogse tydperk baie eksplisiet deur sy intellektuele leiers as mitiese bindingsmiddel van Afrikaner-volksidentiteit en Afrikanernasionalisme verwoord; en
- Afrikaans is deur Langenhoven beskou as uitsluitlik 'n “witmans-taal” (volgens Steyn 1980:276 moontlik juis so gedefinieer in reaksie op die stigmasering van Afrikaans in die negentiende eeu as “Hotnotstaal”).

Hierdie stelling van Afrikaans as “witmans-taal” het waarskynlik bygedra tot die vestiging van die mite van Afrikaans as “eksklusiewe besit” van wit Afrikaanssprekendes (soos in hoofstuk 5 van hierdie proefskrif weer bespreek word), maar is deur die werk van latere taalsosioloë rondom die “veelrassige” aard van Afrikaans, hermitologiseer.

Binne die diskoers van hierdie proefskrif sou daar egter beweer kon word dat sekere aspekte van Langenhoven se miteskeppende standpunt nog in baie opsigte as geldig beskou kan word:

1. Afrikaans is wel 'n taal wat in Afrika gemaak is en wat dus nie oor die see gekom het nie;
2. Afrikaans dra steeds die “spore” – in sy woordeskat, letterkunde en simboolwaarde – van die “lief en leed” van die Afrikanervolk; en
3. Alhoewel die historiografie van Afrikaans ná Langenhoven die beduidende impak van die slawe uit die Ooste, asook van die inheemse bevolkings van Suid-Afrika op die wording van Afrikaans deeglik in berekening bring, bevestig navorsing (soos onder meer dié van Theo du Plessis rondom die Afrikaanse taalbewegings) dat (wit) Afrikanernasionalisme 'n belangrike bydrae gelewer het tot die statusverwerwing van Afrikaans.

Die “mite van Afrikaans as witmans-taal” het dus nuwe inhoude gekry en is hermitologiseer om die rol van bruin en swart mense in die wording van Afrikaans te verreken, maar die wesentlike “waarheid” van die Afrikaverbondenheid van Afrikaans **en** van wit mense se belangrike bydrae t.o.v. statusverwerwing vir Afrikaans het steeds 'n “tydlose waarheidskwaliteit” wat die mite nie volkome ongeldig maak nie.

4.5.4 Afrikaans as mitiese “middel tot die (politieke) opheffing en vereniging van Afrikaners”

Verskeie taalstryders het 'n intuïtiewe insig gehad in die *taalsosiologiese faktore wat die groei van 'n taal bepaal* – pres. Steyn in die selfbeeld, genl. Hertzog en pres. Steyn in die waarde van amptelike erkenning, verskeie ander in die belangrikheid van die ekonomiese aantrekkingskrag, kulturele waarde en onderwys (Steyn 1980:215-216).

In verband met die sogenaamde “naoorlogse taalbeweging” en Hertzog se rol daarin maak Du Plessis die volgende insiggewende opmerkings (1986:72,73):

Die Naoorlogse Afrikaanse Taalbeweging vanaf 1914 kan beskou word as 'n Afrikaanse taalbeweging omdat Afrikaans (noordelike Afrikaans) pertinent deur leiers soos J.B.M. Hertzog gebruik is as *middel tot die politieke opheffing en vereniging van Afrikaners* binne die nuwe Afrikaner-partypolitieke organisasie, die Nasionale Party. Heelwat gegewens uit die beskikbare literatuur bevestig hierdie waarneming.

Du Plessis haal voorts onder andere vir Giliomee en P.J. Nienaber aan in verband met die rol van Hertzog:

Hertzog [...] from an early stage *employed language as a mobilizing tool* ... (Giliomee 1979:106);

en

(Hertzog het) *die taal as uitgangspunt vir die handhawingstryd* van die Afrikaner geneem (Nienaber 1964:82).

Volgens Du Plessis het Hertzog “Hollands” gebruik as taal vir die genoemde politieke manipulasie van die Afrikaner. Hierby het Hertzog Nederlands en Afrikaans ingesluit. Du Plessis wys egter daarop dat “so ‘n indeling op geen (taalkundige) gronde (berus) nie, aangesien Hollands ‘n dialek van Nederlands is” (1986:74). Die plan het nogtans vrugte afgewerp, want in 1917, drie jaar na die stigting van die Nasionale Party, is Afrikaans as die party se amptelike taal aanvaar, en in 1925 word Afrikaans ‘n amptelike taal naas Engels en Nederlands.

(Besonderhede oor genoemde gebeure is nie hier so belangrik as die afdoende bewyse van die resultate van die mitologiseringsproses tot op daardie stadium nie – AMJ.)

4.6 Die mite “kry vlerke”: die stigting van die Nasionale Party en statusverwerwing vir Afrikaans (1915-1925)

4.6.1 Die “Afrikaner-party” en Afrikaans

Du Plessis (1986:74) haal uit Van Heerden, 1975:241 aan om daarop te wys dat die Nasionale Party binne twee jaar na sy stigting in 1914 reeds “*sy vlerke oor die hele land gespan (het)*” en die “*boodskap van Afrikanernasionalisme kragtig*

uitgedra het.” Du Plessis wys daarop dat volgens Scholtz (1979:39) hierdie nasionalisme “die Afrikaner gedwing (het) om *vir die gelyke erkenning van sy taal te stry*” en maak dan die volgende afleiding (1986:75):

In die lig daarvan spreek dit vanself dat elke politieke terrein wat die Nasionale Party sou verower, ook ’n wins vir Afrikaans sou wees. *Die party het gestaan vir die Afrikanerbelang – ook vir sy taalregte.*

(Hierdie feit was van toepassing op die jare wat beskou kan word as die aanloop tot die Nasionale Party-meerderheid in 1948, maar ook daarna en uiteindelik tot met die einde van dié party se bewind na die demokratiese verkiesing deur alle stemgeregtigdes van alle bevolkingsgroepe in die land in 1994.)

4.6.2 Miteskepping in die Afrikaanse pers, 1915

Naas die stigting van die Nasionale Party in 1914, kom daar in 1915 ook twee invloedryke Afrikaanse koerante, *Het Westen* (na Maart 1915 *Het Volksblad*) en *De Burger* tot stand.

Hoewel *Het Westen* nie die rebellie steun nie, toon die koerant duidelik begrip vir die rebelle en herinner lesers daaraan dat “*ze nog ons vlees en bloed*” is. (Steyn 1980:198).

Die mite van één Afrikanervolk in wording word in verskeie uitsprake in *Het Westen* in 1915 uitgespel. So bestempel die koerant homself as “een mondstuk van de Afrikaner” (12 Maart 1915, aangehaal in Steyn 1980:198) en verduidelik in die laaste uitgawe voor die naamsverandering na *Het Volksblad* dat die koerant *tuis gekom het* in baie huise in die Oos- en Wes-Transvaal, baie huise in elke distrik in die Vrystaat en die meeste dele van die Kaapkolonie.

En verder:

Dit nationale blad was feitelik *een volksblad* geworden... *Het is het volk, het is Z.A. die ons roept en wel met een stem welke met elke post al luider klinkt en meer nadruk er op legt...* (23 Maart 1915, Steyn 1980:198).

Oor die reaksie van lesers op die koerant, berig die redakteur van *Het Westen* op 16 Maart 1915 soos volg (Steyn 1980:199):

Geen vleierij, geen kunstmatige praatjes van dank. Nee, *een onkeerbare stroom van volksliefde en diepte van gevoel* welke we niet kunnen vertolken... Wat is dit? Wat betekenit het? *Het nationale hart begint te spreken, begint te smachten naar zijn eigen dat hem toebehoort, zijn Afrikaner volk. Het smacht naar dat wat Afrikaans is, zelfs 'n kind smacht naar zijn moeder die afwezig is.* Overdreven is het niet. De tekenen zijn er; ze stromen op dit kantoor binnen.

Hierdie “roering van die volkshart” soos die koerant dit ervaar, word nog verder verduidelik in die uitgawe van 26 Maart 1915 (Steyn 1980:199):

Het is werkelik onverklaarbaar. Het is *'n roering welke uit het hart opwelt naar de lippen en die zeggen met tevredenheid en met trots: “Ik is Afrikaner”*. Het is een stille zachte, vredelievende stroom die door Zuid-Afrika gaat en elkeen die daarmee in aanraking komt doet zuchten: “Ek is daarom blij dat ik Afrikaner is”. *En met dit zucht verdwijnt de Vaal Rivier, verdwijnt de Oranje Rivier, verdwijnt het woord Kapenaar, Vrijstater of Transvaler. Er is net één uitroep in het hart: “Ik is Afrikaner” en het hart wordit week teenover dat wat Afrikaans is...*

Dit is van belang vir hierdie studie om daarop te let dat, hoewel die taal in bostaande aanhaling nog meer Nederlands as Afrikaans is (hoewel met insiggewende afwykings soos “Ik is Afrikaner”), die begrip “Afrikaner” en “Afrikaans” reeds teen 1915 goed gevestig blyk te wees. Daar is ook duidelik reeds 'n onteenseglike verband tussen die Afrikaner en Afrikaans (vergelyk bv. die uitspraak dat diegene wat verklaar dat hulle “Afrikaners” is, se harte ook “week” word “teenover *dat wat Afrikaans* “ is). Mens sou dus kon beweer dat die mite van Afrikaans as die bindmiddel en “eiendom” van die Afrikaner hier reeds gevestig begin raak het.

4.6.3 Die begin van ekonomiese mobilisasie deur Afrikaners

Afrikanernasionalisme het vinnig opgebloeï in die eerste dekade van die twintigste eeu, en het veral momentum gekry na die 1914-rebellie (waartydens broerdertwis ontstaan het oor deelname saam met Brittanje aan die Eerste Wêreldoorlog al dan nie) en die 1922-Mynwerkerstaking. Hierdie staking oor loonsverlaging het onder die steenkoolmynwerkers begin en daarna na die goudmynwerkers uitgebrei. Genl. Smuts het die staking met geweld onderdruk, maar dit het hom politieke steun gekos en die Nasionale Party-/ Arbeidersparty-koalisie in 1924 die verkiesing laat wen. Die belange van die werkers – onder wie op hierdie stadium baie Afrikaners was – is deur hierdie koalisie gedien.

M.E.R. beskryf hierdie gebeurtenis en die Afrikaner-reaksie daarop soos volg (1972: 222):

[...] die Nasionaliste het in 1924 aan bewind gekom, vir die eerste maal. Die opgewondenheid in onse redaksiekantore in Keeromstraat (sy was toe in die redaksie van *Die Burger* – AMJ) was groot! Ek onthou ook hoe ek eendag, toe die eerste vreugderoer verby was ... gesê het: "En wat gaan *die Mammon* nou maak?" Want vir my was dit 'n onmoontlikheid dat *die Mammon* op die Nasionale Kabinet die geringste vat kon kry. Nou ... kan die Afrikaner *ons land en volk regeer* en al die dinge tot uitvoer bring, *ten bate van land en volk*, waarvan ons al so lank gepraat en geskryf het, en wat *die Engelse nimmer en nooit sou uitvoer nie*. So het ek [...] gedink; en so ook seker *duisende Afrikaners*.

Hoewel hierdie twee gebeure (die Rebellie en die mynwerkerstaking) in sigself traumaties was, het hulle positiewe gevolge gehad ten opsigte van Afrikaans en Afrikanernasionalisme. Steyn (1980:197, 201) reken dat Afrikaans onregstreeks daardeur bevorder is omdat die volksgevoel van die Afrikaner daardeur versterk is.

Afrikanernasionalisme en die eenheidsgevoel onder Afrikaners het ook aanleiding gegee tot die "Helpmekaar-geldinsameling" na 1914 waarmee skuldeise teen en boetes van die Kaapse rebelle betaal is deur mede-Afrikaners,

veral van die Vrystaat en Kaapland. Genoeg geld is hiervoor ingesamel en daar was selfs geld oor. Steyn (1980:200) se afleiding is dat die sukses van die Helpmekaar-insameling “*sielkundig van aard*” was:

Die Afrikaners het besef dat hulle, hoe arm hulle ook al was, tog heelwat geld het... ’n paar maande daarna, in Maart en April 1918, is die eerste groot moderne Afrikanerondernemings gestig, naamlik Santam en Sanlam.

4.6.4 Die Afrikaner-“*Broederbond*”

In die tydperk net na die 1914-rebellie en op grond van die sukses met die Helpmekaar-fondsinsameling het die “gedagte posgevat om die Afrikaner-Broederbond (AB) te stig” (Steyn 1980:200).

Daar was wel later jare heelwat kritiek teen die AB, skryf Steyn, maar “wat selfs teenstanders toegee, is dat die stigting destyds geregverdig was en die AB baie gedoen het om diskriminasie teen *Afrikaners en Afrikaans* te verminder. Die Broeders het hulle byvoorbeeld beywer vir ’n geneeskunde-fakulteit aan ’n Afrikaanse universiteit, die bevordering van Afrikaans in die regs- en handelswêreld en die opheffing van verarmde Afrikaners.”

Hierdie neiging om die “eie groep” op te hef, na sy armes om te sien en sy ongeletterdes te onderrig – al is dit soms deur miteskepping vanuit die eie lewensbeskouing – is myns insiens een van die eienskappe wat baie kenmerkend was van die Afrikaner in die tydperk onder bespreking. Dit het dan ook weer verder bygedra tot die uitbouing van die Afrikanermities van Christelikheid, nasionaliteit en die “Wonder van Afrikaans.”

4.6.5 Die ampstaalwording van Afrikaans

Du Plessis beweer dat die Naoorlogse Taalbeweging die “enigste taalbeweging (is) wat uitgeloop het op die standaardisasie van Afrikaans” en daarom die

“enigste suksesvolle taalbeweging.” (1986:75). Hierdie proses van standaardisasie word in 1914 reeds aangevoer en loop uit op die erkenning van Afrikaans as amptelike taal in 1925.

Onder die hoogtepunte in bogenoemde standaardisasieproses wat uitgeloop het op ampstaalwording, noem Du Plessis (1986:76) onder meer die volgende hoogtepunte:

- Langenhoven se pleidooi in 1914 voor die Kaaplandse Provinsiale Administrasie om Afrikaans as onderwysmedium in te voer³. (Goedkeuring word verleen op voorwaarde dat die toe reeds gestigte Akademie spel- en skryfreëls opstel en handboeke voorsien);
- Goedkeuring op 15 September 1915 van die algemeen-erkende spelreëls vir Afrikaans soos opgestel deur 'n Akademie-kommissie;
- Die verskyning in 1917 van die eerste *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (die AWS) van die Akademie in 'n oplaag van 2000 eksemplare (die AWS beleef in 1921 reeds 'n derde druk);
- Die verskyning in 1922 van 'n Afrikaanse vertaling van “Die Vier Evangelies en die Psalms”;
- Toekenning in 1925 van volle amptelike status aan Afrikaans naas Engels en Nederlands;
- Die opdrag in 1926 vir die saamstel van 'n omvattende Afrikaanse woordeboek, die “Woordeboek van die Afrikaanse Taal” (die WAT).

³ Sien die bespreking rondom die soortgelyke pleidooi oor Afrikaans as voertaal in die laer onderwys tydens die jaarvergadering van die Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst” in Bloemfontein in 1914 (4.5.3 hierbo).

Vir die doel van hierdie studie is dit belangrik dat Afrikaans ook wat die korpusbeplanningsaspekte van taalbeplanning betref, gestandaardiseer moes word, aangesien standaardisasie en verskrifteliking van 'n taal 'n voorvereiste vir amptelike status vir die betrokke taal is. Andersyds het die behoefte onder Afrikanernasionaliste en -kultuurleiers aan statusuitbreiding vir Afrikaans die motivering tot standaardisasie en kultivering van die taal gebied. Ponelis (1992:72) bevestig hierdie stelling:

Die belangrikste *sosiale dryfkrag* agter die *waardering* en die daaropvolgende *kultivering* van *Afrikaans* was *Afrikanernasionalisme*, wat in die geskiedenis bekend staan as die Tweede Taalbeweging (Du Plessis: die *Naoorlogse taalbeweging* – AMJ).

4.7 Die handhawing van die mite (1925-1938)

4.7.1 Die “handhaaffase” van die “naoorlogse taalbeweging”

Du Plessis (1986:78) wys daarop dat 1925 en die amptelike erkenning van Afrikaans die “strydfase” van die Naoorlogse Taalbeweging afgesluit het en die “handhaaffase” ingelui het, en maak dan die volgende afleiding:

Die dryfveer agter die “handhaaffase” van die Naoorlogse Taalbeweging is steeds *Afrikanerpolitiek*. *Afrikaans staan steeds in diens van hierdie politiek*. *Dit is immers een van die redes waarom Afrikaans vandag so erg verpolitiseer is*.

Hierdie uitspraak van Du Plessis is van belang vir die gang van hierdie studie, aangesien dit reeds lig kan werp op die intense verbondenheid tussen “regte Afrikaners” en hulle taal, wat tot in die huidige bedeling ingedra is en sommige Afrikaners laat dreig om “die wapens op te neem” vir die behoud van Afrikaans. Dit is ook die rede waarop P.H. Swanepoel in sy intreerede as departementshoof van Afrikaans aan Unisa, 29 Augustus 1991, kon praat van die “liefdesverhouding tussen Afrikaans en die Afrikaanssprekende”.

Naas die korpusontwikkeling wat ook in die genoemde fase momentum gekry het, was die handhawing van Afrikaans se nuutverworwe status vir die taalstryders van die allergrootste belang. Afrikanerorganisasies soos onder andere die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (die FAK) wat in 1929 opgerig is, het hulle doelgerig hiervoor bemoei.

4.7.2 Korpusontwikkeling ter ondersteuning van die mite

Volgens Du Plessis het die tweede fase van die Naoorlogse Taalbeweging ook verdere korpusontwikkeling ingesluit in die vorm van leksikale modernisasie en vaktaalontwikkeling. Soveel is na 1925 gedoen ten opsigte van die ontwikkeling van Afrikaans as kultuurtaal dat die taalkundige, M.J. Posthumus, in 1956 kon verklaar:

Ek glo nie ons generasie is in staat om die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope dertig jaar in sy volle omvang te skat nie. Dit het alles so sonder basuingeskal plaasgevind, maar die uitwerking daarvan is nou al beslissend vir die toekoms (aangehaal in Steyn 1980:211).

Steyn beweer in hierdie verband dat 'n taalbeweging nie alleen "n stryd (het) om bepaalde 'hoë funksies' vir die taal te verower nie, maar ook *om die taal geskik te maak vir dié funksies* (Steyn 1980:211).

4.7.3 Vir en teen Afrikaans-moedertaalskole

Intussen ontstaan daar in die jare twintig en dertig baie Afrikaanse moedertaalskole. Baie Afrikaanse ouers het nie van die moedertaalskole gebruik gemaak nie, maar steeds hulle kinders in Engelse skole gesit "ter wille van beter kansen in die oorwegend Engelse stede" (Steyn 1980:208). (In hierdie verband blyk die mite van "niks nuuts onder die son nie" duidelik waar te wees –AMJ.)

Andersyds was daar ook "trouwe Afrikaners" (vgl. Steyn 1987) wat op verskeie maniere hulle taalgetrouheid gehandhaaf het. Een so 'n voorval wat in *Die*

Weste van 2 Oktober 1931 berig is, was dié van 'n seun wat op 'n Johannesburgse sportbyeenkoms die halfmyl gewen het en toe sy medalje geweier het omdat daar nie ook Afrikaans op was nie. Dieselfde besluit is deur 'n tweede seun by dieselfde byeenkoms geneem nadat hy die versprings gewen het. Laasgenoemde het gevra of hy eers na die medalje mag kyk voordat hy dit neem. Toe die persoon wat die medalje sou oorhandig, daarop antwoord dat die seun die medalje moes neem of los, het hy dit geweier. Albei hierdie leerlinge was atlete van die Afrikaans Hoër Seunskool van Pretoria (Steyn 1987:1).

Afrikaanse kinders wie se ouers minder taalgetrou was en verkies het dat hulle kinders in Engels skoolgaan, het dikwels skolasties daaronder gely. Steyn noem die geval van 102 kinders in een Engelse skool wat in 1933 in opdrag van die Transvaalse Administrateur verstandelik ondersoek is omdat hulle nie kon vorder nie. Daar is bevind dat hulle verstandelik niks makeer het nie, maar dat hulle nie kon vorder nie omdat hulle almal Afrikaans was en nie in die Engelse skool kon vorder nie (1980:209).

Engelse organisasies en die Engelse pers was sterk gekant teen Afrikaanse moedertaalskole. Hierdie stryd het in die veertigerjare 'n hoogtepunt bereik. Kampvegters teen moedertaalskole se hoofargumente het gehandel oor die feit dat sodanige Afrikaansmediumskole “in die weg staan van tweetaligheid en groter samewerking tussen die twee taalgroepe” (Steyn 1980:209).

Steyn meen die weerstand in die Engelse pers teen “separate ‘pure’ Afrikaanse organisasies en skole (was) niks anders nie as *'n swak verbloemde teleurstelling dat nie méér Afrikaners hulle laat verengels het nie*” (1980:210).

Hierteenoor het kampvegters teen die sogenaamde parallel- en dubbelmediumskole, onder andere prof. Chris J. Coetzee, verwys na die “verswygde ideaal” van sodanige skole, nl. “die verengelsing van die Afrikaner” –

want “*in die diepste hart* van die Engelse voorstanders van die Dubbelmediumskool, leef die hoop en die verwagting dat op dié wyse hulle hul grootste moeilikheid in Suid-Afrika sal oplos, naamlike *die aparte voortbestaan van ’n Afrikanervolk*” (in *Inspan*, Desember 1942, aangehaal in Steyn, 1980:210).

Die “Engelse voorstanders” na wie hierbo verwys word, was vanselfsprekend nie vry van hulle eie mite nie, nl. die mite van die Engelse taal as die sinvolle weg – ’n “beter weg” as Afrikaans - na behoorlike opvoeding, geleerdheid en uiteindelik sukses .

Dis duidelik dat op onderwysgebied, miskien meer as op enige ander terrein van die maatskappy, mites gedy rondom die verbondenheid tussen ’n volk, sy taal en sy volkskarakter, te wete sy waardes, tradisies en dryfvere. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat kinders die vatbaarste is vir beïnvloeding, en dus vir miteskepping, en dat hierdie feit dikwels vir verskeie oogmerke uitgebuit word.

4.7.4 Enkele gebeure in Afrikanergeledere en in die groter Suid-Afrika in die jare tussen 1923 en 1938 wat ’n impak op die gang van die mite gehad het

Die presiese verloop van die historiese gebeure voor die oorwinning vir die Nasionale Party in die 1948-verkieping is nie die fokus van hierdie studie nie. Wat wel van belang is, is die miteskepping binne Afrikanergeledere rondom Afrikaans en die impak van Afrikanernasionalisme wat bygedra het tot hierdie oorwinning.

Armoede onder baie Afrikaners in die dekades na die Anglo-Boereoorlog was ’n brandende vraagstuk in Afrikanergeledere. M.E.R. beskryf die probleem soos volg (1972:236):

Hierdie armoede-probleem wat in die na-oorlogse jare by ons al hoe meer op die voorgrond getree het, het my in die loop van my werk in die redaksie van *Die Burger* baie aangegryp. Moontlik omdat ek self arm

grootgeword het en tog nooit kon begryp dat ek om daardie rede aan 'n *ander volksgroep* behoort het as die *kinders van die welgesteldes* nie.

Oor die eerste kongres van die “Nasionale Vroueparty” berig sy in *Die Burger* van 13 Desember 1923 en haal aan uit die kongrestoespraak van die leier van Kaapland se Nasionale Party, dr. Malan:

Die vrou gaan *die politiek ophef*, en gaan daar *ideaal inbring*... daar is sake waarin die vrou net soveel weet as die man, en meer hart voor het, en in sulke sake moet die vrou 'n medeseggingskap hê, byvoorbeeld opvoeding, gesondheid, behuising, die groot toenemende arm-blank-kwessie (1972:228).

(In die lig van die geskiedenis van die vrou in die politiek – waar sy eers heelwat later regtig 'n impak gemaak het - lyk hierdie ophemeling van die vrou in 1923 eerder na propaganda as 'n bona fide-voorneme om vrouens in die politiek van die dag te betrek.)

Toe Hertzog se party in 1924 aan bewind gekom het, is politieke partye deur wetgewing belet om deel te neem aan enige liefdadigheidswerk en “die vroue wat hulle volk wou *gesond maak, belese maak, opgevoed sien* – hulle het ook gesien dat *hoewel dit nog hulle taak was*, die partypolitiek nooit daarvoor gebruik sou word nie” (M.E.R. 1972:228). Vroue het daarna soos mans lede geword van die Nasionale Party.

In genoemde diskoerse (soos hierbo aangehaal deur M.E.R.) is daar duidelik gebou aan die mite van die vrou as “opvoeder en versorger” en, hoewel die vroueparty doodgeloop het, is hulle aanvoorwerk met groot ywer verder deur vroue-organisasies soos die A.C.V.V. (Afrikaanse Christen-Vrouevereniging) voortgesit.

'n Interessante gebeurtenis waaruit verdeeldheid binne Afrikanergeledere afgelees kan word, word ook deur M.E.R. geskets (1972:251). Dit handel oor die besluit van die Suid-Afrikaanse Engelse om in 1925 die Prins van Wallis vir

'n besoek te nooi. Die skryfster meen dat dit “begryplik (is) dat dit vir die Engelssprekendes hartversterkend (was), want vir hulle beteken die koning werklik *sielsvoeding en hulle voel soms seker behoefte daaraan.*” Problematies vir baie Afrikaners was egter die feit dat sommige vooraanstaande Afrikaners na die ontvangste gegaan het, dat die Stellenbosse studente die prins “feestelik en met groot demonstrasie onthaal het” en dat die prins boonop 'n krans in Bloemfontein “aan die voet van die Vrouemonument” gaan lê het.

In verband met die bostaande gebeure, het M.E.R. 'n brief, gedateer 15 April 1925, van haar swaer, Jan van Zyl, van Swellendam-distrik ontvang vir publikasie in *Die Burger*. Miteskepping is duidelik waarneembaar in die verwysing van Van Zyl na Jesus se antwoord aan die ryk jongeling wat salig wou word, nl. dat hy alles wat hy het moet verkoop en Hom (Jesus) moet volg:

Ons is ryk, ons wil salig word, maar wil ons die prys betaal? Laat staan die *veroweraar en volg Suidafrika*. Sal ons dit regkry? Wat het die verlede ons geleer? *Om die Engelse goedkeuring weg te dra, is ons grootste swakheid... Dit is die wurm wat knaag aan die wortel van ons ontwikkeling. Ons voormanne wat die kiem ingekry het, het almal daaraan beswyk...* (M.E.R. 1972:252).

In 1931 is 'n Afrikaanse jeugbeweging, die Voortrekkers, gestig. Baie Afrikaanse kinders het voor 1931 aan die “Boy Scouts” en die “Girl Guides” van Baden Powell behoort. Die gedagte het egter ontstaan aan “iets meer landseie” (M.E.R. 1972:253). Toe 'n kommissie van Afrikaanssprekendes saam met Scout-leiers byeengekom het en lg. aangedring het op die Union Jack as simbool en die sweer van trou aan die koning, het die Afrikaanse groep (onder andere M.E.R., Ben Taute, dr. N.J. van der Merwe, mev. Pellisier, Tibbie Visser en M.M. Jansen en genl. Hertzog) besluit “om 'n aparte Afrikaanse beweging te laat gedy.” So kom die Voortrekkerbeweging tot stand, 'n Afrikaanse jeugbeweging wat beslis ook sy deel vir miteskepping gedoen het.

In 1933 het veral ekonomiese oorwegings soos die wêreldwye depressie en die feit dat Brittanje, een van Suid-Afrika se belangrikste kopers, van die goudstandaard afgestap het, asook ernstige binnelandse droogtes Hertzog se Nasionaliste gedwing tot 'n koalisie met die SAP-party (Steyn, 1987:82). Die koalisie is opgevolg deur die sogenaamde “saamsmelting” (waardeur die Verenigde Party tot stand kom). Baie Afrikaners was hieroor ongelukkig. Intussen wou die Natallers afskei van die Unie omdat die verpligte tweetaligheid hulle “beswaard laat voel (het)”. Die afstigingsbeweging is gelei deur ene Stuart Helps wat na tweetaligheid verwys het as “the bugbear of bilingualism” (1987:83). Die afskeiding van Natal het nooit werklikheid geword nie.

Oor die posisie van die Nasionale Party na die samesmelting beweer M.E.R. dat “die Nasionale Party swak geword (het), maar (dat) nasionalisme so sterk of sterker (is) as voorheen” (1972:229).

4.7.5 Die “simboliese ossewatrek”, 1938

Die sogenaamde “simboliese ossewatrek” van 1938 vanaf Kaapstad en ander verafgeleë plekke na Pretoria ter herdenking van die Eeufeesviering van die Groot Trek en daarna die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938 het grootliks bygedra tot mite(her)skepping by die Afrikaner.

Dr. Cas Bakkes (2001:1) stel dit soos volg:

Die Simboliese Ossewatrek van 1938 lei tot 'n nasionale herontwaking by die Afrikaner wat a.g.v. die depressie in die vroeë dertigerjare met 400 000 wit mense onder die broodlyn in sy geledere leef... Die geesdrifwekkende herdenking van die Groot Trek 100 jaar tevore het baie gedoen om die Afrikaner se *verrinneweerde selfbeeld te herbou*. **(Hierdie opmerking ondersteun die uitgangspunt van hierdie diskoers, nl. dié van miteskepping as singewing en die kweek van selfrespek en eiewaarde – AMJ.)**

In sy “Boodskap aan die Afrikanervolk” in die voorwoord van die *Gedenkboek van die Ossewaens op die pad van Suid-Afrika, Eeufees 1838-1938*, sê die hoofleier van die simboliese ossewatrek, H.J. Klopper, onder meer:

God die Almagtige, is die Skepper van die heelal. Hy het mense geskape en daarna volke in aansyn geroep. Die Afrikanervolk het Hy ook in aansyn geroep en *Suid-Afrika vir ons gegee as 'n tuiste en 'n vaderland*. Die *vryheidsin* is 'n gawe Gods. Niemand is gebore om iemand se slaaf te wees nie, persoonlik, staatkundig, ekonomies, geestelik of andersins. Die Afrikaner wil en gaan niemand se slaaf wees nie. *Die rots waaruit ons gekap is, die put waaruit ons gegrawe is, sal nooit toelaat dat die ideaal van 'n afsonderlike nasieskap met alles wat dit meebring in elke opsig en in die volste betekenis van die woord vir die Afrikaner verlore gaan nie...* Afrikanerdom, jy het 'n heerlike toekoms. Oorwinning is joune. God het Suid-Afrika aan jou gegee. *Die Voortrekkerideale leef nog steeds brandende voort. Die Vrou van Suid-Afrika leef. Voor in die wapad brand daar 'n lig. Die lig van nasieskap. Volg dit, en jy sal leef en seëvier...*

Bogenoemde is maar een voorbeeld van miteskeppende of mite-ondersteunende taal in 'n gedenkboek wat 813 bladsye beslaan. Tereg het dr. G.C. Cillie beweer dat die “nuwe Trek van 1938 byna net so belangrik (is) (as dié van 'n eeu tevore – AMJ) omdat dit 'n groot herlewing by ons volk teweeggebring het” (Mostert 1940:540).

Steyn (1980:219-221) skryf ook oor die impak van die simboliese trek, onder meer soos volg:

Dr. N.J. van der Merwe, 'n bekende politieke en kultuurleier, het die aand van 8 Augustus (toe die eerste kakebeenwa uit Kaapstad vertrek het – AMJ) op Goodwood uitgeroep: “Vanaand dank ek God dat ek Afrikaner is!”

Op ... plekke het mense die waens gesoen en in trane uitgebars, blindes het die waens van voor tot agter op elke plekkie bevoel, siekes en krepeles is van hul bedde uitgedra om die waens ook te kan sien.

Orals in die land is name van strate, parke en tuine verander na die name van Voortrekkers, geskiedkundige gebeurtenisse en plekke.

Schalk Pienaar het in sy verslag oor die hoeksteenlegging in *Die Burger* effer oorboord gegaan met betrekking tot die miteskeppende aard daarvan (Steyn 1980:221):

VOORTREKKERSTAD, Vrydag

In hul tienduisende geskaar om die *Afrikaner-heiligdom vir alle tye* het die *Boerevolk* vanmôre in die grootste fees wat Suid-Afrika nog gesien het, homself *opnuut gewy aan die ideale van 'n helde-voorgeslag*.

Meer as honderdduisend mense was in die Eeufeeskamp aanwesig toe die drie afstammeling van die *drie groot Voortrekkerhelde* honderd jaar na die Dingaanslag wat *Afrika vir die blanke beskawing oopgestel het*, die hoeksteen van die Voortrekkermonument *namens die volk gelê het*.

Terselfdertyd is 'Die Stem van Suid-Afrika' as *volkslied van die land aanvaar* deurdat die *geweldige skare by die eerste klank van die silwertroffels op die hoeksteen*, hierdie lied *spontaan aangehef het*. Ook die Transvaalse en Vrystaatse volksliedere, wat eweneens nie op die program verskyn het nie, het *magtig weerklink*.

Steyn wys daarop dat Schalk Pienaar self later oor hierdie berig "gebloos" het. In die lig daarvan dat die hoeksteenlegging die klimaks van 'n intensiewe proses van miteskepping rondom die simboliese ossewatrek was, is die berig binne konteks meer verstaanbaar. Die afleiding kan gemaak word dat die miteskeppende leiers van die Afrikaner – bewustelik of onbewustelik - daarin geslaag het om net ses-en-dertig jaar na die Vrede van Vereeniging in 1902, 'n **hernude gevoel van eiewaarde en volkstrots** te laat gedy. Intussen het die mite van die "Wonder van Afrikaans" ook gevestig begin raak. Dit was nou 'n grootliks verenigde Afrikanervolk met 'n gekultiveerde, amptelike taal wat die laaste fase voor 1948 binnegegaan het.

4.8 Die mite seëvier: 1938-1948

Steyn (1980:221) wys daarop dat daar tydens die simboliese trek ook "taalinsidente" was. So wou die reëlingskomitee van die fees nie toelaat dat die burgemeester van Port Elizabeth aan die fees deelneem nie omdat die stadsraad vyandig gesind was teen Afrikaansmediumskole en Afrikaanse korrespondensie.

Die burgemeester mog eers die ossewa verwelkom het nadat hy aan 'n afvaardiging die voorneme van die stadsraad oorgedra het om meer simpatiek teenoor Afrikaanssprekendes te staan en Afrikaansmediumskole "in heroorweging te neem."

En by die Skiereiland se fees van 16 Desember het dr. Con de Villiers gewys op die belangrikheid van "*die Afrikaansste van alle Afrikaanse eienskappe – die Afrikaanse taal*" (Steyn 1980:221) vir die voortbestaan van die Afrikaner.

4.8.1 Die Ossewa-brandwag

Die nasionale oplewing het na Desember 1938 voortgeduur. Afrikanerleiers het die moontlikheid gesien om die nasionalistiese gees te bestendig, en op 4 Februarie is die Ossewa-Brandwag (die O.B.) amptelik in Bloemfontein gestig. Lede is beëdig met 'n eed "om nie te rus voor die vryheid van die Afrikanervolk herwin is nie." Van die impak van die O.B. beweer Steyn dat dit "die verbeelding van tienduisende Afrikaners aangegryp (het). Afrikaners wat deur politieke twistes verdeel was, en deur die Ossewatrek nader aan mekaar gebring is, het mekaar in die O.B. weer gevind (1980:223). En M.E.R. het in 'n brief (Bouwer e.a.1977:68) na die O.B. verwys as "een van die beste en mooiste dinge wat nog aan ons volk gebeur het." Bakkes (2001:1) meen dat die hoofogmerke van die O.B. was om "'n gedissiplineerde Afrikanerdom te kweek."

4.8.2 Die Reddingsdaadbond

In dieselfde jaar (Oktober 1939) is 'n Afrikaanse Ekonomiese Volkskongres gehou, waarvan een van die uitvloeisels die stigting van die Reddingsdaadbond in 1940 was. Hierdie bond het Afrikaanse ondernemings tot stand help bring of geld aan bestaande ondernemings geleen en het werk aan duisende Afrikaners verskaf. 'n Finansieringsmaatskappy, Federale Volksbeleggings, en die Afrikaanse Handelsinstituut, asook dr. Anton Rupert se Rembrandt-groep ("...

rook 'n Rembrandt en hoës vir volk en vaderland” – persoonlike mededeling deur Christo van Rensburg) het in die loop van die veertigerjare verder bygedra tot die ontstaan van 'n Afrikaanse handelstaal.

Uit bostaande feite kan afgelei word dat die Afrikaner na 1938 nie slegs sy “mites gedroom het nie”, maar ook konkrete gestalte daaraan gegee het en sodoende vir die eerste keer 'n mag geword het om mee rekening te hou. Steyn (1980:205) wys daarop dat die sterk mededinging deur Afrikaanse ondernemings ook nie-Afrikaanse ondernemings verplig het om Afrikaanssprekendes in diens te neem ter wille van 'n gelykwaardige diens aan Afrikaanse kopers.

4.8.3 Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en Smuts se besluit oor deelname

Intussen het die Tweede Wêreldoorlog in Europa gedreig en is daar gevrees dat Smuts sou besluit om troepe te stuur om saam met Engeland te veg, wat hoogs waarskynlik 'n “tweede rebellie” onder Afrikaners sou ontketen. Suid-Afrika was met die uitbreek van die oorlog op 1 September 1939 'n “sowerein onafhanklike koninkryk en nie outomaties in die oorlog betrokke op grond van Groot Brittanje se oorlogsverklaring nie.” (Bakkes 2001:1). Engelsgesindes in Smuts se regering het nietemin net vier dae na die uitbreek van die oorlog met 'n meerderheid van dertien stemme besluit op deelname aan die kant van Brittanje. Hierdie besluit het “*matelose bitterheid*” onder Afrikaners veroorsaak (Steyn 1980:222).

4.8.4 Die OB en die oorlogsjare

Bakkes vertel in sy referaat oor die strategieë van die O.B. in die oorlogsjare iets van sy eie omstandighede as dertienjarige seun met die uitbreek van die oorlog. Sy eie vader is dood toe hy elf maande oud was, en die behoefte aan vaderfigure het hom Sondag in 'n hoek van die Neethlings se huis in Brooklyn laat bevind, waar hy gretig geluister het na gesprekke oor landsake en oor die oorlog. Hier

byeen was dr. Chris Neethling, “n landbou-ekoonom en hoof-generaal van die O.B. in Noord-Transvaal” (sien die persoonlike vertelling oor die rol van die miteskepper in hoofstuk 2), prof. W.P. de Villiers, adv. Fritz Steyn, dr. Hilgaard Muller, dr. W. du P. Erlank en by geleentheid ook N.P. van Wyk Louw (dr. Neethling se swaer). Bakkes het een Sondag in Junie 1940 saam met sy jong vriend Jack van Dam na die Neethling-huis gegaan met die versoek om ’n Penkopkommando as onderdeel van die O.B. te stig “*wat kon help om die Engelse hier te lande in die see in te dryf*” (2001:3).

Die volgende bespreking bevat woordelike aanhalings of samevattinge uit Bakkes se vertelling (2001:3-18) oor die O.B. en die oorlogsjare:

Na die vorming van die Penkopkommando het Chris Neethling my benoem as rapportganger op sy staf en hoewel ek geen ordergroep (offisiersvergadering) saam met die volwassenes bygewoon het nie, het hy my in sy vertroude geneem en opdragte gegee om uit te voer.

Genl. Neethling het my daarop voorberei dat ’n staatsgreep (’n Putsch) teen die bewind van genl. Jan Smuts in die mou gevoer word en het dit soos volg gemotiveer: Die val van Brittanje is na die oorgawe van die Franse op 21 Junie op die kaarte en die Afrikaner moet ’n Republiek in Suid-Afrika uitroep voordat Duitsland die oorwinning behaal. Wat voorkom moet word, is dat die Union Jack in S.A. vervang word met die Hakekruis. Ons moet as ’n onafhanklike Republiek met Duitsland in onderhandeling tree en daar sal moet aanvaar word dat ons uit Suidwes-Afrika sal moet onttrek...

Ons was as Afrikaners nie soseer pro-Duits nie, maar wel *fel anti-Engels en hewig gekant teen die Britse Empire waarvan ons geen deel wou uitmaak nie.*

Die embleem van die O.B. was ’n arend met gespreide vleuels wat sit op ’n wawiel met in die onderste helfte van die wiel ’n ossewa met die silhoeët van Majuba in die agtergrond.

(Hieruit kan afgelei word dat mites dikwels deur visuele tekens en simbole ondersteun word – AMJ.)

Chris Neethling het aan my verduidelik dat ons 'n ondergrondse bedreiging langs die weg van sabotasie, van allerlei aard, moes skep wat Smuts sal verplig om magte in Suid-Afrika te hou en nie na die buitelandse fronte te stuur nie... Die sabotasie moes egter beperk word tot installasies en nie gerig wees teen soldate of burgerlikes nie. Lewensverlies moes ten alle tye uitgeskakel word. *Afrikanerbloed was kosbaar en dit moes beskerm word* en Smuts moes verhinder word om troepe uit die land weg te kry. Bykomend moes reuse O.B. saamtrekke gereël word met *parades, braaivleisvure, pannekoek- en koffiestalletjies, tablo's met Republikeinse vlae, fakkels en toesprake. Met die saamtrekke kon die Penkoppe en Boeredogters braai, verkoop en paradeer.*

(Dit is duidelik dat hierdie “reuse saamtrekke” veral miteskepping ten doel gehad het – AMJ.)

Bakkes vertel voorts dat die besluit van die kommandant-generaal van die O.B., dr. Hans van Rensburg – 'n regsgeleerde met onder andere ook 'n M.A. in Duits – dat daar sonder gewere opgetree moes word, konflik gebring het met onder andere die joernalis Hans Rooseboom en die militante, nasionaal-sosialistiese Robey Leibbrandt. Tydens “relletjies tussen rooilussoldate en O.B.'s” in Springs en Johannesburg het Hans van Rensburg “hom na die tonele van geweld begeef en tussen die dreigende skares in beweeg en kalmte bewerkstelling. Dit het na albei kante indruk gemaak.”

Toe Smuts in Maart 1941 alle staatsamptenare lidmaatskap van die O.B. verbied het, het Hans van Rensburg aan hulle “eervolle ontslag” uit die O.B. gegee. Van hierdie staatsamptenarelede het egter in die ondergrondse weerstandsbeweging, die Stormjaers, opgegaan.

Bakkes is as vyftienjarige een nag in Brooklyn se polisie-aanklagkantoor aangehou omdat hy en sy vriend Van Dam plakkate waarin “Bundles for Britain” gevra is, gesaboteer het. Sy moeder het nie ingegryp nie, omdat sy as kind twee keer beleef het dat haar ouers se opstal deur die Engelse afgebrand word.

Inligting is op 'n stadium bekom van 'n bataljon Stormjaers wat grootliks uit polisielede bestaan het, en hierna is baie lede van die Stormjaers gearrester

en geïnterneer. Onder andere was Chris Neethling vier-en-veertig maande lank in gevangenskap.

Op grond van verskillende gesigpunte onder Afrikaners teen 1943 was daar later drie partye, nl. die Herenigde Nasionale of Volksparty onder dr. D.F. Malan, die Afrikanerparty onder mnr. Klasie Havenga en die Nuwe Orde Party onder adv. Oswald Pirow. Smuts kon vryliker asemhaal op grond van hierdie verdeeldheid en het 'n nog groter meerderheid in die 1943-verkiesing behaal. In 1947 het Van Rensburg egter sy O.B.'s en Stormjaers begin aanmoedig om by Havenga se party aan te sluit en 'n verenigde front binne Afrikanergeleedere te help skep. Sy strategie was: "Die Afrikanerparty is 'n party sonder 'n organisasie en die O.B. is 'n organisasie sonder 'n party." Uiteindelik het daar oral "soos paddastoete" Afrikanerparty-takke ontstaan en het hierdie party ook met Malan se Volksparty 'n ooreenkoms gestig t.o.v. die 1948-verkiesing. In Mei 1948 het hierdie samewerking gelei tot Smuts se neerlaag en die oorwinning vir die Nasionale Party. Dit was volgens Bakkes ook die direkte wegbereider vir "die stigting van die Republiek van Suid-Afrika buite die Empaaier-statebond" (31 Mei 1961).

Bakkes sluit sy vertelling af deur te verwys na die dood van dr. Hans van Rensburg in 1966 en sy begrafnis met volle militêre eerbewys.

Op sy grafsteen het die Bond van Oud-Geïnterneerdes en politieke gevangenes geskryf: *Afrikaners het hierdie gedenksteen ter ere van doktor Hans van Rensburg opgerig omdat hy hulle gelei het op die lang pad van protes en opstand na die uiteindelijke Republiek van Suid-Afrika.* (2001:18).

Die bogenoemde vertelling is maar een enkele persoonlike dokument oor Afrikaner-belewenisse tydens die woelinge in die veertigerjare. Dit word voorgehou as voorbeeld van die voortgesette "vryheidsdroom" van die Afrikaner waarna M.E.R. ook verwys het, en herinner aan die standpunt waarna in hoofstuk 2 verwys is t.o.v. die belangrikheid van persoonlike getuienis om 'n geskiedkundige tydvak se impak op 'n bepaalde kultuurgroep te rekonstrueer:

As soon as we recognize the *value of the subjective in individual testimonies*, we challenge the accepted categories of history. We reintroduce the emotionality, the fears and fantasies carried by the *metaphors of memory*... And at the same time the individuality of each story ceases to be an impediment to generalization, and becomes instead a *vital document of the construction of consciousness* emphasizing both the variety of experience in any social group, and also *how each individual story draws on a common culture*... (Samuel & Thompson 1990:2).

4.8.5 Die “1948-oorwinning”

Daar word nie vergeet dat die mite waaroor dit in hierdie hoofstuk gaan, dié van *Afrikaans* en die Afrikaner is nie. Dit moet egter op hierdie stadium duidelik wees waarom sonder vrees vir teenspraak beweer kan word dat die geskiedenis van Afrikaans se vordering tot ’n hoëstatustaal in Suid-Afrika nie los te dink is van die groei van Afrikanernasionalisme in die eerste helfte van die twintigste eeu en die politieke oorwinning van die Afrikaner in 1948 nie. Daarsonder sou Afrikaanssprekendes eenvoudig mettertyd moes swig voor die sterk dryfkrag van Britse taalimperialisme.

Steyn (1980:224) bevestig hierdie standpunt:

Die 1948-oorwinning was ook *’n oorwinning vir Afrikaanse taalnasionaalisme*. Die nuwe bewind het die regte van nasionaalgesinde Afrikaners *en van Afrikaans* na jare van vyandigheid en onverskilligheid *opnuut bevestig en in ere herstel*. Die tweetaligheidsvereiste in die staatsdiens is verskerp, waardeur die meer tweetalige Afrikaners in baie gevalle sterker bevoordeel is as die minder tweetalige Engelssprekende. Met die *krag van die bewind* agter hom, het die *Afrikaanse taal op baie lewensgebiede in Suid-Afrika vinniger begin vorder*,’ skrywe P.J. Cillie (Steyn haal hier aan uit Cillie 1953:255.)

4.9 Die rol van die Afrikaner se godsdiens in miteskepping

Die impak van die Afrikaner se Calvinistiese lewensbeskouing op miteskepping sou ’n studie op sigself kon wees. Uiteraard leen die metaforiek van godsdiens

sig tot miteskeppende taalgebruik. Daar is ook in die loop van die bespreking reeds verwys na taalgebruik wat aan die Bybel ontleen is.

Moodie (1975) verwys na die Afrikaner se “burgerlike godsdiens” (“civil religion”) en tipeer dit as die geloof dat God die geskiedenis met betekenis klee, en haal dr. D.F. Malan se miteskeppende uitspraak aan waarin hy volgens Moodie die sentiment van alle Afrikaners verwoord:

Our history is the greatest masterpiece of the centuries. We hold this nationhood as our due for it *was given us by the Architect of the universe. Indeed, the history of the Afrikaner reveals a will and a determination which makes one feel that Afrikanerdom is not the work of men but the creation of God* (vertaal deur Moodie 1975:1).

Moodie gee ’n oorsig oor die Afrikanergeskiedenis voor en tydens die Groot Trek en wys op die belangrikheid van onder andere die aflê van die Bloedrivier-gelofte op 16 Desember 1838 en die oorwinning tydens die veldslag daarna om die geloof van die Afrikaners in God se leiding en beskerming te versterk.

Die impak van die oorwinning word ongeveer honderd jaar later teruggevind, nl. in die toesprake van Afrikanerleiers tussen 1930 en 1940 en in die Gedenkboek van die simboliese ossewatrek (sien 4.7.6 hierbo). Daar word selfs in *Die Burger* van 30 Maart 1940 “met groot respek” na die Gedenkboek verwys as die “Nuwe Testament van Afrikanerdom” (Moodie 1975:11).

Die “burgerlike godsdiens” word ook ondersteun deur simbole soos die Vrouemonument in Bloemfontein, wat die dood van vroue en kinders tydens die Anglo-Boereoorlog herdenk en die Voortrekkermonument in Pretoria. In albei gevalle – en ook by ander monumente in die land – bevind die Afrikaner homself volgens Moodie by die “sacred shrines of the civil religion” (1975:18).

Die rol van die Afrikaner se godsdiens word ook duidelik uit ’n oorsig van Fourie (1986) oor verarmde, verstedelike Afrikaners in die “Goudstad” in die eerste

dekades ná die oorlog. Fourie wys op die belangrike rol van die Afrikaanse kerk as “geestelike trooster” aan arm Afrikaners in die “Goudstad” en noem onder meer die feit dat Afrikaanse kerke in die Afrikaanse voorstede Vrededorp en Fordsburg teen 1909 glo stampvol was tydens eredienste (Fourie 1986:148).

Volgens Moodie is die oorsprong van die burgerlike godsdiens die Calvinisme, aangesien Johannes Calvyn Luther se hervormingsgedagtes in essensie aanvaar het, maar sterker klem gelê het op die opperheerskappy van God, en sy direkte betrokkenheid by die lotgevalle van mense en volke. Paul Kruger, president van die Transvaalse Republiek tydens die Anglo-Boereoorlog was die eerste leier wat die burgerlike godsdiens, geskoei op die leer van Calvyn, onder woorde gebring het in 'n reeks toesprake by Paardekraal. Kruger wys hier op die uitverkorenheid van die Afrikanervolk, wat uit die Kaapkolonie na die wildernis gelei is, versoek is sodat hulle God se hulp sou inroep, 'n gelofte afgelê het en gered is uit die vyand se hand, en weer afgedwaal het. Die Britse besetting van die republiek was dus God se straf, en die volk moes opnuut by Paardekraal trou aan God sweer en sy genade afsmeek (Moodie 1975:22-27).

Hierdie soort diskoers bly deel van die Afrikaner se burgerlike godsdiens vir dekades lank.

In 1942 beweer dr. Malan dat dit God se wil is dat die Afrikanervolk gedurig deur ander volke bedreig word, maar tog verhoed dat die barbarisme die jong Afrikanervolk verswelg (Moodie 1975:248, met verwysing na 'n artikel in *Die Transvaler* van 16 Desember 1942).

Pelzer (1966:209 – 211) haal dr. Verwoerd se woorde tydens 'n geloftedagviering in 1958 aan, waartydens die destydse Eerste Minister voortbou op die retoriek van die burgerlike godsdiens deur na die doel van die Voortrekkers se lyding, stryd en oorwinning te verwys as “an anchor and a stay for western civilization and the Christian religion” (Moodie 1975:284).

Moodie se betoog maak ongetwyfeld 'n sterk saak uit vir die bestaan van die sogenaamde Afrikaner- burgerlike godsdiens, maar verreken myns insiens nie die aard van die miteskepping volledig nie. Hy lê sterk klem op die retoriek van die burgerlike godsdiens, maar nie genoeg op die miteskeppende struktuur wat werkzaam was in die kollektiewe onderbewuste van die gewone lede van die Afrikanervolk nie. Sy slotsom is dat die Afrikaner se godsdienssin 'n integrale deel van sy bestaan was, en dat daar in latere fases van sy geskiedenis steeds gepoog is om “Christelik” en “nasionaal” met mekaar te rym.

Min of meer dieselfde standpunt word by implikasie deur De Klerk (2000:14-15) verwoord wanneer hy die Afrikaner se klem op eksklusiwiteit verwoord deur te wys op “vier bekende tradisionele aansprake en uitsprake” (2000:14), waarvan (naas die “wit” karakter van die Afrikanervolk en die gedeelde Geus- en Hugenoot-erfenis) twee daarvan spesifiek godsdienstig van aard is, nl.

- Die Afrikaner is deur God geplant aan die suidpunt van Afrika om die lig van die evangelie [...] te versprei; en
- Die Afrikaner is Christelik, maar meer spesifiek 'n Calvinistiese Christen (sodat selfs Afrikaners uit die Pinksterkerke gweer is uit onder meer die Broederbond, onderwys en godsdienstige uitsendings van die SAUK).

De Klerk verwys nie in sy opsomming van Afrikaner-eksklusiwiteit spesifiek na miteskepping nie, maar elkeen van die vier uitsprake kan myns insiens sonder vrees vir teenspraak as sodanig geïnterpreteer word, onder meer omdat hulle 'n duidelike strewe na singewing binne die groep weerspieël.

4.10 Die vroeë Afrikaanse letterkunde en miteskepping

Wanneer 'n groep se volksgevoel, miskien in 'n tydperk van bedreiging, vir die eerste keer bewus word, is daar altyd in die begin 'n neiging om die enger plaaslike kuns voort te bring. Die plante, diere, mense van die eie omgewing, wat vroeër so doodgewoon gelyk het, kry nou 'n nuwe

betekenis en word *met 'n nuwe liefde gesien, nie om hul eie ontwil nie, maar omdat hulle simbole van die volk-wees is. So het by ons die plaas, die plaasdiere, en –gereedskap, die boer self, sy gewoontes, ens., herinnerings aan 'n gelukkiger Afrikaanse bestaan vir die individu en vir die volk wakker gemaak, en dié dinge het simbole van die Afrikaanse verlede en strewes geword. Om hierdie rede alleen het hulle in ons literatuur ingekom. Die os is so te sê nie om sy ewige dier-wees 'besing' nie, maar omdat hy herinneringe aan 'n Afrikaanse verlede gewek het en omdat hy beeld van die eenvoudige taai Boerewil was* (N.P. van Wyk Louw 1986:15,16 – oorspronklik in *Berigte te velde* 1939).

[...] oral sien ons die drang tot meerdere selfstandigheid, die losmaking uit geestelike en ekonomiese knegskap, die gestadige ontwikkeling volgens eie geaardheid, die *welike groei van 'n ontluitkende volksiel*. Die wassende kultuurmag styg uit die volk self op en *die nasionale ideale word vertolk deur die kunstenaars...* (Schoonees 1927:40, aangehaal deur Roos 1998:26).

Bogenoemde standpunt van Schoonees oor die Afrikaanse prosa van 1902 – 1927 onderskryf die standpunt van die meeste van sy “tydgenote en kollegas”, nl. dat die letterkunde van die eerste twee dekades na die Anglo Boereoorlog “'n vanselfsprekende eenheid gevorm (het)” met die “*algemene strewes van die Afrikanervolk*” (Roos 1998:27). (Die letterkunde het dus – soos die mites – die volk se soeke na sinrykheid vertolk – AMJ.)

Die afleiding is dat die miteskepping wat in hierdie hoofstuk onder bespreking is, deur die Afrikaanse letterkunde in dieselfde tydvak ondersteun en selfs versterk is.

4.10.1 Voor 1900

February (1998:5) beweer dat die eerste “tipies Afrikaanse geskifte meestal grappig (was) en “duidelik gerig op die gewone volk” (die laasgenoemde begrip volgens February “omgewe deur 'n sekere eksklusiwiteit” en dus net met betrekking tot wit mense.) Die spotgedig, “Lied ter ere van de Swellendamsche en diverse andere helden bij de bloedige actie aan Muisenberg in dato 7 Aug. 1795”, wat later in die maandblad *Hollandsch Zuid-Afrika* gepubliseer word, is

“die oudste en eerste bewuste poging om iets sinnigs te skryf in die Afrikaanse taal.” Verskeie ander spotverse het in hierdie periode verskyn waarvoor February oordeel dat dit “geen betoog (behoef) dat ons nie hier grootse poësie het nie.”

Louis Henri Meurant het in die tydperk voor 1875 reeds “n twintigtal briewe en samesprake in Afrikaans onder verskillende skuilname geskryf” (February, 1998:6). Vermaak was skynbaar die hoofmerk en hierin het die skrywer beslis geslaag, soos blyk uit die volgende briewe deur lesers (1998:6-7):

“Mejuffrou Beuzemstok” se kommentaar was: “Daar staat sulke koddige nuwies in, dat ik somtyds voor een half uur daarom lag.” En “Wysneus” beweer: “Waar jij komt ziet je mense saan met de corant in de hande, hulle lag en gaat te keer op een jammerlyke weyze...”

Dit is egter eers met die verskyning van Meurant se *Zamenspraak tussen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar* in boekvorm in 1861 dat ’n politieke vraagstuk, nl. die wenslikheid (volgens Meurant) van afskeiding deur die boere van die Oostelike Provinsie van die Westelike Provinsie, in die Afrikaanse letterkunde onder woorde gebring word. (Nienaber 1981:18 noem die taalgebruik in die *Zamenspraak* “Dopper-Hollands”.) February meen dat Meurant se stukkies “uitgestyg het bo die koddige voorbeelde tot op hede” (1998:7). Die Swellendamse vader en seun, F.W. Reitz Senior en Junior was die eerstes “om die verinheemsing van die Afrikaanse taal as kulturele uitdrukkingsmiddel konkreet gestalte te gee” (February 1998:8). In 1870 verskyn Reitz Junior se “Klaas Geswint en zijn Paert” in *Het Volksblad*, ’n omdigting van Burns se “Tam O-Shanter” in Suid-Afrikaanse kultuurkonteks, met die reëls wat volksbesit geword het en hulle eie soort miteskepping in die hand gewerk het:

Geluk is net ’n jong komkommer:
As jy hom pluk, verlep hy sommer;
Of nes ’n skilpad in sy dop in:
Soos jy hom vat, dan trek hy kop in.

Reitz se gedig oor Wepener, wat as kommandant van die Vrystaatse magte op 15 Augustus 1866 op Thaba Bosigo gesterf het tydens die tweede Basoetoe-oorlog (“Ter Nagedagtenis aan Kommandant Louw Wepener”, in Nienaber, 1978:37), bevat besonder treffende miteskeppende frases soos die volgende:

Sal *vreemde digters* ons verhaal
Van hulle *grote helde*,
En ek sal *in my eie taal*
Louw Wepener nie vermelde?

Nee, *Broeder-Afrikaners*, nee
Ons dappere blyf ons eie
God het ons Wepener gegee
Waarom sou ek dan swyge?

(en veral die slotreëls – AMJ)

Hy leg op Thaba Bosigo,
G'n grafsteen sal hy verge;
Sy monument het God gebou
Die bouheer van die berge...

“Dopper Joris en syn seiltjie” deur Pulvermacher (A.G. de Schmidt) in *Het Volksblad*, 31 Julie 1873 word volgens February beskou as die eerste oorspronklike Afrikaanse gedig van waarde.

February wys daarop dat baie van die tekste “wat die wordingsgeskiedenis van Afrikaans verteenwoordig, gekenmerk (word) deur ’n byna kinderlike eenvoud gemeng met ’n *anti-Engelse sentiment en ’n ontluikende gevoel van nasionalisme*. Die Afrikaner was in die proses besig om *konkreet gestalte te gee aan sy identiteit (singewing -AMJ) deur middel van die Afrikaanse taal in die vorm van gediggies, artikels in koerante en soms in romans*” (1998:14).

February gee verder voorbeelde van nasionalistiese verse wat ontstaan het in die jare net voor en net na die stigting van die G.R.A. in 1875 (sien 4.2 tot 4.4 hierbo). So is daar C.P. Hoogenhout se klag dat “ons moedertaal vermoor word”

deur Engels, wat al is “wat jy sien en hoor” en “Di Afrikaanse Folkslied” van Pannevis, Hoogenhout en D.F. en S.J. du Toit, waarvan die openingsreëls lui:

’n Ider nasi het syn LAND:
Ons woon op Afrikaanse strand...

J. Lion Cachet (1838-1912) skilder die Afrikaanse taal as “’n arme Boerenô, by vele min geag” en verduidelik hierdie nooi se herkoms as sou haar “pa” uit Holland gekom het en haar “lieuwe mooie ma” weer “uit Frankryk, waar die druiftros swel...”

Hoewel die volksgevoel en die ontluikende taalloyaliteit teenoor Afrikaans reeds in hierdie heel vroegste Afrikaanse gedigte onder woorde gebring is, is dit egter eers na die Anglo-Boereoorlog, en veral na die verskyning van Eugène N. Marais se “Winternag” in 1905 dat daar werklik van ’n *Afrikaanse letterkunde* sprake kan wees.

4.10.2 Na 1900

In verband met die verskyning van “Winternag” meen Marais & Marais (1998:660) dat dié gedig “byna onmiddellik by sy publikasie in 1905 in diens van die Afrikaanse taalstryd gekanoniseer en *gemitologiseer* is.” Volgens die skrywers is Marais en ander skrywers se oeuvre(s) “aangebied en geïnterpreteer in diens van ’n hele stel kulturele en politieke ‘Afrikaner’-waardes wat by wyse van die skoolleerplanne as navolgenswaardig voorgehou is.”

Sonder om in besonderherde op die Afrikaanse letterkunde tussen 1905 en 1948 in te gaan, wat nie in sigself die objek van hierdie studie is nie, word net verwys na ander tipiese voorbeelde van miteskeppende gedigte in Afrikaans.

Jan F. E. Celliers se gedig oor die ontberings in die konsentrasiekampe, “Die kampsuster” asook sy bekende “Dis al”, wat vertel van die “balling gekom oor die oseaan” om net “’n graf in die gras” te vind, het sonder twyfel die gemoedere oor

die lyding in die Anglo-Boereoorlog gaande gemaak. C. Louis Leipoldt het dieselfde ontberings, die kwessie van verraad teen die eie volk en die Boere-ontberings verwoord in onder meer “Oom Gert vertel” (’n skrynende verwoording van die skuldlas van iemand wat sy eie mense se dood veroorsaak het), “In die konsentrasiekamp” en “Vrede-aand.” Totius (J.D. du Toit) herinner aan die onreg deur die magtige Brittanje teen die Boerevolk in “Vergewe en vergeet” met as onderskrif by die titel die mite-ondersteunende woorde van Deut. 4:9: *“Dat gij niet vergeet die dingen die uwe ogen gezien hebben.”*

Volkshelde soos onder andere Genl. De Wet en Jopie Fourie (Celliers) en “Oom Paul” (Toon van den Heever) word in die poësie in herinnering geroep, terwyl die Gideon Scheepers-legende op unieke wyse deur D.J. Opperman in “Gebed om die gebeente” bedig word. (Die openingsreël van dié gedig word beskou as van die mooiste woorde ooit in die Afrikaanse digkuns - *“O Heer, waar u Noordewind die droë dissel rol en oor die skurwe brakland jaag van Afrika...”*)

Soos uit die aanhaling hierbo van Van Wyk Louw (uit *Berigte te velde*) blyk, sou mens ook in die Afrikaanse plaasromans feitlik ’n idealisering van die Afrikaner-boerewortels kon aflees, waar die ploeg en die os onder andere simbole geword het van ’n verlore “Afrikaner-leefwyse” ná aan die grond.

Die rol van C.J. Langenhoven om die volk te laat lees, nadat hy op ’n stadium self wegbeweeg het van Engels as voorkeurtaal en baie produktief in Afrikaans begin skryf het (sien weer 4.5.3), sou ’n studie op sigself kon wees.

Die sangbundel van die FAK (Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge) is ’n versameling van veral Afrikaanse volksliedjies, met onder ander ’n spesifieke afdeling oor “Volk en Vaderland”. (As Afrikaner-kindere het ons kleintyd in die Voortrekkers, maar selfs op skool- en kerkkampe, dikwels van dié miteskeppende liedere uit volle bors gesing.)

'n Klassieke voorbeeld van so 'n miteskeppende “vaderlandslid” is “Die Lied van Jong Suid-Afrika”:

En hoor jy die magtige dreuning
Oor die veld kom dit wyd gesweef
Die lid van 'n volk se ontwaking
Wat harte laat sidder en beef

Van Kaapland tot bo in die Noorde
Beef daverend-luid die akkoorde
Dit is die lid van Jong Suid-Afrika
Dit is die lid van Jong Suid-Afrika
Dit is die lid van Jong Suid-Afrika.

Sonder om nog meer besonderhede te gee, sou 'n mens die bewering kon maak dat die Afrikaanse letterkunde – “hoog sowel as *volks*” – 'n groot impak op miteskepping rondom en vir die Afrikanervolk gehad het. (Die neerslag van die mites binne die letterkundige sisteem word in hoofstuk 6 verder bespreek – AMJ.)

Ter afsluiting van die hoofstuk oor Afrikaans en die Afrikanervolk word enkele reëls uit van C.J. Langenhoven se “Die Stem van Suid-Afrika” – die volkslid van die Republiek van Suid-Afrika tot voor 1994, waarvan dele in Afrikaans (en ook in die Engelse vertaling daarvan) in die nuwe volkslid opgeneem is – aangehaal:

In die merg van ons gebeente, in ons hart en siel en gees,
In ons *roem op ons verlede*, in ons hoop op wat sal wees,
In ons wil en werk en wandel, van ons wieg tot aan ons graf –
Deel geen ander land ons liefde, trek geen ander trou ons af.

Vaderland! Ons sal *die adel* van jou naam met ere dra:
Waar en trou, as Afrikaners – kinders van Suid-Afrika.

Op U Almag vas vertrouend het ons vadere gebou:
Skenk ook ons die krag, O Here, om te *handhaaf en te hou* –
Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly:
Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry...

4.11 Gevolgtrekkings

Die eerste gevolgtrekking wat gemaak kan word, is **dat daar ongetwyfeld miteskepping met betrekking tot die intieme verbondenheid tussen die Afrikaner en Afrikaans was**. Verskeie voorbeelde hiervan is in die loop van die bespreking aangedui. Om maar enkeles te herhaal:

- 1) Regte Afrikaners, ons roep julle op om saam met ons te erken dat die Afrikaanse taal ons moedertaal is *wat die Liewe Heer vir ons gegee het ... die volkstaal van ons land...* (Uit die manifes van die G.R.A. soos aangehaal deur Nienaber & Nienaber 1958:30);
- 2) Dis my ondenkbaar dat jy kan draai teen jou nasie maar darem nog sy taal net so kan waardeer en bemin as vantevore ...” (De Waal 1939:64-65 se kommentaar oor dislojaliteit van *Patriot*-lesers teenoor die Republieke se saak tydens die dreigende Tweede Vryheidsoorlog):
- 3) Di Engelse Meisiiskole in ons land is di listigste en gevaarlikste aanslag teen ons Moedertaal; dit verdring ons taal in die huisgesinne en vergiftig die fontein van ons nasionaliteit ... (Steyn 1980:142);
- 4) Die verwysing na die artikel in *The Star* van 18 Maart 1904, waarin die skrywer van die artikel te velde trek teen die Afrikanerstrewe “to preserve the ‘taal’ from extinction and maintain the burgher population as a separate people...” en
- 5) (Herzog het) die taal as uitgangpunt vir die handhawingstryd van die Afrikaner geneem. (Nienaber 1964:82).

Daar is deurgaans in die hoofstuk verwysings na ander soortgelyke bewyse van bewustelike en onbewustelike miteskepping wat betrekking het op die verbondenheid tussen die Afrikaners en Afrikaans.

'n Tweede gevolgtrekking hou verband met die **verskillende wyses waarop** die miteskepping geskied. Die opvallendste hiervan word kortliks bespreek.

1. Metaforiek

Voorbeelde van die gebruik van metafore om miteskepping in die hand te werk of te versterk, is onder meer die volgende:

- “... die *vreemde wapenrusting van Dawid*” (verwysende na Engels en Hollands in teenstelling met Afrikaans);
- “... di *fontein van ons nasionaliteit*” (verwysende na jong Afrikaanse meisies in Engelse meisieskole);
- “... ’n *standhoudende droom*” en die “nimmerverslappende *opdraand gesukkel* om onself te bly...” (die woorde van M.E.R. wanneer sy verwys na die vryheidstrewes van die Afrikaner);
- “...’n *roering welke uit het hart opwelt ... En met dit zucht verdwijnt de Vaal Rivier, verdwijnt de Oranje Rivier ...*” (Kommentaar oor Afrikaner-eenwording soos verwoord in *Het Volksblad* van 26 Maart 1915);
- “... Ek onthou hoe ek eendag, toe die eerste vreugderoes verby was ... gesê het: ‘En wat gaan *die Mammon* nou maak?’ (M.E.R se kommentaar nadat die Nasionaliste in 1924 vir die eerste keer aan bewind gekom het.);
- “Die *rots waaruit ons gekap is, die put waaruit ons gegrawe is*, sal nooit toelaat dat die ideaal van ’n afsonderlike nasieskap ... vir die Afrikaner verlore gaan nie...” en “Voor in die wapad brand daar ’n lig. Die *lig van nasieskap...*” (H.J. Klopper se boodskap in die voorwoord van die Simboliese Ossewatrek Gedenkboek.);
- “die *welige groei van ’n ontluikende volksiel...*” (Schoonees 1927:40 oor die Afrikaanse prosa sedert 1902);
- Die Nasionale Party het binne twee jaar na sy stigting reeds “sy *vlerke oor die hele land gespan*” (aldus Van Heerden 1975:21);

2. Woordkeuse

Metaforiek en woordkeuse hou verband met mekaar, maar hier gaan dit oor die keuse van woorde en frases wat doelbewus positief of negatief gelaai is om die

eie groep op te hemel en die ander in 'n negatiewe lig te stel. Voorbeelde hiervan is: “hartstogtelike pleitbesorgers”, “dissipels vir die ideaal”, “'n groot kenner van die klassieke”, “baie godsdienstig”, “die vrome Pannevis”, “de zuivere waarheid”, “ons moedertaal, wat ons dierbaar en heilig is”, “vergiftig ... tot taalverraaiers”, “elke normale Afrikaner”, “Vryheid, vryheid, dierbaar ding!”, “die betowering van die vryheidsdroom”, “Louis Botha was ons geliefde held”, “een onkeerbare stroom van volksliefde”, “Voortrekkerideale”, “die Afrikaner-heiligdom”, “die klank van silwertroffels op die hoeksteen”, en so meer.

3. Retoriese middele, bv. herhaling en retoriese vrae

Enkele voorbeelde van die gebruik van retoriese middele met die oog op miteskeping kan aangetoon word, bv. die herhaling van “Afrikaner(s)” in die hoofartikel van *De Zuid-Afrikaan* van 15 Januarie 1876:

So moes meer as een *Afrikaner* wat verstand en gees het stilbly, omdat hy geen taal het waarin hy hom kon uitdruk nie. Nee, jonge *Afrikaners!* Gooi nou weg die vreemde wapenrusting van Dawid... Ja, Nou kan elke *Afrikaner* skrywe wat hy wil in sy eie taal...

'n Voorbeeld van 'n retoriese vraag kom voor in die sogenaamde “Ope Brief” aan die volk, wat die manifest van die G.R.A. bevat het (Nienaber & Nienaber 1958:30), en waarin daar op die retoriese vraag “En wat gaan ons dan maak?” geantwoord word dat die volk opgeroep word om te erken dat die Afrikaanse taal hulle moedertaal is “wat ons Liewe Heer vir ons gegee het ...”

4. Sintaktiese middele

Ook die sintaksis word soms ingespan om miteskepping te bevorder, soos bv. in die volgende voorbeeld wat ook uit die manifest van die G.R.A. gehaal is en waarin die gebruikelike SVO-orde verander word om klem te lê op die belangrikheid van *elke poging* om Afrikaans te bevorder. Die sin lui nie:

“Ons sal elke poging om ons moedertaal te bewaar en te verdedig, voorstaan en bevorder”, nie, maar wel:

“*Elke poging ... om ons moedertaal te bewaar en te verdedig, sal ons voorstaan en bevorder so lank ons leef...*” (OVS-orde).

Nog meer voorbeelde van sintaktiese omkerings sou waarskynlik uitgewys kon word, maar daar word hiermee volstaan, aangesien al die bogenoemde middele slegs bydraend is tot die proses van miteskepping, of die miteskepping nou ook bewustelik of onbewustelik plaasvind.

4.12 Samevatting

In die voorafgaande bespreking is miteskepping wat gelei het tot die “liefdesverhouding” tussen Afrikaans en die Afrikaner van nader bekyk.

Talle voorbeelde van miteskepping in die koerante van die dag, die digkuns, politieke toesprake en kultuurgeleentheids soos die historiese ossewa-trek van 1938 is uitgewys.

Sommige van die Afrikaner-organisasies wat in die loop van die twintigste eeu op sowel die kultuurfront as in die ekonomiese wêreld ontstaan het, is genoem en hulle rolle asook hulle impak op die vestiging van die Afrikanermities is kortliks aangedui.

Verskillende metodes om miteskepping te bewerkstellig is uitgewys, bv. metaforiek en woordkeuse en retoriese en sintaktiese middele.

Laastens is die miteskeppende rol van die Afrikaner se “burgerlike godsdiens” (Moodie) en van die Afrikaanse letterkunde in dieselfde tydperk vlugtig belig.

Die gevolgtrekking is dat daar sedert 1875 met die begin die “storie van Afrikaans” in die Paarl, tot en met 1948, toe die “Afrikanerparty” die meerderheid stemme in die verkiesing behaal het, onbewustelik en bewustelik gebou is aan **die mite van “Afrikaans, taal van die Afrikaner” en dat hierdie mite dus grootliks bygedra het tot Afrikanereenheid en –nasionalisme.**

HOOFSTUK 5: DIE TWEEDE MITE: AFRIKAANS, DIE VERDRUKKERSTAAL (1948-1994)

Dit is die tragiese, skynbaar keerlose proses – en 'n onnoemlike verlies vir Afrikaans – die verengelsing van 'n groot Afrikaanssprekende bevolkingsgroep ... (J. du P. Scholtz in *Die Burger*, 19 Julie 1978).

Die geskiedenis leer dat 'n groot taal baat vind by die onreg en verdrukking deur sy sprekers, maar dat 'n klein taal skade ly weens die onregverdigheid van die mense wat hom praat (Steyn 1980:305).

Suid-Afrika is my land, maar hy was nie *fair* met my nie (Die woorde van 'n uitgeweke bruin loodgieter, aangehaal deur Steyn, 1980:278).

Dit spyt my as ek u te na kom, maar ek kan nie 'n moordkuil van my hart maak nie. Die Afrikaners wil ons nie hê nie, en nou wil ons ook nie meer die Afrikaners hê nie (onderhoud met Johannesburgse bruin man deur *Die Vaderland* in 1974, aangehaal deur Steyn, 1980:279).

Die hele geskiedenis illustreer eintlik baie mooi 'n stelling (en dit geen nuwe nie) wat Adam Small nou die dag hier in Pretoria op 'n vergadering maak. Hy sê gesprek in dié land word al hoe moeiliker, met dat dieselfde woord (hier "guerrillas" – AMJ) vir verskillende groepe sulke wild uiteenlopende betekenis en emosionele kleur aanneem (Rykie van Reenen in *Rapport*, 11 November 1973, opgeneem in Van Reenen 1980:67).

If we must do Afrikaans, Vorster must do Zulu [...] Afrikaans will spoil our future [...] Away with Afrikaans [...] We are not Boers... (Slagspreuke op die plakkate van kinders in Soweto op 16 Junie 1976, aangehaal deur Steyn 1980:288).

Ons verkeer in die ironiese situasie dat wat vandag gepropageer word as "alternatiewe Afrikaans" in werklikheid die *essensiële* Afrikaans is: dit is die establishment se taal – Apartaans, soos dit al genoem is – wat van die spoor af is, wat gereleger behoort te word tot die alternatiewe (Brink in Van den Heever 1988: motto).

5.1 Inleiding en doelstelling met die hoofstuk

In die vorige hoofstuk is daar redelik breedvoering na die ontstaan van die sogenaamde “liefdesband” tussen die (hoofsaaklik wit) Afrikaners en Afrikaans verwys omdat hierdie saak baie belangrik is vanuit die perspektief van miteskepping.

Die bogenoemde mite is egter nie die enigste miteskepping rondom Afrikaans nie. Wanneer daar metafores na ’n taal – en nie net na sy sprekers nie – as ’n “verdrucker” verwys word, is dit duidelik dat daar ook miteskepping is wat negatief teen die betrokke taal reflekteer. Die doel van hierdie hoofstuk is om die “negatiewe mite” van Afrikaans as verdruckerstaal te bekyk en die impak daarvan op die taal te probeer uitwys.

Een van die vrae wat gestel kan word t.o.v. die mite van Afrikaans as “verdruckerstaal” is hoe dit dan gebeur het dat Afrikaans, wat in die eerste paar dekades na die die Anglo-Boereoorlog nog ’n *verdruchte* taal was, binne die bestek van ongeveer sestig jaar bekend kon word as ’n *verdruckerstaal*? Daar sal dus ook gepoog word om hierdie vraag in die loop van die hieropvolgende bespreking te beantwoord.

Daar is egter probleme wat in die weg staan van ’n poging om die betrokke mite se ontstaan en impak op Afrikaans so eerlik as moontlik weer te gee. Die mite van Afrikaans as verdruckerstaal het ’n lang aanloop in die koloniale geskiedenis van Suid-Afrika. Miteskepping binne die gemeenskappe waar hierdie mite juis ontstaan het, het tot ’n groot mate mondeling geskied as deel van informele orale vertellings binne gesins- of stamverbande. Hierdie miteskepping is in baie gevalle dus nie gedokumenteer soos dié waarna in die vorige hoofstuk verwys is nie.

Die rede vir die tekort aan aangetekende stories (en daarom ook vir die gebrekkige dokumentasie oor miteskepping) binne die nie-dominante gemeenskappe in Suid-Afrika, kan gedeeltelik verklaar deur gegewens wat Hein Willemse voorhou in 'n lesing by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees op 30 Maart 1999. Willemse verduidelik nl. dat die “geskrewe woord” in ons land tot onlangs “'n hindernis (was) wat voorkom het dat miljoene Suid-Afrikaners, waaronder ook swart Afrikaanssprekendes, gehoor word.” Die rede vir “die afwesige stemme van swart Afrikaanssprekende mense in die Afrikaanse letterkunde en kulturele praktyk”, was nie net omdat publikasie moeilik was nie, maar ook omdat “ongeletterdheid die mees volkome vorm van sensuur is”. Die laaste uitspraak word ontleen aan Terry Eagleton. Dit is nietemin noodsaaklik om met die gegewens wat wel ter beskikking is so deeglik moontlik oor die tweede mite onder bespreking, dié van Afrikaans as verdrukkerstaal, te besin.

Soos reeds genoem, is die “negatiewe” mite van Afrikaans as verdrukkerstaal nie *per se* singewend binne die groepe waar die betrokke mite veral ervaar is nie, maar het dit ingespeel op die eie, singewende mites wat ook in hierdie hoofstuk bespreek word. Die eie mites van die groepe onder bespreking is dus as 't ware versterk juis deur die impak van die mite van Afrikaans as taal van die verdrukker.

In hierdie verband is die rol van “narratiewe” as singewing ook van groot belang, al is dit dan die persoonlike en oorgelewerde “stories” om kampvure waarna vroeër verwys is. In 'n baie insiggewende uiteensetting van die rol van historiese narratiewe binne 'n Suid-Afrikaanse stam (“chiefdom”), *We spend our years as a tale that is told*, maak Hofmeyer (1993:181) 'n opmerking wat myns insiens belangrik is binne die konteks van (veral) die diskoers in hierdie hoofstuk, maar ook in die res van die proefskrif:

Anyone wishing to come to terms with popular consciousness and the role it plays in political behaviour would do well to pay close attention to words

and stories, granting them an independence that is not inevitably yoked to a material base (my kursivering).

5.1.1 Persoonlike manifes

In die loop van 'n ondersoek in 1982 vir 'n M.A.-verhandeling in Latyn is die twee geskiedeniswerke van die Romeinse geskiedskrywer Publius Cornelius Tacitus (gebore ongeveer 58 n.C.), die *Annales* en die *Historiae*, bestudeer om te bepaal in watter mate die geskiedskrywer ook as mensekenner in sy werk na vore kom.

Tacitus is deur sommige geleerdes gekritiseer vir sy gebrek aan 'n vaste lewensiening. My eie mening hieroor (Jordaan, 1982:11) het egter aangesluit by dié van Ronald Syme (1958:527):

[...] it is by no means an advantage for a historian to be shut up in the *armour of an invulnerable doctrine*. Certitude is not given to mortals and Tacitus is redeemed by his respect for the *eternal ambiguities*. One of those ambiguities is fundamental in the nature of men. *The love of liberty and the love of domination spring from a single root with good or evil ensuing...* (my kursivering).

Sedertdien het daar twintig jaar verloop, en hoewel respek vir die “eternal ambiguities” sekerlik nie minder geword het nie, maar eerder toegeneem het, besef 'n mens ook met groter eerlikheid dat die mites waardeur en waarmee tot nog toe geleef is, wel vir jou beskerming (“armour”) gebied het teen dit wat jy verkies het om nie raak te sien nie: die mites wat lynreg teen jou eie gestaan het.

In die vorige hoofstuk is die mite waarmee ons as Afrikaanse (Afrikaner-) kinders grootgemaak is, bespreek. Die aanhaling van Hans du Plessis (1992:1) aan die begin van die hoofstuk was dus as 'n soort apologie bedoel:

“Die doel van hierdie publikasie is om *een perspektief* op die talegesprek in Suid-Afrika te gee. *Omdat ek Afrikaans is, is dit 'n Afrikaanse perspektief.*”

Dieselfde kan nie gesê word van die mites rondom Afrikaans in die apartheidsjare nie. Daar sal dus in hierdie hoofstuk gepoog word om ook stemme aan die woord te stel van diegene wat die betrokke mites self aan die lyf gevoel het, en vir wie dit dus ook 'n "lewende mite" (sien Leroux se uiteensetting in hoofstuk 2) was, waardeur hulle bestaan in en deur Afrikaans grootliks gekleur is. In enkele gevalle word ook ander stemme aan die woord gestel, nl. van diegene wat nie self die mite geleef het nie, maar wat bewus was van ongelykhede en diskriminasie en wat dan self meegewerk het aan die mitologiseringsproses (of, anders gestel vanuit die "Afrikanermite", aan die ontmitologiseringsproses).

5.1.2 Die terminologie van die "apartheids"-gesprek

Dit sal onvermydelik nodig wees om in die loop van die bespreking na verskillende groepe te verwys deur onderskeidings soos "bruin", "swart" en "blank/wit" te gebruik, aangesien die mites wat ontstaan het, tot 'n groot mate juis ontstaan het omdat die betrokke onderskeidings gegeld het.

Thompson (1985:ix) wys ook op die problematiese aspekte van die terminologie vir verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Hy vra bv. die vraag of "swart" ook Asiërs en bruin mense insluit. T.o.v. lg. benaming (bruin mense of "kleurlinge") wil hy weet:

And what is to be done about the people whom the South African government calls Coloured – people who descend in varying degree from local Khoikhoi and San, from imported Asian and African slaves, and from Whites?

Vir die doel van die verdere bespreking word daar deurgaans van wit mense, bruin mense, swart mense en Asiërs gepraat, **behalwe waar daar in aangehaalde tekste na kleurlinge (dikwels met 'n hoofletter gespel) verwys word.**

5.2 Die aanloop tot die mite

5.2.1 Die eerste jare na 1652

Die verhaal van Afrikaans is in 'n groot mate die verhaal van kommunikasie tussen wit en bruin in Suid-Afrika (Belcher, 1987:17).

Steyn (1980:102-104) gee verskeie redes aan vir die feit dat daar Nederlanders na Suid-Afrika toe gekom het. Sommige van die redes het 'n direkte verband met die koms van die "Hollanders" na die Kaap, terwyl ander as 't ware sekondêre gevolge was van ander gebeure in Europa en elders:

- Die feit dat Wes-Europa as gevolg van 'n gematigde klimaat en kontak met beskaafde volke reeds teen die sestiende eeu 'n toonaangewende wêrelddeel was;
- Die herontdekking van die Grieks-Romeinse wêreld, handelskapitalisme en die drang om nuwe seeweë te verken wat lei tot die Renaissance en die gevolglike wêreldwye uitbreiding van die Europese lande se mag;
- Die gebrek aan grondstowwe wat Nederland verplig het om 'n handelsmoondheid te word¹;
- Die oorlog met Filips II van Spanje (wat ook Portugal verower het) en wat die hawe van Lissabon vir die Nederlanders gesluit het en hulle sodoende verplig het om 'n eie roete na die Ooste te vind in plaas daarvan om hulle Oosterse speserye soos voorheen in Lissabon te gaan koop waarheen Portugese seevaarders dit gebring het;
- Die behoefte aan 'n verversingspos op pad na die Ooste vir vars produkte;
- Die groot Europese migrasie van daardie tyd (die 17de eeu);
- Koninklike huwelike waardeur Nederland 'n Spaanse besitting geword het;
- Die godsdienstige verdrukking van die Calviniste in Nederland deur Filips II.

¹ Deel van die Nederlandse kollektiewe "miteskepping"? (Is 'n mens werklik "verplig" om 'n handelsmoondheid te word, of is daar ook 'n element van grootheidswaan betrokke?)

(Christo van Rensburg wys in 'n toespraak by die prysfunksie van die Departement Afrikaans, Universiteit van Pretoria, gedurende Maart 2003 op die toenemende gewildheid van die Oosterse speserye, veral vir die preservering van vleis, en die feit dat die landroetes waarvan ook gebruik gemaak is Ooste toe, onveilig gemaak is deur rowers, 'n nagevolg van die Kruistogte.)

Steyn se slotsom (1980:104) is:

Afrikaans het dus sy ontstaan te danke aan die Renaissance, die opkoms van Wes-Europa, koninklike huwelike, die Hervorming, godsdiensoorloë, en die Nederlandse 'Goue Eeu': 'Alles stroom deur grens en eeu aaneen,' sê D.J. Opperman.

Belcher (1987:17) wys ook daarop dat ander tale soos Engels, Duits, Frans, Portugees, Maleis en Arabies van verskeie volksgroepe aan die Kaap almal ook in mindere of meerdere mate met verloop van tyd bygedra het tot die ontwikkeling van Afrikaans. Afrikaans is egter veral oor "n lang tydperk" gevorm op grond van "kommunikasie tussen die Hollanders en die inheemse bevolkingsgroepe aan die Kaap, met die taal van eersgenoemde die rigtinggewende faktor."

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die koloniserings van die Kaap binne die breër konteks van grootskaalse Europese koloniale uitbreiding plaasgevind het. Hierdie koloniseringsprosesse het ook nie ideologies neutraal gebly nie.

Giliomee (2003:13) stel dit soos volg:

The great European colonial expansion provided the context in which interaction with Others served to crystallize the Europeans' sense of the Self. At the core of this lay *a sense of being heirs to and beneficiaries of a superior civilization and religion* (my kursivering).

Hierdie stelling van Giliomee word bevestig deur die vroeë dokumentasie van die Nederlanders aan die Kaap. Reeds in die eerste verwoording van wat Van Riebeeck as sy sendingroeping gesien het na sy aankoms in 1652, is daar die

begin van 'n mitologiseringsproses te bespeur. Van Riebeeck se gebed in sy dagregister (Van der Merwe 1958:4, aangehaal deur Belcher 1987:18) verwoord 'n definitiewe sendingbewustheid, maar lewer ook duidelike kommentaar op die Nederlandse beskouing van die inheemse mense (in Belcher se terminologie die Khoekhoenstamme² en die San) in die land. Van Riebeeck bid naamlik dat hy en sy landgenote in die “Cabo de boa Esperance” die gereg sal handhaaf (onder hulleself), maar daarbenewens ook dat (aan) “*dese wilde, brutale menschen* (my kursivering), mogelijk sijnde, uwe ware gereformeerde Christelijcke Leere metter tijt mochte voortgeplant ende verbrijdt worden tot uwes H. naems loff ende Eere, ende welstant onsen Heeren principaelen.” (’n letwat siniese vraag aan die heer Van Riebeeck omtrent hierdie ambisieuse voorneme sou kon wees wat werklik die swaarste by hom geweeg het: die eer van die Liewenheer of die welstand van die Here Sewentien – AMJ.)

Daar is aanvanklik 'n beleid van vrye kommunikasie gevolg en die inheemses en koloniste het in dieselfde gebiede gewoon. Belcher (1987:20) merk op dat die “Hollanders” teen skeiding gekant was – “al was dit net ter wille van die handel” – en staaf sy bewering deur 'n inskrywing in Van Riebeeck se *Dagregister* van 4 Februarie 1656 waarin melding gemaak word van die feit dat die strandlopers sedert kort na die aankoms van die Hollanders onder hulle “geschuilt, gewoon ende soo extraordinarie veel vruntschappen genoten hebben.”

Die doelbewuste poging tot vriendskaplike bande is egter versteur deur verskeie insidente tussen nedersetters en inboorlinge onderling, en in 1658 word verwys na die feit dat die inboorlingkaptein, Herrie, na Robbeneiland verban is. Nog een jaar later, in 1659, vertel Van Riebeeck se dagregister van die oorlogsmag wat op die been gebring is om “onse vijanden” te oorval en met “Godes Hulpe” genoegsaam die skrik op die lyf te jaag, sodat daar voortaan rus en vrede kan wees. Die nedersetters was nou volgens Belcher reeds “geharde ‘Afrikaans-

² Geleerdes soos o.a. Nienaber en Van Rensburg gebruik die term *Koi-Koi* (*Khoi-Khoi*) of net *Koi* (*Khoi*).

Hollanders” wat ook met die taal “kortpaadjies” (volgens Christo van Rensburg in ’n persoonlike mededeling tipies van ’n aanleerderstaal - AMJ) begin vat het en minder “taalgekultiveerd” geword het::

Op dié manier is Afrikaans nie net uit kommunikasie nie, maar ook uit konfrontasie gebore (Belcher, 1987:21).

Reeds in hierdie baie vroeë fase van taalkontak oor die sogenaamde kleurlyn heen was daar ook die besef by sommige nedersetters dat die inboorlinge eerste daar was, en dat die “vyand” (soos hierbo na hulle verwys) moontlik die reg aan hulle kant gehad het om te verdedig wat hulle eie was. Van Riebeeck gee self uiting aan hierdie besef wanneer hy op 5 en 6 April 1660 (dus agt jaar na sy koms) in sy dagregister die inboorlinge se saak stel deur te beweer dat “wij (die Hollanders – AMJ) hier vast langhs soo meer van haer lant hadden naer ons genomen, twelck haer van alle eeuwen eigen toegecomen had’ ende waer op sij gewoon waren haer vee te weijden...”

5.2.2 Die slawekwessie aan die Kaap

Slawerny het saam met Van Riebeeck na die Kaap toe gekom, aangesien dié praktyk algemeen in die sewentiende-eeuse Europa gegeld het. Steyn (1980:5) meld dat daar tussen 1550 en 1850 tussen 10 en 20 miljoen swartes as slawe deur Europese moondhede na die Westelike Halfrond weggevoer is. Steyn wys ook daarop dat “die verderflike beleid van slawerny wat Europese nasies soos die Hollanders en Britte gevolg het ” tot in die negentiende eeu na die vrystelling van die slawe nog negatief op die Afrikaanse taalgemeenskap ingewerk het. Dit wil voorkom asof miteskepping rondom die wreedheid van slawe-eienaars in die slawetyd bygedra het tog die weerstand teen die koms van wit mense na Suidwes in die negentiende eeu:

Hoe nadelig slawerny vir die Afrikaanse taalgemeenskap was, blyk uit die vrees wat daar in die negentiende eeu by sommige swartes en bruines van Suidwes was vir die Afrikaners (Steyn, 1980:121).

Die permanente oorname van die Kaap deur Brittanje na 1806 het volgens Giliomee geensins die einde van hierdie onmenslike praktyk beteken nie, maar dit eerder herbevestig. Die Britse oorname het nl. aanleiding gegee tot 'n "voracious demand for slave labor to produce wheat and wine for the market" (2003:90). (Hierdie feite kan ook dien as 'n bewys daarvan dat die persepsie dat die onderdrukking van ander bevolkingsgroepe in Suid-Afrika omtrent by uitstek kenmerkend was van die Hollanders – later die Afrikaners – ongegrond is – AMJ.)

Teen die einde van die agtiende eeu het gebeure in Europa, soos die verskyning van Adam Smith se boek, *The Wealth of Nations* in 1776 en die Franse Rewolusie, egter begin om die einde van slawerny te spel.

Na die vrystelling van slawe in al die Franse kolonies in 1793, het daar tien jaar van bloedige gevegte op die Franse koloniale eiland, Saint-Domingue, gevolg, wat eers deur die eerste sterk swart leier, Toussaint L'Ouverture, onderdruk is. Hierdie gebeure vorm die stof vir die mities gelaaide waarskuwing in 1826 deur die Kaapstadse Burgersenaat n.a.v. die slaweopstand in 1825 in die Koue Bokkeveld onder leiding van die slaaf Galant. Die memorandum word soos volg deur Giliomee aangehaal (2003:111):

The flame of devastation will not alone destroy our habitation, but will also cause your houses to fall in ruin! Not only our wives and daughters, but also yours will in libidinous manner be prosecuted by our slaves with rape and defloration, and when, after all this out of the pit of our murdered fellow citizens a *Saint Domingo* has arisen, then may God grant that we be no more amongst the living, but then you yourselves will be compelled by the slaves who fought themselves free *to carry the bones of your wife and your child to make a monument of their freedom obtained by fire and murder*" (my kursivering).

Uit bostaande memorandum blyk dit myns insiens duidelik dat sekere leitmotiewe in die Suid-Afrikaanse samelewing reeds in 1826 sterk teenwoordig was: agterdog jeens en vrees vir die (hoofsaaklik) “gekleurde” ondergeskiktes enersyds (en ’n gevolglike groeppvorming of “laer trek” vir verdediging/oorlewing), en haat en toorn jeens die (hoofsaaklik) wit oorheersers andersyds (en die neiging tot geweldadige verset).

Ten spyte van die burgers se vrese, soos hierbo uitgespel, is daar in vroeg in die 1830’s besluit op vrystelling van die slawe, met geldelike kompensasie vir die eienaars, wat egter deur agente moes werk aangesien uitbetaling slegs in Londen geskied het. Vrystellingsdag was 1 Desember 1838, en die reën wat vir drie dae daarna geval het, is deur slawe-eienaars as goddelike ingryping gesien, wat “improper rejoicing and drunkenness” (Giliomee, 2003:116) kon verhoed.

5.2.3 Die vestiging van die mite van wit dominansie gedurende die 18de en 19de eeue

Die doel van hierdie ondersoek is nie om die (sometyds omstrede) geskiedenis van die ontwikkeling van die onderskeie variëteite van Afrikaans en daarmee saam die veelbewoë geskiedenis van die verskillende bevolkingsgroepe in die land in besonderhede weer te gee nie. Dit is egter noodsaaklik om die toenemende statusverskille tussen verskillende bevolkingsgroepe in die land te skets om sodoende die latere mite van Afrikaans as verdrukkerstaal in perspektief te probeer plaas.

Die feit dat sommige amptenare van die H.O.I.K. (V.O.C.) vroeg in die agtiende eeu reeds die diens van die Kompanjie verlaat het om veeboere in die binneland te word, het die konflik tussen die wit “vreemdelinge” en die inboorlinge uitgebrei tot op ’n afstand van ongeveer 900 kilometers van Kaapstad af na die sogenaamde Oosgrens (van die Kaapkolonie) waar sodanige oosgrensboere tussen ongeveer 1700 en 1835 tot voor die Groot Trek gewoon het (Van Rensburg, 1999:79).

Van Rensburg wys daarop dat hierdie oosgrensboere se taal in belangrike opsigte begin verskil het van die Nederlands wat op daardie stadium elders gepraat is. Die boere het naamlik reeds Afrikaans gepraat (of in elk geval dié variëteit van Afrikaans wat later as “Oosgrensafrikaans” (Van Rensburg, 1985) of “Oostelike Afrikaans” (Ponelis:1993) geïdentifiseer is).

Dit was egter nie net die wit veeboere wat in die agtiende en negentiende eeue Afrikaans geskep het nie. Die taal het ook in hierdie selfde tydperk die spreektaal geword van die nageslag van die Koi (onder andere die Griekwa-afstammeling van Adam Kok, soos hierbo geskets), asook van afstammeling van die slawe en die sogenaamde “vryswartes” (Steyn, 1980:120).

Steyn meen dat die feit dat Afrikaans ook die taal van “bastaards” en hulle afstammeling geword het, tegelyk een van die kragte van die taal, en tog ook die oorsaak vir die “lae waardering” deur sowel die bewindhebbers as deur die eie wit sprekers van die taal aan die begin van die 19de eeu was (1980:120):

Hoewel die oorgrote meerderheid burgers aan die Kaap en op die platteland Afrikaans gepraat het, het hulle Nederlands as die eintlike taal beskou [...] Die Kapenaars het neergesien op 'n taal wat net geskik was vir “lae” funksies soos gesprekke in die gesin en met vriende, vir grappe maak en vloek, maar beslis nie vir godsdiens of brief skryf nie. *En bowendien was dit die taal van die groep waarop hulle neergesien het: die bruin sprekers van die taal* (my kursivering).

Dit wil dus voorkom asof die mite rondom die statusverskille tussen wit en gekleurde Afrikaanssprekendes reeds aan die begin van die negentiende eeu sterk beslag begin kry het. Steyn (1980:120) meen dan ook dat “kleur en geskiedenis” die belangrikste verdelende faktor in die Afrikaanse taalgemeenskap geword het.

Reeds vroeg in die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans was die wittes die bevoorregte groep en die bruin mense (afstammeling van die Koi en slawe) kon

nooit dieselfde regte en status verwerf nie, of het selfs regte verloor wat hulle voorheen gehad het.

Steyn meen nogtans dat die feit dat Afrikaans nie net die taal van een groep was nie, maar van sowel wit as bruin sprekers, een van die kragte van die taal was wat meebring het dat weerstand gebied kon word teen die verengelsingsbeleid in die negentiende eeu (1980:123).

(Dieselfde beginsel geld ook nog in die twintigste eeu vir die voortgesette erkenning van Afrikaans as 'n inheemse taal in Namibië. Belcher (1987) wys naamlik op die voorstel om Afrikaans as sodanig te erken soos verwoord in die VN se voorgestelde taalplan vir Namibië (1980/81) voor onafhanklikheidwording. Die belangrikste rede vir die besluit is die feit dat Afrikaans die moedertaal is van die Rehoboth-Basters. Die Rehoboth-Basters is 'n groep bruin mense wat afstammeling is van wit mense wat met Koi-mense vermeng het en hulle in die tweede helfte van die negentiende eeu op Rehoboth in Suidwes-Afrika gevestig het. Belcher se opmerking in hierdie verband (1987:33) is:

Dit beteken dat Afrikaans 'n bestaansreg gegun word net omdat bruin mense dit praat.)

5.2.4 Ná die Anglo-Boereoorlog: die soeke na 'n “witmansland” (erkenning aan Giliomee, 2003)

Volgens Giliomee (2003:278) het Olive Schreiner in die negentigerjare van die negentiende eeu die grootste uitdaging vir die Suid-Afrikaanse gemeenskap geformuleer as die vermoë om verskeie politieke state en botsende rassegroepe saam te snoer in een grootse, gesonde en verenigde nasie. Sy het as voorbeeld genoem die koms van 'n buitelandse vyand teen wie daar - indien net ses Suid-Afrikaners sou oorbly – skouer aan skouer weerstand gebied sou word. Van hierdie ses mense, het Schreiner gefantaseer, sou twee Engelssprekend wees, twee “Hollands” en twee van inboorling-afkoms. Die ideaal wat sy dus hier

probeer mitologiseer het, is dié van 'n verenigde, nie-rassige, Suid-Afrikaanse gemeenskap (waarin, terloops, die groepe ook *getalsgewys* teen mekaar sou opweeg – AMJ). Schreiner se mite is egter nooit binne dié groepe as lewende mite geïnternaliseer nie, omdat die eie mites (van groepsverbondenheid en vrees vir “die ander”) baie sterker gefigureer het en nie sonder meer “vernietigbaar” was nie. Bygesê: die groepe het ook nooit getalsgewys teen mekaar opgeweeg nie, omdat die “swart” groep totaal oorheersend was wat getalsterkte betref.

Giliomee kom in verband met bogenoemde “droom” van Olive Schreiner tot die gevolgtrekking dat so 'n oorlog toe nooit gekom het nie (in elk geval nie een waarin al die groepe saam teen 'n buitelandse vyand geveg het nie). Wat wel volgens Giliomee gebeur het, is dat die Suid-Afrikaanse gemeenskap na die Anglo-Boereoorlog juis sterk verdeeld geraak het op rassegronde. Hy meen verder dat die Britte valse hoop by swart en bruin mense geskep het dat hulle politieke regte en status verbeter sou word, maar dat hulle hierdie beloftes na die oorlog vergeet het en so rasse-wantroue in die hand gewerk het (Giliomee 2003:278). Hierna was swart en bruin mense op hulleself aangewys om te probeer keer dat Suid-Afrika eksklusief 'n witmansland word.

Die genoemde feite laat weer 'n mate van twyfel ontstaan oor die mite van die Afrikaners as die groep wat *by uitstek* die ander volke in die land gedomineer en van regte ontnem het. Die afleiding is immers dat die Britsgesinde owerheid voor 1948 nooit werklik so ver gekom het om politieke regte aan die ander rassegroepe toe te ken nie. Hierdie standpunt word ook uitgespel deur Barnes (1932:X), wat die volgende beweer:

Doubtless Afrikanerism (gedefinieer as die lewensinstelling van die “South African Dutch” wat veral gekenmerk word deur groepsolidariteit en 'n onversetlike vooroordeel wat betref “native affairs” – AMJ) does not arise from any special endowment of original sin conferred upon the Boers; with the possible exception of New Zealand, something very like it has cropped up wherever Europeans have been brought into close economic and social contact with people of different colour and less complicated

material civilisation [...] I have even been told that Afrikanerism would be just as rank a growth in South Africa as it is to-day, if the white population were purely British.

Miteskepping rondom die gewaande minderwaardigheid van die donkerder rassegroepe is duidelik te bespeur in die volgende aanhaling uit Merriman se korrespondensie met Smuts oor 'n grondwet vir Suid-Afrika (1906-1908), dus reeds in die eerste dekad na die oorlog:

Above all we must constantly keep in mind that as Europeans we are but a handful in the face of an overwhelming mass of an inferior race (Haasbroek 1958:156, aangehaal deur Giliomee 2003:305) (my kursivering).

Merriman stel nietemin in sy korrespondensie met Smuts gekwalifiseerde stemreg vir swart mense voor as 'n tydelike oplossing. Sy standpunt is dat die swart mense in welvaart en getalsterkte groei. Hy voeg ook by:

They are the workers and history tells us the future is to the workers (Hancock 1962:221) (my kursivering).

Smuts, daarenteen, sien gekwalifiseerde stemreg as problematies omdat daar grootskaalse armoede en ongeletterdheid onder Afrikaners is wat hierdie groepe dus ook polities van die stemreg sou uitskakel. Smuts se antwoord aan Merriman is dat die armlankes nie opgehef kon word deur hulle "politie te ostraseer nie." Sy standpunt is verder dat stemreg vir swart mense politieke selfmoord vir wit mense sou beteken en dat hy verkies om "the intolerable burden of solving that sphinx problem" na die sterker skouers en flinker breine van toekomstige geslagte te verskuif (Hancock, 1973:319, aangehaal deur Giliomee, 2003:305).

Volgens Giliomee was een van die vroeë Afrikanerleiers wat ook gekwalifiseerde stemreg vir alle bevolkingsgroepe in die land voorgestel het F.S. Malan, 'n parlementêre leier en redakteur van *Ons Land*. Hy het in die 1909/1910-Nasionale Konvensie voorspel dat, indien daar nie aandag gegee word aan swart

politieke regte nie, daar “a struggle and tears and suffering” op pad is (Giliomee, 2003:305). (In die lig van die gebeure in die volgende agt dekades, lyk hierdie woorde van Malan profeties – AMJ.)

Hofmeyer (Jan Hendrik) het hierdie standpunt gesteun en het in sterk mities gelaaide taal sy mening uitgespreek (Hofmeyer 1913:629, vertaal deur Giliomee 2003:305):

It would be a bad day if in addition to protecting our northern borders against the *teeming millions of Darkest Africa*, we had to be continually on our guard against a malcontent colored and native population in our own midst, outnumbering us by five or six to one” (my kursivering).

Giliomee (2003:302) wys verder op die invloed van latere Afrikanerleiers soos Hertzog wat in sommige opsigte ’n konvensionele siening van wit meerderwaardigheid gehad het:

Hertzog was, in some ways, a conventional white supremacist and in others not. He lauded the racial laws of the Republic of the OFS because he thought such laws led to *blacks respecting whites* (my kursivering).

Tog het Hertzog in 1922 die bewering gemaak het dat niemand die inboorling (“native”) sou keer om uiteindelik die stemreg te verkry nie, omdat ’n mens nie politieke regte vir mense kan weier nie. Voortgesette weiering om stemreg aan swart mense te verleen, sou volgens hom nie kon gebeur sonder om die gewete van die witman te verkrag nie. Andersyds sou absolute gelykheid vir swart mense net kon gebeur indien wit mense hulle goed neem en die land verlaat (Giliomee, 2003:302). Dit lyk dus asof die kiem van ’n **innerlike konflik** tussen **die Afrikaner se behoefte tot oorlewing** en sy **gewetensbesware teen ’n gebrek aan billikheid** andersyds, reeds by Hertzog teenwoordig was. Hierdie innerlike konflik was moontlik verantwoordelik vir die feit dat Hertzog nie in sy termyn as Eerste Minister soos vooraf beloof stemreg aan die bruin mense toegeken het nie en gevolglik as “tweegesig” onder hierdie groep beskou is

(sodat daar selfs metafories na handtertjies met “twee gesigte” as Hertzoggies verwys is.)

Dit is myns insiens nie nodig om verdere besonderhede te gee oor verskillende politieke figure en partye se sienings rondom die kwessie van stemreg vir nie-wit groepe in die tydperk voor 1948 nie, hoewel daar ’n legio besonderhede hieromtrent opgeteken is. Die voorafgaande kort oorsig moet net dien as agtergrond vir die aanloop tot die “verdrukking”-mites.

Die bostaande bespreking is reeds genoeg om enkele ter sake afleidings te kan maak:

- Daar was by verskeie vroegtwintigste-eeuse Suid-Afrikaanse leiers **kommer oor die rassevraagstuk**. Sake wat veral genoem is, was die getalle-oorwig van die swart rasse, die bedreiging van “donker Afrika” na die Noorde, en die feit dat dié groepe as die werkers van die toekoms, baie mag in die land sou kry;
- **Miteskepping** is duidelik waarneembaar in sommige van die uitsprake. Die meerderwaardigheid van die wit groepe oor die donkerder groepe word deur onder andere Merriman (“an inferior race”) en Hertzog (“blacks respecting whites”) verwoord, terwyl Smuts (“one of the most dangerous things”) (om stemreg aan swart mense toe te ken – AMJ) en Hofmeyer (“the teeming millions of Darkest Africa) albei in miteskeppende (in dié geval veral hiperboliese) taalgebruik op die bedreiging deur dié groepe wys.
- **Die sogenaamde lesse van die geskiedenis** waarna Merriman verwys (“history tells us that the future is to the workers”) werk ook miteskeppend.

Binne hierdie klimaat van taalgroep- en rass spanning, armoede na die oorlog, arbeiders se toenemende druk en bitterheid en agterdog teen die Britse owerheid, het Afrikaans in 1925 een van die amptelike tale geword en is daar voortgegaan met die standaardisering daarvan deur veral die dominante groep, naamlik die wit sprekers van die taal.

Daar kan egter geen twyfel bestaan nie dat swart niemoedertaalsprekers (maar ook 'n hele aantal swart *moedertaalsprekers*) van Afrikaans, asook bruin moedertaalsprekers van die taal, reeds in die eerste dekades van die naoorlogse Suid-Afrika politieke regte misgun is en boonop gestigmatiseer is as minderwaardig. Hierdie toestand was 'n gunstige teelaarde vir die ontstaan van hulle eie mites binne dié groepe en dus ook mites rondom Afrikaans.

5.2.5 Die vestiging van die mite van eksklusiewe Afrikaner-etnisiteit en die Afrikaner- burgerlike godsdiens (1938 tot 1948)

In sy uiteensetting oor die opkoms van die *Afrikanerdom* (soos hy daarna verwys), gee Moodie 'n uiteensetting van die interaksie tussen die geloofsoortuigings van die Afrikaner en sy volks- en staatsbewussyn. Hy definieer die “burgerlike/staatsgodsdiens” (“civil religion”) van die Afrikaner soos volg (1975: 296):

Civil religion [...] denotes the religious dimension of the state [...] The origins, the extent and limits and the final purpose of political sovereignty are all thereby set within the context of ultimate meaning; aspirations to sovereign power and the exercise of sovereignty are given transcendent justification.

Binne hierdie raamwerk beskryf Moodie die miteskeppende mobilisering onder Afrikaners in die tydperk van die historiese ossewatrek (1938) en daarna, waarna reeds breedvoering in hoofstuk 4 vanuit Afrikanerperspektief verwys is. Moodie verwys in besonderhede na dr. D.F. Malan se toespraak by die eeufeesviering van Bloedrivier op 16 Desember 1938 en noem dit een van Malan se

belangrikste en “vaardigste” (“most skillful”) toesprake van sy loopbaan. Malan het nl. in sy toespraak na die verstedeliking van die Afrikaner as die “tweede Groot Trek” verwys en ontwikkel volgens Moodie die tema van verstedeliking as die tweede “trek”, met die stad as die nuwe Bloedrivier en die arbeidsmark as die oorlogveld, “... in a manner which set the urban migration of Afrikanerdom firmly in the context of the civil religion” (Moodie 1975:198).

Dr. Malan verwys in sy toespraak na swart en wit wat – anders as met assegai en voorlaaier by Bloedrivier – nou moet meeding in dieselfde arbeidsmark, en kom tot die gevolgtrekking dat die vryheid waarna die Afrikaner hunker, nie net ’n republiek is nie, maar “*the right to preserve the rule of the white race.*” (Moodie 1975:200) (my kursivering). Moodie se slotsom oor dr. Malan se toespraak is:

[...] never before [...] had analysis of Afrikaner urban poverty been so skillfully blended with so many of the *racial and ethnic themes* (en dus miteskepping rondom die eie groep – AMJ) *of the civil faith* (my kursivering).

Moodie wys ook op die totstandkoming na aanleiding van die simboliese trek van die sogenaamde “reddingsdaadfonds” en haal die miteskeppende retoriek van dr. N. Diederichs, voltydse leier van die Reddingsdaadbond, aan (soos deur Moodie vertaal, 1975:205):

Come Afrikaners across the length and breadth of our land, come in your thousands, your tens of thousands, your hundreds of thousands [...] Come you rich and come you poor [...] Come Afrikaners, children of *the same nation* ... For we are busy with a great work; *we are building a temple* ... (my kursivering).

(En wat sou binne die konteks van ’n burgerlike godsdiens meer sinvol kan wees as om ’n *tempel* te bou? – AMJ.)

Moodie vertel ook hoedat takke van die Reddingsdaadbond “Afrikaner-ontspanningsaktywiteite” soos boeresport en volksdanse by hulle byeenkomste beoefen het om sodoende ’n eenheidsgevoel te bewerk. Die verstedelikte

Afrikaners is egter ook geleer dat handel dryf en sake doen nie in konflik met die ideale van die burgerlike godsdienst is nie (waarskynlik omdat hulle voorheen in die hoofsaaklik landbou-milieu nie so gewoond was aan handel dryf nie – AMJ) en dat Afrikanerkoopkrag koöperatief aangewend moet word in dieselfde banke en ander sakeondernemings:

Capitalism had thus to be transformed from its base in liberal individualism to an *ethnic system which would work to the good of the Afrikaner People as a nation*. This was to be achieved by Afrikaner control of both production and consumption (Moodie 1975:204) (my kursivering).

Moodie meen dat die fokus van die Reddingsdaadbond en dié van die Afrikaner Broederbond in hulle stryd teen stedelike armoede deur 'n "narrow ethnic lens" geskied het en dat hulle geensins aandag gegee het nie aan "the mass of black men who were moving into the cities along with them" (1975:206). In der waarheid was die gemiddelde jaarlikse kontantverdienste van wit mense in die myne elf maal meer as dié van nie-wit mense, terwyl die verhouding in die vervaardigings- en konstruksiesektore vyf tot een was (Moodie, 1975:206). Die gevolgtrekking waartoe Moodie kom is dat dr. Malan se polemieke rondom die Afrikaner van die tweede Groot Trek, wat ongewapend teen die swart man by 'n nuwe Bloedrivier (die arbeidsmark) moes weerstand bied, nie deur statistieke ondersteun is nie.

Die afleiding is dat Afrikanerleiers in die jare voor 1948 vir die Afrikaner singewing aan sy bestaan geformuleer het as 'n doelbewuste strewe om:

- sy kragte binne eie geledere te mobiliseer;
- **sy taal te handhaaf;** en
- sy burgerlike godsdienst ook in die nuwe stedelike konteks uit te leef.

Volgens Moodie (1975:207) sluit die herinterpretasie van dié burgerlike godsdienst twee belangrike fasette in nl. "ethnic interests against the English as well as racial domination of the black African" (my kursivering).

Die opvallende aspek van bogenoemde is dat miteskepping rondom Afrikanerstrewes in hierdie geval onvermydelik help bou aan die mite van wit dominansie en daarteenoor aan konflikterende miteskepping binne die gedomineerde groepe.

5.3 Die institusionalisering van die mite: die apartheidsjare (1948 en verder)

In 1948 kom die “Afrikaner-party”, die Nasionale Party, aan bewind onder leiding van dr. D.F. Malan, na wie se miteskeppende toespraak op 16 Desember 1938 hierbo verwys is.

Van Rensburg (1999:81) verwys soos volg na hierdie gebeure en die impak daarvan op Afrikaans:

In 1948 the National Party came to power and firmly entrenched their policy of apartheid. Most National Party representatives used standard Afrikaans as both their home language and their language of public communication. *The link between Afrikaans and apartheid was made in spite of the fact that among the outspoken opponents of apartheid there were speakers of every variety of Afrikaans* (my kursivering).

Op 2 September 1958 word dr. H.F. Verwoerd, toe reeds vir ongeveer ses jaar Minister van Naturellesake, die sesde Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, na advokaat J.G. Strydom, wat op sy beurt vir dr. Malan opgevolg het.

Op hierdie stadium moes die mite van wit meerderwaardigheid oor die ander rassegroepe reeds goed vasgelê gewees het by sowel die wit mense self asook by die ander groepe. ’n Enigsins humoristiese en beslis satiriese uiteensetting hiervan deur die Nederlandse geleerde, J.H. van den Berg, word aangehaal deur Steyn 1980:258:

De blanke van vóór 1950 [...] straalde zelfvertrouwen. Hij vond zich superieur. Het is per slot geen kleinigheid een spoorweg dwars door een land, door een jungle, door de woestijn, over bruggen, door tunnels te leggen en er een stoomblazend monster over te jagen [...] De blanke

maakte indruk. Hij behoorde tot dat ras met de spitse, alles binnendringende neus [...] Hij was onweerstaanbaar. Hij was onuitstaanbaar [...] toen, destijds, ontstond geen bedenking, noch bij de blanke, noch bij de niet-blanke die zich aan hem vergaapte...

Die mite van wit meerderwaardigheid was dus teen hierdie tyd goed gevestig, en die institusionalisering daarvan was 'n haas natuurlike voortsetting hiervan.

Dr. Verwoerd, die argitek van die institusionalisering en praktiese implementering van afsonderlike ontwikkeling, verwys dikwels in toesprake in die parlement na die dominante rol van die wit mens (of Europeër) binne Suid-Afrika. Twee voorbeelde van hierdie standpunt vind ons reeds in sy eerste toespraak as lid van die Senaat, en wel op 3 September 1948, waarin hy die implikasies van “apartheid” in 'n debat met die Opposisie uitspel (in Pelzer 1963):

- Die party aanvaar die Christelike *voogdyskap van die Europese ras* as die grondbeginsel van sy beleid ten opsigte van die nie-blanke rasse (Pelzer, 1963:4); en
- In die reserwes is ons bereid om die naturel sy baasskap te gee; daar is ons dit nie. Maar binne die blanke gebiede is en sal die *witman baas bly in Suid-Afrika* (Pelzer, 1963:13) (my kursivering).

Hierdie selfde standpunt kom weer na vore in sy eerste toespraak in die Volksraad as premier in September 1958:

[...] ons sal moet kies tussen die hele Suid-Afrika wat gedomineer sal word deur die meerderheid van 'n gemengde bevolking – en dan sal dit 'n naturellestaat wees met die blankes in die minderheid – of ons sal die proses van skeiding moet volg en dan sal ons moet aanvaar dat die ontwikkeling van die naturelle se regte binne hul eie gebied die kompensasië is vir die feit dat die *blanke in sy gebied die beheerder bly* (Pelzer 1963:162) (my kursivering).

Uit dieselfde toespraak blyk egter dat dr. Verwoerd self nie wou voorspel waartoe die uiteindelijke afloop van afsonderlike ontwikkeling sou lei nie, nl. 'n federasie tussen Suid-Afrika en die sogenaamde naturellestaat, of die moontlikheid van “'n toekomsontwikkeling waarin *wit Suid-Afrika* as die basiese en sterk land een of

ander van dié verhoudings (nl. verhoudings wat hy uitspel volgens die voorbeeld van die Britse Gemenebes met sy voormalige kolonies: federaal en vriendskaplik, maar sonder dat dié lande verteenwoordiging in die Britse parlement gekry het – AMJ) teenoor die naturellegebiede sal hê sonder dat daar enige vorm van 'n *gemengde regering* of superregering sal wees.” Dr. Verwoerd se slotsom in dié toespraak is:

Watter reg het die agb. lede dan om te eis dat ek vandag moet voorspel hoe die konstitusionele ontwikkelinge in Suid-Afrika sal plaasvind? Wat ek wel vooruit kan sê, geld dit was ons nou skep, nl. die ontwikkelingsmoontlikhede van die owerhedestelsel, en dit is *al waartoe die Bantoe op die oomblik in staat is om te mik* (Pelzer, 1963:163) (my kursivering).

Steyn (1980:255 en verder) bespreek die kwessie van Afrikaans en apartheid breedvoerig en bied myns insiens uiters waardevolle insigte. Steyn (1980:255) vat die uiteindelijke oordele oor apartheid as volg saam:

- (i) Apartheid en sy latere variante, soos afsonderlike ontwikkeling, was in alle opsigte 'n negatiewe beleid;
- (ii) apartheid kom voort uit die kleurvooroordeel van die Afrikaners; en
- (iii) indien die posisie van Afrikaans onder sommige bevolkingsgroepe sorgwekkend is, is dit die skuld van apartheid.

Wat betref die eerste oordeel, nl. dat apartheid in alle opsigte 'n negatiewe beleid was, is Steyn se standpunt dat dit deel uitmaak van die “*mitevorming rondom apartheid*” (1980:255). Uiteraard is dié standpunt vir die doel van hierdie studie van groot belang, aangesien dit daarop dui dat Steyn mitevorming rondom apartheid ekplisiet erken en veral die impak van dié mitevorming op Afrikaans verreken. Wat egter nie sonder meer duidelik is nie, is of Steyn met hierdie uitspraak die begrip *mitevorming* plaas binne die konteks van dit wat volgens die voorafgaande betoog (sien veral hoofstuk 2) beskryf word as “lewende mites” of in die (moontlik) meer bekende konteks van “vals” of “'n storie sonder grond” (HAT, 1994:670).

Wanneer Steyn se betoog verder gevolg word, lyk die laaste moontlikheid in dié geval die waarskynlikste. Steyn (1980:255) wys nl. op die feit dat hy reeds in 'n vorige hoofstuk aangedui het dat die “Nasionale regerings die inheemse swart tale kragtig bevorder het”, wat dus 'n weerlegging is van die oordeel (mite?) dat apartheid net negatief was. Verderaan wys hy ook daarop dat die die Nasionale regering in die jare vyftig 'n einde gemaak het aan krotbuurte en dat swart gesinne saamgewerk het toe hulle na nuwe buurte weggeneem is (dus weer eens 'n weerlegging van die genoemde “mite”). Volgens Steyn (1980:257) is daar in die 1957/58-jaarverslag van die S.A. Instituut vir Rasseverhoudinge – “'n liggaam wat dr. H.F. Verwoerd, destydse Minister van ‘Naturellesake’, nie goedgesind was nie” – gepraat van “‘phenomenal progress’ en ‘excellent progress’ in die verskillende stede.” Steyn se slotsom is:

Die verspreiders van die *Groot Leuen* – dat apartheid alleen onreg en verdrukking beteken – verswyg vanselfsprekend alle maatskaplike hervormings wat uit die toepassing van die apartheidsbeleid voortgekom het (1980:257) (my kursivering).

Ook Giliomee (2003:539) wys op besondere winste vir Suid-Afrika en 'n positiewe evaluering van die rol van dr. Verwoerd gedurende die eerste twee dekades van apartheid:

Although the new educational system for blacks was strongly criticized, it greatly improved basic literacy [...] In die mid-1960's [...] South Africa had a growth rate of six per cent and an inflation rate of only two per cent. In Augusts 1966 *Time* magazine [...] called Verwoerd ‘one of the ablest leaders Africa has ever produced.’

Ook die *Rand Daily Mail*, wat die mees kritiese dagblad van die tyd was, het volgens Giliomee in Julie 1966 gewys op dr. Verwoerd se besondere leierskap, wat volgens die koerant daartoe gelei het dat die land “ly” aan 'n “surfeit of prosperity” en het in 'n opvolgartikel die stelling gemaak dat Verwoerd beskou kan word as “the man who had refined the crude ideology of white supremacy

‘into a sophisticated and rationalized philosophy of separate development.’” (2003:540).

Daar kan met sekerheid afgelei word dat die mitevorming waarna Steyn hierbo verwys, dui op dié soort miteskepping wat valse persepsies en selfs leuens genereer. Min of meer dieselfde uitgangspunt word gehuldig deur Verhoef (1999:123) wat in die *abstract* van haar artikel oor mites oor Afrikaans as onderdrukkerstaal na mites verwys as “*unjustified assumptions which are generally accepted.*” Verhoef kwalifiseer egter hierdie uitspraak in haar artikel wanneer sy waarsku dat daar aanvaar moet word dat “die vorming van mites gesien (moet) word as ’n ineengeweepte, interafhanklike dinamika tussen die historiese, politiese, ekonomiese en sosiale kragte in ’n bepaalde konteks” (1999:127).

Wat egter vir die doel van hierdie studie hieruit afgelei kan word, is dat – wat aan die een kant van die muntstuk na vervalsing lyk – aan die ander kant van dieselfde muntstuk eg en waar is. Wat vir sommige mense dus na valse persepsies en oorvereenvoudigde veralgemenings lyk, is vir ander juis “lewende” en rigtinggewende mites.

Daar sal vervolgens gepoog word om die ontstaan en vestiging van sodanige lewende mites rondom apartheid en Afrikaans as die taal van apartheid by bepaalde groepe in die Suid-Afrikaanse samelewing onder oënskou te neem.

5.4 Die bruin mense, “bruin” mites en Afrikaans

5.4.1 Herkoms, status en impak op Afrikaans in die vroeë Kaapse geskiedenis

5.4.1.1 Herkoms

Die bruin mense in Suid-Afrika het as groep hulle ontstaan hoofsaaklik te danke aan bloedvermenging tussen wit seevaarders, koloniste en (vry)burgers aan die Kaap met donkerder groepe soos die inheemse mense (die Koisan, maar veral

die Koi, en swart mense) en die slawe uit die Ooste en Afrika, wat aan die begin van die Kaapse koloniale geskiedenis deel van die Nederlandse huishoudings uitgemaak het.³ (Vergelyk ook die standpunt van Thompson hierbo (5.1.2))

Daar is bruin mense wat self hulle herkoms in mities-gelaaide taal verwoord het. In sy gedig van 1985 besin Patrick Petersen (1951 – 1997) soos volg oor die herkoms van sy eie groep (die bruin mense) in Suid-Afrika:

Komvandaan

*daar gunter tussen die woude
is my komvandaan 'n trotse stam*

*van berge en valleie van afrika
in lendene van 'n langgestorwe kaptein*

*ontspruit uit die uitgestrekte niksheid
uit sahara se geel refrein*

*ek eien in die jagter se ge-oep myself
in die korr van die bamboesfluit*

*die voëlvanger met die namaakfluit is ekke
êrens in die angsaanjaende dreun van die trom*

décor van my afrikaansheid is liefdeblyke

soos dou en somerreën vir my jong hart is.

Uit: *amandla ngawethu* (1985)

Verskeie elemente van die herkoms van die bruin mense is in hierdie enkele reëls metafories verwoord:

Waar kom ons vandaan? (“komvandaan”) word beantwoord deur te wys op meer as een “lyn” wat deur die spreker se verlede loop:

³ Die besonderhede van die samestelling uit dié dele word nie verder bespreek nie.

- die “trotse stam” uit die woude (waarskynlik verwysend na ’n swart stam uit ’n gebied ten noorde van Suid-Afrika);
- die “lendene van ’n langgestorwe kaptein” uit die berge en valleie van “afriqua” (dus: die nageslag van die Griekwas of Ghariguriquas, met as stamvader of “kaptein” Adam Kok);
- die “sahara se geel refrein” (die slawe uit Noord-Afrika?);
- die “jagter”, “die bamboesfluit” die “voëlvanger met die namaakfluit” (die Boesmans/San) die “angsaanjaende dreun van die trom” (weer eens waarskynlik ’n sinspeling na die “taal” van Afrika met sy dromme in die nag); en deur alles heen:
- die “d cor van my afrikaansheid ... soos dou en somerre n vir my jong hart ... (sy “aangenome” taal”: gekreoliseerde Nederlands, die “taal van Afrika” – Afrikaans – en nou die “dou en re n” vir sy hart, dus onontbeerlik deel van wie hy is)

Vir die bruin mense van Suid-Afrika is hulle ontstaansmite dus een van die samevloeiing van verskillende lyne, kulture en geskiedenis tot ’n nuwe “verbeelde gemeenskap” (Anderson 1991).

5.4.1.2 Status van die bruin mense in die vroe  Kaapse geskiedenis

Die geskiedenis van die Kaapkolonie het enigsins anders as di  van ander kolonies verloop. Hoewel daar ook hier sprake was van die gebruikelike geweld wat algemeen in kolonies teen inheemses gebruik is, is daar in die Kaapkolonie tog van laasgenoemdes as werkers gebruik gemaak eerder as om hulle te verban of uit te wis. (Giliomee, 2003:9). Volgens Giliomee was die ekonomie van handel dryf van die Koi ook versoenbaar met di  van die Hollanders en daarom maklik inkorporeerbaar by laasgenoemde se ekonomie. Die insluiting van slawe en Koi as werkslui het as gevolg gehad dat die Kaap van die begin af ’n veelrassige samelewing was (maar een waarin die Europe rs as werkgewers nietemin dominant was).

Soos in die Nederlandse kolonies in die Ooste, Ceylon en Batavië, die geval was, was ondertrouery met inheemses in die vroeë Kaapse geskiedenis geensins verbode nie. Daar was vanaf die heel vroegste tydperk na kolonisasie ondertrouery tussen wit en bruin, bv. die huwelik tussen die amptenaar Jan Woutersz, op 21 Mei 1656, met “d’eerbare jonge dochter Catarina Anthonis, van Salagon in bengale, gewesene slavinne van dHr. bogaert...” (Belcher, 1987:21). Ander voorbeelde word ook deur Belcher genoem.

Volgens Giliomee was die meeste verbintenisse tussen koloniste en inheemses of slawe egter buite huweliksverband. Mettertyd het sodanige verbintenisse ook veral voorgekom in nuwe nedersettings in die binneland of anderkant die grense van die Kaapkolonie.

Die kinders uit hierdie verbintenisse was bekend as “Basters” (van die Nederlands “Bastaard”). Klein Bastergemeenskappe het voorgekom in die noordwestelike Kaap, bv. in Namakwaland, Sederberg, Bokkeveld, Hantam en die Roggeveld. In die 1798-sensus in Graaff-Reinet-distrik het hulle omtrent 10 persent van die gemeenskap uitgemaak en is hulle afsonderlik gelys as “gedoopte Bastaards”(Giliomee, 2003:40).

Wat betref die status van die sogenaamde Basters, haal Giliomee vir Lichtenstein (1928) aan:

[The] white children of the colonists did not hesitate to make use of the right of the strongest to drive their half yellow relations out of the places where they had fixed abodes. These bastard Hottentots were then obliged to seek an asylum in more remote parts...

Een van die bekendste van hierdie groepe was die nageslag van Adam Kok, ’n vrygestelde slaaf wat volgens oorlewering getrou het met die dogter van ’n Koi-kaptein van die Chariguriqua-stam. Adam Kok staan dus bekend staan as die stamvader van die Griekwawolk.

Ten spyte van die toenemende bewussyn van statusverskille tussen burgers en “basters” meen Giliomee tog dat “ras” as biologiese konsep in Suid-Afrika eers in die laat-negentiende eeu sy verskyning maak, en dat die begrip voorheen eintlik as sinoniem met “nasie” gebruik is en dus veral in verband met kultuurverskille (2003:14).

Opsommend in verband met die status van die bruin mense in die vroeë Kaapse geskiedenis en in die eeue daarna kan gesê word dat hierdie mense as groep feitlik van die begin af gemarginaliseer is en van ware politieke deelname uitgesluit is.

5.4.1.3 Die Kaapse Moesliemgemeenskap en die eerste Afrikaanse publikasies in die negentiende eeu

Die bruin sprekers van Afrikaans het 'n groot impak op die ontwikkeling van die taal gehad. Interessante inligting rondom die eerste publikasie in Afrikaans in Suid-Afrika word deur Davids (1987:46-47) gegee.

Davids skets die ontstaan van ongeveer 12 Moesliemskole in Kaapstad in die 1830's. Die spreektaal in hierdie skole was Afrikaans, wat op daardie stadium reeds die omgangstaal van die Kaapse Moesliemgemeenskap was. Afrikaans (maar in Arabiese skrif) is ook gebruik om godsdienstige voorskrifte op skrif te stel in die sogenaamde “koples-boeke”, waarvan die vroegste een wat ontdek is, uit 1845 dateer.

Die eerste Arabies-Afrikaanse publikasie word volgens Davids vermeld in *Het Volksblad* van 24 Februarie 1856. Die boek is in daardie jaar deur die Kaapstadse litograaf, M.C. Schonegevel, gedruk. Hoewel daar nie 'n eksemplaar van die betrokke boek, die *Gabomatliem*, gevind kan word nie, bestaan daar genoegsame bewyse dat dit die eerste boek is wat in Afrikaans gepubliseer is. Dit beteken dat hierdie boek ses jaar voor die bekende

Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twijfelaar (L.H. Meurant) verskyn het.

Die genoemde gegewens sou gesien kon word as 'n hermitologisering van die "Afrikanermite" dat die eerste kultuurprodukt in Afrikaans deur die Afrikaners geskep is (sien hoofstuk 4 oor die aanloop tot 1875 en die begin van die mite van Afrikaans en die Afrikaner).

Volgens Davids is die mees omvattende Arabies-Afrikaanse publikasie van die negentiende eeu die vertaling van die Arabiese werk die *Multaqa* deur die Turkse geleerde, Abubakr Effendi, wat in 1862 na die Kaap toe gekom het as een van die geestelike leiers van die Moesliemgemeenskap. Effendi het ook self in 1869 'n (redelik kontroversiële) godsdienstige handleiding in Arabies-Afrikaans geskryf, nl. die *Bayan nud din*, wat 354 bladsye beslaan het en beskou kan word as die omvangrykste boek wat in 'n vroeë vorm van Afrikaans geskryf is (Davids, 1987:48-49). Dit is ook nie net godsdienstige werke wat in Arabies-Afrikaans geskryf is nie. Davids noem dat die Moesliems aangewese was op hierdie skryfwyse aangesien hulle nie Romeinse skrif kon skryf nie en dat selfs briewe, boodskappe en inkopielysies in Arabies-Afrikaans ontdek is.

Die afleiding is dus dat die (bruin) Moslemgemeenskap in die negentiende-eeuse Kaap 'n veel groter impak op die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans as kultuurtaal gehad het as wat die voorafgaande mite van Afrikaans en die Afrikaner veronderstel.

5.4.2 Die twintigste eeu

Wat die gestalsterkte van die sogenaamde kleurlinge aan die begin van die twintigste eeu betref, haal Steyn (1980:124) die syfer van 445 228 vir 1904 aan, waarvan hy die afleiding maak dat daar "aan die einde van die negentiende eeu

ook minstens 400 000 bruin sprekers van Afrikaans was, onder meer in S.W.A./ Namibië.”

Een van die afleidings wat weer uit bostaande stelling gemaak kan word, is dat “kleurlinge” hier nie net verwys na die bruin mense van die Suidwes-Kaap (van wie baie afstammeling van die slawe is nie), maar ook na die Griekwas en Rehoboth-Basters van die Noordwes-Kaap en Namibië. Hierdie afleiding word bevestig deur die subtitel van Rademeyer se 1938-boek, *Kleurling-Afrikaans*, nl. “Die taal van die Griekwas en Rehoboth-Basters”.

Die syfers wat Steyn aanhaal, dui dus op ’n beduidende groep van bykans ’n half miljoen bruin moedertaalsprekers van Afrikaans aan die begin van die twintigste eeu. Die impak van die bruin groep op die getalsterkte van Afrikaans is daarom van groot belang, veral as daar in ag geneem word dat die wit Afrikaanssprekendes (of, volgens Giliomee se terminologie, die Afrikaners) in 1936 maar op 1.2 miljoen geraam word (Giliomee, 2003:xiii).

5.4.3 “Bruin” mites en Afrikaans

*Die bruinman het ’n natuurlike verhouding met Afrikaans – so natuurlik soos die verhouding tussen ’n moeder en ’n kind; ek glo teen alle ‘ontstaansteorieë’ in dat die gekleurde rasse aan Afrikaans geboorte gegee het en hom lewend gehou het in sy suigelingsjare... (Jakes Gerwel in *Buurman*, Julie 1975, soos aangehaal deur Steyn 1980:474) (my kursivering).*

Die bruin mense in Suid-Afrika moes noodwendig ook ’n eie taal as middel van onderlinge kommunikasie vind (bv. in die slawekwartiere waar soveel verskillende taalgroepe byeengebring is, en ook waar die Koisan moes kommunikeer met die hoofsaaklik Nederlandse “handelsvennote” en werkgewers).

Dié “nuwe” taal was Afrikaans, ’n gekreoliseerde aanleedersvariëteit van die doelwittaal, Nederlands, wat neerslag gevind het in wat bekend staan in die taalkunde as Kaapse Afrikaans of Suidwestelike Afrikaans en Oranjerivier-afrikaans of Noordwestelike Afrikaans (Van Rensburg, Ponelis en ander).

Wanneer Petersen dus na sy “afrikaansheid” verwys, praat hy veral van sy taal, Afrikaans. Die taal van die bruin mense van Suid-Afrika het egter nie ontkom aan die mite van wit meerderwaardigheid nie, en daar is ook in terme van “kleur” na hulle “soort” Afrikaans verwys, soos in die reeds genoemde werk van Rademeyer (1938), *Kleurling-Afrikaans*. In die inleiding tot hierdie taalkundige werk, waarin “afwykinge van die Algemeen-Beskaaf” (1938:5) ten opsigte van die fonetiek, morfologie, sintaksis en woordgebruik van die sogenaamde kleurlinge (volgens die skrywer veral die Griekwas en Rehoboth-Basters) beskryf word, word die volgende uitsprake deur die skrywer gemaak:

Hierdie kleurlinge (’n groep wat deur die skrywer gedefinieer word as “diegene met gemengde bloed” – AMJ) praat almal *’n soort van vervormde Afrikaans ...* As norm sal dien die *Algemeen-Beskaafde taal van Suid-Afrika* en voortdurend sal hierna verwys word ter vergelyking.

En, nog meer stigmatiserend:

Die kleurlinge is nie analfabete, soos ’n mens miskien van *so ’n agterlike klompie wesens* sou verwag nie, of laat ek lievers sê, daar is baie van hulle wat die pen beter hanteer as baie van die minder bevoorregtes *onder ons eie volk*. (in albei gevalle my kursivering).

Hierdie uitsprake laat die vraag ontstaan wat die effek op “die kleurlinge”, wat tog volgens die skrywer se eie getuienis nie analfabete was nie, sou wees by die lees daarvan.

Die afleiding is myns insiens dat hulle “afrikaansheid” van feitlik die heel begin af vir die bruin mense van Suid-Afrika tot ’n mate problematies moes gewees het. Volgens die reeds aangehaalde syfers van Steyn hierbo (1980:124) was daar nietemin aan die begin van die twintigste eeu ongeveer 400 000 bruin sprekers

van Afrikaans in die land (insluitende Suidwes-Afrika). Hulle verbintenis met Afrikaans en veral met die Afrikaners was egter, soos reeds genoem, dikwels problematies. Verskeie “negatiewe mites” (vanuit die oogpunt van die taal gesien) was hiervoor verantwoordelik.

5.4.4 Die invloed van die Britte op “bruin” mites voor 1948

'n Baie belangrike faktor waardeur die verhouding tussen die bruin mense en die Afrikaners in die laaste dekades van die negentiende en eerste dekades van die twintigste eeu vertroebel is, is volgens Steyn die tussenkoms van die Britte. Laasgenoemde se motiewe teenoor die sogenaamde kleurlinge was volgens Steyn nie suiwer nie, soos ook uit latere gegewens blyk (sien ook Giliomee se standpunt soos uiteengesit in 5.6 hierbo). Die Britte het naamlik veral in die hoop op bruin stemme in verkiesingstye, stories versprei wat ongetwyfeld bygedra het tot die negatiewe mitologisering van die Afrikaners in bruin geledere.

J.H. Hofmeyer skryf bv. reeds in ongeveer 1881 in *De Zuid-Afrikaan* onder meer die volgende (soos deur Steyn vertaal, 1980:269):

Van verskillende plekke verneem ons dat die jingoes (Britte) na afloop van die Boerevergadering hulle ywerig benaastig het onder die gekleurde dagloners en ambagsliede deur hulle wys te maak dat die Boere 'n groot kombinasie gaan oprig, met die doel om die Engelse die land uit te jaag en die kleurlinge weer tot slawe te maak.

'n Invloedryke bruin man, dr. Abdullah Abdurahman, die eerste voorsitter van die Kleurlinge se eie politieke organisasie ná die Anglo-Boere-oorlog, die African Political Organisation, het hom bitter uitgelaat teen die Engelse troubreuk teenoor die bruin mense/”kleurlinge” en beweer dat hulle verkul is. Nogtans was hy lojaal teenoor Engels, terwyl hy Afrikaans as “kombuis- en straattaal” geminag het.

In mities-gelaaide taal het hy aan sy mede- bruin mense die vraag gestel: “Gaan ons dié taal praat or shall we use the language of Tennyson?” (Steyn 1980:270).

’n Verdere bewys van die feit dat bruin mense as politieke speelbal tussen Engels- en Afrikaanssprekendes gebruik is, vind ons in die gebeure in Calvinia tydens die Anglo-Boere-oorlog. Daar is reeds in hoofstuk 2 van hierdie studie verwys na die mitiese figuur van Abraham Esau, wat as vurige ondersteuner van die Britse owerheid tydens die oorlog in Calvinia ’n spioen geword het en uiteindelik deur Boere van ’n groep OVS-kommando’s wat Calvinia binnegeval en krygswet afgekondig het, tereggestel is.

Nasson (1990:118) se aangehaalde uitsprake oor die martelaarskap van Esau lui soos volg:

A bitter and vituperative political contest was a good moment for the creation of martyrdom, and for this brief moment Esau became visibly the Coloured martyr of a Cape liberal political culture.

En:

In the years following the South African War, the martyrdom of Abraham Esau served a recognizable function. It met a psychological need....and offered an integrating element at this particular historical moment. Esau became the mythic symbol of a revived British patriotism in Calvinia village life.

Uiters negatiewe miteskepping by die bruin gemeenskap rondom hulle wit Afrikaner-taalgenote is volgens Steyn (1980:270) tot in 1948 voortgesit:

’n V.P.-pamflet vir Kleurlinge (sic) lui nog in 1948 dat die N.P. ‘slawe- arbeid’ beoog en dat Kleurlingkinders geen onderwys sal kry nie. Stories is versprei dat ‘die Boere’ die Kleurlinge soos muile voor die ploëë gaan span as die N.P. wen.

5.4.5 “Bruin” miteskepping ná 1948

Gruwels soos dié waarna die bogenoemde pamflet verwys het, het wel nie ná 1948 plaasgevind nie, maar wat wel gebeur het, is dat die bruin mense op 'n afsonderlike kieserslys geplaas is met behulp van metodes “wat die party glad nie tot eer strek nie” (Steyn, 1980:274) en dat apartheidsmaatreëls soos die Groepsgebiedewet en die Bevolkingsregistrasiewette van 1950 vir die bruin mense “frustrasie en verbittering meegebring (het)” (volgens getuienis voor die Theron-kommissie, aangehaal deur Steyn 1980:274).

Die aksies soos afsonderlike kieserslyste en die latere wetgewing rondom groepsgebiede en bevolkingsregistrasie het uiteraard 'n groot invloed op latere verhoudings tussen wit en bruin Afrikaanssprekendes gehad.

Steyn wys daarop dat die “dwang op Kleurlinge in Kaapland om vanweë hul kleur uit bepaalde gebiede te trek” hulle nie net finansiële benadeel het nie, maar ook “'n aantasting (was) van hul menswaardigheid.”

Een van die getuies voor die Theron-kommissie oor “aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep” het gesê: “As die wit mense se huise so oor die bult begin kom, dan wonder ons of ons weer sal moet trek.”

W.A. de Klerk noem hierdie proses “'n verhandeling in menslikheid wat vreemd was aan die ware tradisie en aard van die Afrikaner” en brei soos volg hierop uit (1979:14,15, aangehaal deur Steyn 1980:275):

Daar was bitterhede soos die vernietiging van die mees Kaapse deel van die Kaap – Distrik Ses; enghartighede soos die selfsugtige eis dat die Nico Malan-skouburg [...] vir blankes alleen gereserveer word; die ewe enghartige indeling van strande [...]; les bes, maar miskien die bitterste van almal: die aanslag op ou gemeentes van die Nederduits Gereformeerde Sendingkerk ...

Daar is toenemend reeds in die vyftigerjare stemme wat opgaan teen die “onreg van sommige apartheidsmatreëls” en Steyn (1980:279) haal onder meer vir D.P. Botha (1960:172-173) aan, wat die vraag stel of die apartheidsmatreëls “wat die Kleurlinge raak” opgehef moet word, en dan self met ’n besliste “ja” antwoord. Botha versterk sy argument deur daarop te sinspeel dat ’n nuwe inhoud toegeken moet word aan dr. D.F. Malan se (miteskeppende – AMJ) woorde: “Bring bymekaar wat bymekaar hoort.”

Een van die bekendste “bruin” stemme reeds in die vroeë apartheidjare was dié van die akademikus en digter/dramaturg, Adam Small, wat soos volg sy gevoelens in mities-gelaaide taal weergee in die byvoegsel tot *Die Burger*, *Die Volksblad* en *Die Oosterlig* van 5 Desember 1958:

Die enigste kreet wat ek, geen dooie boek-bruinman nie, maar ’n lewende bruinman in ons Suid-Afrika altyd op my lippe voel (,is):

“Ek haat niemand nie!”

[...] hierdie woorde (het) *vir my so ’n luide betekenis [...], so ’n hartstogtelike klank [...]* wat skree uit my hart, my hoof, my lyf – ondanks die *duisend beledigings wat my daaglik teenblaf* in stasiehalles, op busse, treine, by toonbanke...

Dit is veral in sy drama, *Kanna hy kô hystoe* (1965) dat Small op baie besondere wyse die “lotgevalle van die onmiskenbare eie mense” verwoord in ’n “merkwaardige debuutdrama wat ten opsigte van sowel tema as struktuur ’n ingrypende vernuwing in ons letterkunde gebring het” (Olivier, 1999:573). In die volgende werk uit Small se pen, wat eers agt jaar ná *Kanna* verskyn, nl. die foto-en-versboek saam met fotograaf Chris Jansen, *Oos wes tuis bes:Distrik Ses* (1973) word die gebeure rondom Distrik Ses soos hierbo reeds beskryf onder woorde gebring, en sodoende gemitologiseer, sodat Olivier (1999:575)met reg kan praat van die “elegiese toon wat Small hier vasvang.”

Dit is nie net bruin mense wat self meegewerk het aan die miteskepping waardeur onbillike apartheidspraktyke en stigmatisering van die bruin mense en

hulle taal uitgewys is nie. Steyn (1980:280 en verder) noem name soos W.A. de Klerk, D.J. Opperman, N.P. van Wyk Louw, Jan Rabie, Breyten Breytenbach, Chris Barnard, André P. Brink, Elsa Joubert en M.E.R. as figure wat meegehelp het om die lesers bewus te maak van die gevolge van “diskriminerende houdinge en maatreëls.” Veral Elsa Joubert se roman, *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978), wat as vervolgreëks in *Rapport* verskyn het, het groot belangstelling onder bruin mense gewek en ook miteskeppend gewerk.

Steenberg (1998:532) wys daarop dat Poppie, as Christen-Afrikaanssprekende, op grond van ’n gedwonge huwelik met Stone Nongena en die implikasies van die groepsgebiedewetgewing as ‘t ware ’n vreemdeling word onder haar eie mense. Tog meen Steenberg dat haar “ek-is-nog-sy-houding” haar gelykstel aan een van die ander (mitiese – AMJ) figure in die Afrikaanse letterkunde, Van Melle se Bart Nel. (Dit dui myns insiens op bykans parallelle mites, naamlik dié van die Afrikaner (in 1914) om sy identiteit te bewaar, en dié van die bruin vrou om enigsins identiteit gegun te word – AMJ.)

Steyn se kommentaar (1980:281) oor die goeie gevolge van *Poppie* hou verband met die feit dat dit weer bruin mense se belangstelling in ’n Afrikaanse boek gewek het:

Afrikaans het, ondanks alles wat die laaste dertig jaar gebeur het, tog weer begin om ’n draer te word van die lewensbehoefte van sy bruin sprekers.

Breyten Breytenbach se verklaring in die hof op 26 November 1975 toe hy tot nege jaar tronkstraf gevonnissen is vir oortreding ingevolge die Wet op Terrorisme, het myns insiens ook ooglopende implikasies vir die mite van Afrikaans as “verdruckerstaal”, aangesien Breytenbach homself in en deur Afrikaans baie duidelik identifiseer met “sy (my) land” en “sy (ons) volk”, maar net so duidelik distansieer van die beleid van apartheid, wat aan Afrikaans gekoppel sou wees:

In my hart, Edele, was die motivering vir my handelswyse altyd die liefde vir my land. Dit is dalk paradoksaal, maar vir my het dit gegaan om die voortbestaan van ons volk, 'n voortbestaan met regverdigheid soos Van Wyk Louw dit uitgedruk het, oor die inhoud en gehalte van beskawing. Ek het geglo dat my optrede nie teen Suid-Afrika gerig was nie, maar teen wat ek beskou het as onregverdighe (aangehaal deur Steyn 1980:281).

5.4.6 Die impak van “bruin” apartheidsmities op Afrikaans: die sewentigerjare

In een van die motto's aan die begin van hierdie hoofstuk is J. du P. Scholtz se uitspraak in *Die Burger* van 19 Julie 1978 aangehaal (soos in Steyn, 1980:265):

Dit is die tragiese, skynbaar keerlose proses - en 'n *onnoemlike verlies vir Afrikaans* – die verengelsing van 'n groot Afrikaanssprekende bevolkingsgroep waaraan ons tog, ten spyte van alles, baie na staan – nader as aan baie eentalige Engelse wit mense in ons land.

Bruin mense se “frustrasie en verbittering” (sien die aangehaalde getuienis van die Theron-kommissie in 5.9.3.4 hierbo) teen die apartheidbeleid van die Nasionale Party het onvermydelik in sekere gevalle 'n teiken gevind in die “hooftaal” van die apartheidregering, Afrikaans. Dit het gebeur ten spyte van die feit dat hierdie taal, Afrikaans, ook in baie/die meeste gevalle die bruin mense se eie moedertaal was (hoewel, soos aangedui in 5.9.3.2 hierbo, sogenaamde “Kleurling-Afrikaans” as minderwaardig en “afwykend” gestigmatiseer is).

Steyn (1980:279) noem gevalle waar “veranderde houdings en lojaliteite” onder bruin mense teenoor Afrikaans duidelik merkbaar was. So byvoorbeeld het die destydse *Die Vaderland* in 1974 'n aantal Johannesburgse bruin mense genader, van wie een se uitspraak ook reeds in die aanhef tot hierdie hoofstuk gegee is:

Dit spyt my as ek u te na kom ... Die Afrikaners wil ons nie hê nie, en nou wil ons ook nie meer die Afrikaners hê nie.

Dieselfde segspersoon brei hierop uit:

Ons verkies die Engelssprekendes, want al is hulle nie altyd eerlik nie, behandel hulle ons minstens meer simpatiek. Ons gee ook al hoe meer

voorkeur aan Engels as taal... In elke Kleurlinghuis kry jy 'n Engelse koerant. Maar net die intellektuele lees Afrikaanse koerante; en dan dikwels ook net as hulle die Afrikaner se mening oor 'n besondere saak wil weet.

Ander insiggewende uitsprake van leiersfigure in die bruin gemeenskap in die sewentigerjare is dié van:

- Jakes Gerwel (in *Buurman*, Julie 1975), wat op die vraag oor Afrikaans as “die taal van die verdrukker” soos volg antwoord:

Nee, ek dink nie Afrikaans is die taal *van* 'n sekere groep nie. Afrikaans is die taal waarin ons mense – wit en bruin – lewe. Dat daar politieke onreg in Afrikaans gepleeg word, kan egter nie ontken word nie. En solank dit voortduur, *sal die bruinman se verhouding tot Afrikaans gestrem wees. Die bruinman (sic) het 'n natuurlike verhouding met Afrikaans – so natuurlik soos die verhouding tussen 'n moeder en 'n kind; ek glo teen alle 'ontstaansteorieë' in dat die gekleurde rasse aan Afrikaans geboorte gegee het en hom lewend gehou het in sy suigelingsjare...* (my kursivering);

- dr. Allan Boesak, wat in *Die Volksblad* van 5 Februarie 1977 beweer dat dit die Afrikaner is wat “die laaste bietjie politieke regte van die bruines weggeneem het en [...] die sogenaamde ‘sagte apartheid’ van die Engelse in harde apartheid omskep het” deur die onderdrukking van bruin mense “in 'n duidelike sisteem” vas te pen; en
- Adam Small, wat op 28 Julie 1977 in *Die Burger* aangehaal word na sy N.P. van Wyk Louw-gedenklesing waartydens hy beweer het dat die “blote woord ‘apartheid’ [...] onmeetlike skade in die land berokken en as woord ook aan die Afrikaanse taal ...” (my kursivering).

Nie alle prominente figure in die bruin gemeenskap was dit egter in die apartheidjare eens dat daar wel 'n proses van verengelsing onder hulle groep aan die gang was nie. Dr. Richard van der Ross, rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland, (aangehaal deur Steyn 1980:282) maak byvoorbeeld in Junie 1975 in *Buurman* die volgende mities-gelaaide uitspraak:

Ek stap in die strate van Kaapstad. Die mense, *my mense*, verkoop blomme, gesels onder mekaar, lag en koggel mekaar, soos hulle sê. *Hulle praat Afrikaans*. Jy kom in 'n woelige deel van Athlone, waar die sypaadjies wemel en krioel van mense, waar jy alles en nog wat aangebied word – vrugte, groente, speserye, klere, en wat hoor jy? *Afrikaans... En dis meer as 'n taalmedium in die sin van intellektuele kommunikasie. Dis 'n kommunisering van gemene eienskappe...*" (my kursivering).

Dr. Van der Ross verduidelik voorts dat, as hy iemand in Engels vra om 'n snoek te koop, hy net 'n snoek kry. Doen hy dit egter in Afrikaans, "*dan kry ek meer as 'n snoek; ek kry vriendskap en warmte op die koop toe. Ek kry daardie ding wat hulle noem empatie, en dis meer as geld werd. Tussen ons twee het iets meer as 'n transaksie plaasgevind; ons het mekaar aangesien as vriende, as broers.*" (my kursivering). (Dr. Van der Ross se taalmedium is hier Standaardafrikaans. Dit laat die vraag ontstaan of hy die "snoek, vriendskap en warmte" in dié vorm ervaar het, en of hy in die "strate van Kaapstad" met "sy mense" Kaapse Afrikaans gepraat het.)

'n Afleiding wat uit bogenoemde gemaak kan word, is dat Afrikaans wel vir sommige prominente intellektuele leiers in die bruin gemeenskap min of meer dieselfde betekenis gehad het as vir hulle "Afrikaner"-taalgenote: dié van 'n besondere "liefdes"-band met die taal en een wat hulle ook aan ander (bruin) sprekers van die taal verbind het. Afrikaans het dus ook sin gegee aan hulle bestaan. Tussen wit en bruin sprekers van Afrikaans het die mitiese kloof van politieke skeiding egter steeds gegaap.

In 'n onderhoud met Chris Barnard drie jaar later (in *Huisgenoot*, 10 Maart 1978) maak dr. Van der Ross weer die stelling dat die "kleurlinge" glad nie besig is om te verengels nie, maar dat sy ervaring is dat die gebruik van Afrikaans sedert die Tweede Wêreldoorlog juis toeneem – "op die skoolwerf, in meer formele situasies, onder geleerdes – oral" (aangehaal deur Steyn, 1980:265).

Steyn (1980:278) meen nietemin dat Afrikaans in die apartheidsjare nie alleen verliese gely het aan “mense en breinkrag” as gevolg van die emigrasie van mense wat aan die gevolge van apartheid wou ontkom nie, maar ook “deur die negatiewe houding teenoor die taal”. Hy verduidelik dat so ’n negatiewe houding moeilik met getalle te bewys is, omdat daar byvoorbeeld nooit opnames gedoen is om “verengelsing as gevolg van apartheid” empiries te probeer bewys nie, en omdat so ’n proses boonop oor ’n lang tydperk strek.

’n Onderzoek in dieselfde jaar (1978) waarin dr. Van der Ross met stelligheid beweer het dat “kleurlinge” nie besig is om te verengels nie, dui ten minste op ’n sterk neiging tot tweetaligheid in Afrikaans en Engels by veral stedelike bruin mense; 9 persent van die ondervraagdes het volgens hulle eie mening “verengels”, maar 8.5 persent het “verafrikaans”.

Data versamel tydens ’n RGN-onderzoek in 1979 dui op ’n voorkeur vir Engels as onderrigmedium in die primêre skool onder bruin mense van die Kaapse Skiereiland. In die res van Kaapland verkies ’n driekwart van die byna uitsluitlik Afrikaanssprekende bruin mense wel Afrikaans as onderrigmedium in die laerskool. Wat die hoërskool betref, kies sowel Engels- en Afrikaanssprekende bruin mense van die Skiereiland Engels as onderrigmedium, terwyl die res van die Kaapprovinsie se bruin mense ook hierdie voorkeur toon (volgens syfers uit die konsepverslag van die projekteier, P. Scheffer, soos aangehaal deur Prinsloo 1984:111-112).

(Albei die bogenoemde ondersoeke vind plaas na die gebeure in Soweto in 1976, waarna later nog verwys sal word.)

Die afleiding sou kon wees dat “bruin” miteskepping in die eerste dertig jaar van geïnstitutionaliseerde apartheid nie in so ’n mate teen die taal self gemik was dat dit ’n beslissende rol gespeel het in die verengelsing van die bruin mense nie. Wat egter wel waar is, is dat die bruin mense in ’n ongemaklike en, myns insiens,

redelik unieke verhouding met Afrikaans geleef het: hulle eie moedertaal was immers terselfdertyd ook die taal van die “verdrukker”.

5.4.7 Die tagtigerjare: “So naby mekaar en tog só ver apart”

Daar is ’n legio uitsprake in die Afrikaanse taalpolitiek gemaak oor die verband al dan nie tussen ’n taal en sy sprekers, en daarom ook by implikasie oor die vraag of ’n taal (Afrikaans) “verdrukkend” kan wees. In die bundel *Taal en stryd: 1989-1999-gedenkbundel* kom daar onder andere ook verskeie sulke uitsprake voor, waarvan enkeles hierna kortliks bespreek sal word. (Dit is nodig om eksplisiet daarop te wys dat die bundel eers in 1999 verskyn het, maar dat die referate wat daarin opgeneem is, gelewer is tydens die sogenaamde *Taal en stryd-kongres* in Durban in 1989 – AMJ.)

Meintjies (1999:101) beweer met stelligheid:

Language is not inherently oppressive. Its role is defined by the people who wield it and the social forces which act upon it (my kursivering).

Meintjies se standpunt is dus duidelik dat geen taal as sodanig “verdrukkend” kan wees nie, maar dat dit wel deur *mense ingespan kan word om te verdruk*. So ’n standpunt kan dus dien as voorbeeld van die ontmitologisering van die mite onder bespreking.

(Willemse e.a.1999:88) weer, beweer:

Taal, daardie intieme voertuig van representasie, kan nie geskei word van die stryd om politieke en ekonomiese mag nie (my kursivering).

Dit wil voorkom asof die bogenoemde referente wel ’n bykans “intieme” verhouding veronderstel tussen ’n taal en die politieke en ekonomiese magstryde wat deur medium van die betrokke taal gevoer word.

Die bogenoemde stelling is deel van 'n referaat met die titel “Oor Bloekombos en (voor-)Uitkyk”. Volgens die referente word drie sentrale kodes hierin aangeraak, nl. taal, kultuur en stryd. Die gegewe is die gedwonge verskuiwing van mense uit plakkerskampe by Bloekombos (naby De Nova) en Uitkyk, maar sonder dat daar deur die munisipaliteit waarbinne hulle woonagtig is, naamlik Kraaifontein, planne gemaak is om aan hulle huise te verskaf.

Die referente verduidelik die dilemma van die mense van Bloekombos en Uitkyk soos volg (1999:84):

'n Dak oor die kop is 'n dwingende noodsaaklikheid. Hulle tree egter op in 'n ongelyke verhouding tussen owerheid en inwoners, in 'n ekonomiese verhouding waarin hulle lae-orde deelnemers is, in 'n politieke verhouding waarin hulle alternatiewe moet leer ontwikkel om te oorlewe – nie “huise” nie, maar “plakkershuise”. Hulle is besig – soos baie soortgelyke gemeenskappe in hierdie land – om *'n nuwe taal van aanspraak op regte, selfvertroue en doelwitte aan te leer...* (my kursivering).

In bostaande uitspraak is dit duidelik dat “taal” metafoeries gebruik word en nie na Afrikaans of Engels of enige ander taal verwys nie, maar na die politieke en sosiale diskoers van die “aanspraak op regte”, “selfvertroue” en “doelwitte”. Daar kan egter aanvaar word dat Afrikaans baie van die genoemde inwoners se moedertaal is, en die implikasie is dat Afrikaans dus ewe geskik sal wees vir die “aanspraak op regte” as wat dit was as sogenaamde “verdrukkerstaal”.

In haar repliek op die uitspraak van Willemse en ander, “Uit 'n bloekom-omsoomde wêreld” (1999:94-100) wys Elize Botha daarop dat sy reeds voordat sy teks van haar “kollegas” onder oë gehad het, daaraan gedink het om, eerder as 'n formele referaat, 'n vertelling voor te hou uit haar “bloekombos-omsoomde” grootwordwêreld in die Wes-Transvaal. Die feit dat Willemse en ander se referaattitel ook na 'n “bloekombos” verwys, het sy – as 't ware teen haar betewete – vir haar as teken toegeëien (1998:95).

Die bloekombos word dan eintlik in albei gevalle 'n metafoor van 'n bepaalde leefwêreld en persepsie van die werklikheid. Wat egter interessant is, is die feit dat die bloekombos in elke geval die mites van die bepaalde groep verteenwoordig (en terselfdertyd ook die twee belangrikste mites rondom Afrikaans wat in hierdie diskoers ter sprake is):

- Vir Willemsen en ander is die bloekombos deel van die stryd teen apartheidsmaatreëls. Hulle verwys nl. na die “Bloekombos”-plakkers wat gedwonge verskuiwing in die gesig moes staar op grond van wetgewing in dié verband. Kraaifontein se inwonersvereniging betuig hulle solidariteit met die Bloekombos-plakkers deur plakkate waarop die vraag gestel word: *“Hoekom kan ons nie in vrede gelaat word nie?”* In hierdie versetpoging sien die referente 'n “aantoonbare opkomende kultuur” wat bewustelike poging om “die simbole, die tekens, die aard, die ‘natuurlikheid’ van die heersende kultuur en die dominante idees te ondermyn” (1999:89). (Daar word weer eens daarop gewys dat hierdie referaat reeds in 1989 gelewer is, d.w.s. voor die nuwe regering in 1994 aan bewind gekom het – AMJ.)
- Vir Botha is die “bloekombos-omsoomde” wêreld rondom haar pa se “prinsipaalwoning” metafories van haar eie jeug en haar herinneringe aan Afrikaner-armoede in die middeldertigerjare. Dit bring die herinnering aan die werk van Jochem van Bruggen en sy deernis met die arm Afrikaners en hulle behoefte aan “menswaardigheid”, maar ook aan die later bykans vergete werke van P.W.S. Schumann en Roelf Britz rondom dieselfde tema. Botha se betoog is dat die Afrikaanse letterkunde “in hom ingebed het [...] hierdie diepe besorgdheid oor die arme, die verstoteling, die pelgrim, die vreemdeling, die swerwer” (1999:98).

Na aanleiding van die twee uiteenlopende “bloekombos”-gesprekke is die gevolgtrekking dus myns insiens dat twee verskillende “lewende” mites hier ter sprake is, en dat die bloekombos in albei as metafoor dien, waarmee elke groep sin aan hulle bestaan en bestaanstryd wou gee. Die

impak van die betrokke metaforiek (en die gepaardgaande miteskepping) is ook duidelik uit Du Plessis en Van Gensen se voorwoord tot die 1999-publikasie, waarin hulle die volgende opmerking maak (1999:vi):

Hoe sal ons die Bloekombos-gesprek tussen die Wes-Kapenaars en Elize Botha ooit kan vergeet? Waarskynlik was juis hierdie gesprek die onthullendste en gelykertyd die onthutsendste moment by die kongres gewees.

In haar repliek vra Botha ook of daar werklik 'n “nuwe” taal nodig is om aanspraak te maak op “regte, selfvertroue en doelwitte” (sien Willemse e.a. se aangehaalde uitspraak (1999:84) hierbo) of moontlik “net 'n skerper besef van die moontlikhede van die ‘ou’ taal?” (Botha 1999:98). Sy wys daarop dat Raidt beweer dat Afrikaans van sy vroegste geskiedenis ‘die taal van verset’ was, en dat Steyn dit ook in *Tuiste in eie taal* telkens bevestig. Sy noem voorts dat Van Wyk Louw reeds in 1954, toe sy as student een van sy lesingreekse bygewoon het, daarop gewys het dat die Afrikaanse Taalbeweging (van die negentiende eeu) “nie ontstaan het uit die belangstelling van dilettantiese taalgeleerdes nie – dit is gedryf deur honderde duisende armes.” (Vgl. in dié verband ook hoofstuk 4 – 4.2.1. - waarin verwys word na die boere wat gekla het oor Van der Stel se wanbestuur en korrupsie en sodoende bygedra het tot die politieke selfbewussyn van die Afrikanervolk – AMJ.)

Botha se slotsom oor Afrikaans as (metaforiese – AMJ) taal van ontmoeting, lui soos volg (1999:99):

Ons leef in die gebruik van Afrikaans as ons moedertaal [...] 'n ononderhandelbare individuele reg uit. Die letterkunde is die *kunsvorm* by uitstek waarin 'n samelewing homself kan begryp. In die letterkunde in die Afrikaanse taal is daar onuitputlike moontlikhede geskep vir 'n indringende, omvattende *ontmoeting* van uiteenlopende taalgenote.

By dieselfde kongres spreek Christo van Rensburg hom ook sterk uit teen die mite van Afrikaans as die taal van verdrukking. In sy repliek op Jan Esterhuyse

se referaat oor die “rekonstruksie van die Afrikaanse werklikheid en handboekvernuwing” verwys Van Rensburg (1999:72) na die metaforiek omtrent Afrikaans en die stryd/of “struggle”.

Daar heers vandag in Suid-Afrika ’n mode wat dit wil hê dat daar vir die sondes van ’n deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap [...] ’n beskuldigende vinger na die taal Afrikaans gewys word. Opvallend aan ons tyd in hierdie opsig is die [...] onnoukeurige veralgemenings (negatiewe miteskepping? – AMJ) waarmee hierdie beskuldigings teenoor Afrikaans gemaak word. Ek het [...] daarop gewys dat hierdie veralgemening van die *tegniek van metaforiek gebruik maak. En die metafoor is nie by uitstek ’n vlymskerp wetenskaplike instrument nie: eerder miskien die teenoorgestelde ... Ek wil betoog dat die taal Afrikaans nie in die beskuldigdebank behoort te staan nie...* (my kursivering).

Die afleiding wat dus gemaak kan word ten opsigte van die verskeidenheid standpunte van referente by die “taal en stryd”-kongres, is dat daar in die tagtigerjare nog heelwat strydpunte rondom Afrikaans bestaan het. ’n Belangrike wins is myns insiens die feit dat daar wel ernstig gepoog is om in gesprek te tree met ander lede van die Afrikaanse taalgemeenskap, al is dit dan nou in Elize Botha se woorde “vanuit verskillende hoeke, met verskillende doelwitte miskien en met verskillende lewenshoudings” (1999:99). Immers ís dit in Afrikaans.

Dit is egter te betwyfel of die gesprekgenote mekaar in 1989 werklik volkome “gevind” het rondom Afrikaans. Hierdie afleiding word ook bevestig deur die opskrif by Coenie Slabber se verslag oor die kongres in *Rapport van 7 Mei 1989*: “Só naby mekaar en tog só ver apart.” Die proses van herontdekking kon waarskynlik eers werklik begin ná 27 April 1994.

5.4.8 Die negentigerjare: “Nineteen-ninety-four [daai djaar van waterskeiding vi’ ons land]”

Die implikasies van die nuwe bedeling rondom Afrikaans ná die demokratiese verkiesing van 1994 sal eers in die laaste hoofstuk van die proefskrif vollediger onder oënskou geneem word. Die bespreking van die “bruin” mites rondom Afrikaans word nou afgesluit met uittreksels uit twee van Adam Small se “nuwe

verse” soos opgeneem in die verslag van die tweede “swart” Afrikaanse skrywersimposium te Paternoster in 1995, *Die reis na Paternoster*.

Small lei die verse in deur te sê:

Dis nuwe verse. *Dis in Kaaps, want ek meen die taal leef, soos dit nog altyd geleef het...* (my kursivering).

Die eerste vers verwys na die ingrypende gebeure rondom die eerste demokratiese verkiesing in 1994 en die rol van president Mandela en oud-president De Klerk.

*So Here
Hie' in Nineteen-ninety-five
Na Nineteen-ninety-four
[daai djaar van waterskeiding vi' ons land
soos yt die bloute van ons hiemil:
Nkose sikelel' iSyd-Afrika]
hie' in Nineteen-ninety-five
na Nineteen-ninety four
het ek 'n behoefte om te sê*

*Cheers! mister Mandela:
Mag 'it goed gan met ons land
die future in
Hamba kahle
Séla!*

*en Cheers! mister De Klerk:
Mag 'it goed gan met ons land
die future in
Mooi loep:
Mag 'ie dinge werk!*

*Cheers! vi' ons ammal oek
en lat ons ammal nou vi' always same
die ever-grotere, helde'dere
Lig bly soek...*

Kô LAT ONS SING!

Die tweede “nuwe vers” verwys in die eerste plek veral na die mites rondom apartheid binne die bruin gemeenskap (die “memories” waarmee nie sonder meer afgereken kan word nie, maar wat “bly en bly en bly”) en daarmee saam na die rol van stories:

Moeder
en Vader
Grootmoeder
en Grootvader ...

[...]
Lyster!
(Lyster Djy oek, Here
Lyster Djy?)

Apartheid, sê hulle vi' my
Apartheid is
verby
en (despite die remnants
en leftovers)
is vi' real
verby!

Okay!

*Ma die essentials bly
en bly
en bly*

Oe die dinge hang innie lug
Soes 'ie gieste van Paulus
kos hulle's memories
en so, at will
ko' hulle, met vlerke wat wapper of stil-stil
soes aasvoëls...
[...]
die memories...

En alles
- *die essentials vannie dinge Here - is niks
ma' niks oek minder
as 'n storie...*

(my kursiverings)

Die laaste strofe hierbo is van die allergrootste belang vir die diskoers in hierdie studie. Die betoog is dat die wesentlike dinge (“die essentials vannie dinge”) per slot niks anders as ’n storie is nie. Feite, geskiedenis, goeie en kwade gebeure word deur die alchemie van die tyd en sy vertellers gereduseer tot die wesentlike: die stories (en dus: die mites) wat behoue bly.

Die tweede deel van dieselfde gedig noem die deurslaggewende rol van Small se taal (Kaapse Afrikaans of “Kaaps”) in sy lewe en dié van sy gemeenskap en vra dan weer dat die Here na sy storie sal “lyster”:

Ek sê ek praat met Djou in Kaaps
 Here
 some van my critics het nog never
 in allie djare my taal hierso ge-fathom nie
 ek sê ma weer net soes lank gelede
 die’s g’n Gamat-taal of Capey nie:
 daai is some mense
 se patronising scorn vi’ hierdie
 straight en diep taal vannie mense
 waar hulle in gebore word...
 [...]

Soe laat hierdie taal gesiend wies
 Soes Djou Naam
 Dja Here
 Lat Djou Naam
 Geheilig word
 In hierdie taal
 Lat kom Djou koninkryk daarin
 Lat kry onse mense hulle brood daarin
 van dag tog dag
 Lat ons daarin vergewe raak vi’ al ons sonnes
 En, Here, lat ons anyone concerned
 Daarin vi’ hulle sonnes tien ons net so oek vergewe...
 (soos die “apartheidsondes”? – AMJ)
 [...]

Here
 Ek praat met Djou in Kaaps
 nog altyd vannie Cape Flats ennie Boland af
 ek bid Djou an, *vertel vi’ Djou ’n storie*, skrywe jou
 ’n brief
 [...]

Ek kan nie help nie, Here

Djy het my so gemaak en so ge-shape:
Djy en Djou handlangers, my pa, my ma
my mense in general oek, en soema net
die dinge van my lewe ...

[...]

My storie, wiet ek, sil Djy carefully na lyster ...

[...]

Kô lat ons sing!
(my kursiverings)

5.4.9 Teenoor verdrukking: “bevryding”

Voordat die bespreking van die “bruin” mites rondom Afrikaans afgesluit word, is dit nodig om daarop te wys dat Afrikaans binne die gemeenskap onder bespreking dikwels ook as “taal van bevryding” gegeld het. Afrikaans was immers steeds in die apartheidsjare die moedertaal van die oorgrote groep bruin mense, hoewel daar volgens Steyn (1980:278) “oervloedige getuienis” bestaan het van “veranderde houdings en lojaliteite”.

Willemse (1985:228, 229) maak die stelling dat Afrikaans nie net die taal van “arm, gedomineerde mense” is nie, maar terselfdertyd die taal van “mense in stryd” en voeg dan by:

Afrikaans is inderdaad die taal waarmee ons ons in ’n sosiale, politieke en ekonomiese stryd oproep. Ek skryf in Afrikaans. *Ek stry in Afrikaans* (my kursivering).

Ongeveer agtien jaar ná hierdie uitspraak (in Oktober 2003) lewer Hein Willemse ’n voordrag by die Skiereilandse Technikon waarin hy ’n oorsig gee oor die rol van “swart” (bruin?) Afrikaanssprekers in die genoemde bevrydingstryd:

Selfs toe Afrikaans as taal van die verdrukker, die taal van die baas en die taal van apartheid bestempel is, was dit *terselfdertyd* die taal van die bevryder en die taal van klaas.... In ons onlangse geskiedenis is dit ter sake om die anti-apartheidsgeskiedenis van Kaapse Afrikaanssprekendes in herinnering te roep. Dink byvoorbeeld aan Basil February wat in 1967 een van die eerste MK-vegters was om in die stryd om bevryding te sterf.

Willemse (2003:2) noem 'n reeks name van aktiviste met “tragiese geskiedenis”: Hennie Ferrus, Anton Fransch, Ashley Kriel, Dulcie September en Coline Williams. Hy noem voorts dat Quentin Michels, 'n voormalige onderwyser in Manenberg, tydens sy hofsaak in 1987 “die noodsaak vir ‘rewolusionêre stryd’ in *Afrikaans* geregverdig (het)” (my kursivering) en dat Cecyl Esau in dieselfde hofsaak die woorde van Van Wyk Louw “sonder ironie” kon aanhaal: “Dis nie 'n skande as 'n rebellie misluk nie, maar dis 'n skande as 'n geslag sonder 'n rebellie verbygaan.”

Die implikasie is dat al die genoemde aktiviste Afrikaanssprekers was, en dat hulle in die stryd teen Apartheid **Afrikaans** as “**bevrydingstaal**” gebruik het. Hierdie afleiding word ook bevestig deur Steyn se opmerking (1980:279) dat “Afrikaans sedert die jare vyftig al meer die taal te word het waarin *sowel wit as bruin Afrikaanssprekendes teen onreg skryf*” (my kursivering).

In die hieropvolgende bespreking van “swart” mites rondom Afrikaans as verdrukkerstaal, moet daar in gedagte gehou word dat bruin mense ook nou betrokke was by baie van die gebeure wat geskets sal word, en dat hulle dikwels Afrikaans gepraat het, ook wanneer hulle teen “Afrikaanse” politieke stelsels betoog het.

5.5 “Swart” mites rondom Afrikaans as verdrukkerstaal: die apartheidsjare

Afrikaans het 'n skans geword waaragter ons die onderdrukker gesien het. Die sweep waarmee ons geslaan is, was woorde uit 'n spesifieke taal wat ons gekoppel het aan 'n stelsel wat verwerplik, onmenslik en onverstaanbaar was (Phosa, 1996:9).

Wordless, lost. *While Afrikaner surnames [...] peel off victims' lips...* What gradually becomes clear is that the Apartheid system worked like a finely woven net ... Now that people are able to *tell their stories, the lid of the Pandora's box is lifted*; for the first time these individual truths sound unhindered in the ears of all South Africans. The black people in the audience are seldom upset. They have known the truth for years. The whites are often disconcerted: they didn't realize the magnitude of the outrage ... (Krog, 1998:44, 45) (my kursivering).

It has been stated openly that Afrikaans is the price that Afrikaners will have to pay for Apartheid. Was it not a debate for years on Robben Island: What do we do with the language of the *boere*? (Krog, 1998:99).

5.5.1 Inleiding

Daar is in baie opsigte – hoewel geensins in alle opsigte nie – duidelike ooreenkomste tussen “bruin” en “swart” mites rondom Afrikaans.

Dit is nie vir die doel van hierdie bespreking nodig om aandag te gee aan die drie eeue van kontak en (dikwels ook) konfrontasie tussen wit en swart in Suid-Afrika wat die institusionalisering van apartheid voorafgegaan het nie.

Die geskiedenis van die oorloë tussen grensboere en aanliggende swart stamme aan die sogenaamde Oosgrens van die Kaapkolonie oor grondgebied en vee in die eerste eeue ná kolonisasie, asook konflik, gevegte en pogings tot kontraksluiting of samewerking tussen swart en wit tydens die Groot Trek (1838 en later) is in talryke Suid-Afrikaanse en internasionale geskiedenisboeke deeglik beskryf. Die Voortrekkermonument in Pretoria beeld onder meer die gebeure visueel en miteskeppend - of ten minste mite-ondersteunend - uit.

Die slawekwessie (5.2.2), die vestiging van die mite van wit dominansie in die 18de en 19de eeue (5.2.3), die “soeke na ’n witmansland” (5.2.4), die sogenaamde “Afrikaner – burgerlike godsdiens” (5.2.5) en die institusionalisering van die mite van wit dominansie ná 1948 (5.3) het nie net betrekking op die “bruin” mites wat hierbo bespreek is nie, maar is eweneens ook die agtergrond tot die ontstaan van “swart” mites in Suid-Afrika.

Andersyds weer: wanneer daar verderaan in die hoofstuk na die 1976-onluste en die werksaamhede van die Waarheids- en Versoeningskommissie verwys word in terme van “swart” mites, kan daar aanvaar word dat “swart” in die betrokke gevalle dikwels ook “bruin” veronderstel.

5.5.2 Die “verhouding” tussen die swart mense en Afrikaans voor 1948

In die geval van die swart mense van Suid-Afrika was Afrikaans, op enkele uitsonderinge na, nie hulle moedertaal nie. (Een van hierdie uitsonderings word beskryf in Van Rensburg en Davey 1993). Die skrywers verwys nl. na die geval van ’n groep swart mense by Thlabane, naby Rustenburg, wat saam met die Voortrekkers daar gevestig geraak het as “swart Afrikaners” en wat Afrikaans aanvanklik as enigste moedertaal gehad het. Hierdie mense se nageslag het egter mettertyd vervreemd geraak van Afrikaans omdat hulle in die apartheidsjare verplig was om Tswana-skole by te woon.)

Die meeste swart mense in Suid-Afrika het egter na kolonisasie en besetting van die binneland nog steeds hulle eie tale behou. Hierdie behoud van die Bantoetale⁴ verskil van die neiging by die bruin mense (die nageslag van die Kaapse slawe en die Koi) om hulle eie tale te in onbruik te laat verval ten gunste van Afrikaans as moedertaal. Afrikaans was dus nooit deel van die swart mense se “ontstaansmites” soos in die geval van die bruin mense nie.

Taalkontak tussen swart mense en Afrikaners het voorgekom tydens die Groot Trek en later op plase waar swart mense soms geslagte lank in diens was. Hierdie kontak is voortgesit in die eerste vier dekades van die twintigste eeu, maar dikwels onder minder gunstige omstandighede. Nog voor die oornam deur die Nasionale Party in 1948 het wit Afrikaners en swart mense mekaar weer in die stede ontmoet en meegeding om werk. Dit is hierna wat dr. Malan in sy aangehaalde Gelofedag-feerede van 1938 as die “tweede Bloedrivier” van konfrontasie tussen wit en swart verwys het (sien 5.6). Soos genoem, meen Moodie dat die fokus van die Reddingsdaadbond en dié van die Afrikaner Broederbond in hulle stryd teen stedelike armoede deur ’n “narrow ethnic lens”

⁴ Volgens Vic Webb is die term “Bantoetale” die internasionaal-aanvaarde tegniese term vir die inheemse swart tale van Suid-Afrika en het dit geen negatiewe konnotasies met die vroeëre term “Bantoes” wat ook vir die swart mense van die land gebruik is nie.

geskied het en dat hulle geensins bedag was op “the mass of black men who were moving into the cities along with them” (1975:206).

Nie alle kontak tussen swart mense en Afrikaans was negatief nie, en daar is baie getuienis van ouer swart mense van die positiewe impak van Afrikaners in hulle lewe, en daarom ook van ’n positiewe gesindheid teenoor Afrikaans. Een van die Departement Afrikaans, U.P., se nagraadse studente, mev. Julia Mabale, het byvoorbeeld ’n referaat voorberei waarin sy wys op die invloed van Afrikaans op Sepedi, en die mate waarin sekere Afrikaanse woorde en frases (onder meer “huis” en “Dit moet”) in Sepedi ingeburger geraak het. Sy het daarop gewys dat haar leerders, wat aanvanklik negatief ingestel was teen die leer van Afrikaans, hierdie verskynsel as positief ervaar het wanneer dit onder hulle aandag gebring is. Dit wil dus voorkom asof swart mense die “oorneem” van Afrikaanse woorde in hulle eie taal sien as ’n teken van welwillendheid tussen die twee taalgroepe en positief daardeur beïnvloed word wat betref hulle houding teenoor Afrikaans.

Mens sou waarskynlik kon beweer dat die impak van negatiewe mites rondom Afrikaans as verdrukkerstaal eers werklik beslag gekry het na die institutionalisering van apartheid deur die oorwegend Afrikaanse Nasionale Party na 1948 en die gepaardgaande apartheidswetgewing, en veral na die onluste van 1976 en die gebeure in die tagtigerjare waarvoor individue voor die Waarheids- en Versoeningskommissie verslag gedoen het.

Die laasgenoemde gebeure moet egter gesien word in die lig van “swart” mites wat reeds voor 1948 hulle aanloop gehad het.

5.5.3 Die ontwaking van “swart” bewussyn en die miteskeppende rol van die ANC en PAC

Giliomee (2003:306) skets die aanloop tot en stigting van die African National Congress (die ANC) soos volg:

Toe die swart elite in die aanloop tot die grondwet van die Unie van Suid-Afrika in 1910 besef het dat hulle grootliks uitgeskakel gaan word van stemreg (behalwe in die Kaapprovinsie) en dat slegs wit mense sitting in die Parlement sou hê, het hulle begin om hulleself te organiseer en in Januarie 1912 is die South African Native National Congress in die lewe geroep. Sol Plaatje was die sekretaris van hierdie liggaam wat sedert 1923 bekend begin staan het as die African National Congress. (Die belangrike rol van Sol Plaatje in die aanloop tot die ANC se totstandkoming bewys onteenseglik dat daar ook bruin mense betrokke was by die stigting van die ANC en in die jare daarna. Dieselfde geld die wit mense wat oor die jare deel gevorm het van hierdie organisasie. Daar kan egter met sekerheid aanvaar word dat die “swart” stemme in die ANC getallegewys die meerderheidsgroep uitgemaak het - AMJ.)

In 1944 het 'n aantal jong, talentvolle en professioneel gekwalifiseerde swart mense die Jeugliga van die ANC betree, onder wie Nelson Mandela, Oliver Tambo en Walter Sisulu (Giliomee, 2003:452). Die Jeugliga het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om hulle ondergeskikte rol te bevraagteken en wit dominansie uit te daag. Wit mense sou net toegelaat word om die “vrugte van Afrika” (metaforiese taalgebruik wat miteskepping in die hand werk – AMJ) te geniet indien hulle bereid sou wees om afstand te doen van hulle oorheersende rol, die land proporsioneel sou verdeel en sou instem tot 'n “vrye demokrasie van die volk (people).” (Giliomee haal hier vir Walshe, 1971:349-361 aan – AMJ.)

'n Mitiese figuur in Amerika, dr. Martin Luther King Jnr. (1929-1968), het sedert die vyftigerjare tot en met die sluipmoord op hom in 1968 vanuit 'n Christelike lewensbeskouing begin om swart Amerikaners aan te moedig om hulleself uit segregasiepraktyke en ekonomiese agterlikheid te verhef (“to lift themselves up by their own bootstraps”) (aangehaal deur McCartney, 1992:109). Volgens die skrywer is King se standpunte teen geweld direk uitgedaag deur die aanhangers van die Black Power-beweging in Amerika in die 1960's . Laasgenoemde beweging word gekarakteriseer as een van 'n reeks pogings in die V.S.A. “to

correct the injustices that exist[...] in almost every dimension of life between black and white Americans” (1992:1).

Dit is 'n seker aanname dat baie swart mense in ANC- en ander swart bewussynsgeledere kennis geneem het van die miteskeppende rol van King, asook van die standpunte van die Black Power-beweging se segspersone. Hierdie standpunte word uiteengesit deur prof. Charles Hamilton (McCartney, 1992:111 en verder). Die uiteensetting van wat die beweging presies beoog het, is egter nie eenduidig nie. Hamilton wys daarop dat sommige persone binne die beweging geweld voorgestaan het met die doel om politieke en ekonomiese instellings van die V.S.A. te vernietig, terwyl ander die Menseregtebeweging van wit mense wou beëidig, omdat wit mense reeds jare daarmee besig was; sommige het dit eenvoudig gesien as ('n forum vir) swart haat teen wit mense, ander weer as “drukgroepstrategieë”; nog ander het dit gesien as 'n poging om selftrots en 'n gevoel van eiewaarde by swart mense te kweek.

In 1955 is die “Freedom Charter” aanvaar as die ANC se beleidsmanifes rondom ekonomiese en sosiale kwessies. Hierin is gevra vir die nasionalisering van die myne, die swaar nywerheid en die banke en 'n herverdeling van grond. Volgens Giliomee sou die implementering van so 'n sosialistiese beleid in Suid-Afrika op daardie stadium ekonomiese agteruitgang meegebring het wat ernstige nadelige gevolge sou ingehou het (2003:539). Giliomee noem voorts dat Nelson Mandela self later in sy outobiografie na die Freedom Charter verwys as 'n rewolusionêre dokument, wat net geïmplementeer sou kon word as die ekonomiese en politieke strukture radikaal verander sou word. Hoewel Mandela nie-kommunisties was, is die neerslag van die miteskepping deur Karl Marx en Friedrich Engels in sy lewe duidelik waarneembaar in sy stelling dat hulle geskryfte kan dien as “a blueprint of the most advanced social order in world history, that [has] led to an unprecedented reconstitution of society and to the removal of all kinds of oppression for a third of mankind” (Mandela, 1994:164).

Reeds in 1949 het die ANC-leierskap vir die Malan-regering geskryf en hulle standpunt gestel dat apartheid nie soseer ter wille van die behoud van die wit mense se identiteit daar is nie, maar dat dit 'n sistematiese uitbuiting van die swart mense is (Giliomee, 2003:498). In miteskeppende taal het Malan egter sy standpunt hieroor aan 'n Amerikaanse predikant soos volg gestel (2003:499):

(There are) two irreconcilible ways of life: between *barbarism and civilization*, between overwhelming numerical odds on the one hand and insignificant numbers on the other (my kursivering).

Hierdie standpunt dui onteenseglik op groeppvorming en 'n baie sterk onderskeid tussen “ons” (die beskaafdes) en “hulle” of “die Ander” (die barbare).

Giliomee wys daarop dat twee uiteenlopende standpunte in werklikheid hier gestel word: die mite (“teorie” in Giliomee se formulering) van wit meerderwaardigheid aan die een kant en die erkenning van die wit mense se getalle-“gebrek” (“numerical weakness”) aan die ander kant. Die geloof in die meerderwaardigheid van die wit mens het nie ruimte gemaak vir toekomstige onderhandeling nie, maar die probleem rondom die swart getalle-oorwig sou moontlik in die toekoms 'n kompromis vereis.

Giliomee skets die gebeure rondom Sharpeville soos volg (2003:522):

In 1960 het die Pan African Congress (PAC) 'n kampanje teen die paswette van die apartheidsregering geloods, wat op 'n tragiese konfrontasie by Sharpeville aan die Oos-Rand uitgeloop het waartydens nege-en-sestig swart mense geskiet is. Op 30 Maart het 'n jong swart man, Philip Kgosana, die streeksekretaris van die PAC in die Wes-Kaap, 'n opmars van dertig duisend betogers na die Parlement gelei. Albert Luthuli, leier van die ANC, het sy pasboek verbrand en mense aangemoedig om van die werk af weg te bly. Hierdie gebeure het 'n baie negatiewe impak op die land se ekonomie gehad. Daarbenewens is 'n noodtoestand in die land afgekondig, en die PAC en ANC is verban. Die dag na die verbanning is dr. Verwoerd deur 'n “geestelik versteurde” (Giliomee

2003:522) wit man, ene Pratt, in die kop geskiet en ernstig gewond.

Die interessantste opmerking uit die oogpunt van miteskepping is egter Giliomee se verslag (op grond van 'n persoonlike onderhoud met die bekende Afrikaanse entrepreneur, Anton Rupert, op 25 Mei 1999) oor die ontmoeting tussen Rupert en Philip Kgosana die aand na die massa-optog (2003:522):

(Rupert) was shocked that *a young man without laces in his shoes could bring out such a multitude* (my kursivering).

Vir die volgende dertig jaar was die ANC en PAC dus amptelik verbanne organisasies, wat egter ondergronds baie bedrywig was en meegehelp het om die land te destabiliseer en die regering te dwing op te herbesin oor wit heerskappy en apartheid. Hierdie is dus veral die tyd wat metafores bekend staan as die struggle-jare. Die feit dat 'n Engelse woord gebruik word, al word daar in Afrikaans hieroor geskryf, is waarskynlik reeds bewys daarvan dat Afrikaans as taal gelyk het onder die assosiasie tussen die “Afrikaanse” Nasionale Party en apartheid.

Phosa, ná die 1994-verkieping premier van Mpumalanga en hoof van die ANC se regsdepartement, vertel in die inleiding tot sy digbundel (1996) dat hulle, as ANC-lede en aktiviste, reeds voor die verkiesing “vry” was. Hierdie vryheid was die gevolg daarvan dat hulle toe reeds daarin geslaag het om “die boodskap van die African National Congress, dat ons moet streef na vryheid en demokrasie, suksesvol na al die uithoeke van die land te neem.”

Die ANC het dus vanaf sy stigting vroeg in die twintigste eeu tot en met sy verkiesingsege in 1994 dryfkrag verleen aan “swart” bewussyn en “swart” nasionalistiese strewes in Suid-Afrika.

Die impak van Nelson Mandela op swart nasionalisme en die skep van “swart” mites het in 1994 met sy vrylating uit die Victor Verster-gevangenis reeds oor ses

dekades heen gestrek, hoewel hy vir die grootste deel daarvan agter tralies deurgebring het. Sy rol as mitiese figuur van bevryding en as gesant van vrede en versoening (waarvoor hy ook saam met F.W. de Klerk die Nobelprys ontvang het) kan nie oorskat word nie. Hy was dan ook die logiese keuse as eerste president van die metaforiese “nuwe” Suid-Afrika. As president het mnr. Mandela daarin geslaag om ’n versoenende houding teenoor Afrikaners te weerspieël en veral sy goedgesindheid teenoor die taal Afrikaans te bewys.

(Soos in die “Woord vooraf” uitgewys, is dit egter nie so maklik om ’n nuwe mite te laat posvat nie, en veral na die uittrede van Mandela as president is daar skeptisisme onder baie Afrikaanssprekendes oor die mate waarin daar wel goedgesindheid teenoor Afrikaans en (veral) die Afrikaners in ANC-geledere bestaan. Dit lyk veel eerder na ’n nuwe mite wat nog nie posgevat het nie – AMJ.)

Dit staan egter vas dat Mandela doelbewus ’n hand van versoening na die Afrikaanse gemeenskap gereik het, onder andere deur tydens sy eerste toespraak in die parlement Ingrid Jonker se gedig, “Die kind wat doodgeskiet is deur soldate by Nyanga” aan te haal (wat weer bygedra het tot hernude miteskepping rondom die digteres in so ’n mate dat daar bykans van ’n Ingrid Jonker-kultus gepraat kan word).

Mandela as mite word onder meer verwoord in die gedig van Vincent Oliphant, “die lang grys man”, waarvan die eerste strofe soos volg lui:

toe verskyn jy
en die stram treë van die ouderdom is die eerste teken
van *'n mite wat verander in 'n mens*
en die tyd se hartklop stotter ademloos...

5.5.4 “Deur die oog van ’n naald”

Mathews Phosa se digbundel, *Deur die oog van ’n naald*, (1996) het groot belangstelling in Afrikaanse geleedere uitgelok, aangesien ’n swart man en ANC-politikus dit goed gedink het om in Afrikaans te skryf. In die voorwoord tot die digbundel, bespreek Phosa sy keuse om in Afrikaans te dig, en stel ook die vraag wat taal in werklikheid beteken. Hy beantwoord die laaste vraag soos volg (1996:9):

(Taal) is die wyse waarop ons aan ons intiemste gedagtes gestalte kan gee... (Hierdie standpunt herinner aan dié van Willemse e.a. soos aangehaal in 5.4.7. hierbo, waarvolgens daar verwys word na taal as “daardie intieme voertuig van representasie” – AMJ.)

Andersyds is dit ook waar dat taal in essensie dikwels niks meer as ’n instrument (’n “stuk gereedskap”) vir kommunikasie is nie. Phosa wys egter daarop dat taal “ongelukkig ook ’n politieke instrument (is).” Ten spyte van die feit dat Afrikaans, hoewel nie self die “sondaar” nie, die “kanaal (was) waardeur die sonde hom aan ons opgedring het”, het hy selfs in sy “moeilikste dae” in Afrikaans gedig. Hy het selfs as strugle-leier in Mosambiek Afrikaans aan die Portugese gedoseer.

“Swart” miteskepping is duidelik in ’n gedig met die titel “Bulala Bathakathi” waarin die “wit mens” soos volg gestereotipeer word:

iemand klop aan die deur
 ’n vreemde skepsel
 ag nee, *’n wit mens*

lang hare
 lang gemmerbaard
’n indringer in die land ...
 (my kursivering)

(’n Vinnige berekening in verband met die siening van die wit mens as “indringer” bring die volgende na vore: as daar vanaf 1652 gereken word, en die gemiddelde ouderdom van ’n ouer by die geboorte van ’n oudste kind word op ongeveer vyf-en-twintig jaar geraam, sou die afleiding kon wees dat dit ná Jan van Riebeeck se koms nou min of meer die 14de geslag wit mense in Suid-Afrika is. Die vraag wat dus gestel sou kon word, is of dit in dié geval geregverdig is om nog steeds die wit mense as “indringers” te beskou. Wat egter duidelik is, is dat – soos voorheen uitgewys is – miteskepping wat vir een groep “vals” kan lyk, binne ’n ander groep juis as ’n “lewende mite” kan geld.)

Oor die dag waarop die “nuwe Suid-Afrika” seremonieel ingewy is, skryf Phosa ietwat satiries:

glase rooi en wit loop oor
trane van blydschap
’n menigte omhels die oomblik
die blou-wit-groen-geel-swart-en-rooi
is gehoist
vliegtuie swaai veelkleurige sterte
dis ’n hengse okkasie
wie sou dit ooit kon droom!
die atmosfeer is bloody overwelming

wie is die drie manne daar voor?
dis menere how-are-you, kaalkop en krompyp
hulle lyk tog so verenig
regterhand in die lug
sweer hulle voor die volk
en voor God
bedank Hom plegtig
vir die vryheidskind
regters en dominees val oor mekaar
om die baba te seën en te doop...

In dieselfde gedig (“die begin van die einde”) waarsku hy egter die nuwe leiers om versigtig te wees vir die “soustrein” en om te onthou dat “een man se vryheid [...] nie ’n ander se enslavement (is) nie”:

kyk, swart apartheid is net so sleg
soos wit apartheid...

Wat sy siening rondom Afrikaans betref, sê Phosa (1996:14, 15):

Afrikaans is nie, noudat ons almal vry is, minder vry as Tswana of Xhosa nie ... Ek vind dit jammer dat Afrikaners nou self hulle taal op die uitverkoping plaas ... U moet mos trots wees op u taal, Afrikaans...

Op die oog af lyk hierdie woorde van 'n ANC-politikus baie gunstig vir Afrikaans se voortgesette status onder die ANC-regering. Die feit dat mense dieselfde taal deel (of as instrument gebruik), impliseer nie noodwendig dat hulle dieselfde mites deel nie.

Daar is twee ander ingrypende gebeure, die een voor en die ander ná 1994, wat albei grootliks bygedra het tot negatiewe miteskepping rondom die taal, nl. die 1976-onluste en apartheidslagoffers se verhale voor die Waarheids- en Versoeningskommissie (1996-1998). Hierdie twee gebeure word vervolgens kortliks bespreek.

5.5.5. Die 1976-onluste

Steyn (1980:288) gee 'n feitelike uiteensetting van die begin van die onluste in Soweto op 16 Junie 1976. Skoolkinders het vanaf 7 vm. met plakkate van skool tot skool begin loop, waarop slagspreuke geskryf was soos "Away with Afrikaans", "We are not Boers" en "Viva Azania". Die plakkate was duidelik gemik teen die gedwonge gebruik van Afrikaans as onderrigmedium.

Giliomee (2003:578) wys daarop dat die formele beleid van die regering op daardie stadium was dat Afrikaans en Engels in swart hoërskole op 'n 50-50-basis gebruik sou word as mediums van onderrig. Die premier, John Vorster, het egter nie beswaar gemaak daarteen toe tuislandleiers in 1974 versoek het dat Engels, soos in die praktyk in die tuislande die geval was, ook elders as

onderrigmedium in swart skole gebruik word nie. In 1975 aanvaar die FAK by 'n konferensie 'n mosie waarvolgens hulle die regering versoek om Afrikaans te bevorder en toe te sien dat die taal "sy regmatige plek" in swart en Asiër-skole kry. Andries Treurnicht, leiers van die NP se regse vleuel, en adjunk-minister van Bantoe-administrasie en –ontwikkeling, stel die standpunt dat die regering kan besluit oor die medium van onderrig in swart skole binne die Republiek omdat dié skole gesubsidieer word deur wit belastingbetalers.

Hierdie besluit oor Afrikaans was veral ongewild in Soweto, aangesien die meeste werkseleenthede in Johannesburg kennis van Engels vereis het. Giliomee meen voorts dat Afrikaans op hierdie stadium reeds gesien is as "one of the main symbols of oppression in this most politicized of all black communities" (2003:579). Daar was egter ook ander kwessies wat meegewerk het tot die begin van die opstande, soos onder meer werkloosheid, armoede, die swak toestand van die swart skole, die paswette en die onsekerheid rondom die tuislandebeleid. Die sogenaamde administrasierade in die swart woongebiede, waarin hoofsaaklik wit mense werksaam was, was 'n verdere bron van frustrasie.

Steyn (1980:288, 289) beskryf die verloop van die eerste dag van die onluste verder soos volg:

Die protesoptog teen die gebruik van Afrikaans as onderrigmedium vir sommige vakke het begin by die junior hoërskool Phefeni en leerlinge van altesaam sewe skole het teen 9 vm. aan die optog deelgeneem. In ses van dié sewe skole was Engels die enigste voertaal; in die ander skool is net een vak, naamlik geskiedenis, deur medium van Afrikaans aangebied.

Die kinders het naby Orlando-Wes met die polisie slaags geraak, 'n traangasbom is tussen hulle ingeskiet en hulle het begin om klippe en bakstene te gooi. Die polisie het geskiet en een leerling, Hector Petersen, is dood. Hierna het die kinders motors aan die brand gestee, biersale en so meer geplunder en twee wit mense doodgeslaan, van wie die een, dr. Melville Edelstein, uit 'n kantoor gesleep en met grawe doodgeslaan is. Toe sommige werkers die middag huis

toe gekom het, het hulle ook aan die onluste begin deelneem. In die daaropvolgende konfrontasies is nog meer kinders doodgeskiet.

Volgens Steyn het die onluste in die volgende paar dae uitgebrei na ander dorpe aan die Rand, en daarna na die res van die land, onder meer ook na die Kaap waar die Kleurlingkinders ook begin deelneem het. Die onrus in Soweto het tot in 1978 geduur.

Steyn maak 'n interessante afleiding oor die oorsaak vir die 1976-onluste wat direk verband hou met miteskepping. Hy verwys naamlik na die stelling van Mosie, in *Die swerfjare van Poppie Nongena* oor die oorsake vir die onluste in die Kaap. Mosie se woorde aan Poppie lui:

Dit sal nie maklik endkry nie... *Dit was nie net die Afrikaanse education-ding nie.* Soos die Xhosa-spreekwoord sê: bendi funa nje inyathele ekonsini. Ek wou gehad het jy moet op my liddoring trap, daai slag as jy op my liddoring trap, gaan ek jou slaat, nie net vir die liddoring nie, maar vir die *ou goete ook*. Ek dink dis wat nou gebeur. Toe hulle vir die education geskiet is, toe kom al die ou goed van die ouers en alles op, die skool was *net die liddoring* gewees, toe word hulle nou kwaad...

Afrikaans as onderrigmedium was dus metafories gesproke die liddoring binne die swart gemeenskap, wat al die “ou goete” – die griewe teen die Afrikaanse regering en sy wette - tot op die spits gedryf het.

Die gevolg van die onluste was 'n verklaring binne weke na die begin daarvan deur minister M.C. Botha dat swart skole in die toekoms self sou kon besluit oor die voertaal of -tale by die skool. (Steyn, 1980:298). Uiteraard het die onluste en die feit dat skoolkinders doodgeskiet is, baie negatiewe reaksie binnelands sowel as buitelands uitgelok. Swart hoofde en akademici het toenemend vir Engels gekies, en dit gemotiveer deurdat Engels die belangrikste taal van werksgeleenthede in Johannesburg was. Dit was egter nie net ter wille van werksgeleenthede wat daar vir Engels gekies is nie, maar ook omdat Afrikaans

toenemend gesien is as die taal van die verdrukker. Steyn skets die situasie in talle skole ná 1976, waar nòg die leerlinge nòg die onderwyser Engels goed magtig was, maar waar Engels nietemin as voertaal gebruik is.

Die navorsers van die R.A.U se Eenheid vir die Onderrig van Afrikaans het al in Wes-Tansvaalse skole gekom waar hulle lesse deur medium van Engels aangehoor het. Aan die einde van die les steek die kinders hulle hande op en vra die onderwyser om asseblief die les in Afrikaans te herhaal (1980:299).

Die slotsom is dat daar met redelike groot sekerheid beweer kan word dat die onluste onder meer verband gehou het met miteskepping rondom Afrikaans as die taal van die verdrukker en dat die netto resultaat daarvan verdere negatiewe miteskepping rondom die taal en 'n ernstige inkorting van sy funksies binne die swart (en bruin) gemeenskappe in Suid-Afrika was.

Ook vir die bevrydingstryd het Soweto-1976 mitiese implikasies gehad. Tydens 'n herdenkingsdiens op 16 Junie 1979 in Soweto is daar geen wit joernaliste toegelaat nie, en is eerwaarde S. Nkoena se emosionele gebed telkens onderbreek deur die uitroep “Amandla!” (“Vryheid vir ons mense!”) (Steyn, 1980:297).

5.5.6 Die narratiewe van die apartheidslagoffers voor die WVK, en die gepaardgaande miteskepping rondom Afrikaans/die Afrikaners

[...] by a thousand stories I was scorched ... (Krog 1998:279).

Die dekade na 1994 – metafories bekend as die “nuwe Suid-Afrika” – het vanselfsprekende implikasies ingehou vir Afrikaans en die mites rondom Afrikaans. Daar is ná die demokratiese verkiesing en die instelling van elf amptelike landstale onder meer beweer dat Afrikaans bevry is van die albatros om sy nek. Die vraag is egter of hierdie “bevryding” wel in alle opsigte 'n werklikheid geword het, veral gesien in die lig van die getuienis wat vanaf April

1996 vir twee jaar lank deur die Waarheids- en Versoeningskommissie aangehoor is, en waarvan sommige narratiewe uiters negatief teen sommige Afrikaners – en dus ook teen Afrikaans – gereflekteer het.

Die Waarheids- en Versoeningskommissie het in 1995 tot stand gekom deur wetgewing wat op 19 Julie 1995 deur president Nelson Mandela onderteken is. Ironies genoeg is die finalisering van die wetgewing deur die kernkomitee **in Afrikaans** gedoen: die komitee het nl. bestaan uit die voorsitter, Johnny de Lange, Willie Hofmeyer van die ANC, Dene Smuts van die DP, Koos van der Merwe van die IFP, Danie Schutte van die NP en Corné Mulder van die Vryheidsfront (Krog, 1998:10). Die joernalis van *Beeld* wat dié skynbare ironie onder Antjie Krog se aandag gebring het, het bygevoeg dat diegene wat verantwoordelik was vir die verlede, nou moet saamwerk om dit reg te stel. (Die implikasie in hierdie geval is dus dat mense wat **Afrikaans praat**, die verantwoordelikheid vir die “verlede” rondom apartheid dra – AMJ.)

In die hieropvolgende bespreking van miteskepping as deel van die WVK-narratiewe, sal daar veral op twee aspekte gefokus word, nl.

- Die rol van stories of mites in die genoemde proses; en
- Mites rondom Afrikaans wat in die proses ekplisiet na vore gekom het of deur die skryfster uitgewys is.

5.5.6.1 Die verhaal as ‘waarheid’

Die bekroonde Afrikaanse digteres, Antjie Krog, is gevra om deel te word van Pippa Green se politiekeverslagspan en later aangestel as hoof van die SABC (SAUK) se radiospan wat die werksaamhede van die Waarheids- en Versoeningskommissie moes weergee. Krog fokus in haar prosawerk wat uit haar betrokkenheid by die WVK voortgevloei het, *Country of my skull* (1998), grootliks op die genesende rol van stories. Hierdie faset herinner aan die siening

van Estes soos aangehaal in hoofstuk 2 van hierdie studie. Estes (1992:463) beweer:

[...] tales are, in their oldest sense, a *healing art*" (my kursivering).

Hierna volg daar 'n seleksie van aanhalings uit *Country of my skull* waarin daar op die een of ander manier gesinspeel word op die rol van stories en miteskepping as hulpmiddels in die soeke na waarheid en genesing.

(**Let wel:** alle kursiverings in die hieropvolgende aanhalings is my eie, en het ten doel om **die rol van stories en van miteskepping** uit te lig – AMJ.)

Die skryfster: If it (die Waarheids- en Versoeningskommissie – AMJ) sees truth as the widest possible compilation of people's *perceptions, stories, myths and experiences* it will have chosen to *restore memory* and foster a new humanity, and perhaps that is justice in its deepest sense... (p. 16).

'n Belangrike afleiding wat uit bostaande standpunt van die skryfster gemaak kan word, is dat sy onder die byeenbring van die "waarheid" ook "mites" veronderstel ("truth as the widest possible compilation of [...] *myths* ...") en dit dus in presies dieselfde betekenis gebruik as dié wat deurgaans in hierdie studie geaktiveer word, nl. mite as 'n "lewende" en "waarheidskeppende" krag, en nie as 'n onwaarheid nie.

Die skryfster: Beloved, do not die. Do not dare die! I, the survivor, *I wrap you in words* so that the future inherits you. I snatch you from the death of forgetfulness. *I tell your story, complete your ending* ... (p. 27).

Die skryfster: Now to seeing, *speaking is added and the eye plunges into the mouth. Present at the birth of this country's language itself.* And it wipes us out. Like a fire. Or a flood... (p. 29).

Mnr. Sikwepere: I feel what – what has brought my sight back, my eyesight back is to come here and tell *the story* (p. 31).

Die skryfster: Meanwhile the news bulletins keep flowing through. *Stories, complete stories with beginnings, middles and ends, are told for the first*

time over the news... The voice of an ordinary cleaning woman is the headline of the one o' clock news... (pp. 31, 32).

Die skryfster: "I'm going to take the tale of Nomonde Calata and make a comic out of it," says my friend Professor Kondlo, the Xhosa intellectual from Grahamstown ... "In the one frame I will write: Male Storyteller (Historian)... Frame two will have the caption: Female Storyteller (Socializer of Children)... (p. 37).⁵

Die skryfster se swart kollega, Mondli: Reconciliation and amnesty I don't find important. *That people are able to tell their stories – that's the important thing* (p. 45).

Mark (Yassir) Henry: I tell this in order to have some kind of continuing and *I hope that by telling it I may wake up from this nightmare* that I've lived ever since 16 November 1989 (p. 52).

Die skryfster: Hechter and Van Vuuren each told their own story today. *And their stories became part of a whole circuit of narratives: township stories, literature, Truth Commission testimonies, newspaper reports...* The murder was the clay. The political climate, the amnesty conditions, the presence of Tshidiso Mutase and his grandmother, the lawyers – *all these were the hands forming the clay...* (p. 84, 85).

Die skryfster: ... the hearings are primarily for people who have no other forums in which *to tell their stories...* (p. 115).

Nog baie meer voorbeelde uit die betrokke teks sou aangehaal kon word, maar die bostaande seleksie behoort genoegsaam te wees om afdoende te bewys dat die oorvertel van stories – en dus miteskepping – 'n sentrale rol in die werksaamhede van die Waarheids- en Versoeningskommissie gespeel het

⁵ Vergelyk in hierdie verband die uiteensetting van Hofmeyer (1993:9) rondom mondelinge historiese narratiewe binne 'n Ndebele-Sotho stam naby Potgietersrus in die Noordelike Provinsie: "... female storytelling was associated with the hut area, while male storytelling found its performance venue in the courtyards..." en "... women tended to tell fictional stories, while men told historical stories..."

5.5.6.2 Miteskepping in die WVK-narratiewe rondom Afrikaans/die Afrikaners

Daar is reeds hierbo verwys na die opmerking van 'n joernalis van *Beeld* teenoor Antjie Krog dat die kernkomitee wat die wetgewing rondom die WVK gefinaliseer het, Afrikaans gepraat het:

“I like it,” he says, “those responsible for the past working to rectify it” (Krog, 1998:10).

Krog wys daarop dat die bespreking van die wetsontwerp in die Nasionale Vergadering mense voer tot “oratorical heights” en skets die gebeure verder soos volg (p.9):

Everybody has a story to tell – from Members of Parliament whose houses were petrol bombed, to friends’ children whose fingers were put in a coffee grinder, to criminals already walking the streets while right-wingers languish in jail. *Most of the speeches are in Afrikaans. It is with this group, in this language that they want to wrestle it out.* (my kursivering).

In haar besinning oor “waarheid” binne die konteks van die WVK se werksaamhede vertel Krog 'n anekdote uit haar eie loopbaan as dosent aan 'n opleidingskollege vir swart onderwysers. *'n Jong swart man het geweier om in die Afrikaansklas in te kom, aangesien Afrikaans volgens hom 'n koloniale taal is. Toe sy wou weet wat Engels dan is, was sy antwoord dat Engels “gebore” is in die sentrum van Afrika en deur Umkhonto we Sizwe na Suid-Afrika toe gebring is* (my kursivering).

Krog se kommentaar hierop is (1998:16):

That was *his truth*. And I, as his teacher, had to deal with *this truth that was shaping his life, his viewpoints, his actions*.

In baie van die slagoffers se narratiewe word daar ekplisiet genoem dat die mense wat hulle onmenslik behandel het, Afrikaans gepraat het. In sommige gevalle word die Afrikaanse woorde aangehaal. Hier volg enkele voorbeelde:

Ongespesifiseerde vroulike slagoffer: I was trying to see my child. Just when he was about to open the police van at the back, I heard a voice shouting, saying: “No, don’t show her anything – *hou die meid daar weg!*” (p. 27).

Mnr. Sikwepere: This white man said this *in Afrikaans* – “You are going to get eventually what you are looking for. And I am going to shoot you.” I was shocked at what the white man said to me. He said *in Afrikaans*, “*Ek gaan jou kry*” (p. 30).

Nomonde Calata (weduwee van een van die sogenaamde “Cradock Four”, Fort Nomonde): In their search, Mr Venter he asked me: “Where’s your husband? [...] He was asking this in Afrikaans. “*Jy moet vir jou man sê, hy kan maar wegkruip en jy kan hom maar wegsteek, die dag as ons hom kry ... dan sal hy kak*” (p. 39).

Later in haar vertelling noem Nomonde dat haar man een aand van ’n UDF-vergadering af teruggekom het en vir haar vertel het hoedat hy en Matthew Goniwe ’n paar uur lank in Port Elizabeth aangehou is. Een van die teenwoordiges by die ondervraging het vir die luitenant gevra: “*Luitenant, moet ons dit nou doen?*” waarop laasgenoemde geantwoord het: “*Dis nog nie die regte tyd nie.*”

Nomonde skets voorts hoedat ene Roy (Matthew Goniwe se jonger broer?) vir haar kom vertel het dat die polisie hom en Matthew voorgekeer het en vir Matthew gevra het: “*Mattewis, waar is Meraai?*” (Die verwysing is na Fort Calata, sy politieke vennoot – AMJ.) Uit die antwoord van Goniwe wat Roy ook aan Nomonde deurgee, is dit duidelik dat hy nie verstaan waarna die polisieman verwys nie. Krog tree hier - soos op baie ander plekke in die teks - self die narratief binne met die opmerking (p. 40):

But the space that haunts me is the space of Afrikaans literature that now enters the narrative.

Die skryfster verduidelik dan vir haar “gehoor”, wat nie in die eerste plek Afrikaanssprekend hoef te wees nie, dat Mattewis en Meraai ’n baie bekende huwelikspaar in die Afrikaanse letterkunde is, twee goeie, sout-van-die-aarde mense. Hulle is in die vyftigerjare deur die skrywer Mikro geskep. Wat uniek omtrent Mikro se vertelling rondom Gonnakolk en Mattewis en Meraai is, is dat hy op daardie stadium die eerste Afrikaanse skrywer was wat gebruik gemaak het van ’n verteller wat direk met die lesers gekommunikeer het.

As interpreter and guide [...] the narrator becomes an organic necessity in the story of Mattewis and Meraai, and his presence emphasizes the fact that we are dealing with *constructed realities* (wat dus weer verband hou met miteskepping – AMJ), with fictions...

In gesprek met professor Kondlo oor bogenoemde gebeure stel Krog die vraag waarom die polisieman, wat sekerlik kennis gedra het van die verhaal van *Mattewis en Meraai*, iemand wat hy beskou as ’n bedreiging vir sy eie voortbestaan, ’n *opsweper*, agitator en terroris, die naam sou gee van “the prototypical, hard-working, religious, decent Afrikaner” (p. 41). (Myns insiens is die eerste voor die hand liggende rede die verwantskap en vrye assosiasie tussen die twee se name: *Matthew* (Goniwe) en *Mattewis* – AMJ.)

Kondlo se verklaring is onder meer die volgende (p. 41):

The episode can be read on so many levels. You could say this cop feels *he* is protecting Mattewis and Meraai. That is what his job is all about. I am going to kill you because I am Mattewis, I am the salt of the earth and I protect Christianity... But then he is also making fun of Goniwe – *denigrating him by using an image and a language he may have trouble understanding...* (my kursivering).

(Dit beteken dat die taal, Afrikaans, hier op meer as een vlak as “verdrucker” geld, omdat dit gebruik word om iemand te intimideer deur die gebruik van ’n – vir hom – onbekende taal – AMJ.)

Die afleiding uit die bostaande diskoerse is voor die hand liggend: die taal waarin en waarmee swart mense in die tydperk waaroor hier verhaal word (hoofsaaklik die tagtigerjare) gestroop is van hulle waardigheid en ontnem is van hulle dierbares, was Afrikaans. En die digteres, 'n Afrikaner van geboorte en volgens haar eie getuigenis (1998:99) “brought up with what is the best and the proudest in the Afrikaner” beskryf haarself as “sonder woorde en verlore” (“wordless, lost”) by die aanhoor van die slagoffers se verhale en die Afrikaanse vanne wat die een na die ander van hulle lippe afrol (1998:44). Na aan die einde van die boek (p. 238) vra sy die vraag:

How do I live with the fact that all the words used to humiliate, all the orders given to kill, belonged to *the language of my heart?* (my kursivering).

Dit is daarom nie verbasend nie dat sy haar boek opdra aan “every victim who had an Afrikaner surname on her lips.”

Die werksaamhede van die Waarheids- en Versoeningskommissie het oor 'n baie langer tydperk gestrek as wat aanvanklik verwag is, en die finale woord daaroor was nog nie gesprek met die ter perse gaan van *Country of my skull* nie.

As this book goes to print, the jury is still out as to whether the Truth Commission has been successful as an agent of reconciliation and reparation. And South Africans are discovering that the relationship between truth and reconciliation is far more complex than they ever imagined.

(Die laaste opmerking dui myns insiens weer op die feit dat die mite van “maklike versoening” nog nie werklik “lewend” geword het nie – AMJ.)

Die slotsom is dus dat die waarheid nie, soos in Bybelse terme die geval is, in hierdie geval volkome “vry maak” nie. Intendeel, wat swart miteskepping rondom Afrikaans in die lig van die WVK-narratiewe betref, lyk dit eerder asof daar die moontlikheid bestaan dat Afrikaans die prys sal wees wat die Afrikaner

vir apartheid sal moet betaal. (Vgl. die aanhaling van Krog in die aanhef rondom “swart” miteskepping hierbo (5.5).)

5.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is ’n oorsig gegee **oor die mite “Afrikaans, verdrukkerstaal”**. Die betrokke mite is veral as “lewende mite” binne die bruin en swart gemeenskappe in Suid-Afrika geskep, hoewel daar baie wit mense – onder wie ook Afrikaners – was wat meegehelp het met die formulering van die mite van “verdrukking” en “struggle” of “bevryding”.

Generiese aspekte wat bespreek is, is:

- Die aanloop tot die mite (in die eerste jare na 1652);
- Die slawekwessie aan die Kaap;
- Die vestiging van die mite van wit dominansie in die 18de en 19de eeu;
- Die “soeke na ’n witmansland” ná die Anglo-Boereoorlog;
- Die vestiging van die mite van Afrikaner-eksklusiwiteit en die Afrikaner-burgerlike godsdiens in die dekades voor 1948; en
- Die institusionalisering van Apartheid (1948 en daarna).

Vervolgens is daar na spesifieke “bruin” mites gekyk, waaronder:

- Die herkoms van die bruin mense in Suid-Afrika (soos onder meer in mities-gelaaide taal verwoord deur Patrick Petersen in sy gedig “komvandaan”);
- Die status van bruin mense in die vroeë Kaapse geskiedenis;
- Die impak van hierdie groep op Afrikaans as geskrewe taal in die negentiende eeu;
- Die bruin mense se “natuurlike verhouding” met Afrikaans (Gerwel, 1975);
- Die invloed van die Britte op “bruin” mites voor 1948;
- “Bruin” miteskepping in die apartheidsjare:

- die eerste dekades ná 1948;
- in die sewentigerjare;
- in die tagtigerjare;
- in die negentigerjare (in Small se woorde ná “nineteen-ninety-four, daai djaar van waterskeiding vi’ ons land”); en
- Afrikaans as “bevrydingstaal”.

In die laaste deel van die hoofstuk is aandag gegee aan “swart” miteskepping rondom Afrikaans as verdrukkerstaal. (Daar is daarop gewys dat “swart” in hierdie geval dikwels ook “bruin” insluit.) Die kwessies waaraan spesifiek aandag gegee is, is:

- Die verhouding tussen swart mense en Afrikaans voor 1948;
- Die ontwaking van “swart bewussyn” en die stigting en impak van die ANC en PAC;
- Die impak van die 1976-onluste waarin spesifiek teen Afrikaans as onderrigmedium betoog is;
- Die miteskeppende rol van Nelson Mandela (in die woorde van Vincent Oliphant “die mite wat ’n mens word...”);
- President Mandela se verwysing in sy eerste parlementêre toespraak na “Die Kind” van Ingrid Jonker;
- Die mitebevestigende rol van die swart Afrikaanse digter en ANC-politikus, Mathews Phosa (in *Deur die oog van ’n naald*); en
- Die narratiewe voor die Waarheids- en Versoeningskommissie, soos beskryf in Antjie Krog se *Country of my skull* (1998) met spesifieke verwysing na die impak hiervan op Afrikaans.

In teenstelling met die mite van Afrikaans en die Afrikaners wat in die vorige hoofstuk bespreek is, is die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal ’n negatiewe mite **op grond van die moontlike negatiewe impak daarvan op die voortgesette rol van Afrikaans in die land.**

Dit moet duidelik gestel word dat hierdie slotsom nie beteken dat die “bruin” en “swart” mites wat in hierdie hoofstuk beskryf is as sodanig as negatief of vals beskou word nie. Hierdie mites is inderdaad “lewende” en rigtinggewende mites vir die mense wat hulle eie identiteit in terme daarvan moes definieer. Die vraag is egter uiteindelik of daar dalk ’n profetiese waarheid geleë is in Krog se uitspraak in *Country of my skull* (1998:99):

It has been stated openly that *Afrikaans is the price that Afrikaners will have to pay for Apartheid* (my kursivering).

HOOFSTUK 6: DIE NEERSLAG VAN DIE MITES

“Dis nie die storie wat jy ons vantevore vertel het oor hoe jou mense hier gekom het nie, “ maak Katja beswaar. “Oor die twee broers by die groot boom.” Kahapa haal sy skouers in die donker op. “*Ons het baie stories,*” sê hy. “*En al die stories is waar. Jy moet net reg leer luister ...*” (Brink 2002: 202) (my kursivering).

I am busy with the truth ... *my truth*. Of course, *it's quilted together from hundreds of stories* that we've experienced or heard about in the past two years. Seen from my perspective, shaped by my state of mind at the time and now also by the audience I'm telling the story to. *In every story there is hearsay, there is grouping together of things* that didn't necessarily happen together, there are assumptions, there are exaggerations [...], there is downplaying ... *And all of this makes up the whole country's truth* (Krog 1998:170,171) (my kursivering).

en

We make sense of things by fitting them into stories... Nations tell stories of their past in terms of which they try to shape their futures (1998:196).

Drie outas het in die haai Karoo
die ster gesien en die engel geglo

hul kieres en drie bondels gevat
en aangestryk met die jakkalspad

al agter die ding wat skuiwend skyn
op 'n plakkie, 'n klip, 'n syferfontein

oor die sink en die dak van Distrik Ses
waar 'n kersie brand in 'n stukkende fles

en daar tussen esels en makriel
die krip gesien en neergekniel

hul skaapvet, eiers en biltong
nederig gelê voor God se klong

en die Here gedank in sang en gebed
vir 'n kindjie wat ook dié volk sou red

oor die hele affêre het uit die hoek
'n broeis bantam agterdogtig gekloek.

(“Kersliedjie”, Opperman, 1952)

6.1 Inleiding en doelstelling met die hoofstuk

In die vorige twee hoofstukke is daar gekyk na die twee belangrikste – en grootliks opponerende - mites rondom Afrikaans naamlik:

- “Afrikaans, taal van die Afrikaner” soos vergestalt binne die konteks van Afrikanernasionalisme in veral die eerste vyftig jaar van die vorige eeu; en
- “Afrikaans, verdrukkerstaal”, soos gemanifesteer in veral die tydperk van geïnstitusioneerde Apartheid (1948-1994).

Samehangend met hierdie twee “hoof”-mites, is daar ook ander mites uitgewys, byvoorbeeld die mite van wit dominansie, en daarteenoor die mite van swart bewussyn, miteskepping as komponent van die Afrikaner- “burgerlike godsdiens” en die mite van die “nuwe Suid-Afrika”, om maar enkeles te noem.

Daar is in hoofstuk 3 gewys op die groot impak van politieke miteskepping, en veral van wat Thompson (1985) noem “radikale mites” of mites wat ten doel het om die “vyand” se regime te ontmasker of te demoniseer. In dié proses vind daar dan waarskynlik aanvanklik ’n ontmitologisering plaas van bepaalde mites wat vals bewys wil word, en terselfdertyd nuwe miteskepping of ’n proses van “her”-mitologisering. Die uitgangpunt van hierdie proefskrif is egter dat “lewende” mites nie **sonder meer** uitgewis kan word uit ’n groep se kollektiewe geheue nie, omdat hulle met singewing saamhang, en dat nuwe mites dus nie as’t ware oornag “geskep” kan word om die ou mites te vervang nie. Die nuwe mites sal nie ’n “tydlose waarheidskwaliteit” bevat nie.

Die proses van miteskepping word ook nie in die eerste plek deur politieke miteskeppers daargestel nie. Inteendeel, mites word veral oorgedra deur gewone mense in hulle gesprekke met hulle kinders, familie, vriende en kollegas. Vergelyk in hierdie verband die uitspraak van Samuel & Thompson (1990:14,15) soos aangehaal in hoofstuk 2:

[...] the *most powerful myths* are those which influence what people think and do: which are *internalized, in their ways of thinking*, and which they pass *subconsciously* to their children and kin, their neighbours, workmates and colleagues as part of *the personal stories which are the currency of such relationships* (my kursivering).

Dr. Chris Jordaan (wat nagraadse opleiding in die bestuurswese het en die afgelope jare betrokke was by landswye en Afrika-projekte met as fokus onder meer transformasiebestuur en die vorming en oriëntering van bestuurspanne vir nuwe implementerings) het vir my die volgende waardevolle bydrae rondom sy persepsie van die totstandkoming van groepsmites op skrif gestel:

Die mens as individu maar ook in wisselwerking met ander mense en groepe het 'n inherente en soms *onbewustelike* dryfveer om voortbestaan – *oorlewing* – maar ook *uitlewing* (dus binne hierdie diskoers ook: *singewing* – AMJ) te verseker. Oorlewing hou verband met die verkryging van persoonlike lewensmiddele en die fisiese voortbestaan van groepe, terwyl uitlewing handel oor “hoër” geestelike of kunssinnige verwesenliking. Dié gedreweheid noop individue en groepe om die dinamika en werklikhede van die omgewing vir hulself verstaanbaar te formuleer en sodoende ontstaan mites, wat verband hou met oorlewing en uitlewing. Mites binne kultuurgroepe het ook bepaalde inherente gemeenskaplikhede. Alhoewel die proses van mitevorming in kultuurgroepe dieselfde meganismes mag hê, kan die wesenlike inhoud daarvan verskil. Mites van 'n bepaalde kultuurgroep verteenwoordig elemente van wat die betrokke groep bewustelik of *onbewustelik* as bedreiging binne die konteks van hulle belewing van die eie werklikheid ervaar. Hierdie bedreigings kan werklik of gewaan wees.

Uiteenlopende en selfs kontrasterende mites van verskillende groepe kan verklaar word deur die inherente verskille in die kultuurelemente en -karakteristieke van die groepe asook die waardestelle wat die kultuurelemente verteenwoordig. Laasgenoemde (die waardestelle) handel onder meer oor aspekte soos eiendomsbesit en –reg, die “waarheid” gebaseer op feitelikheid asook op voorstellings van die “waarheid”, geloof in hoër wesens en oorspronge (sien die “ontstaansmites” waarna Thompson onder meer verwys – AMJ), verhoudings tussen geslagte, familiëlede ens., asook gesagaanvaarding en die verhouding met dominante rolspelers. Daar vind ook miteskepping oor mekaar (“die ander” – AMJ) plaas wat weer lei tot verdere miteskepping binne die eie groep. Die genoemde miteskepping beïnvloed die beplanning en optrede van groepe met die oog op die strukturering

van die omgewing waarbinne hulle voortbestaan (oorlewing) en realisasie (uitlewing) moet plaasvind.

Tot sover Chris Jordaan. Die afleiding is dus dat miteskepping tot 'n groot mate verband hou met die drang om voort te bestaan as individu en as groep en om jouself en jou groep ook kultureel uit te leef. Binne 'n kultureel-diverse omgewing soos dié van Suid-Afrika (vgl. die uitspraak van Woshinsky, 1995:55, soos aangehaal in hoofstuk 3 rondom 'n heterogeen-aktiewe kultuur – “we find in heterogeneous-active culture a basic disunity exacerbated by a series of *profound* divisions”) kan die persepsie ontstaan dat die ander groepe 'n bedreiging inhou vir hierdie voortbestaan en uitlewing. Die ervaring van die bedreigings kan lei tot doelbewuste miteskepping deur groepe en hulle “woordvoerders” soos wat in hoofstuk 3 rondom politieke miteskepping uitgespel word. Andersyds weer kan die ervaring van die bedreigings meer subjektief en persoonlik wees en die proses van miteskepping tot 'n mate onbewustelik geskied.

Wat egter wel waar is, is dat beide hierdie prosesse – doelbewuste politieke miteskepping, maar ook (gedeeltelik) onbewuste private miteskepping – neerslag vind in verskillende sisteme van die gemeenskap waarbinne die miteskepping aan die werk is.

Die doel van hierdie hoofstuk is dan om 'n oorsig te gee oor die neerslag van die voorafgaande mites (soos bespreek in hoofstukke 4 en 5) in bepaalde sisteme van die Afrikaanse werklikheid. Terselfdertyd sal daar ook gevalle uitgewys word waar daar binne dieselfde sisteme pogings was om die betrokke mites as 't ware ongeldig te verklaar deur hulle te ontmitologiseer of dan ten minste te hermitologiseer.

Die proses van “ont”- en “hermitologisering” is terloops nie vreemd aan die moderne literatuur- en kultuurwetenskap nie. In 'n artikel in *Literator* van April

2003 verduidelik die literatuurwetenskaplike, Marcel Janssens, hierdie verskynsel soos volg (p. 145):

In de hedendaagse kultuur is het begrip “mythe” onderhevig aan grondige mutasies, zowel in de kennis- als in de waardensfeer. Overal doet zich een tendens van ont-mythologisering voor... De laatste tijd constanteren wij een tendens van “her-mythologisering” van ons denken in een “post-metafysich” tijdperk.

Dit moet baie duidelik gestel word dat die oorsig oor die “neerslag van die mites” nie die belangrikste fokus van hierdie studie is nie, en dat daar by die keuse van voorbeeldmateriaal slegs eksemplaries gewerk word. ’n Seleksie is dus uit verskeie moontlike bronne gemaak om die impak van miteskepping te illustreer, sonder dat ’n in-diepte-studie van die betrokke bron die oogmerk was. (Dit sou bv. moontlik wees om ’n volledige studie aan te pak oor die neerslag van die mite van Afrikaans en Apartheid deur slegs een letterkundige teks te ontleed en die mitiese elemente daarin uit te wys, byvoorbeeld *Kennis van die aand* of *Die swerfjare van Poppie Nongena*.)

Daar word ook gewys op die feit dat miteskepping binne die “politieke sisteme” van die land nie deel sal uitmaak van hierdie hoofstuk nie. Die rede hiervoor is voor die hand liggend. Die bespreking rondom Afrikaans en Afrikanernasionalisme in hoofstuk 4 en dié rondom Afrikaans en Apartheid in hoofstuk 5 is nie los te dink van die politieke gebeure en strukture van die tydperke onder bespreking nie. Die neerslag van die mites rondom Afrikaans binne die Suid-Afrikaanse politiek van (veral) die twintigste eeu, is dus reeds deeglik verreken.

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die neerslag van die mites rondom Afrikaans ten opsigte van die volgende sisteme/gebeure:

- Die historiografie van Afrikaans;
- Die onderwyssistiem en –sillabusse;
- Die Afrikaanse letterkunde; en

- Die polemieek rondom “Kersliedjie” van D.J. Opperman.

'n Dieptestudie word nie beoog nie, maar slegs 'n oorsigtelike beeld met die doel om te wys **hoe wyd die impak van die mites rondom Afrikaans was**, en **hoe die neerslag van die mites as 't ware self weer miteskeppend gewerk het**.

6.2 Die Afrikaanse historiografie

Die wordingsgeskiedenis van Afrikaans (dit wil sê geskiedskrywing rondom die korpusontwikkeling van die taal) en geskiedskrywing oor die taalpolitieke verlede van Afrikaans (d.w.s. rondom die statusontwikkeling van die taal) is onderwerpe waarvoor historiograwe al etlike boeke volgeskryf het. Uiteraard is daar gepoog om die die onderwerp objektief/wetenskaplik aan te pak en is bestaande teorieë soos bv. teorieë oor taalverandering of andersyds weer die intertaalteorie as uitgangspunte gebruik. Daar is egter ook by historiogawe wat die geskiedenis van Afrikaans beskryf, soms tekens te bespeur daarvan dat hulle vertrouwd is met, of beïnvloed word deur, die mites wat daar rondom die taal bestaan het of nog bestaan.

In *Die Afrikaner en sy Taal 1806 – 1875* (waarvan die eerste uitgawe reeds in 1939 by Nasionale Pers verskyn het) beskryf J. du P. Scholtz die pogings in die 19de eeu om ná die tweede Britse besetting van die Kaapkolonie in 1806 en die invoer van Britse setlaars in 1820 “Hollands-Afrikaans” aan die Kaap te laat voortbestaan. Voor in die spesiale herdruk van dié werk in 1964 deur Nasou staan daar die mities-gelaaide opdrag: “aan die *nagedagtenis* van almal wat hul in die jare 1806-1875 *vir die behoud van die Hollands-Afrikaanse taal en kultuur aan die Kaap beywer het.*” (my kursivering).

Enkele opvallende aspekte in verband met bogenoemde is die volgende:

- deurdat die “nagedagtenis” van die taal-“beyweraars” gehuldig word, neem hulle min of meer die gedaante van “helde” aan;

- de skrywer skep die persepsie dat Hollands en Afrikaans in die genoemde tydperk saam in die “taalstryd” teen Engels gestaan het en nie in opposisie tot mekaar nie;
- die verband tussen “taal en kultuur” word eksplisiet verwoord;
- die afsnypunt as 1875, die jaar van die stigting van die G.R.A., dui daarop dat dié jaar deur die historiograaf as betekenisvol beskou word en ondersteun dus die miteskepping rondom 1875.

Dit is nie vir die doel van hierdie bespreking nodig om in te gaan op die skrywer se uiteensetting van die verzet oor dekades heen in die loop van die negentiende eeu teen die verengelsingbeleid aan die Kaap na die Britse besetting en die verdringing van Hollands as kultuurtaal nie. Wat belangrik is, is dat sy bespreking eindig met die stigting van die G.R.A. as “mitiese” oomblik vir die begin van Afrikaans as kultuurtaal. Voor hierdie datum is “Afrikaans [...] by uitstek as die taal van die laer klasse in die maatskappy beskou. (Scholtz, 1964:169).

Oor miteskepping in die Afrikaanse historiografie rondom die G.R.A. en die eerste “vrome taalstryders” is daar redelik breedvoerig verslag gedoen in hoofstuk 4. Daar is byvoorbeeld daarop gewys dat Nienaber & Nienaber in hulle historiografiese werk, *Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal*, in miteskeppende frases verwys na dr. Arnoldus Pannevis (1838-1884) en C.P. Hoogenhout (1843-1922). Van Pannevis word byvoorbeeld beweer dat hy ’n “groot kenner” was van die klassieke en van verskeie Europese tale en dat S.J. du Toit hom sou “geroem het as die grootste taalkundige wat Suid-Afrika gehad het.” Hoogenhout weer het reeds as jong man bewys gebring van sy “geloof in en entoesiasme vir die jong Boeretaal” (Nienaber & Nienaber, 1985: 20-21).

Wat insiggewend omtrent die teks van die Nienabers is, is die subteks, naamlik dat dit “’n Oorsig (is) van die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging, opgestel volgens die leerplanne van die verskillende Provinsies.” Die afleiding is dus dat

die boek vir Afrikaanse skoliere voorgeskryf is, en dat dit in dié opsig ongetwyfeld miteskeppend meegewerk het. Dit kan onder meer bevestig word deur die verbande wat die skrywers lê tussen die betrokke *taal* beweging en die groeiende *vaderlandsliefde* by sy aanhangers :

Dit (die taalbeweging van die G.R.A. – AMJ) groepeer die regte Afrikaners, die Patriotte of *ware vaderlanders*, saam in 'n verenigde strewe ten behoeve van *die eie taal, nasie en land* (1958:28) (my kursivering).

Teenoor die miteskepping met betrekking tot die G.R.A. se rol, is daar ook historiografe wat verwys na pogings om die Nederlandse taal te laat “herleef” op Suid-Afrikaanse bodem selfs ná die stigting van die G.R.A. In die 1945-jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring is daar byvoorbeeld 'n artikel van Jan Ploeger van die Universiteit van Pretoria in dié verband. Ploeger vertel van die groot aantal Nederlanders wat in die laaste twee dekades voor die Anglo-Boereoorlog na Transvaal toe “verhuis” het, onder meer as gevolg van die “groot voorliefde wat president Kruger vir bekwame Nederlanders aan die dag gelê het en die werksaamhede van die Nederlands Suid-Afrikaanse Spoorwegmaatskappy” (Ploeger, 1945:31). Volgens Christo van Rensburg het hierdie Nederlanders in “Klein Amsterdam” (die huidige Sunnyside) kom woon.

Hierdie Nederlanders stig onder meer die sogenaamde “rederykerskamer”, “Onze Taal”, in Pretoria. Aan die einde van 1893 was daar glo 150 betalende lede van hierdie vereniging. 'n Nederlandse drama, *De Buren*, van Justus van Mourik, is in Februarie 1892 in die President Teater opgevoer. Teenoor hierdie pogings om Nederlands te bevorder (hoewel dié taal in elk geval die ampstaal in die Transvaal was - AMJ), staan die enigszins siniese opmerking van 'n verslaggewer van die *Transvaal Advertiser* (wie se taalvoorkeur mens sou kon raai), wat geoordeel het dat die spelers se taal baie te wense oorgelaat het. In wat myns insiens sou kon geld as 'n doelbewuste poging om die “Nederlandse” poging te ontmitologiseer, beweer die verslaggewer:

In point of fact, but for the language one might have thought the performance was by French rather than by Dutch amateurs” (Ploeger 1945:31).

Ploeger (1945:32,33) haal voorts ook gedigte aan wat deur lede van “Onze Taal” geskryf is, en waarin die miteskeppende klanke baie duidelik opklink.

Enkele frases van “die heer H.J.L. Th. Roorda” se gedig lui:

Waak op, waak op, o moedertaal!
Waak op! Wij roepen U ten strijde.
Herover weer Uw oud gebied
Op Afrikaansche grond...

In dié van “die heer Th. Kroon” word onbeskaamd miteskeppend na die “helde” in die “Suid-Afrika-geskiedenis” van die “Hollandstaal” verwys, en na dié taal se “mitiese gawe” om die vyand te stuit:

Als Hollandstaal zoo moedig werd geuit
Door Tromp, De Ruyter – viel die vyand neder
Bij ‘t hooren van die taal, door heldemoed geuit
Doch ook op ‘t oorlogsveld is deze taal zoo krachtig,
Zij baard’ den vyand schrik, wanneer ze werd gehoord.
Pretorius, Potgieter zie ze machtig
Zoodra die dierb’re taal des vijands oor doorboord’,
En klonk ook niet deez’ taal nu twalef jaar geleden
Den Brit in ‘t oor, op Amajuba’s top?
Toen werd tot God in onze taal gebeden
En in die taal nam Hij de bede op...”

Die bostaande frases dui voorwaar op ’n wonderlike vermoë wat aan ’n spesifieke menslike taal toegeskryf word: dit laat die vyand “neerval”, “deurboor” hulle ore en gee krag aan die Voortrekkerleiers (Pretorius en Potgieter) op die “oorlogsveld”. Die implikasie van die laaste twee reëls hierbo is boonop dat God hulle gebede in die stryd teen die Britte op Amajuba verhoor het omdat daar in Hollands gebid is. (Dit maak die staaltjie amper geloofwaardig van die ou Boer wat gekant was teen die Bybelvertaling in Afrikaans omdat hy beweer het: “As

Hoog-Hollands goed genoeg was vir die Here, is dit goed genoeg vir my!” – AMJ.)

Ploeger sluit sy artikel af deur te noem dat die laaste betalings van “Onze Taal” in 1912 gedoen is. Die rede vir die “onvermydelike” ondergang van die Nederlandse rederijderskamer in Pretoria, meen hy, was die feit dat “’n (n)uwe tyd, met as strewe die verheffing van Afrikaans, [...] sy intrede gedoen (het).” (1945:36).

’n Belangrike afleiding van bostaande gebeure is dat miteskepping alleen nie genoegsaam is om die voortbestaan van ’n taal teen ander kragte van die geskiedenis te beskerm nie. Die miteskeppers rondom die voortgesette rol van Hollands in die Transvaalse republiek teen die einde van die negentiende eeu, het, metafories gesproke, die sluise van die retoriek wyd oopgemaak. Daar was egter ander sterker kragte werksaam, waarvan die opkomende Afrikanernasionalisme na die oorlog (sien weer hoofstuk 4) ’n belangrike een was. In die woorde van Van Wyk Louw op ’n baie later stadium (1977:63,64) was die taal (in hierdie geval Hollands op Suid-Afrikaanse bodem) nie meer die “draer van die reële en vitale behoeftes van groot groepe [...] nie.” Hierdie funksie is toe deur Afrikaans oorgeneem.

Teenoor miteskepping in die historiografie rondom die G.R.A., is daar ander standpunte wat hierdie mites “ont”- of “her”-mitologiseer.

In hoofstuk 5 (5.4.3.1) is daar gewys op inligting wat deur Achmat Davids (1987: 46,47) aan die orde gestel is rondom die eerste geskrewe tekste in Afrikaans, naamlik Arabies-Afrikaanse Moesliem-“koples”-boeke met godsdienstige voorskrifte, waarvan die vroegste terugdateer na 1845. Daar is voorts gewys op Davids se vermelding van:

- die eerste amptelike Arabies-Afrikaanse publikasie, die *Gabomatliem*, (wat ses jaar voor die bekende *Zamenspraak tusschen Klaas*

Waarzegger en Jan Twifelaar (L.H. Meurant) in 1860 verskyn het – AMJ); en

- die *Bayan nud din*, 'n godsdienstige handleiding van 354 bladsye, in Arabies-Afrikaans geskryf deur die Turkse geleerde, Abubakr Effendi, wat in 1862 as geestelike Moslemleier na die Kaap toe gekom het. Volgens Davids kan die *Bayan nud din* beskou word as die omvangrykste boek wat in die vroeë geskiedenis van Afrikaans geskryf is. (Davids, 1987:48-49).

Die bostaande inligting rondom die *Gabomatlien* maak die stelling van Nienaber & Nienaber (1958:17) rondom die “Zamenspraak”, naamlik dat dit “die eerste boek in ons taal (is)”, ongeldig en bring 'n hermitologisering van dié gegewe tot stand. Die afleiding in hoofstuk 5 is dat die (bruin) Moesliemgemeenskap in die negentiende-eeuse Kaap 'n veel groter impak op die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans as kultuurtaal gehad het as wat die mite rondom Afrikaans en die Afrikaner veronderstel.

Du Plessis (1986) lewer kritiek op die voorheen onbetwiste mites rondom die “Afrikaanse taalbewegings” wat volgens hom “van geslag tot geslag ‘oorgelewer’ (is)” (en wat derhalwe onteenseglik miteskeppend gewerk het – AMJ.) Du Plessis se standpunt is dat “die hele geskiedenis van die Afrikaanse taalbewegings doodgewoon by die Afrikanergeskiedenis geïnkorporeer is”, 'n gebeurte wat in Du Plessis se eie woorde gelei het tot 'n “onafwendbare mitologisering” (1986:1).

'n Volledige uiteensetting van Du Plessis se diskoers (aanvanklik aangebied as 'n M.A.-verhandeling by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat) rondom die vyf taalbewegings wat hy onderskei (nl. die Oosgrenstaalbeweging, die Maleier-Afrikaans Taalbeweging, die Bybelvertalingsbeweging, die Afrikanerbondbeweging en die Naoorlogse Taalbeweging) is nie hier ter sake nie. Dit is goed gedokumenteer in die hersiene uitgawe van sy verhandeling,

Afrikaans in Beweging (1986) waaruit die bostaande aanhalings geneem is. Wat van belang is uit die oogpunt van miteskepping, is dat hy sekere “mitiese sekerhede” bevraagteken het, en daarmee kritiek uitgelok het, onder meer van prof. Dirk Kotze in *Beeld* van 22 Junie 1983, en ook in ’n hoofartikel in *Die Burger* van 21 Mei 1993. Du Plessis se reaksie op die kritiek klee hy in metaforiese taal deur daarop te wys dat sy studie nie “daarop gerig is om beelde te bestorm nie”, maar dat hy juis die “realistiese bevordering” van Afrikaans onder “alle lede (selfs nie-lede) van die Afrikaanssprekende gemeenskap [...] in perspektief probeer stel.”

Wat egter veral hieruit afgelei kan word ten opsigte van miteskepping rondom Afrikaans is hoe diep bepaalde mites (bv. oor die rol van die G.R.A.-beweging) in die Afrikaanse historiografiese sisteem ingebed is, en hoeveel weerstand die proses van hermitologisering kan meebring.

Gesprekke in die historiese taalkunde oor die “wortels” van Afrikaans is myns insiens ook nie altyd ideologies neutraal nie, maar hang saam met bepaalde opponerende mites rondom Afrikaans se herkoms en huidige posisie. Dit is nie in hierdie oorsig moontlik om al dié uitgangspunte selfs net te noem nie, maar enkeles daarvan word tog baie kortliks aan die orde gestel.

Edith Raidt (1976:83) maak die volgende stelling:

Die wordingsgeskiedenis van Afrikaans val waarskynlik saam met die ontstaan van die Afrikaanse volk.

Raidt onderskryf dus grootliks die mite wat in hoofstuk 4 volledig bespreek is, naamlik dié van die bykans “mitiese band” tussen Afrikaans en die “Afrikanervolk”. Die titel van Raidt se werk oor die ontstaansgeskiedenis van Afrikaans, nl. “Afrikaans en sy Europese verlede”, wys ook in ’n mate waar die klem van Raidt se betoog lê. Die feit dat Afrikaans onder meer wel ’n onbetwisbare “Europese verlede” het, word nie bevraagteken nie. Daar kan

egter beweer word dat die klem op dié verlede as “buite Afrika” ’n bydrae maak tot miteskepping vanuit ’n bepaalde ideologiese hoek.

Ronnie Belcher (1987:17 en verder) beskryf die proses van “kommunikasie oor die kleurgrens” en die soms gepaardgaande “konfrontasie” tussen wit- en bruin mense. Sommige van dié historiograaf se insigte is reeds verreken met betrekking tot die miteskepping rondom Afrikaans as verdrukkerstaal in hoofstuk 5. Daar is ook reeds gewys op die stigmatisering van sogenaamde “Kleurling-Afrikaans” deur onder meer Rademeyer (1938) as ’n “vervormde” (en dus minderwaardige) taalvariëteit.

Hierteenoor – en ook gedeeltelik in opposisie tot Edith Raidt en ander se beklemtoning van Afrikaans se “Europese verlede” – het daar stemme in die variasietaalkunde opgegaan wat gewys het op die groot impak van die inheemse mense van Suid-Afrika op die wording en ontwikkeling van Afrikaans.

Van Rensburg (1984:514; 1989:436-467 en 1990:66-67) onderskei tussen drie historiese variëteite van Afrikaans, naamlik

- twee aanleedersvariëteite wat teruggaan op vreemdetaalverwerwing (met Nederlands as doeltaal) deur die Kaapse slawe (Kaapse Afrikaans) en die Koi (Oranjerivierafrikaans); en
- ’n voortsettingsvariëteit van Nederlands wat veral aan die Oosgrens van die Kaap gepraat is (Oosgrensafrikaans) en wat vanuit die Oosgrens versprei is na die binneland (die Vrystaat en Transvaal). (Grebe (1997 en 1999) verkies om in laasgenoemde geval eerder van *Burgerafrikaans* te praat aangesien hy redeneer dat die voortsettingsvorm van Afrikaans nie beperk was tot die Oosgrens van die Kaapkolonie nie, maar waarskynlik deur die hele “burgerbevolking” gepraat is “van oorkant die eerste Kaapse bergreekse tot aan die negentiende-eeuse Oosgrens...” (1999:54). Grebe verskil egter nie prinsipiëel van die siening rondom Kaapse en Oranjerivierafrikaans nie.)

In die geval van die twee aanleedersvariëteite word die intertaalteorie oortuigend deur Van Rensburg betrek, terwyl teorieë rondom taalverandering veral op die voortsettingsvariëteit van toepassing gemaak word. Voorts word Oosgrensafrikaans, wat na 1838 ook via die Voortrekkers na die Transvaal toe geneem is, as die vertrekpunt vir die latere Standaardafrikaans gesien.

Sou die voorafgaande bespreking van die mites van Afrikaans en die Afrikaners en van Afrikaans as verdrukkerstaal hier in berekening gebring word, sal daar afgelei kan word dat die aanleedersvariëteite hoofsaaklik gepraat is deur die “bruin” sprekers van Afrikaans, terwyl die voortsettingsvariëteit gepraat en gestandaardiseer is deur die (hoofsaaklik) wit sprekers van Afrikaans, of die Afrikaners (sien weer hoofstuk 4).

Standaardafrikaans, die “toonaangewende, versorgde en eenvormige kultuurvariëteit van Afrikaans” (Ponelis 1992:72), het dus nie vry gebly van die impak van die genoemde mites (hoofstukke 4 en 5) nie. Ponelis verduidelik naamlik dat die standaardtaal nie linguisties gesien “verhewe” bo die ander variëteite van die taal is nie, maar dat hierdie vorm wel, veral in die onderrig op skool, “verhef (is) tot die enigste vorm van Afrikaans” terwyl die “omgangstaal en die dialekte ontsettend kwaai gestigmatiseer (is) met etikette soos ‘plat taal, kombuistaal, straattaal, onbeskaafde taal’ ensovoorts” (1992:71,72).

Billikerwys moet daarop gewys word dat die neiging om die standaardvorm van enige taal te “verhef” bo die ander variëteite van die taal ’n algemene verskynsel is. (Dink byvoorbeeld aan die gegewe van Bernard Shaw se *Pygmalion* soos verwerk in die musiekblyspel *My fair lady*.) Die verskil is egter dat die skeidslyn tussen “beskaafde” en “plat” of “onbeskaafde” Afrikaans in dié geval al te dikwels saamgeval het met die “mitiese” kleurskeidslyn.

Willemse bespreek mitevorming rondom die wordingsgeskiedenis van Afrikaans eksplisiet in 'n bydrae (in Jansen 1991:249-263) getitel “*Securing the myth: the representation of the origins of Afrikaans in language textbooks*” (my kursivering). Voordat 'n mite immers “beveilig” kan word, moet dit 'n reeds bestaande mite wees en redelik algemeen bekend wees. Volgens die skrywer is teorieë oor die oorsprong van Afrikaans in Suid-Afrikaanse skoolleerplanne voorgehou op so 'n wyse dat die “nie-Germaanse” of “swart” impak op Afrikaans verswyg of onderspeel is (p. 251). Daar word verwys na die standpunt van Van der Merwe (1972) wat erken dat daar wel leenwoorde in Afrikaans uit die oosterse en Afrika-tale ontleen is, maar wat ontken dat dié tale enige invloed op die **struktuur** van die taal gehad het.

In 'n nog vroeër teks van Van der Merwe (1964), haal die skrywer dr. Th. Hahn se lesing in 1882 voor die lede van die Kaapstadse Biblioteek aan, waarin dié “seun van 'n Duitse sendeling in Namakwaland” (1964:138) soos volg oor die ontstaan van Afrikaans skryf (p. 137):

The Dutch *patois* can be traced back to a fusion of the country dialects of the Netherlands and Northern Germany, and although phonetically teutonic, it is psychologically an essential Hottentot idiom. For we learn this patois first from our nurses and ayas. The young Africaner, on his solitary farm, has no other playmates than the children of the Bastard-Hottentot servants of his father and even the grown-up farmer can not easily escape the *deteriorating effect* of his servant's patois” (my kursivering).

Bogenoemde uitspraak is myns insiens onbetwisbaar miteskeppend, veral wat betref die verwysing na die “verslegtende effek” van die bediendes en hulle kinders se patois op dié van die boere en hulle kinders (die “jong Afrikaner op sy eensame plaas...”).

Willemse stel in sy betoog (1991) verder verskillende ontstaansteorieë van Afrikaans aan die orde (soos onder meer dié van Van Rensburg en ander na wie hierbo verwys is – AMJ) en kom tot die volgende gevolgtrekking (p. 253):

The tradition of Eurocentric historiography overemphasizes the role of the colonists and Christianity. In the process important historical factors (Islam, for example) have been overlooked.

Die rede hiervoor, meen Willemse, is die miteskepping rondom Afrikaans oor jare heen, waarvolgens binne die Afrikaner se politieke mitologie die taal “God-gewe” is en getipeer word as die enigste “witmanstaal” wat in Suid-Afrika “gemaak” is. Hy haal Valkoff (1971:463) aan, wat beweer:

[...] it is not astonishing that in their language struggle these linguists tended to transfer their ideal of purity of the white race to their mother tongue and its history.

Die “toe-eiening” van Afrikaans as die “volkstaal” en politieke taal van die Afrikaners asook die taal van die Afrikaanse (Afrikaner se?) Bybel het volgens Willemse daarop neergekom dat swart mense as ‘t ware “opgehou het om Afrikaans te praat.” (Dit wil sê die Afrikaner-historiografe, soos onder meer E.C. Pienaar in *Die triomf van Afrikaans*, 1943, het geen verdere melding van dié Afrikaanssprekers se rol in die geskiedenis gemaak nie. Ander, soos Rademeyer na wie se werk, *Kleurling-Afrikaans*, daar voorheen verwys is, het die Afrikaans van “nie-Afrikaners” as ’n afsonderlike studieveld beskou.)

Die impak van bogenoemde miteskepping het ook neerslag gevind in skoolleerplanne, soos wat in die volgende afdeling van hierdie hoofstuk aan die orde gestel sal word.

Opsommend ten opsigte van die verband tussen miteskepping en die Afrikaanse historiografie kan daar beweer word dat albei die opponerende mites rondom Afrikaans in die laasgenoemde sisteem neerslag gevind het.

Verskeie historiografe het geskryf vanuit die mitiese “liefdesband” tussen die “Afrikaner en sy taal” (Scholtz 1964) en melding gemaak van die “Wonder van

Afrikaans” (Du Buisson 1959) (om maar twee voorbeelde van miteskeppende titels aan te haal – AMJ) en sodoende hierdie mite help bevestig.

Ander historiografe het weer daarop gewys dat Afrikaans se voortbestaan juis grootliks daarin geleë is dat die taal oor etniese en rassegrense heen sny, en sodoende as ‘t ware teen die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal in geskryf.

’n Hoogaangeskrewe Afrikaanse taalsosioloog/historiograaf wat waarskynlik gesien word as deel van die sogenaamde Afrikaner-“establishment”, J.C. Steyn, het reeds in 1980 nie gekroom om te verwys na die onsensitieweit van sommige Afrikaners en om hom daarteen uit te spreek nie. Steyn verwys byvoorbeeld na die uitspraak van dr. C.P. Mulder in 1973, waarvolgens laasgenoemde by ’n A.S.B.-kongres gesê het dat “Kleurlinge” (sic) nie as “bruin Afrikaners” beskou kan word nie, maar wel “kan aansoek doen om lid te word” (van die Afrikanervolk), met die reg aan die kant van die Afrikaners om te weier. Steyn oordeel baie krities oor hierdie uitspraak (1980:277):

Wat hierdie uitspraak afkeurenswaardig maak, is die verwaandheid van ’n destyds vooraanstaande leier om namens die Afrikaners te sê dat hulle die Kleurlinge verwerp... Dit het bowendien gebeur nadat *Rapport* in ’n meningspeiling bevind het: “Byna die helfte van die Afrikaners sê ja, hulle sal ’n Afrikaanssprekende Kleurling ook ’n Afrikaner noem.”

Steyn wys voorts – myns insiens nie sonder ironie nie - daarop dat “(g)een Kleurling [...] in elk geval aansoek gedoen (het) [...] om Afrikaner of bruin Afrikaner te wees nie” en dat hulle dit ook nie sál doen nie - “ten minste nie na die jare vyftig en sestig nie”, en voeg dan by:

Verskeie het al gesê dat hulle nie Afrikaners genoem wil wees nie. Daarvoor gaan dit nie – dit gaan om die *roekelose arrogansie daarvan om namens die Afrikaners ander Afrikaanssprekende mense af te stoot* (1980:277) (my kursivering).

Baie ander stemme na wie reeds in die loop van hoofstuk 5 verwys is, het ook in die apartheidjare binne die oorkoepelde sisteem van die historiografie meegewerk aan 'n proses van hermitologisering waardeur Afrikaans geleidelik aan die stigma van verdrukkerstaal kon begin loskom, en eerder die mitiese stempel van “bevrydingstaal” en “Afrika-taal” kon begin dra.

6.3 Die onderwys/-leerplanne

Die onderwys is myns insiens een van die magtigste “instrumente” in die hande van miteskeppers. Hoewel die mitologiseringsproses gewoonlik in die ouerhuis begin (vergeelyk die “outobiografiese geskiedenis” in hoofstuk 2 – 2.9.3), word dit voortgesit en bevestig in die skoolomgewing.

Die “skool” hoef ook nie noodwendig saam te val met dit wat binne die Westerse konsep as 'n tradisionele skoolopset gesien word nie. Enige vorm van oordrag (dus ook orale oordrag) deur volwassenes aan kinders rondom die geskiedenis, tradisies en gebruike van die groep, sou kon dien ook as gunstige teelaarde vir miteskepping. So byvoorbeeld veronderstel die “inisiatieskool” binne die swart kultuur dat die jong seuns en meisies daardeur ingelyf word in stamverband en sodoende ingelyf word in die gebruike (en mites) van hulle voorouers.

In die hieropvolgende bespreking gaan dit egter wel om die meer formele Westerse onderwysopset as een van die sisteme waarbinne die mites rondom Afrikaans neerslag gevind het.

In hoofstuk 4 is daar redelik breedvoerig verwys na die groeiende besef onder “Regte Afrikaners” van die belang van die onderwysstelsel om hulle taal en ideologie by die jeug tuis te bring. Steyn noem onder meer dat ds. Du Toit (die vader van Totius) reeds in 1882 die leiding geneem het om 'n sogenaamde “Regte Hugenoteskool” in Daljosaphat te stig met “Oom Lokomotief” as eerste onderwyser. Ds. Du Toit het die verengelsing van Afrikaners in dié tyd deur

onder meer meisieskole skerp gekritiseer. Daar is gewys op die miteskeppende metaforiek van Du Toit se woorde (sien hoofstuk 4 – 4.4) oor die “verderflike invloed” van die Engelse meisieskole:

Di Engelse Meisiiskole in ons land is di *listigste en gevaarlikste aanslag teen ons Moedertaal*; dit verdring ons taal in di huisgesinne en *vergiftig di fontein van ons nasionaliteit* ... Onse dogters word daar in Amerikaans-Engelse gees en taal en sede opgelei ... en *vergiftig* ... tot *taalverraaiers* (Steyn 1980:141) (my kursivering).

Dieselfde uitgangspunt van verset onder Afrikaners na die Anglo-Boereoorlog teen die verengelsingbeleid van o.a. Milner het onder meer gelei tot die stigting van C.N.O.-skole waar leerlinge in hulle eie moedertaal onderrig kon ontvang. (Die verband wat in die naam van dié skole gelê is tussen “Christelik” en “Nasionaal” is ook reeds miteskeppend en ondersteun myns insiens die konsep wat Moodie die Afrikaner- “burgerlike” godsdiens noem – AMJ.)

Daar is ook gewys op die feit dat vir ons, as Afrikaanse kinders, die “storie van Afrikaans” begin het met die stigtingsdatum van die G.R.A. Hierdie mitiese begin is, soos hierbo in die afdeling oor die historiografie genoem, in die **leerplanne** van skole vasgelê, onder meer deurdat die Nienaber-broers se werk oor die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal vir die verskillende provinsies as studiemateriaal voorgeskryf is.

Sonder om dieper op die saak van Afrikaans en die Afrikaner in skoolleerplanne in te gaan, sou mens sonder vrees vir teenspraak kon beweer dat – sowel in die onderrig van Afrikaans as vak asook in ander skoolvakke soos Geskiedenis – die hoogtepunte uit die “verhaal” van die Afrikanervolk (soos die koms van Jan van Riebeeck, die Groot Trek, die Anglo-Boereoorlog, Republiekwording, en so meer) asook die “wonder” van die Afrikaanse taal en letterkunde vir die Afrikaanse (Afrikaner-)jeug gemitologiseer is.

Wat betref die tweede mite onder bespreking – dié van Afrikaans as verdrukkerstaal – is daar in hoofstuk 5 gewys op die negatiewe impak van die verpligte gebruik van Afrikaans as onderrigmedium in swart skole, onder meer in Soweto, en die omvang van die krisis wat daardeur veroorsaak is.

Binne die konteks van laasgenoemde miteskepping was daar egter ook die kwessie van die marginalisering van sekere Afrikaanssprekers juis deur die aard van die Afrikaansonderrig op skool en die inhoud van voorgeskrewe boeke in Afrikaans.

Esterhuyse (1986) wy 'n hele boek, getitel “Taalapartheid en skoolafrikaans”, aan hierdie saak. In sy motto voor in die boek dra hy dit op aan “almal wat deur skoolafrikaans gepot, gebonsai en verformfaai is”. In die inleiding word die oogmerk met die werk uitgespel:

Taalapartheid en skoolafrikaans wil die bewustelike en onbewustelike sosiolinguistiese manipulasie deur sillabusbeplanners, voorskryfkomitees en handboekskrywers blootlê en aantoon hoe amptelik geseënde leermateriaal linguistiese ondersteuning bied aan die apartheidsideologie.

Van belang vir hierdie bespreking is die titel van die eerste hoofstuk van bogenoemde werk, naamlik: “Afrikaans, die *mitiese taalverbondsark*” (my kursivering). Die skrywer verwys dan na die Afrikanermite dat hulle taal “deur God geskenk is” en daarom “'n onvervreembare erflating” verteenwoordig (1986:1). Hierdie metaforiek word dan afgemaak as 'n “misleidende mite”, waar “mite” nie in dié geval 'n lewende, rigtinggewende mite veronderstel nie, maar eerder – soos by ander geleerdes na wie reeds in die loop van die studie verwys is – na 'n oorvereenvoudigde veralgemening of selfs vervalsing.

Esterhuyse verwys verder (p.1) na die “Afrikanersentriese taalapartheidsparadigma waarbinne Afrikaanse kinders moet leef.” Baie van die mites wat aangeraak is in hoofstuk 5 van hierdie studie – byvoorbeeld die mite

van wit meerderwaardigheid, die stigmatisering van die taalvariante van “gekleurdes” en die impak van die Britte op die vervreemding tussen Afrikaner- en kleurling-Afrikaanssprekendes – word deur Esterhuyse bespreek. Enkele aspekte van die bespreking word hierna genoem en baie kortliks omskryf aangesien hulle van kardinale van belang is vir die diskoers in hierdie afdeling van die hoofstuk, naamlik die neerslag van die mites rondom Afrikaans in die onderwysstelsel en in onderwysillabusse. Dié aspekte sluit in:

1. Die feit dat die seleksies van voorgeskrywe boeke vir Afrikaans feitlik uitsluitlik die geskrewe produkte van Afrikaners was (p. 42 en verder). (“Verskoning” vir hierdie feit kan dalk aangeteken word deurdat Esterhuyse self daarop wys dat nie-Afrikaners op daardie stadium (1986) vir minder as 1 % van die totale aantal publikasies in Afrikaans verantwoordelik was - AMJ.) Die netto resultaat was egter dat “(g)ekleurdes [...] dus tradisioneel verbruikers van die geskrewe produkte van Afrikaners (was).” Wat die impak van hierdie feite op miteskepping binne die gemarginaliseerde (“swart”) gemeenskappe was, kan afgelei word uit ’n studie van Du Preez (1983) wat deur Esterhuyse aangehaal word. Du Preez fokus op drie-en-vyftig skoolhandboeke in 1980/81 in gebruik in vier skoolvakke: Afrikaans, Engels, Geskiedenis en Aardrykskunde en maak sekere afleidings wat beslis verband hou met miteskepping, bv.: wetlike gesag word nie bevraagteken nie; wit mense is meerderwaardig; Suid-Afrika behoort regmatig aan die Afrikaner; Afrikaners is ’n boerevolk; die Afrikaner het ’n Godgegewe taak in Afrika, en so meer. Du Preez stel voor dat “skoolhandboeke van hierdie eksklusiewe Afrikaner-meestersimbole gesuiwer word” (Esterhuyse 1986:45).
2. Die impak van Opperman se *Senior Verseboek* wat gereeld aan Kaaplandse senior leerlinge voorgeskryf is en volgens Esterhuyse (p. 49) naas die Bybel die mees “konstante, gemeenskaplike ervaring aan

Kaapse senior leerlinge” gebied het. Die bloemlesing is oorspronklik in 1951 saamgestel en daarna vyf maal bygewerk. Die samesteller (Opperman) het hom ten doel gestel om gedigte te kies wat “bevatlik” is vir hoërskoolleerlinge, en wat ook “verteenwoordigend” is van die Afrikaanse digkuns. In ’n ondersoek in 1984 saam met Afrikaansmetodiekstudente van die Universiteit van Kaapstad is op sosiolinguistiese gronde sewe “kategorieë van onaanvaarbaarheid” in die bloemlesing geïdentifiseer (Esterhuyse, 1986:51-60):

- (i) Afrikanersentriese gedigte (bv. *Generaal de Wet*, *Jopie Fourie*, *Die beeld van oom Paul*, *Die kampsuster*, *Vergewe en vergeet*, *Naweekpas*, en ander);
- (ii) die geïsoleerde rassistiese woord (“jongmeid”, “Koelies”, “kafferstrooise”);
- (iii) ongunstige kleurassosiasies soos waar daar bv. deur T.J. Haarhoff verwys word na twee perde wat “die siel se wa” trek – die een “*swart* en nors en kwaai..”, die ander “*wit* en rein en stil...” (my kursivering);
- (iv) sosiaal-sensitiewe poësie met kontra-produktiewe effekte, bv. *Bede* van S.V. Petersen en *Blokhuis* van Olga Kirsch. Esterhuyse wys daarop dat gedigte in hierdie kategorie in werklikheid simpatiek ingestel is teenoor die lyding en verontregting van gekleurdes, maar nogtans verwarring veroorsaak omdat onvertroudeheid met letterkundige konvensies veroorsaak dat leerlinge “dikwels subtiele ironisering mis en die teks sodoende op sigwaarde interpreteer” (p. 57). ’n Voorbeeld hiervan is die “wrang soort ironie” in *blokhuis* se reëls: “Hoe sê jou donker oë dan? Jy wis/ dat God die God van blanke kinders is...?”
- (v) stereotiperende gedigte, wat almal “in een of ander vorm ’n beeld van gekleurdes as persone op die laagste sosiale trap” bevat (p. 57);

- (vi) gedigte wat verbintnisse met 'n spesifieke godsdiens toon (waarskynlik hoofsaaklik die Christelike godsdiens, wat by implikasie dan vervreemdend sou inwerk op Afrikaanssprekende Moesliemkinders – AMJ); en
- (vii) Kaaps-Afrikaanse gedigte en rasse-stereotipering. Wat lg. kategorie betref, wys Esterhuyse daarop dat twee gedigte wat aanvaarbaar gevind is in die genoemde ondersoek deur die Afrikaansmetodiek-studente, nl. *Oor momumente gepraat* (Blum) en *Doemanie* (Small) waarskynlik “gered” is deur die humor asook die “skerp satiriese dimensie” waardeur kommentaar gelewer word op “wit waardes.” Die skrywer is egter krities teen die feit dat net een van die drie ingeslote “Small”-gedigte in Kaaps-Afrikaans is, terwyl die digter se “belangrikste letterkundige bydrae juis in dié variant geskryf is”. Esterhuyse meen voorts dat Small groter erkenning in die bloemlesing moes geniet het, aangesien sy poësie “gestalte gee aan die frustrasies van die gekleurde komponent van die Afrikaanse spraakgemeenskap in 'n variant wat deur 'n beduidende persentasie sprekers gepraat word” (p. 59).
3. “Apartheidsensuur van voorgeskrewe boeke”. Rondom hierdie aspek verklaar Esterhuyse onomwonde dat die “kop-in-die-gat-houding” teenoor “sosiaal-kritiese letterkunde [...] die rol van die skrywer as *gewete van sy volk* ontken (het)” (p. 67) (my kursivering). Esterhuyse meen voorts dat “skrywersprofesieë deur diegene wat die skrif aan die muur geles het en dit vir die volk geïnterpreteer het” van die skoolkinders weerhou is. Ideologie het dan bepaal dat bv. die miteskeppende werk van F.A. Venter rondom die Groot Trek en daarna (“alles viervoet binne die Christelik-Nasionale apartheidsparadigma” – p. 67) eerder voorgeskryf is as “ontmitologiserende dramas van D. J. Opperman, of die eerlike gewetenskaplike prosawerke van Elsa Joubert.” Esterhuyse wys ook op die

belangrikheid binne die apartheidsparadigma van die voorliefde vir Venter se *Swart Pelgrim* (1958) as voorgeskrewe teks. Dié miteskeppende verhaal van 'n swart man wat probeer om hom in die stad te handhaaf, maar na vele ontnugteringe terugkeer na sy “landelike paradys” is volgens Esterhuyse (p.86) “'n subtiele (onbewustelike?) ondersteuning van die destydse politieke ideologie” in so 'n mate dat dit amper iets “Freudiaans” vertoon “in dié sin dat die skrywer aan die Verwoerdiaanse droom poëtiese gestalte gee, terwyl die voorskrywers in die roman literêre gerusstellende bevestiging vind vir hulle gehuldigde politieke oortuiging.” Hierteenoor is na die oordeel van die skrywer die “uitnemende roman” van Van Melle, *Bart Nel*, met die 1914-rebellie as agtergrond, eers sewe-entertig jaar na publikasie in 1942 vir die eerste keer voorgeskryf, omdat die gegewe van “'n twis tussen Afrikaners as ongewenste voorgeskrewe materiaal geag is.” (p. 87). Laastens wys Esterhuyse ook op die feit dat N.P. van Wyk Louw se drama *Die pluimsaad waai ver* (1972) wat as opdragwerk vir die eerste Republiekviering in 1966 geskryf is, sewentien jaar later eers in Kaapland voorgeskryf is, omdat die drama as problematies gesien is vanweë die ideologiese verskille tussen Louw en Verwoerd wat daardeur op die spits gedryf is.

4. Die kwessie van “rigiede taalhandboeke”, wat volgens die skrywers Postman en Weingartner (1971) kenmerkend is van totalitêre nasies. Dieselfde twee skrywers maak die enigsins siniese opmerking oor die verband tussen die politieke bestel van 'n land en die skoolleerplanne:

Politicians ... depend heavily on the continued irrelevance of most school curricula (Postman en Weingartner 1971, aangehaal deur Esterhuyse 1986:89).

Wat betref uitspraak en taalvariante in die taal, wys Esterhuyse daarop dat sosiolinguïste dit eens is dat die terme *standaardtaal* en *standaarduitspraak* nie dui op taalkwaliteite wat inherent superieur is nie, “maar eerder aandui waar die sosio-politieke en ekonomiese mag in die

spraakgemeenskap lê” (p. 92). Esterhuysen (p. 91-113) ontleed twee taalhandboeke vir eerstetaalsprekers in die senior fase (die ou standaard 9 en 10), naamlik *Ons Moedertaal* en *Afrikaans my taal* sosiolinguisties en wys onder meer op die volgende:

- (i) die feit dat Kaaps-Afrikaans as variant feitlik “onvermeld” bly;
- (ii) die stigmatisering van gekleurdes deur taalstereotipering: die “Jollie Hotnot” en sy “tipies geestige taal”;
- (iii) die metaforiese isolasie van gekleurde gemeenskappe (deur bv. na *kleurlinggeestigheid* en *kleurlingplatheid* te verwys);
- (iv) die gebrek aan erkenning vir die “beïnvloeding en verryking van die Afrikaanse gemeenskap deur die eeuelange intieme kontak tussen Maleise en Hollandse kulture” (p. 97);
- (v) Euro-sentriese ontstaansteorieë (sien 6.2. hierbo – AMJ);
- (vi) die gebruik van die term *Hottentots* as verwysing na die Khoi-tale, wat antropologies foutief en “onaanvaarbaar” is (p. 102);
- (vii) die toesegging van die Afrikaanse idiome aan “die volk” (by implikasie die wit, Afrikaner-“volk” – AMJ);
- (viii) idioomlyste wat binne die Bybel-boerparadigma val;
- (ix) die Afrikanersentriese seleksie van taalmateriaal vir illustratiewe doeleindes; en
- (x) blank eksklusiewe stelwerkonderwerpe (bv. “’n Gesprek tussen ’n hoteleienaar en ’n besoeker” – terwyl die handboeke verskyn het op ’n tydstip “toe haas alle hotels vir gekleurdes geslote was.”(p. 111)).

Esterhuysen se slotsom is, verstaanbaar genoeg, dat die twee taalhandboeke “’n *Weltanschauung* (verteenwoordig) wat volkome binne die apartheidspadigma sy ontstaan gehad het” (p. 121).

Die bostaande redelik omvattende opsomming van Esterhuyse se werk bewys oteenseglik die impak van miteskepping in die skoolleerplanne vir eerstetaalsprekers van Afrikaans in die apartheidjare.

Willemse (1991) verwys na die bevindings van Du Preez (1983) en Esterhuyse (1986) en wys daarop dat die sogenaamde “meestersimbole” volgens Du Preez gekonsolideer word tot onveranderlike feite, wat dan deel word van die gemeenskap se “kollektiewe bewussyn” op grond waarvan alle toekomstige oordele gevorm word. (Sien ook in hierdie verband die uiteensetting oor die ontstaan van mites in die kollektiewe onderbewuste van groepe soos uiteengesit in hoofstuk 2 – 2.4.)

Die onvermydelike “mitiese” kloof wat sodoende tot stand gekom het tussen wit en bruin Afrikaanssprekende leerlinge/studente word verwoord in die *Bulletin* van die Universiteit van Wes-Kaapland (1991) rondom die beoogde kursus in *Afrikaans as vreemde taal* (soos aangehaal deur De Villiers 1992:297):

UWC is playing a crucial role in removing the stigma attached to Afrikaans as a result of its association with racist Afrikaner nationalism. It remains to be seen how decisive a role educational initiatives can play in healing *the rifts in the Afrikaans speech community...* (my kursivering).

In bogenoemde aanhaling is die neerslag van albei die mites onder bespreking binne die opvoedkundige/onderwyssisteem waarneembaar: die mite van die “assosiasie” tussen Afrikaans en die Afrikaner, en die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal. Die onderwyssisteem het dus verder bygedra tot die “skeuring” (“rift”) tussen wit en bruin moedertaalsprekers binne die Afrikaanse spraakgemeenskap. Hierdie kloof is egter reeds voorheen geskep as gevolg van politieke diskriminasie soos afsonderlike kieserslyste vir blank en bruin (vergelyk hoofstuk 5 – 5.4.5).

6.4 Die Afrikaanse letterkunde

6.4.1 Inleiding

As ons nie in Afrikaans so 'n letterkunde kan skep dat ons vir elke mens, selfs die beste geeste wat by ons gebore sal word, sy diepste verlange kan bevredig nie, as ons hom nie iets kan gee wat hy in geen ander taal kan kry nie, dan moet ons in alle eerlikheid *ons stryd om die behoud van ons taal* staak... (Van Wyk Louw 1965:105 – eerste druk 1939) (my kursivering).

Die noue verband tussen stories en mites is aan die begin van hierdie proefskrif verwoord deur middel van die aanhaling van die bekende mitoloog, Joseph Campbell, wat beweer:

Myths are stories of our search through the ages for truth, for meaning, for significance... (in Flowers 1988:5) (my kursivering).

Dit volg dus dat daar waarskynlik met 'n redelike mate van sekerheid beweer kan word dat – met die uitsondering van die politieke sisteem (en sy ondersteuning deur byvoorbeeld die joernalistieke beriggewing in die betrokke tydperk) - die letterkunde dié sisteem is waarbinne die mees intensiewe miteskepping rondom Afrikaans, die Afrikaners – en die “Afrikaanse werklikheid”- plaasgevind het.

Soos reeds genoem, is dit 'n onbegonne taak om selfs te poog om binne die bestek van hierdie studie volledig verslag te lewer van die neerslag van die mites onder bespreking binne die Afrikaanse letterkunde van die afgelope ongeveer honderd jaar. Daar word dus eksemplaries na voorbeeldmateriaal uit die Afrikaanse letterkunde en die na proses van miteskepping enersyds en ont-/hermitologisering andersyds verwys.

In hoofstuk 4 is daar ter afsluiting van die bespreking rondom die mite van Afrikaans en die Afrikaners reeds kortliks verwys na die miteskeppende rol van die Afrikaanse letterkunde voor en na 1900 in die bevestiging van die Afrikanermite. Selfs die titel van Vernon February se bydrae in die nuutste

uitgawe van die gesaghebbende *Perspektief en profiel*, Deel 1 (1998) waarin hy na die heel vroegste tydperk van Afrikaanse “letterkunde” (tot ongeveer 1912) verwys, verwys metafories na die “klein begin” wat egter gelei het tot “aanhouwen.”

In sy inleiding wys February (1998:3) daarop dat die Afrikaanse taal tot ongeveer 1986 “gesien is as ’n belangrike instrument om die identiteit van mense wat tot die volk behoort, te bevestig.” Die gevolg was dat “sprekers wat gekonfronteer was met die volkseksklusiwiteit van die blanke sprekers van die Afrikaanse taal “negatief geword het en hulle eie taal “afgeskilder (het) as die taal van die onderdrukker.” Vanaf veral 1986 het die benadering tot die Afrikaanse taal en letterkunde egter “’n radikale verandering ondergaan”, en het mense wat volgens die “geldende definisie” nie tot die volk behoort het nie, begin praat van “bevryde Afrikaans”.

Die afleiding sou kon wees dat daar in die laaste twee dekades ook wat die interpretasie van die literatuurgeskiedenis betref ’n proses van hermitologisering plaasgevind het.

6.4.2 Die “Afrikanermities” en die letterkunde

Wat betref die bevestiging van Afrikanermities in die vroeë Afrikaanse letterkunde is daar reeds in hoofstuk 4 onder meer verwys na Jan F. E. Celliers se gedig oor die ontberings in die konsentrasiekampe, “Die kampsuster” asook sy bekende “Dis al”, wat vertel van die “balling gekom oor die oseaan” om net “’n graf in die gras” te vind. Daar is voorts verwys na C. Louis Leipoldt se miteskeppende gedigte, “Oom Gert vertel”, “In die konsentrasiekamp” en “Vrede-aand.” Totius (J.D. du Toit) weer herinner aan die onreg deur die magtige Brittanje teen die Boerevolk in “Vergewe en vergeet” met as onderskrif by die titel die mite-ondersteunende woorde van Deut. 4:9: “*Dat gij niet vergeet die dinge die uwe ogen gezien hebben.*”

Ander “volkse romantiek” (Roos 1998:23) wat oor die oorlog tussen die Boererepublieke en Brittanje gehandel het, was onder meer Lenie Boshoff-Liebenberg se oorlogsoutobiografie, *Moedersmart en kinderleed* (1921) en die “oorlogsfiksie” wat aangebied is as populêre avontuurromans, bv. J.H.H. de Waal se *Die tweede Grieta* (1912) en Gordon Tomlinson se *Deur die smeltkroes* (1917). Sommige van hierdie oorlogsfiksieverhale is egter ook literêr waardevol geag, bv. dié van Chris Euvrard (*Twee susters*) en Jochem van Bruggen (*Teleurgestel*) waarvoor hulle in 1914 en 1917 onderskeidelik die Hertzogprys ontvang het. Dit is van belang om in dié verband te verwys na Roos se aanhaling uit Schoonees (1927:105), nl. dat die oorlogsvertellings “nuttige propagandamiddele” was wat die Afrikaner se “nasionale selfbewussyn” aangewakker het (en dus mite-ondersteunend gewerk het – AMJ).

Wat betref die literêre geskiedskrywing verwys Roos na Kannemeyer (1978:146) se standpunt dat die outeurs binne hierdie genre doelbewus standpunt ingeneem het en dat met betrekking tot “die liriese besinging van die Afrikaner se heroïese verlede, ... die skeppende en verbeeldingryke skrywer telkens die geskiedkundige verdring...” Die bekendste naam in dié groep is Gustav Preller, wie se uitgawe van die *Dagboek van Louis Trichardt* “’n klassieke teks geword (het)” (Roos 1998:24).

Totius se *Trekkerswee* vertel die Afrikanergeskiedenis aan die Rand ná die Groot Trek. In sy inleiding verduidelik Totius kortliks die verloop van die “verse-reeks”: oom Gert, ’n trekker, gaan woon op die Rand saam met sy vrou en enigste dogter, Dina. Die goudvelde word ontdek, oom Gert se dogter en haar man, Willem, “beswyk” voor sekere verleidings waaraan hulle blootgestel word, die “Boer-Britse oorlog” volg en die Unie kom tot stand, met pynlike emosionele gevolge vir oom Gert en Dina. (“Dis die simpele storie waarop die hele gedig gebou is”, volgens Totius.) Die uitgewer/drukker (jaartal onbekend) noem in die inleiding dat die S.A. Akademie, “deur die vrygewigheid van Genl. Hertzog, in

staat gestel is om jaarliks 'n milde geldprys vir letterkundige werke uit te loof" en dat die prys vir 1915 "aan hierdie gedig" toegeken is. (Vgl. ook die verwysing in hoofstuk 4 – 4.9 na Fourie 1986, *Afrikaners in die Goudstad*.)

Daar is reeds verwys na die rol van C.J. Langehoven as "volkskrywer". Roos onderskryf die mening dat Langenhoven 'n "bekeerde" taalstryder is (hierdie "bekering" nie net ten opsigte van Engels nie, maar ook wat betref die rol van Nederlands – AMJ) en sien sy "onderhoudende verhale" as "ontmaskerings van 'n steeds invloedryke 'Engelse' sfeer." Sy wys egter ook op die betoog van Nolte (1990:163-186), naamlik dat Langenhoven wat hoofsaaklik "as volkskrywer en taalpropagandis gekategoriseer is", ook "komplekse, hoogs gesofistikeerde prosa kon skryf" (Roos 1998:26). Van Langenhoven kom ook die woorde van "Die stem van Suid-Afrika", wat lank die "volkslied" van die land was en steeds gedeeltelik by die nuwe nasionale lied geïnkorporeer is.

Die gedwonge verstedeling van die Afrikaner en die "armblankevraagstuk" vorm die tematiek van die bekendste prosawerke uit die periode tot 1930 (onder meer dié van Jochem van Bruggen), terwyl die plaasroman (waarvan C.M. van den Heever in 1927 die eerste van sy hele reeks geskryf het) nog tot in die laat veertigerjare "die plaaswêreld as geïdealiseerde milieu vanuit 'n romantiese, nostalgiese perspektief beskou" (Roos 1998:25). In hierdie verband kan verwys word na die uitspraak van Van Wyk Louw soos aangehaal in hoofstuk 4, waarvolgens 'n mens in die Afrikaanse plaasromans feitlik 'n idealisering van die Afrikaner-boerewortels kan aflees, waar die ploeg en die os onder andere simbole geword het van 'n verlore "Afrikaner-leefwyse" ná aan die grond:

Wanneer 'n groep se volksgevoel, miskien in 'n tydperk van bedreiging, vir die eerste keer bewus word, is daar altyd in die begin 'n neiging om die enger plaaslike kuns voort te bring. Die plante, diere, mense van die eie omgewing, wat vroeër so doodgewoon gelyk het, kry nou 'n nuwe betekenis (**wat ook verband hou met singewing** – AMJ) en word *met 'n nuwe liefde gesien, nie om hul eie ontwil nie, maar omdat hulle simbole van die volk-wees is. So het by ons die plaas, die plaasdiere, en –*

gereedskap, die boer self, sy gewoontes, ens., herinnerings aan 'n gelukkiger Afrikaanse bestaan vir die individu en vir die volk wakker gemaak, en dié dinge het simbole van die Afrikaanse verlede en strewe geword (1986:15,16 – oorspronklik in *Berigte te velde*, 1939) (my kursivering).

Soos genoem in die afdeling hierbo oor die neerslag van mites in die skoolleerplanne, is “Afrikaner”-volkshelde soos o.a. “Oom Paul” (Toon van den Heever) en genl. De Wet en Jopie Fourie (Celliers) in die poësie in herinnering geroep. Die Gideon Scheepers-legende is deur D.J. Opperman in “Gebed om die gebeente” omgedig.

Hierteenoor word in W.E.G. Louw se bundel *Terugtog* (1940) 'n mate van ontugtering uitgespreek met die “afvallige volk” wat na verstedeliking materialisties ingestel raak en “nie getrou bly aan sy vryheidsideale en sedes nie en daarom bedreig word deur die wraak van God” (Ohlhoff 1999:87). Ohlhoff wys ook daarop dat daar “onder meer met Ou-Testamentiese beelde gewerk word.” (Vergelyk in dié verband die uitspraak van Snyman (1995:30) soos aangehaal in hoofstuk 4, waarin hy verwys na die waarneming van die Engelse skrywer, Lawrence Green, dat daar interessante ooreenkomste tussen Israel en die Boere bestaan – “n gevolgtrekking waartoe hy na jare se studie van die Boerevolk gekom het, naamlik (a) dat mens nêrens buite Palestina soveel plekke en dorpe met Bybelname kry as in Suid-Afrika nie en (b) dat die Afrikaner, meer as enige ander volk ter wêreld, oor die gawe van profesie beskik.”)

N.P. van Wyk Louw se versdrama, *Die dieper reg* (1942), het die gegewens van die Groot Trek as agtergrond, maar werk met 'n interpretasie en “oordeel” oor dié miteskeppende gebeure en die “voortbestaansreg” van die Voortrekkers – en dus van die Afrikanervolk. Die volgende woorde wat die koor onder meer die uitspreek het self tot in die eie tyd mitiese impak en word dikwels aangehaal:

*O wye en droewe land, alleen
onder die groot suidersterre.
Sal nooit 'n hoë blydschap kom*

deur jou stil droefenis?

Die finale “oordeel” oor die Voortrekkers word uitgespreek deur die “Stem van die Geregtigheid” en lui soos volg:

Gaan heen en weet dat julle reg
en daad voor God kan staan
omdat dit krag en eenvoud was

En:

*Hul sal nie sterf, hul lewe het
in daardie land so ingetrek
en ingeweek dat hul sal bly
so lank sy kranse bo die see
se lang skuimkringe uit sal staan,
afsonderlik en trots en vry!
(my kursivering)*

Daar kan met redelike stelligheid beweer word dat poësie soos dié grootliks bygedra het tot miteskepping/mite-ondersteuning by die Afrikaners van 1942 – maar ook in die dekades daarna.

In 1957 word G.A. Watermeyer se digbundel *Die republiek van duisend jaar* privaat gepubliseer. Miteskepping rondom die Afrikaner en sy apartheidspolitiek en die drang om as aparte wit volk voort te bestaan, is in hierdie bundel so eksplisiet verwoord dat Olivier (1999:761) meen dat “verskillende fasette van die Afrikanerstryd en sy bestaan as ’n eietydse *verbondsvolk*, *’n nuwe Israel*, (daarin) gestalte kry” (my kursivering).

Die volgende strofes is ondubbelsinnig miteskeppend rondom die Afrikanervolk/Boerevolk en sy geskiedenis, wit dominansie/”suiwerheid” en die apartheidsideologie:

Klein Boervolk in dié breë land
wat hier geloftesterk jou stand
teen stede van die wêreld staan,

jy sal nie buk of ondergaan;
veel smart, veel sterwe en verdriet
het jou geroepenheid graniet
tot Ararat van Afrika,
Arkvesting wat Sy Volksdroom dra.

Klein Witvolk in dié woeste land
wat teen die nagswart Noorde wand;
ras wat met tentwaens van geloof
die kontinent se donker kloof;
ras wat die blanke erfenis
se laaste suiwer vesting is:
jy anker met jou Bloedrivier
die wortels van die Weste hier.
(1957:5)

en:

Bly blank, my volk, bly blank in gees,
laat helderheid jou hartslag wees,

jou hooggebed by Bloedrivier
gee jou geloofsgestalte hier...
(1957:73).

Olivier se oordeel oor die bundel is dat dit “’n verdoemende dokument (is) oor die denke wat ná 1950 die Afrikanerpolitiek oorheers het” (1999:761). Myns insiens kan Watermeyer se digkuns egter geensins geskei word van die mites wat oor baie jare (en veral sedert die Anglo-Boereoorlog) deur die miteskeppers onder die Afrikaners aan hulle nageslag en volksgenote oorgedra is nie (sien weer hoofstuk 4) en kan daar in dié geval weer eens verwys word na Giliomee se aanhaling in die inleiding tot sy boek, *The Afrikaners* (2003:xiii): “To understand is not necessarily to pardon, but there is no harm in trying to understand.”

Henriette Grové, wie se bydrae tot die Afrikaanse literatuur oor meer as veertig jaar strek en verskillende genres en style asook twee Hertzogprys-bekronings insluit (Du Plooy 1998:475), skryf onder meer ’n geleentheidstuk, *Toe hulle die Vierkleur op Rooigrond gehys het*, vir die Taalfeesjaar in 1975 (vgl. die mite rondom die “begin van die storie van Afrikaans in 1875” in hoofstuk 4). Die

drama, waarvoor die Perskorprys in 1976 toegeken is, handel oor “’n greep uit die lewe van die vroeë taalstryder en politieke figuur, S.J. du Toit.” (Du Plooy 1998:476). Die 1983-novelle, *Die kêrel van die Pêrel of Anatomie van ’n leuenaar*, (waarvoor die Hertzogprys in 1984 toegeken word), is nie spesifiek teen die Afrikanermities in geskryf nie, maar is wel “gebou rondom die spanning tussen waarheid en leuen” (Du Plooy 1998:481):

Uiteindelik beseft sy (die hoofkarakter, Elwiena – AMJ) dan dat ’n mens dit nodig het om soms agter “leuens” te skuil, om skuiling te soek teen die onherbergsame werklikheid in woorde en drome wat regtig net leuens is, maar inderdaad *lewensnoodsaaklike leuens* (my kursivering).

In ’n sekere sin kan mites ook getipeer word as “lewensnoodsaaklik” vir die mens wat “eerder (kan) sterf van honger” maar wat nie “sonder sy mite” (Leroux in Kannemeyer 1980:12) kan klaarkom nie.

Daar kan wat die Afrikanermities onder bespreking betref, laastens verwys word na enkele romans van F.A. Venter:

- *Swart Pelgrim* (1952), waarvoor Venter die Hertzogprys ontvang het, vertel van ’n Xhosa wat van sy Transkeise tuisland stad toe gaan om geld te verdien en sy broer te soek wat die “prooi van die bose stad geword het” (Prins, 1999:724). Esterhuysen (1986:86) meen dat die morele les in dié roman onmiskenbaar is: “die swartman kan homself nie handhaaf in ’n Westerse stedelike omgewing nie; daarom is die wit tuislandbeleid ’n logiese, simpatieke oplossing vir sy dilemma.” Die roman ondersteun dus die mite van “wit dominansie” en kan volgens Esterhuysen beskou word as “weinig meer as ’n literêr ingeklede propagandastuk.” (1999:86).
- Die geskiedenis van die Groot Trek word deur Venter weergegee in “’n breed opgesette tetralogie” (Prins, 1999:725), waarvan die eerste, *Geknelde land* in 1960 verskyn en die laaste, *Bedoelde land*, in 1968. Prins is van mening dat die reeks afgestem is op die “volk” en dat dit geskryf is om die leser te boei en te bevredig. In die lig van hierdie

uitspraak sou die afleiding gemaak kon word dat die “Groot Trek”-tetralogie deur baie Afrikaanssprekendes gelees is (Esterhuysen wys ook daarop dat die afsonderlike romans in die sestiger- en sewentigjare dikwels voorgeskryf is vir senior Afrikaansleerlinge in wit en bruin skole) en hulle deel bygedra het tot die bevestiging van die Afrikaner-mites.

N.P. van Wyk Louw haal in *Lojale verzet* (1939, heruitgegee in 1965) uit *Katrina* van P.W.S. Schumann ’n stukkie dialoog tussen ’n ma en haar seun aan:

JOHANNES: Maar wil Ma dan hê hulle moet ons soos Kaffers behandel?
TANT ALIE: Ek weet nie hoe hulle hul Kaffers behandel nie.

Van Wyk Louw se slotsom hieroor is: “...elke frase teken nie net ’n lewe nie, maar ’n *hele lewensbeskouing*” (1965:83) (my kursivering).

Dit sou myns insiens ook ’n goeie samevatting van die bostaande bespreking oor die neerslag van die Afrikanermite in die Afrikaanse letterkunde van voor 1900 tot ongeveer 1968 wees, indien die slotsom soos volg geformuleer word: in elkeen van die gedigte, (vers)dramas en prosawerke wat genoem is, word ’n *hele lewensbeskouing* aan die orde gestel. **(En is ’n lewensbeskouing nie maar die uitvloeisel van die soeke na sin nie? – AMJ.)**

6.4.3 Die “verdrukkingsmite” en “protes-/bevrydingsmite” en die gepaardgaande “ont-/hermitologisering van die Afrikanermite” in die Afrikaanse letterkunde

In hoofstuk 5 is daarop gewys dat die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal ’n lang aanloop gehad het in die koloniale geskiedenis van die land en die persepsies rondom “die ander” by die onderskeie rassegroepe.

Ohlhoff (1999:96) verwys rondom Van Wyk Louw se “Raka” na Raka as “die ander” wat buite die kraal rondsluip en die stam se (kulturele) voortbestaan

bedreig. In hierdie verband haal Ohlhoff die verduideliking van hierdie begrip (“die ander”) deur Hawthorn (1994:141) aan:

To characterize a person, group, or institution as ‘other’ is to place them outside the system of normality or convention to which one belongs oneself. Such processes of exclusion by categorization are thus central to certain ideological mechanisms... If members of a given racial group are collectively seen as other, then how they are treated is irrelevant to what humanity demands – because they are other and not human.

Daar is ook in hoofstuk 5 talle voorbeelde van bogenoemde standpunt uitgewys (waarvan onder meer die narratiewe voor die WVK, soos deur Antjie Krog oorvertel, sprekende bewys lewer). Uiteraard het hierdie sienings ook in die Afrikaanse letterkunde neerslag gevind en op hulle beurt weer gelei tot die neerslag van die “verdrukkingsmites” binne dieselfde letterkundige sisteem.

February (1998:15) wys daarop dat “gekleurde Afrikaanssprekers” reeds in die laaste twee dekades van die negentiende eeu (ná die oprigting van die GRA-koerant en die publikasie van die eerste “versies”) “gereeld benut (is) as komiese spreekbuis in gediggies.” February se afleiding is dat die lede van die inheemse bevolking vir Du Toit en sy genote eerder “homo ludens” as “homo sapiens” verteenwoordig het.

Die eerste werklike bewys van stereotipering rondom “anderskleurige” Afrikaanssprekendes, word gevind in J. Lion Cachet (1838-1912) se gedig, “Die Afrikaanse Taal” waarna reeds verwys is in hoofstuk 4 rondom die Afrikanermite. Hiervolgens is die taal “’n arme Boerenôï”, wie se “edel bloed” en “hoog geslag” te danke is aan haar Hollandse pa en haar liewe, mooie Franse ma. Ander mense ervaar die taal egter nog nie as “edel” nie en “skel (haar) uit vir *Hotnotsmeid*” – ’n onteenseglike verwysing na die feit dat anderskleuriges (Koi en slawe) begin het om hulle variant van Hollands/ Afrikaans te praat en dat die taal daarom met hierdie “mense van laer stand” geassosieer is. As daar in gedagte gehou word dat bruin mense sedert die tyd van Lion Cachet en nog tot

in die eie tyd meestal moedertaalsprekers van Afrikaans was/is, kan 'n mens jou afvra wat hulle persepsie sou wees van hulle eie moedertaal se negatiewe koppeling in die gedig met 'n sogenaamde “hotnotsmeid”. (Die taalvariëteite van (hoofsaaklik) bruin sprekers, naamlik Kaapse Afrikaans en Griekwa-Afrikaans, word steeds deur baie mense as minderwaardig gesien – as 't ware nog steeds die taal van die “hotnotsmeid” – AMJ.)

Dit is nie verbasend nie dat February beweer:

Die basis van die gespletenheid ten opsigte van die sprekers van Afrikaans wat later taksonomies as Kleurlinge aangedui sou word, lê opgesluit in die eerste literêre tekste van Afrikaans (1998:19).

Soos uiteengesit in 4.4.2 hierbo was dit veral die Afrikanermities wat in die eerste dekades van die twintigste eeu hulle neerslag in die Afrikaanse letterkunde gevind het. Die “ander stemme” is nog beswaarlik in hierdie tyd gehoor.

Willemse (1999b) skets die situasie op sy jeugdorp in die Kaapkolonie, waar daar in die dekades na 1948 ook “aparte biblioteke” was. Die biblioteek vir sy mense was gewild: daar het mens geesgenote ontmoet, terwyl daar hoofsaaklik *Afrikaanse boeke* uitgeneem is. Enkele mense het “na Engels geaspireer” en daarom na BBC geluister “om hul elokusie reg te kry”, maar die “oorgrote meerderheid het net nodig gehad om te luister na die ryk Bolandse Afrikaanse aksente om te weet wat hulle taal is.”

Nie sonder ironie nie skets Willemse die inhoud van hierdie “gewilde Afrikaanse letterkunde”: daar was “wasbleek vroue en donker, maar nie té donker, net effens getênde mans.” Hulle eie groep het net voorgekom in die boeke wanneer hulle rydiere koudgelei het of ander plaaswerk verrig het en die baas hulle “so nou en dan met vuis en sambok onder bedwang (ge)bring (het).”

Willemse se afleiding is verstaanbaar:

Die Afrikaanse letterkunde was 'n letterkunde van vervreemding... Hulle moes saamleef met die kontradiksie dat hulle in die letterkunde, wat in hulle taal geskryf is, bywoners is.

Roos (1998:42) verwys na die standpunt van Coetzee (1990:19) wat met betrekking tot die literêre tendense van die dertiger- en veertigjare opmerk dat “gekleurde en swart mense feitlik altyd uitgebeeld is binne kategoriserende milieus (op die plaas of in die veld), leefomstandighede (binne primitiewe stamverband of as swerwers of plaaswerkers) en kultuur (wat barbaars, komieklik of folkloristies interessant is).” Die afleiding is dat die “verbete rassekonflik nie literêr gereflekteer is nie.” Wat wel gebeur het, is dat die wit man uitgebeeld is “asof vanselfsprekend in durende voogdyskap oor *minderwaardige mense*.”

Volgens Willemsse kan die eksklusiwiteit van die Afrikaanse letterkunde geïllustreer word deur die wyse waarop die “formele toetrede” tot dié letterkunde van bruin skrywers soos S.V. Petersen, P.J. Philander, Arthur Fula en Adam Small verloop:

Ironies genoeg word hierdie skrywers aanvanklik hartlik verwelkom, as uitsonderlik voorgestel en onmiddellik gestereotipeer om later subtiel in 'n aparte ghetto op die rand uitgestoot te word.

Na die rol en impak van Adam Small in die Afrikaanse letterkunde is reeds in hoofstuk 5 rondom “bruin” mites verwys. Olivier (1999:565) verklaar onomwonde:

In Small se werk word die maatskaplike en politieke posisie van die sogenaamde bruin Kaapse mense (die Kleurling, soos hulle polities geklassifiseer was) toegelig. Alhoewel hierdie aspek van die Suid-Afrikaanse samelewing reeds verwoord is deur veral S.V. Petersen, P.J. Philander en ook Peter Blum, word dit nêrens so volgehou en op satiriese wyse uitgewys as in die werk van Small nie.

Small se eerste twee bundels, *Verse van liefde* (1957) en *Klein simbool* (1958) raak reeds temas rondom die politieke werklikhede van die land op daardie

stadium aan, en veral die laaste stuk dui op 'n "betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse aktualiteit" (Olivier 1999:567). Die slot van hierdie bundel word later woordeliks teruggevind in Small se politieke opstelle, *Die eerste steen?*(1961). Die bekende Bybelgedeelte van 1 Korinthiërs 13 word hierin soos volg herskryf:

Toe ek 'n kind was het ek gehaat soos 'n kind, maar nou dat ek 'n man is
het ek lief soos 'n kind.

As daar nou swart en bruin en wit bly, is die grootste hiervan vir my die
liefde.

Ironies genoeg is die genoemde politieke opstelle opgedra aan "my mense, *die Afrikaners*" (my kursivering). Olivier meen dat *Die eerste steen?* "n aangrypende formulering (is) van die grootste tragedie van die Afrikanervolk..." (p. 568).

Vanaf sy 1961-digbundel, *Kitaar my kruis*, begin Small om in Kaapse Afrikaans te dig. Olivier meen dat die rede vir hierdie oorskakeling na Kaaps is dat "hierdie poësie strydpoësie wil wees" en dat dit wil praat "met en deur die stem van die onderdrukte Suid-Afrika wat in hierdie bundel op soek is na 'n leier om hulle uit die 'wildernis' te lei."

Daar is ook reeds in hoofstuk 5 verwys na die groot impak van Small se "merkwaardige debuutdrama" (Olivier 1999:573), *Kanna hy kô huistoe*, en sy satiriese "nuwe verse" ná 1994, opgeneem in Willemse e.a. (1997). Die neerslag en "durendheid" van die mites is myns insiens onteenseglik verwoord in die volgende strofes:

Oe die dinge hang innie lug
Soes 'ie gieste van Paulus
kos hulle's memories
en so, at will
ko' hulle, met vlerke wat wapper of stil-stil
soes aasvoëls...
[...]
die memories...

En alles
- *die essentials vannie dinge Here - is niks*

*ma' niks oek minder
as 'n storie...*

(my kursiverings)

'n Digter wat beskou word as die wegbereider vir die poësie van die Sestigters en hulle opvolgers (Odendaal 1998:251), Peter Blum, en wat as “vreemdeling” van Suidoos-Europese herkoms krities gestaan het teen “die Suid-Afrikaanse en Afrikaanse leefwêreld” was een van die vroeë stemme in die proses van ontmitologisering van die Afrikanermites. In sy gedig, “Oor monnemente gepraat”, in die bundel *Steenbok tot poolsee* (1955) stel hy 'n “Kaapse kjend” aan die woord om kommentaar die lewer oor sy belewenis van die “Afrikaner-heiligdom vir alle tye” (sien in hoofstuk 4 - 4.7.5 - die berig rondom die hoeksteenlegging by die Voortrekkermonument). Die spreker verwoord sy teleurstelling oor die betrokke monument soos volg:

Wat spog jul so met julle monnement?
Hy's groot ma' lielak, en hy staan so kaal
da' op sy koppie. Wie't vir hom betaal –
al daai graniet en marmer en sement?

O ja, hy's groter as 'n sirkudent –
ma' waa's die pêd, die mooi nooi innie saal?
die lekka *clowns*, die leeus in hul kraal?
Nei, daa's g'n spôts nie vir jou Kaapse kjend!

Odendaal (1998:255) redeneer oortuigend dat die ontluistering “minder onskuldig” is as wat op die oog af blyk, en dat die “verskuilde” stem van die digter duidelik waarneembaar is. Dit is onder meer opvallend dat die “hoogs gekultiveerde, tradisionele sonnetvorm aangewend word deur 'n spreker wat van die bestaan van so 'n digvorm waarkynlik onbewus is.” Odendaal meen dat die gedig gelees kan word as “'n satirisering van 'standaardtaal' én van die gekunstelde sonnetvorm én van alle uiterlike vormlikheid *überhaupt*.” Binne die diskoers van hierdie studie sou 'n mens waarskynlik ook 'n saak daarvoor kon uitmaak dat Blum se gedig (en ander gedigte van dieselfde digter) nie alleen die

digterlike vorm en die standaardtaal wil ontluister nie, maar ook die onderliggende mites.

Willemse (1999(b)) wys daarop dat die Afrikaanse letterkunde mettertyd sy eie “teenpool” ingebou het (teen wat hy noem “die verlamende uitwerking van Afrikaner-nasionalisme”). Een van die eerste skrywers wat as ’t ware vanuit Afrikanergeledere “teen” die Afrikanermities in skryf, is Jan Rabie. Willemse praat van Rabie se “grensverskuiwende werk” wat begin met die “stotterende roman, *Ons, die afgod*, en voortgesit word met die *Bolandia*-reeks. Hiervolgens is dit duidelik dat daar in skrywerskring “kosbare wroeginge aan die gang was.”

Daar is reeds verwys na miteskepping rondom Ingrid Jonker, onder meer deurdat president Mandela op 24 Mei 1994 in sy eerste toespraak in die nuwe parlement verwys het na haar gedig, “Die kind wat doodgeskiet is by Nyanga”, wat sy ná die Sharpeville-gebeure (vergelyk hoofstuk 5 – 5.5.3) geskryf het. Die universele en “mitiese” swart kind spreek onteenseglik uit bykans elke frase van die gedig:

Die kind is nie dood nie
die kind *lig sy vuiste* teen sy moeder
wat Afrika skreeu skreeu die geur
van vryheid en heide
in die lokasies van die omsingelde hart

Die kind lig sy vuiste teen sy vader
in die *optog van die generasies*
wat Afrika skreeu skreeu die geur
van geregtigheid en bloed
in die strate van sy gewapende trots

Die kind is nie dood nie
nóg by Langa nóg by Nyanga
nóg by Orlando nóg by Sharpeville
nóg by die polisiestatie in Philippi
waar hy lê met ’n koeël deur sy kop

Die kind is die skaduwee van die soldate
op wag met gewere en sarasene en knuppels
die kind is *teenwoordig by alle vergadering en wetgewings*

die kind loer deur die vensters van huise en in die harte
van moeders
die kind wat net wou speel in die son by Nyanga *is orals*
die kind wat 'n man geword het *trek deur die ganse Afrika*
die kind *wat 'n reus geword het* reis deur die hele wêreld

Sonder 'n pas
(my kursivering)

Veral die gekursiveerde frases is onteenseglik miteskeppend. Die kind:

- “lig sy vuiste”;
- loop in 'n “optog van die generasies”;
- is paradoksaal “nie dood nie”, hoewel hy by die polisiestatie in Philippi lê “met 'n koeël deur sy kop”;
- is “teenwoordig by alle vergaderings en wetgewings”;
- “trek deur die ganse Afrika”;
- het “'n reus geword”; en
- reis “sonder 'n pas” (in teenstelling met die “paswet” van die apartheidsregering – AMJ).

Dit is in die lig van miteskepping soos dié in bostaande gedig, dat Mandela onder meer in sy toespraak in 1994 kon beweer:

The certainties that come with age tell me that among these (mense op wie Suid-Afrika met reg trots kan wees – AMJ) we shall find an Afrikaner woman who transcended a particular experience and became a South African, an African and a citizen of the world. Her name was Ingrid Jonker. She was both a poet and a South African. She was both an Afrikaner and an African. She was both an artist and a human being (aangehaal deur Ohlhoff, 1999:218).

Soos voorheen genoem, het hierdie uitspraak op so 'n geskiedkundig belangrike oomblik in die Suid-Afrikaanse werklikheid self weer hernude miteskepping rondom die digteres in die hand gewerk. Dit is terloops ook interessant dat die “retoriek van miteskepping” waarop in hoofstuk 4 rondom die Afrikanermities gewys is, ook hier geld, deurdat die frase “she was both ... and” drie maal

herhaal word, waardeur die impak van Jonker se “inklusiewe menswees” beklemtoon word.

Volgens Willemse is die proses van ontluistering veral opvallend in die “volksvreemde” poësie van Breyten Breytenbach, en in die romans van Etienne Leroux, André P. Brink en later Elsa Joubert.

Etienne Leroux is by uitstek die Afrikaanse skrywer wie se werk in die raamwerk van hierdie diskoers geplaas kan word. Malan (1982:19 en verder, aangehaal deur Botha, 1998:587) praat van die “mitiese en mitologiese verwysingsraamwerk” van die Leroux-oeuvre. (Dié onderskeiding tussen mitiese en mitologiese is opvallend en onderskryf dieselfde onderskeiding wat in hoofstuk 2 van hierdie proefskrif uiteengesit is – vgl. 2.3.1 teenoor 2.3.2.)

Die toekenning van die Hertzogprys (1964) aan Leroux vir sy vierdie roman, *Sewe dae by die Silbersteins* (1962) het ’n “enorme kritiese belangstelling” (Botha 1998:587) en polemieë ontlok. Botha wys daarop dat die teenstanders van die bekroning die roman as “immoreel” en sedebederwend gesien het, en van mening was dat die roman die “(Afrikaanse) gemeenskap [...] (sou) aanstoot gee deur openhartig, lughartig en met geïmpliseerde goedkeuring allerlei sosiale en seksuele vergrype te beskryf.” Hierteenoor wys Grové (aangehaal deur Snyman, 1990:24) daarop dat *Sewe dae* aansluit by ’n ouer tradisie, nl. dié van Jan Lion Cachet in *Die sewe duiwels*:

Albei boeke hekel sondes in die maatskappy, maar Leroux se duiwels verskyn net in gekompliseerder, ander gedaantes, dra ander maskers.

Botha wys daarop dat Leroux meermale met parodie werk. Die parodiëring is enersyds ’n “disseksie” van literêre vorme en konvensies, maar andersyds ook van “lewensbeskouings, gebruike, oortuigings, sodat die aard en samestelling van hierdie inhoude opnuut beoordeel kan word, getoets kan word vir hul bruikbaarheid en geldigheid” (Botha 1998:589). Dit is in hierdie opsig dat Leroux

se oeuvre as “moralisties-didakties” gesien kan word – ook wat betref sy kommentaar op die Afrikaanse werklikheid (en Afrikaner-mites) van sy tyd. Veral in *Magersfontein, o Magersfontein!* (1976) (waarvoor die Hertzogprys vir prosa in 1979 ’n tweede maal aan Leroux toegeken is) word “mites uit die Afrikanergeskiedenis as verwysingsveld en terrein van ondersoek opgestel” (Botha 1998:599) en gesatiriseer. Daar kan dus ook van Leroux beweer word dat hy tot ’n mate *teen* die Afrikanermities in geskryf het, maar met as doel voor oë “die soektog na die hart van ’n samelewing.” (Botha 1998:599).

Brink se oeuvre staan by uitstek in die teken van die ontrinitologisering van die Afrikanermities en daarmee saam as ’t ware die ondersteuning van die “verdrukkingsmite”. As voorbeeld word enkele uitsprake uit *Kennis van die aand* (1973) hierna aangehaal. (Let wel: alle kursiverings is my eie ter wille van beklemtoning.)

... die enigste immoraliteit wat hulle gemeenskap ken: dat *’n wit meisie en ’n bruin man* saam durf slaap...”

Dink aan jou pa en sy mense. Ek is niks, ek is ’n weeskind. Maar hý – hy’t ’n geskiedenis *nes enige witman*.

Dit kan wees dat my ma, of haar voorgangers, groot gedeeltes van die oorlewering verdraai of uit die verbeelding aangevul het. Maak dit saak? Ek het die vrywillig aanvaar soos dit aan my oorgelewer is, en *’n mitiese moontlikheid kan waarder wees as feite*.

“Dink jy nie ek veg ook *vir* iets nie?”

“Dit bly so vaag, Josef. *Wáárvoor?*”

“Vir iets wat so eenvoudig is dat dit belaglik klink. Ek veg vir die elementêre reg *om erken te word as ’n mens. Net dat iemand sal aanvaar dat ek ook voel en dink en ly en glo soos ’n mens...*”

Lindenberg (1998:315) wys wel op “verrassende swakhede” in Brink se werk ten spyte van “besondere blyke van begaafdheid en veelsydigheid”, maar oordeel uiteindelik **dat Brink vir hom “’n besondere plek ingeslaan (het) met sy eksplorasiedrif, sy vitaliteit en sy volgehoue poging tot besinning” (my kursivering)**.

Daar sou nog baie meer aanhalings uit Brink se werk gemaak kon word om dieselfde standpunte te staaf, naamlik dat Brink se tekste die leser uitdaag om “die Suid-Afrikaanse *status quo*” (van die sestigerjare en later) te bevraagteken (Malan 1983:6; Johl 1986:19, soos aangehaal deur Beukes, 1998:316). Die bostaande voorbeelde behoort egter myns insiens voldoende te wees vir die doel van hierdie diskoers. Daar kan sonder vrees vir teenspraak beweer word dat Brink doelbewus teen die Afrikanermities in geskryf het en bygedra het tot die opbou van die mite van verdrukking. Die feit dat Brink in Afrikaans skryf (alhoewel hy ook beskou word as die “mees vertaalde en mees internasionale (Afrikaanse- AMJ) skrywer” (Senekal in *Rapport*, 20-11-88, aangehaal deur Beukes, 1998:316) beteken egter ook dat **Brink terselfdertyd help bou aan die mite van Afrikaans as die taal van bevryding.**

Wat die werk van Elsa Joubert betref, is daar reeds in hoofstuk 5 verwys na miteskepping rondom *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978). Steenberg (1998:531) stel dit soos volg:

Weens die ironie van Poppie se *liefde vir Afrikaans teen die agtergrond van die 1976-opstand teen Afrikaans in Soweto*, noem Steward van Wyk (1992:40) Poppie ’n anachronisme (my kursivering).

Ten spyte van Poppie se bykans “heroïese verdraagsaamheid” (Roos 1983:185 praat van die “heroïsme van verdraagsaamheid”) wat Poppie se lewe kenmerk (bv. “as die Here wil – p. 276), is die afloop van die gebeure ironies genoeg dat Poppie, “wat eintlik ’n soort almoeder word, haar lewensituasie op haar kinders moet oordra” (Steenberg 1998:531).

Steenberg praat van die “aktualiteitsgerigtheid” van Elsa Joubert se werk. Daar kan nie binne die bestek van hierdie studie aandag gegee word aan die volledige impak van Joubert se oeuvre en die neerslag van die mites rondom Afrikaans wat duidelik daarin waargeneem kan word nie. Daar word dus net nog kortliks

na haar 1995-roman, *Die reise van Isobelle*, verwys, onder meer omdat Botha (*Beeld*, 30-11-1995) daarna verwys as 'n "vreeslose ondersoek van Afrikanerskap." In hierdie opsig pas die boek ook in as deel van die Afrikanermities (soos in 4.4.2 hierbo), hoewel daar duidelik ook 'n kritiese evaluering van dié mities in die loop van die grootse werk voorkom. Wat betref mitieskepping in die algemeen is die volgende uitspraak van Leonora rondom "die onsekerheid oor die werklikheid" (Steenberg 1998:536) baie relevant:

Hoe juis kan ons enigiets voorstel? Selfs dit wat met onself gebeur? Kan ons die harte van die, wat naaste aan ons is, ooit peil? Ons kan maar net versin. En aan ons versinsels glo" (28).

Die Reise begin in ongeveer 1893 met die ontmoeting tussen Emma Anderson en die proponent Josias van Velde in Worcester en hulle latere huwelik. Irma is die "Noordelike pendant van Emma van Velde". Irma se lewe word "ingrypend versteur deur die afwesigheid van haar man wat gaan veg, asook haar liefdesverhouding met en swangerskap by 'n Franse diplomaat" (Steenberg 1998:536). Irma se dogter, Agnes Valeria, se herkoms is dus enigins "onseker".

In Deel I word veral die lotgevalle van vroue in die Victoriaanse (Kaapse) gemeenskap voorgestel teen die agtergrond van "die Engelse koloniseringsoorlog van 1899 tot 1920 en gepaardgaande verengelsingstendens; die diversifiëring van Afrikanerskap tussen Suid en Noord en die kerk se ywer vir buitelandse sending" (Steenberg 1998:536). In die volgende twee dele word Belle, Agnes se dogter (en Irma se kleindogter), betrek by 'n hofsak rondom die "gehate Ontugwet" en hoor sy, as eggenote van 'n vryskutverslaggewer, "eerstehands van die lyke ná die Sharpeville-slagting" (Steenberg 1998: 537). Belle se dogter, Leo, is in die vierde deel op die voorgrond. Dit is die "era van "plakkershutte" en die "Casspirs by Crossroads". Volgens Steenberg is die verwysing na die inhuldiging van president Mandela "duidelik bedoel om die ketting van historiese gebeure waaraan die Van Velde-familie deel het, op 'n moment van hoop af te sluit" (Steenberg p. 537).

Steenberg meen dat *Die Reise* 'n plek verdien “onder die Afrikaanse romans wat die hantering van die geskiedenis van die Afrikaner as tema het.” Hy som die (miteskeppende – AMJ) elemente van die werk soos volg op (p. 537, 538):

(Elsa Joubert) gee [...] aan haar worsteling met die identiteitsvraag 'n nuwe dimensie, naamlik 'n volkse selfs politieke dimensie... Die voorstelling van die historiese ontwikkeling van die Afrikaner gaan hier gepaard met vindingryke weergawes van die verskillende denkklimate waardeur hierdie karakters ontwikkel – vanaf die skynheiligheid en mannekultus van die koloniale Afrikanergemeenskap net voor die eeuwending en die Brits-Afrikaanse militêre konflik tot by die ‘volkseuforie’ (612) van die demokratiese Nuwe Suid-Afrika.”

Daar kan ook kortliks na die werk van Anna M. Louw (gebore 1913) verwys word. Haar prosawerk *Twenty days that autumn* (1963) handel oor die twintig dae net na Sharpeville en beweeg volgens Van der Merwe (1998:605) “op die grensgebied van literatuur en politieke verslaggewing, 'n gebied wat in die sewentigerjare verken word deur André P. Brink, John Miles, J.C. Steyn en Elsa Joubert.” In twee latere romans, nl. *Die banneling – Die lyfwag* (1964) en *Die groot gryse* (1968) is president Paul Kruger – die “heilige ou man” (Van der Merwe, p. 605) – die sentrale (en mitiese) figuur. Die temas van die twee “Kruger”-romans is dié van godsdienst en volksverbondenheid.

Anna M. Louw se roman, *Kroniek van Perdepoort* (1975), word beskou as die hoogtepunt van haar oeuvre. Volgens Van der Merwe (p. 606) maak “taalgebruik, karakterbeelding en lewensinsig dit 'n grootse roman.” Wat van belang is vir die mite onder bespreking is die ontluistering van die “idilliese boereplaas-opset” en die hoogmoed van die wit mense wat “met hul prag en praal [...] hulself verhewe (ag) bo die bruin mense”(p. 607). Die preek van die wit predikant herinner egter daaraan dat “hoogmoed voor 'n val kom.” Bykans profeties is die volgende verhaalgegewe, soos saamgevat deur Van der Merwe (1998:607,608):

Wanneer die kis van Koos Nek onverwags val, is dit 'n illustrasie van dié waarheid. Waar Koos se kis val, 'styg' Fielies (die seun van die blanke Kobus en sy bruin bediende, Mietjie – AMJ) s'n, want hy word begrawe op die grond van sy blanke vader Kobus, die grond waar hy tydens sy lewe nie kon woon nie. Die dood is dus die groot *gelykmaker*. Ook die minagting wat sommige van die bruin mense vir die Lotriets het (36) en die feit dat Kolie saam met die bruin mense is wanneer hulle begrafnis hou, herinner daaraan dat *die einde van die Lotriets se heersersposisie in sig is*" (my kursivering).

(Metafories gesproke sou daar beweer kon word dat "die einde van die 'Lotriets' (wit Afrikaners – AMJ) se heersersposisie" minder as twee dekades ná die verskyning van *Kroniek van Perdepoort* werklikheid geword het.)

Wat betref die "buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke" (Willemse, 1999(a):3-20) word die stelling deur die skrywer gemaak dat die aparte verwysing na "buite-kanonieke" skeppings "nog 'n keer die sentrum van die Afrikaanse letterkunde (definieer)." Willemse stel dit soos volg (1999(a):3):

Die begrip *kanon* soos die begrip *dominante kultuur*, staan in regstreekse verhouding tot sosiale beheer en die *mag tot kulturele produksie en reproduksie* (die laaste kursivering my eie).

Die siening van "*mag tot kulturele produksie en reproduksie*", dit wil sê die standpunt dat "mag" vereis word om kultuurprodukte te (re)produseer, is myns insiens tot 'n mate aanvegbaar. Geen mag op aarde kan immers kultuurskepping (kulturele produksie) totaal onderdruk nie. Die vroeë Afrikaanse skeppinge waarna reeds verwys is (sien February, 1998:3-20) het immers ontstaan binne 'n sosiale sfeer wat die "jong Afrikaners" geensins simpatiek gesind was nie, en waar die "dominante kulture" Engels (of selfs Nederlands) was. Die kultuurskeppinge het dus "teen" die sosiale beheer van die tyd in ontstaan. Daar moet egter toegegee word dat "kulturele reproduksie" (die "uitgee" van kultuurprodukte) meer problematies mag wees wanneer die sosiale beheer (en dus onder meer ook die ekonomiese middele) nie by die betrokke groep wat die produkte lewer, berus nie. Ook in hierdie opsig sou egter metafories verklaar kon word: Waar 'n wil is, is 'n weg. Dit was sekerlik nie die

sosiale beheerstrukture wat in die eerste vier dekades van die twintigste eeu die “Afrikaner”-letterkunde uitgegee het nie, maar “selfgestigte” uitgewershuise met “mitiese” name soos “Voortrekkerpers” en “Nasionale Pers.”

Willemse wys daarop dat die kanon nie stabiel is nie omdat dat daar “’n aantoonbare wisselwerking tussen kulturele (spesifiek: literêre) waardes en sosiale mag bestaan” (p. 3). Voorts word die kanon ook onderwerp aan “praktiese beperkinge soos uitgewerspraktyke, versamelbundels, politieke en literêr-tegniese sensuur.”

Wat betref die totstandkoming van drie belangrike Afrikaanse poësiebloemlesings (*Digters uit Suid-Afrika*, 1917, E.C. Pienaar ; *Groot Verseboek*, 1951, D.J. Opperman en *SA in poësie/ SA in poetry*, 1988, J. van Wyk en ander) wys Willemse daarop dat die kanoninseringsproses in hierdie gevalle tekenend was van die invloed van “eietydse sosiale impulse”. Hieruit lei hy dan af dat “tydgenootlike sosiale ervaringe – soos ’n dominante klasseposisie en die neerslag van sosiale mag of smaak – ’n fundamentele rol in die konstruksie van die Afrikaans kanon (ge)speel (het).” (p. 4) Willemse se slotsom in hierdie verband is:

Met die tagtigerjare ontwikkel ’n groter aandrag op die relatiewe waarde van die Afrikaanse poësiekanon. Dit word nie meer beskou as ’n onskuldige keur uit die beste werke in ’n tradisie nie, maar sou bestempel kon word as die *institusionalisering van daardie werke wat die dominante orde die beste verteenwoordig*. In dié opsig dien kanonieke tekste, en die kritiese metodiek wat dit tot stand gebring het, om *’n bestaande hegemonie te legitimeer* (p. 7) (my kursivering).

In die tweede afdeling van sy oorsig wys Willemse op die enorme skat van buite-kanonieke Afrikaanse tekste, en beskryf hy dié tekste as behorende tot “meesal onderontdekte wêrelde.” (p. 9). Willemse gee veral aandag aan drie sferes van die buite-kanonieke, nl.

- die literatuur van marginale groeperinge;
- populêre literatuur; en

- die Afrikaanse mondelinge tradisie.

Willemse se standpunt is dat kulturele uitinge wat nie “die dominante waardes deel nie, [...] geïgnoreer, doodgeswyg of uitgestoot (word) na ’n randgebied.” Voorbeelde hiervan gee is die geskifte van die die sogenaamde Klerewerwerskrywers (1929-1945) en van “swart Afrikaanse skrywers (sedert 1977).” Volgens Willemse is dit, “*gegee die huidige persepsies rondom Afrikaans*, (as verdruckerstaal, ook van die “werkers”? – AMJ) ironies dat Suid-Afrikaanse werkers vir die eerste keer konstant in die taal uitdrukking gekry het” (p.10). Hoewel baie van hulle geskifte die rol van die “werkendeklas” uitbeeld, wys hulle gedigte (bv. dié van Johanna Cornelius, 1939) “nie noodwendig die emosionele identifikasie met die Afrikaner-nasionalistiese etologie af nie.” In teenstelling egter met die “kulturele wasdom vir die Afrikaner-elite” in die (gekanoniseerde – AMJ) poësie van Dertig, staan die literatuur van die Afrikaanse armlankes/ werkers “in die teken van die oorlewingstryd van verarmde, verstedelikende Afrikaners” (p. 10).

Van belang vir die mite onder bespreking is egter veral Willemse se standpunt dat “ook ’n huidige geslag swart Afrikaanse skrywers as “buite-kanoniek beskou (word)” (p. 11). (Ter wille van duidelikheid moet gemeld word dat Willemse feitlik sonder uitsondering die terminologie “swart” as inklusief vir “bruin” en “swart” mense gebruik – AMJ.) Willemse wys daarop dat meer swart Afrikaanse digters sedert 1977 publiseer as in die vier voorafgaande dekades en skryf dit toe aan “onder meer die bewustheid van kulturele dominansie wat die swartbewussynsbeweging (sien hoofstuk 5 – 5.5.3 – AMJ) meegebring het, ’n verhoogde politieke bewustheid en ’n groter wordende intellektuele middelklas” (p. 11). In die skryfwerk van hierdie groep skrywers geniet veral “sosiaal-politieke aangeleenthede voorrang” en is daar “in vergelyking met die gekanoniseerde Afrikaanse letterkunde duidelik literêr-histories, sowel as sosiaal-politieke onderskeidings.”

Patrick Petersen (1991:21) meen dat bewuste kategorisering van “swart Afrikaans” noodsaaklik geword het, en verwoord hierdie noodsaak soos volg (aangehaal deur Willemse, 1999:11):

Ons moet nie nou skuldgevoelens oor swart Afrikaans ontwikkel nie... Daar is plek in die toekoms vir begrip... [D]it is ook vanuit hierdie hoek dat Afrikaans bevry geraak het en aanvaarbaar geword het... Swart Afrikaans is 'n stuk *bevryde Afrikaans* (my kursivering).

In hierdie uitspraak word dus nie soseer die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal verwoord nie, maar ook en veral die mite van Afrikaans – en dan volgens hierdie geleerdes veral “swart” (“bruin” - sien die uiteensetting van “swart” en “bruin” in hoofstuk 5) Afrikaans - as taal van bevryding.

Willemse wys daarop dat die nuwe groep swart Afrikaanse skrywers hulle “bewustheid van die individuele groepsposisie” uitdruk deur in navolging van Adam Small in Kaapse “werkersklas-Afrikaans (of Kaaps)” te skryf en sodoende afstand te bewerkstellig met die “algemeen-beskaafde” Afrikaans. Kaapse Afrikaans word in dié gevalle “konstant as 'n faset van 'n ondermynende estetika geformuleer” (p.11). 'n Voorbeeld hiervan is Peter Snyders se gedig. “Moedertaal” (1992:7):

Kind, as d jy wil regte Afrikaans praat,
Doenit!
Dis waam mamma jou lat opleerit;

kritisaais skrywers wat skryf
soes mamma praat,

maa moenie ve'wag
mamma moet nou change nie.

Alhoewel die sogenaamde “populêre literatuur” ook nie deel uitmaak van die Afrikaanse literêre kanon nie (sodat onder meer 'n bedrewe en baie produktiewe skryfster van goeie gehalte Afrikaanse liefdesromans soos Tryna du Toit uiteraard buite die kanon val) oordeel Willemse dat sodanige populêre

kultuuruitinge kan dien as “kernbronne vir die artikulasie en vestiging van etiese samelewingstandaarde” (p. 13).

Die laaste sfeer van die buite-kanonieke letterkunde waaraan Willemse aandag gee, is dié van die orale tradisie. Die skrywer meen dat dit juis die klem op “skriftelikheid, intellektualisme en die invloed van die gevestigde Europese literature” is wat tot gevolg gehad het dat “een van die rykste Suid-Afrikaanse orale tradisies reeds vroeg met die aanvang van die Afrikaanse literatuurkonstruksie gemarginaliseer is tot folkloristiese verskynsels wat streng van die geskrewe letterkunde onderskei moes word” (p. 13). Wat betref die mite onder bespreking is dit van belang dat Willemse “oraliteit” of “mondelinge oordrag” nie beperk tot “gefossileerde oordraginge” nie (p. 14), maar daarop wys dat hierdie verskynsels ook “in die eietydse omgewing” ondersoek kan word:

Die lewendige vertellerstradisies onder die Griekwas, die Richtersvelders, maar ook in stedelike gemeenskappe is van belang. ’n Voorbeeld van die stedelike ontwikkelinge is die opkoms van ’n geslag *people’s poets* wat onder meer Afrikaans as taal van politieke verset in die tagtigerjare (omstreeks 1985-1989) gebruik het.

Voorbeelde van orale “versetpoësie” wat deur Willemse genoem word, is die voordrag van die digter, Sandile Dikene, (“O, laat my dig” – 1990) en die versetliedere wat in dié tydperk gesing is, waarvan die volgende ’n voorbeeld is:

PW is ’n terroris (x3)
Le Grange is ’n murderer (x3)
Ma, ek wil ’n Casspir hê (x3)
Ma, ek wil ’n Buffel hê (x3)
want ek wil die boere moer.

Willemse se slotsom wat betref die buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke is dat die Afrikaanse literêre kanon “’n hoogs geselekteerde gegewe is” (p. 16). Hierdie seleksie geskied in ooreenstemming met die “sosiale diskoerse” van die tydperk en “berus tot ’n groot mate op die uitoefening van sosiale en politieke mag.”

Die afleiding wat gemaak kan word op grond van bostaande weergawe van die belangrikste momente van Willemse se oorsig, is dat kanoniseringsprosesse in die Afrikaanse letterkunde van die twintigste eeu ook onmiskenbare getuie is dra van die neerslag van die mites wat in hierdie proefskrif aan die orde gestel is.

Verskillende groepe in die Suid-Afrikaanse samelewing het met ander woorde ook binne die letterkundige sisteme (formeel of informeel) miteskepping as singewing verwoord of ingespan.

Van Vuuren (1999:245 en verder) gee in haar oorsig oor die Afrikaanse poësie van 1960-1997 deeglik aandag aan “miteskeppende gebeure” (AMJ) soos die “hervestiging van swart en bruin mense onder apartheid as ’n kunsmatige vorm van sosiale ‘engineering’ om stede te ontruim van sogenaamde ‘black spots’” (p. 246) asook aan Sharpeville (1960) en die Soweto-skoolopstande van 1976. Daar is in hoofstuk 5 van hierdie studie reeds redelik breedvoerig na al dié gebeure verwys.

Van belang is egter Van Vuuren se oordeel oor die impak hiervan op Afrikaans (p. 247):

Die assosiasie van die gewelddadige gebeure *met Afrikaans as taal veroorsaak ’n verharding teenoor Afrikaans wat nog vele generasies lank sal nágalm* (my kursivering).

Die skryfster haal ook in hierdie verband die “tronkgedig” van Breyten Breytenbach, “Taalstryd” (uit Lewendood:143) aan. (Die titel van die gedig is duidelik ’n ironiese verwysing na die “mitiese Afrikaner-taalstryde” van ouds, terwyl die neerslag van die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal weer onteenseglik uit die volgende reëls van die gedig blyk – AMJ):

Ons is oud.
Ons taal is ’n grys reserwis van meer dan honderd jaar
Met die vingers styf om die snellers...

Die politieke krisis van die tagtigerjare en die radikale omwenteling van die negentigerjare het volgens Van Vuuren “op verskeie wyses direkte of indirekte effek op literêre uitinge” in Afrikaans gehad, waaronder die voorkoms van “tronkliteratuur en outobiografiese geskrifte” (p. 247).

In die afdeling getitel “Politieke strydverse” (p. 278 en verder) verwys Van Vuuren na Breytenbach se “skrynende anti-apartheidsverse” in *Kouevuur* (1969) en *Skryt. Om ’n sinkende skip blou te verf. Verse en tekeninge* (wat in 1972 in Nederland gepubliseer is). Volgens die skryfster het hierdie verse “’n feller toon as enigiets wat tevore in Afrikaans gepubliseer is” (p. 279).

Die “struggle-poësie” van die Kaapse vlakke stel ’n “kollektiewe stem” aan die woord, wat egter hoofsaaklik in Engels skryf en van wie die gedigte in die Suid-Afrikaanse Engelse kanon opgeneem word (p. 279,280). Daar is egter wel Afrikaanse “struggle-gedigte” in die bundel van Wopko Jensma, *where white is the colour where black is the number* (1974), soos onder meer “Halte Calvyn” en “Bram Fischer gasink.”

Van Vuuren (p. 280) haal voorts etlike bundel titels aan van bruin Afrikaanse digters ná 1960, by wie miteskepping rondom die verdrukingsmitede onmiskienbaar neerslag gevind het. Sy noem onder meer die werk van Julian de Wette, S.V. Petersen (*Die kinders van Kain*, 1960 en ander), Philander (*Vuurklip*, 1960; *Die bruin kokon*, 1965 en ander) Vernon February (*O snotverdriet* – 1979), Hein Willemsse (*Angsland*, 1981), Peter Snyders (*Political Joke*, 1983 en ander), Vincent Oliphant (*Bloed vloei in stilte*, 1983) en Jan Wiltshire (*Die verkeerde land/Das verkehrte Land*, 1985 – in Duitsland uitgegee).

Van Vuuren wys op die polemieke in *Rapport* tussen Charles Fryer as keurder en uitgewer by Tafelberg-uitgewers en “die opkomende swart politieke skrywers in Afrikaans.” (p. 281). Fryer beskryf sommige van die protesgedigte as “sonbesiepoësie” (onder meer dus “raserig” en “klanknabootsend sonder betekenisvolle

inhoud”). Petersen, Philander en Small is wel gekanoniseer as individuele bruin digters, in teenstelling met die “kollektiewe groep Kaapse Vlakedigters”, wie se uitsluiting deels berus het op “estetiese gronde, deels om die politieke inhoud van die verse” wat dus deur die “gevestigde Afrikaanse literêre gemeenskap (uitgewers, resensente uit die hoofstroom, ensovoorts) min of meer doodgeswyg (is)” (p. 281).

In 1985 verskyn ’n verslag van die sogenaamde *Swart Afrikaanse skrywersimposium* by die Universiteit van Wes-Kaapland. Van Vuuren wys daarop dat die simposium die konsolidering is van “bruin skrywers onder die ‘geleende’ kollektiewe kwalifisering van ‘swart’ en dat dit lei tot verdere bundels en bloemlesings “met sterk politieke weerstandspoësie”, onder meer Patrick Petersen se *Amandla ngawethu* (1985) (sien die verwysing na die “ontstaansmites” in die betrokke bundel in hoofstuk 5 van hierdie studie) en die bloemlesing, *Aankoms uit die skemer* (1988). (p. 280).

Die meeste van die genoemde bundels is deur “alternatiewe uitgewerye” (Genadendalse drukkerij, Prog, Domestica, Taurus, Kampen) uitgegee, waarvan net Taurus “twee dekades lank bestaan het as alternatiewe uitgewery” (p. 281).

In reaksie op Willemse se standpunt (1987:204), nl. dat “die nie-hegemoniese”(swart Afrikaanse skrywer- AMJ) “koöptering” weier deur “’n alternatiewe weg (te) bewandel [...] deur kanale waar hy op sy kompromislooste kan uiting gee”, wys Van Vuuren daarop dat die gevolg van so ’n standpunt is dat die skrywer se lesersgehoor aansienlik verskraal word. Sy vra dan die volgende (myns insiens belangrike) vrae:

[...] skryf hy dan nie juis om gelees te word nie? Ook deur die ‘literêr-politieke heerser’? Hoe anders kan ’n literêre teks ’n kulturele ‘wapen’ in die stryd om die verandering in die politieke bestel wees?... En wat is ’n skrywer sonder ’n stem? (p. 280).

Ten spyte van die feit dat die “verdrukkingsmite” poësie gelewer het wat hoofsaaklik “’n fenomeen (was) van die anti-apartheidstryd, en daarom tydsgebonde”(Van Vuuren, 1999:281) en dat ’n groot komponent hiervan buite die amptelike kanon van die Afrikaanse letterkunde gebly het, kan daar sonder vrees vir teenspraak beweer word dat die mite(s) van Afrikaans as verdrukkings- én protes-/bevrydingstaal baie deeglik in die genoemde poëtiese uitinge in Afrikaans neerslag gevind het.

Wat betref die verwoording van “bruin” (of dan: “swart”) mites deur iemand wat self die betrokke mite “geleef” het, kan daar laastens in hierdie afdeling verwys word na die “onvergeetlike verhaal van ’n klein Noord-Kaapse gemeenskappie” (Gerwel, 1995 op die agterblad van A.H.M. Scholtz se roman, *Vatmaar*).

Vatmaar is volgens die skrywer self “die storie van die bruinmense van Suid-Afrika”:

Hulle het nie uit die Noorde gekom nie en ook nie van oorsee af nie. *Hulle het h  r ontstaan, opregte Suid-Afrikaners* wat dalk eendag Azani ers genoem sal word (my kursivering).

Volgens Gerwel (op die agterblad) is die verskyning “’n merkwaardige letterkundige gebeurtenis.” Hy wys naamlik op die feit dat Scholtz met weinig van die “opsigtelike liter re geskooldheid van die *tipiese Afrikaanse skrywer*” daarin slaag om sy verhaal te skryf met “verbluffende tegniese beheer oor die [...] verhaallyne [...] terwyl hy steeds die ongekunsteldheid handhaaf waaraan die vertelling en uitbeelding hul egtheid en oortuigingskrag ontleen.” Die verskyning van die roman is egter ook “*verruimend vir Afrikaans*” omdat dit teen die historiese verenging inwerk, deur “iemand *anders as ’n wit skrywer* in Afrikaans” geskryf is en “’n ganse genre van *ras-gebaseerde Afrikaanse folk-lore*” in perpektief stel (my kursiverings).

Daar kan nie binne die bestek van hierdie studie ’n ontleding van die roman gemaak word nie. Scholtz se verduideliking rondom die terminologie vir

verskillende (rasse)groepe en die aanvanklike “onskuldigheid” van dié benamings (p.3 - 4) is egter baie interessant en insiggewend en word dus volledig weergegee.

Die mense het verskillende woorde gehad om hulle landgenote te beskryf. Hierdie name was destyds heeltemal betaamlik en aanvaarbaar, selfs dié woorde wat vandag aanstootlik klink en nie meer gebruik word nie.

Die witmense wat teen die Engelse geveg het, is Boere genoem (voordat hulle Afrikaners geword het) en die Engelse was Rooinekke. “British subject” was gehate woorde by die Boere. Alle volwassenes wat nie van oorsee af gekom het en nie wit was nie, is “boys” en “girls” genoem. Die Engelse het bruinmense “Cape-boys” en partykeer “Coloureds” genoem – vir die Boere was hulle basters of hotnots. Die woord kleurling is toe nog nie gebruik nie. ’n Swartman uit Afrika was ’n kaffir, en ’n Indiër was ’n koelie.

Die belangrikste aspek van Scholtz se uiteensetting is egter myns insiens sy eksplisiete “verklaring” dat dié woorde wel soms “aspris gebruik (is) om ’n persoon se gevoelens seer te maak” maar dat “die meeste van die tyd [...] nie een van die twee – nie die een wat die woord gebruik het en ook nie die een wat so genoem is, van beter geweet (het) nie.”

Deur die loop van die verhaal is dit baie duidelik dat die “mite van wit dominansie” goed gevestig was by sowel die wit mense van Du Toitspan en die bruin mense van die aanliggende Vatmaar en ook by die swart mense met wie hulle te doen gehad het. Stereotipering van die “donkerder” mense het natuurlik nie uitgebly nie. “Siesie Lena” – ’n Griekwawrou van Postmasburg – wat die swart man, Flippus, aangemoedig het om diamante op die delwerye van sy wit baas te steel, se seun Janman stel die saak soos volg (p. 55):

As die Boere ’n eerlike kaffir het, veral nog een wat by hulle grootgeword het en wat hulle kan vertrou, hou hulle altyd dop dat hy nie met ons slim hotnots te doen kry nie. En hulle sorg dat hy nie agterkom dat ’n kaffir vir hulle wittes altyd ’n kaffir bly nie...

Hoewel fyn spot nie uitbly nie, is die toon van die roman hoofsaaklik speels en humoristies, en is die subtitel gepas: “’n lewendagge verhaal van ’n tyd wat nie meer is nie.” Scholtz se eie oordeel oor die mense van Vatmaar is dat hulle “arm, eenvoudig, ongeslyp en teer (was). As ’n mens hulle verstaan soos hulle is, word jy lief vir hulle” (1995, voorwoord: “Geagte Leser”).

Samevattend oor die neerslag van die mites onder bespreking in die Afrikaanse letterkunde kan daar myns insiens nou herhaal word wat aan die begin van hierdie afdeling reeds uitgewys is, nl. dat die letterkunde dié sisteem is waarin die mites rondom Afrikaans die onteenseglikste neerslag gevind het.

6.5 Die polemië rondom “Kersliedjie” van D.J. Opperman (as voorbeeld van die impak van miteskepping by sommige van die deelnemende polemici)

Die bespreking van die “Kersliedjie”-polemië word weergegee soos dit aangeteken is in die M.A.-verhandeling van N.J. Snyman met die titel *Misvattinge oor die literatuur in Afrikaans soos weerspieël in vier polemieë – ’n historiese oorsig*. Bladsyverwysings is na die Snyman-tekse.

“Kersliedjie” het in 1952 in *Standpunte* verskyn en is later opgeneem in Opperman se bundel, *Blom en Baaierd* (1956). Die gedig is in die aanhef tot hierdie hoofstuk volledig aangehaal. Aanvanklik het die gedig geen reaksie uitgelok nie, totdat dit op 3 Januarie 1958 opnuut oorgedruk is in “Die Lewe” (onder die opskrif “Woordkuns”), ’n byvoegsel tot *Die Transvaler*. Die polemië wat toe ontstaan het, het slegs tien dae geduur voordat dit deur die redakteur van die koerant gesluit is. Daar was egter ook weer briewe rondom die saak in een aflewering van *Die Huisgenoot* (21 Februarie 1958).

Die briefwisseling gedurende die tien dae getuig volgens Snyman van “uiteenlopende insig, temperament en intelligensie onder die leserspubliek.” (p.

59). Alhoewel hierdie siening van Snyman myns insiens volkome geldig is, kan daar geargumenteer word dat die inhoud van die briefwisseling ook baie sterk getuig van die neerslag van die mites in die lewe van die deelnemers aan die polemieë.

Voordat die verskillende standpunte belig word, kan daar kortliks na die gedig-gegewe gekyk word en 'n persoonlike waardeoordeel daarvoor uitgespreek word.

Soos die titel van Opperman se gedig aandui, word die “verhaal” van Kersfees in die vorm van 'n liedjie met eenvoudige versreëls (rymende koeplette) weergegee. Dit is reeds in die eerste strofe duidelik dat die Bybelse gegewe getransponeer word om binne die Suid-Afrikaanse opset te pas:

- Die “herders op die ope velde” word drie (terselfdertyd verwysend na die “drie” wyse manne wat in die Kersverhaal ingelees word - AMJ) “outas in die haai Karoo”;
- Die pad waarlangs hulle loop is 'n Karoo-landskap met “plakkie, klip en syferfontein”;
- Die nederige stal in Bethlehem is nou geleë in die Kaapse “arm buurt” (wat later gesloop is), naamlik Distrik Ses;
- Die “goud, wierook en mirre” van die Wyse Manne uit die Ooste, word “skaapvet, eiers en biltong”;
- God se seun – die baba Christus – word “God se klong”; en
- Die “Verlosser” word ook verlosser/redder van dié volk (by implikasie die bruin mense/swart mense van Distrik Ses).

Myns insiens kan “Kersliedjie” gesien word as 'n “vertaling” van die Bybelse verhaal in die “taal” van 'n groep Afrikaanssprekendes wat, soos reeds dikwels in die loop van die voorafgaande diskoers uitgewys is, dikwels gemarginaliseer is. Dit is ook myns insiens baie duidelik dat Opperman sy “Kersliedjie” met groot deernis teenoor die betrokke groep – maar met ewe groot respek vir die gebeure

rondom Kersfees – geskryf het en dat geen “spot”, of “godslastering” (p. 60) hoegenaamd geïmpliseer of beoog word nie, selfs nie wanneer die slotreëls verwys na die “broeis bantam” se “agterdogtige gekloek” nie.

Die volgende is sommige van die “protes”-uitsprake wat in die loop van die polemieks voorgekom het, en soos volg deur Snyman gekategoriseer is:

a. Spot (p. 59, 60)

- 7 Januarie: “Geskokte Student”: Ek kan nie woorde vind om my misnoeë uit te spreek by die aanhoor van sulke vulgêre spottery nie.
- 8 Januarie: S.M. Venter: Vir my en seker honderde saam met my is dit ’n bespotting van die geboorte van Christus.
- W.J. Ferreira, Vaalrivierskool, Standerton:
(Die datum van die bydrae word nie gegee nie, maar daar moet saamgestem word met Snyman se oordeel dat Ferreira “uitermate emosioneel was.” Die uitsprake dui ook baie sterk op die impak van “eng” miteskepping by die korrespondent – AMJ)
Ek het net een raad vir u (die redakteur) en vir mnr. Opperman; want God gaan julle slaan: *kleed julle in sak, gaan sit op die ashoop, strooi as op julle hoofde en smee die Almagtige om julle hierdie sonde te vergewe* want julle probeer Sy Seun bespotlik voor te stel by die *Afrikanervolk* (my kursivering).

b. Laster

Die korrespondent wat veral op die lasterlike elemente in die gedig wys, skryf in *Die Huisgenoot* van 21 Februarie dat die frase “God se klong” hom geskok en “teen die bors gestuit” het – “want hier is die toon uiters disrespekvol en keur ek dit ten strengste af” (p. 61).

c. Die kunstenaar verdag

Baie stellings van die korrespondente plaas die kunstenaar en by implikasie ook sy kuns onder verdenking (p. 61). Een briëfskrywer (“Normaliet”, 16 Januarie) stel dit baie kras:

Vir Opperman, vir wie ‘Golgota en Brussel’ ook dieselfde is, is daar geen verskil tussen die Seun van God en ’n Klong van Distrik Ses nie... Hedendaagse digters, van wie Opperman ongetwyfeld een is, het geen respek of eerbied meer “vir wat heilig en loflik is nie.”

Daar word selfs deur briefskrywers verwys na “twak van hierdie aard” en na die digter as “’n japsnoet” (Opperman was agt-en-dertig toe hy die gedig geskryf het – AMJ), terwyl die “moderne digkuns” getipeer word as die pasmaat van die “eendekui- en ruk-en-rolkultuur” (wat in die vyftiger- en sestigerjare die konserwatiewe gemeenskap se netjiese kuiwe regop laat staan het! – AMJ).

d. Kwetsing van die gelowige

W.J. Ferreira skryf in mities-gelaaide (metaforiese) taal hoe diep gekrenk hy voel oor die “gewraakte woorde” (p. 62), “God se klong”:

As u moet aanskou hoe die *edelste en skoonste volksmoeder van Suid-Afrika met die vuilste afval van die wêreld in die gesig gegooi word*, sal u ’n vae idee kry van die gevoel wat by die *ware gelowige* opkom by die aanskouing van die woorde: “God se Klong.”

In sy samevatting van die besware teen “Kersliedjie” (p. 63) wys Snyman dan ook daarop dat die frase “God se klong” die meeste genoem is. Hierdie frase is beskryf as “spot, laster, oneerbiedig, *onnasionaal* (sic) en kwetsend.”

Hierdie – myns insiens – skreiende gebrek aan insig in die aard van die transponering van “Kersliedjie” na ’n ander werklikheid dui op gebrekkige “geletterdheid” by die “beswaarmakers”, maar ook op die mate waarin die mite van “bruin” minderwaardigheid en “uitsluiting”, asook die stigmatisering van Kaapse Afrikaans as waarheid binne die betrokke gemeenskap gegeld het.

Snyman wys dan ook daarop dat, met die uitsondering van een korrespondent wat “bewys gelewer het dat hy nie onbekend is met die poësie nie,” die res van die beswaardes “weinig literatuurervaring” openbaar.

Die oorsig oor die “verdediging” van “Kersliedjie” word onder dieselfde vier hoofde hanteer as wat die geval met die “aanval” is. Die belangrikste fasette van die verdediging word hierna geparafraseer. Die klem is veral op dié aspekte wat verband hou met miteskepping of ont-/hermitologisering rondom die mites onder bespreking.

’n Korrespondent (J. van der Westhuizen) wys op die feit dat die woorde “God se klong” nie Opperman se woorde is nie, maar “dié van die kleurling, ’n karakter in die vers uitgebeeld, en as genoemde kleurling na Christus verwys as ‘God se klong’ kan dit gedoen word *met die grootste eerbied en liefde*” (p. 64) (my kursivering)

’n Ander korrespondent, wat onder ’n skuilnaam skryf, verduidelik dat die woord ‘klong’ “vir die kleurlinge ’n alledaagse woord vir ‘seun’ is en nie ’n spotwoord nie. As hulle dus praat van ‘God se klong’ bedoel hulle doodeenvoudig ‘God se seun’” (p. 64).

“Ook ’n Student” (kennelik ’n satiriese sinspeling op die beswaarde “Geskokte Student”) wys daarop dat die digter nie “met God wou spot nie” maar wel “met ons opvatting.” Hy onderskryf voorts die mite dat die digter “’n volk se gewete genoem word” en as sodanig beskou hy “Kersliedjie” as “werklik nasionale poësie” (p. 65). (Die implikasie is myns insiens dat die korrespondent besef dat daar probleme bestaan rondom die “opvatting” dat die bruin mense uitgesluit is uit die Kersfeesverhaal, en dat die digter, as gewete van die volk, “nasionale poësie” lewer wat hierdie valse opvatting uitwys en satiriseer.)

Die verdedigers ontken ook die aanklag van laster. Een van die korrespondente werk egter onbewustelik mee aan die miteskepping rondom die “eenvoudige kleurlinge” (sien Rademeyer se verwysing na die “agterlike klompie wesens”, soos aangehaal in hoofstuk 5):

Opperman [...] het net die geboorte van Christus uitgebeeld soos 'n Kleurling dit in sy eenvoudige aanbidding gesien het.

Verdere stereotiperende uitsprake omtrent die aard van die “kleurlinge” se aanbidding wat moet dien as verweer teen die aanklag van “kwetsing van die gelowiges” word deur nog 'n korrespondent onder 'n skuilnaam gemaak (p. 66):

Hul (die “kleurlinge” se– AMJ) benadering tot God is sekerlik nie *ons syne nie*. [...] vir hulle is die gewyde liedere van meer belang as die preek omdat dit die suiwerste uiting van hul gevoel is waarmee hul God wil vereer.

Hul begrafnisse is vir my ook meer tragies, want dit is asof hulle nie soos *ons ten volle die hiernamaals kan verstaan nie* (die korrespondent het blykbaar 'n gawe ontvang om die “hiernamaals” te “verstaan” wat nog nooit voorheen of weer daarna aan enige ander sterfling gegun is nie – AMJ) en die verlies dus groter is. Hul gevoel van godsdienis ken hulle alleen *deur die klein dingetjies wat hulle om hulle sien en verstaan*.

Die betrokke korrespondent bedoel myns insiens geensins om doelbewus neerhalend teenoor die bruin mense te wees nie. Intendeel, daar spreek 'n groot mate van “deernis” uit sy bydrae. Dit is egter opvallend hoe diep die mite van “bruin eenvoud” by hom vasgelê is, en hoe duidelik hy die “mitiese skeidslyn” tussen “ons” en “hulle” trek.

Die waardering vir die gedig het volgens Snyman (p. 67) veral te doen met sy “boodskap aan *blanke Christene*: “Het ons as Westerlinge nie al Christus vir ons op selfsugtige manier toegeëien nie? Juis in *hierdie land met sy kleurvraagstuk spreek die digter 'n harde woord ...* Is dit dan nie juis ook vir die *skollie van Distrik Ses* vir wie die Meester gebore is en gesterwe het nie?” (my kursivering).

Verdere bewys van die neerslag van die mite van “wit voorgdyskap” word in die uitspraak van J.P. Roux gevind wanneer hy beweer dat die Christelike evangelie “juis in dié land tot ons as blanke Christene kom met 'n ontsettende

taak van opoffering en selfverloëning” (p. 67). Roux wys voorts daarop dat die kindjie die “blom” is en die “stukkende fles” die “baaierd” (dus verwysend na die bundeltitel waarin die gedig voorkom) en dat die gedig ook ’n besinning is “op ons kleurvraagstuk.” Volgens hom is die “drie outas” dankbaar omdat die kindjie “ook dié volk sou red.” Van die wit mense (Afrikaners) wil hy nie sonder ironie nie weet:

En is ons nie maar die “broeis Bantam” in die hoek van die stal wat oor die “hele affêre” agterdogtig kloek nie? (p. 68).

Daar word nie vir die doel van hierdie bespreking ingegaan op Snyman se uiteensetting van die standpunte van verskillende literatore oor “Kersliedjie” onder die opskrif “literêre sienings” nie. Die konsensus van die literatore was duidelik dat “Kersliedjie” veral die “kleurtema” aanraak, maar dat die gedig “geen spotliedjie (is) nie” omdat daar “geen geringskatting” van die Bybelse gebeure veronderstel word nie (p. 84). Daar word ook gewys op die feit dat “klong” ’n “sametrekking is van kleinjong en ’n heeltemal skaflike kleurlingbenaming vir ‘seun’. Snyman argumenteer voorts dat ‘klong’ in die gedig met ’n kleinletter geskryf word en dus nie na Christus verwys nie, maar na ’n “kind van God onder die kleurlinge” (’n lesing wat egter myns insiens aanvegbaar is, aangesien die gegewe duidelik die Bybelse verhaal transponeer na die “bruin” konteks, soos hierbo uiteengesit).

Snyman se slotsom is onder meer die volgende (p. 85):

... as ’n korrespondent “Kersliedjie” nasionale poësie noem, het hy gelyk – “no art is more stubbornly national than poetry” (Volgens Eliot, 1956:19 – AMJ).

Die polemieë rondom die gedig van Opperman is ingesluit in hierdie diskoers omdat daar uit die briefwisseling van sowel die “beswaarmakers” as die “aanprysers” myns insiens duidelike bewyse gevind kon word van die neerslag van die mites onder bespreking.

6.6 Samevatting

Sonder om die redelik uitgebreide diskoers in hierdie hoofstuk te herhaal, kan daar afgelei word dat die mite van Afrikaans as die “taal van die Afrikaners” (en die gepaardgaande mites wat in hoofstuk 4 uitgewys is) asook die mite van Afrikaans as die “taal van verdrukking” (maar ook van “protes” en “bevryding”) wat in hoofstuk 5 bespreek is onmiskenbare neerslag gevind het in:

- Die Afrikaanse historiografie;
- Die skoolsisteem en skoolleerplanne van (veral) Afrikaansmoedertaalsprekers;
- Die Afrikaanse letterkunde; en
- Die polemieë rondom D.J. Opperman se transponering van die Kersverhaal in “Kersliedjie”.

HOOFSTUK 7 EN NOU, AFRIKAANS? (Erkenning aan Hans du Plessis)

Nuwe volksrympies

Hompie Kedompie sit op die wal.
Hompie Kedomp het aan skerwe geval.
En al die jong boeties
het al die ou broeders
verwoed begin bliksem oor Hompie se val...¹

Die stryd om ons geliefde taaltjie
Ja, die stryd om ons geliefde taaltjie.
Wat sal ons tog sê?
Dis 'n aparte ou verhaaltjie...
(Pieter Hugo, 2000:44 – Uit: *Nuwe verset*)

Waarheen?

Deur op deur wat in jou gesig toeslaan.
'n Land vol nêrens om heen te gaan.
Hier voel dit of selfs God nie meer
Afrikaans wil verstaan.
(Herman Engelbrecht, 2000:15 - Uit: *Nuwe verset*)

Disillusion is that emotion we feel when any of our safe patterns are disturbed.
(John Steinbeck, aangehaal deur David Wyatt in sy inleiding tot die Penguin-
uitgawe van *East of Eden*, 1992:xxi.)

7.1 Inleiding en doelstelling met die hoofstuk

7.1.1 Inleiding

Doch ziet, zo gaat 't nu met vele dingen die met die taalkwestie in verband staan. *Ieder daarvan schijnt op zichzelf een geringe zaak te zijn; en de Afrikaander geeft maar toe, is maar de minste; en van andere zijde wordt er gretig naar gegrepen en word het geëist als een recht. Al die kleine dingen te zamen genomen hebben een grote kracht, en de samenleving wordt van lieverlede als van een Engelse zuurdesem doortrokken. Maar*

¹ 'n Onmiskembare verwysing na Chris Louw se "Boetman"-brief aan dr. Willem de Klerk (na aanleiding van laasgenoemde se 2000-boek *Afrikaners: kroes, kras, kordaat*). Later in die hoofstuk meer hieroor.

wijst nu de een of ander op zodanig misbruik, zoals hierboven genoemd, dan heet het: *hoe bekrompen, hoe anti-Engels om op zulk een kleinigheid te vitten!* (my kursivering).

Afgesien van die taalmedium kon die bostaande baie maklik in 2003 geskryf gewees het. Die feite is egter: hierdie uiteensetting is die slotsom (p. 41) van prof. P.J.G. de Vos se publikasie getiteld *De Afrikaander en zijn taal* en het in 1906 – dus bykans honderd jaar gelede – die lig gesien. 'n Praktiese voorbeeld van taalongelykheid wat deur prof. De Vos geskets word, is dié waar daar by 'n vergadering soms maar “een enkel persoon is die alleen Engels spreek.” Ter wille van hierdie enkele Engelstalige “spreek nu de laatste Afrikaander daar Engels”, ook alhoewel baie van laasgenoemde groep hulleself swak uitdruk in Engels: “... meer dan een de zich in die taal niet goed uitdrukken kan, zwijgt geheel en al, waar hij iets goeds had kunnen zeggen” (p. 40).

Die bostaande uiteensetting in 1906 deur 'n lojale “Afrikaander” bevat inligting wat relevant is vir 'n groot deel van die miteskepping rondom Engels: Engels is die voorkeurtaal in enige meertalige situasie in die land, Engelssprekendes verwag eintlik vanselfsprekend dat alle aanpassings deur die ander taalsprekers gemaak moet word, Afrikaners is dikwels “die minste” en, sou hulle aandring op hulle basiese taalregte, word hulle as “bekrompe” en “kleinlik” bestempel.

Interessant in De Vos se uiteensetting is ook die volgende opmerking aan sy lesers:

Denk er aan, dat 't bijna een eeuw is, dat onze taal van de zijde der regering systematies verongelijkt en verwaarloosd is...

Die verwysing hier is natuurlik na die honderd jaar wat voor 1906 verloop het, nl. dié vanaf die tweede Britse besetting van die Kaapkolonie in 1806 en die gepaardgaande toenemende verengelsingspogings, veral na die koms van 'n groot groep Britse setlaars in 1820 en “die outokratiese lord Charles Somerset” (Steyn 1980:127) se “berugte taalproklamasie” op 5 Julie 1822.

In die lig van bogenoemde is dit dus verbasend – en myns insiens die belangrikste aspek van die metaforiese “wonder van Afrikaans” (dit wil sê nog belangriker as die suksesse met die korpusontwikkeling van die taal) – dat Afrikaans tog in die loop van die twintigste eeu in alle opsigte gelyke funksionele status met Engels kon verwerf het. Die hoofrede hiervoor moet waarskynlik gesoek word in die mite van Afrikaans as die taal van Afrikanernasionalisme, soos bespreek in hoofstuk 4 van hierdie studie.

Die huidige posisie van Afrikaans in die land herinner egter tot ’n groot mate aan die uitspraak van De Vos hierbo, nl. dat “onze taal van de zijde der regering systematies verongelyk en verwaarloosd (wordt)”. Voorbeelde hiervan is legio en enkele spesifieke gevalle is reeds in hoofstuk 1 uitgewys.

’n Voorbeeld is ’n resente voorbladberig in *Beeld* van 10 Januarie 2004 wat soos volg lui:

METRORAAD WEIER TJEK IN AFRIKAANS

Lucia Swart

Wil jy jou munisipale diensterekening betaal?

Moet tog net nie die tjek uitmaak aan “Stad Johannesburg” nie. Dit is Afrikaans en word daarom nie aanvaar nie.

’n Moedelose mev. Susan Nel van Horison, Roodepoort, moes eergister ongedane sake omdraai toe sy haar dienstegeld met ’n tjek wou betaal. Sy moes hoor ’n Afrikaanse tjek word nie aanvaar nie.

“Ons maak al jare ons tjeks uit aan ‘Stad Johannesburg’. Die kassiere het eergister vir my gesê net Engelse tjeks word aanvaar,” het mev. Nel gesê.

Die kassiere het aan Nel vertel metropersoneel is onlangs ingelig dat net tjeks wat aan “City of Johannesburg” of “City of Johannesburg Municipal Council” uitgemaak is, aanvaar word.

[...] *Mnr. Nel het gister wéér probeer betaal – dié keer met 'n tjek wat uitgemaak is aan Stad van Johannesburg. Hy is weer wegge wys omdat die tjek in Afrikaans is.*

“Ons sal nou maar 'n klag moet indien.”

Daar word in dieselfde berig melding gemaak van die feit dat die saak onder die aandag van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) gebring is en dat die senior regsadviseur van dié raad, mnr. Edward Sambo, gesê het dit is 'n skending van taalregte.

Die saak van die geweierde tjek sou verder ondersoek moet word om die werklike feite vas te stel. Dit mag wees dat die bank by die metroraad aandrang op eenvormigheid in die lig van baie gevalle van tjekbedrog. Dit sou ook uiteraard moeilik wees om te kontroleer of die gegewens op 'n tjek reg is indien sprekers van al die tale in die land sou aandrang om hulle eie taal op 'n tjek te gebruik. Sonder om egter verder op die saak in te gaan, kan daar reeds sekere afleidings gemaak word uit die amptenaar se aandrang op 'n Engelse tjek. Hierdie afleidings is onder meer die volgende:

- Engels word onteenseglik deur die openbare sektor beskou as die voorkeurtaal in die land;
- Afrikaans se vorige posisie as ampstaal met dieselfde status as Engels is dus in die gedrang;
- Die grondwetlike ampstaalstatus van elf tale maak dit steeds makliker om van slegs een “hooftaal”, naamlik Engels, gebruik te maak met die verskoning dat dit onprakties en duur is om elf tale in alle situasies te gebruik;
- Baie Afrikaanssprekendes ervaar die aandrang op Engels as bedreigend vir die voortbestaan van Afrikaans (of ten minste vir die voortgesette hoëfunksiestatus van Afrikaans) en dring daarom in baie gevalle vasberade aan om Afrikaans te gebruik; en

- Die Afrikaanse pers gebruik sulke gevalle om op gereelde basis die publiek se aandag te vestig op die verskraling van Afrikaans se status. (Die betrokke dagblaai se gereelde aandag aan die posisie van Afrikaans mag natuurlik ook tot 'n mate gemotiveer word deur die feit dat hulle eie voortbestaan nou saamhang met dié van Afrikaans.)

Dit sou moontlik wees om nog baie bladsye vol te skryf oor beriggewing rondom die verskraling van Afrikaans se funksionele status in die land. Hierdie saak geniet feitlik daaglik op die een of ander wyse aandag in koerantberigte in veral Afrikaanse dagblaai, hoofartikels van kundige taalsosioloë/taalpolitici of historici soos onder meer J.C. Steyn en Hermann Giliomee in dieselfde dagblaai, gespreksforums deur besorgde Afrikaanssprekendes en selfs “betogings” met slagspreuke op die plakkate van taalaktiviste soos byvoorbeeld Dan Roodt. **Vir die doel van die bespreking wat volg, word die feit van die toenemende verskraling van Afrikaans se funksionele status in die openbare domein as gegewe aanvaar.**

Die nuwe demokratiese grondwet wat geskoei is op die beginsels van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se Interimverslag oor Groeps- en Menseregte (Augustus 1991) maak wel eksplisiet voorsiening vir die basiese mensereg van enige burger in die land om die taal van sy of haar keuse vrylik te gebruik, en om – sover haalbaar – daarin onderrig te ontvang op skool. Die feit dat hierdie reg asook ampstaalstatus in die nuwe grondwet van 1996 aan al elf hooftale in die land toegeken is, onderskryf enersyds die demokratiese beginsels wat in die interimverslag uitgespel is, maar bring die praktiese uitvoerbaarheid van dieselfde beginsels in die gedrang. In 'n sekere sin is die situasie bykans dieselfde as wat dit sou wees as die besluit was om geen ampstaalstatus aan enige taal toe te ken nie.

7.1.2 Doelstellings met die hoofstuk

In hierdie laaste hoofstuk van die proefskrif sal die belangrikste insigte in die voorafgaande hoofstukke **eerstens** kortliks saamgevat word en gevolgtrekkings daaromtrent gemaak word. Kommentaar sal ook in sommige gevalle gelewer word.

'n **Tweede oogmerk** is om eksemplaries te kyk na enkele gebeure/polemieke ná 1994 wat verband hou met die mites wat in hoofstukke 4 tot 6 bespreek is om sodoende die voortgesette impak van die betrokke miteskepping aan te dui.

'n **Derde oogmerk** is om die vraag te probeer beantwoord in die opskrif van hierdie hoofstuk (soos ontleen aan die titel van Hans du Plessis se 1992-publikasie): *En nou, Afrikaans?* In hierdie verband sal sekere slotopmerking en aanbevelings geld.

7.2 Samevatting van hoofstukke 2 - 6

7.2.1 “Mites waarmee ons leef”

Die belangrikste gevolgtrekking uit die hoofstuk wat handel oor mites en die mitiese as generiese verskynsels (hoofstuk 2), is dat mites “lewende waarhede” is wat op 'n besondere wyse sin en rigting gee aan die menslike bestaan. Mites is hiervolgens “stories” (geskrewe of mondeling oorgedra) wat vir die mens die oorsprong en uiteinde van sy bestaan op aarde en hierna verklaar, wat die “waarheid” in sy vele gedaantes oordra en wat ook helend en vertroostend werk.

Die afleiding is dat, in Leroux se woorde, die mens eerder sal sterf van honger as om sonder sy mites te probeer leef. Dié siening van mites bepaal grootliks die diskoers van hierdie studie en verskil:

- 1) van die populêre siening van mites as “onwaarhede” (vgl. die *HAT*-definisie in hoofstuk 2.2) ; en

- 2) van die uitgangspunte van wetenskaplikes na wie daar in die loop van die proefskrif verwys word (soos onder meer Brouwer (hoofstuk 3.3) en Steyn en Verhoef (hoofstuk 5.3) wat na mites as oorvereenvoudigde veralgemenings, valse persepsies of selfs leuens verwys. (Daar moet op gewys word dat daar in die meeste gevalle nie van genoemde wetenskaplikes verskil word wat betref die *inhoudelike* faset van die mites waarna hulle verwys nie, maar wel wat betref die *definiëring van die term*.)

Die feit dat mites in hierdie proefskrif as lewende en singewende kragte gedefinieer word, dra daartoe by om die fokus van die diskoers te bepaal, naamlik dié van die besondere sterk impak van mites in die lewe van individue en groepe. Die argument is dat, indien mites net valse persepsies of oorvereenvoudigde veralgemenings sou wees, die krag van die “mites waarmee ons leef” moeilik verklaar sou kon word. Die waarde van die bydrae lê dus veral in dié besondere uitgangspunt rondom die rol en funksie van miteskepping.

Dit beteken egter nie dat alle miteskepping positiewe resultate lewer nie, maar wel dat die miteskeppers daarin slaag om die mites sodanig oor te dra dat die ontvangers daarvan die waarheid van die mite onvoorwaardelik toe-eien en as 't ware hulle lewe sal aflê in die verdediging van die mite. (In die woorde van 'n wyse persoon – hoewel die oorsprong van die aanhaling nie aan my bekend is nie – “... in the firm conviction that if something is not worth dying for, it is also not worth living for.”)

7.2.2 “Verbeelde gemeenskappe” en politieke miteskepping

Hoofstuk 3 van die studie bekyk die impak van identiteitskepping, veral binne groepsverband, en die totstandkoming van sogenaamde “verbeelde gemeenskappe” (Anderson: “imagined communities”).

Een van die belangrike opmerkings t.o.v. identiteit is dié van Castells (1997:6) wat beweer dat identiteit die bron (“source”) van betekenis en ervaring vir die mens is. Die slotsom is egter dat identiteit (“selfkennis” volgens Calhoun) ’n konstruksie is en nie ’n ontdekking nie (Calhoun, 1994:9-10). Hierdie feit is belangrik vir die diskoers, want dit beteken dat die skep van identiteit tot ’n groot mate ’n “herskepping” en seleksie is, en daarom verband hou met die proses van miteskepping.

Die begrip en verskynsel “nasionanisme” is ook in hoofstuk 3 belig. Die gevolgtrekking is dat, wat Suid-Afrika betref (’n land waarbinne daar sprake is van ’n sogenaamde “heterogeen-aktiewe kultuur” – Woshinsky, 1995:55), nasionalisme nie verband hou met die Suid-Afrikaanse *nasie* wat binne die geografiese grense van die land woon nie, maar wel met die groepsgebondenheid van kleiner groeperings binne die land, soos bv. die *Afrikanervolk* (later grootliks verenig binne die politieke struktuur van die *Nasionale party*) en die kampvegters vir “swart” regte binne die *African National Congress*. Hierdie saak is van belang vir die diskoers, aangesien hierdie groeperings tot ’n groot mate bygedra het tot die twee belangrikste mites wat in die proefskrif teenoor mekaar gestel word, naamlik dié van Afrikaans as taal van die Afrikaners en bindmiddel in Afrikanernasionalisme eensyds en Afrikaans as taal van die verdrukker andersyds.

Wat betref die geskiedenis van die ontstaan van nasionalisme, word daarop gewys dat die ontstaan van nasionalisme en nasionale state teen die einde van die agtiende gesien moet word as resultaat van die aftakeling van twee sterk kulturele sisteme, naamlik die godsdienstige gemeenskap en die stelsel van koninkryke. Die nasie was dus volgens Anderson (1991:24) ’n nuwe raamwerk of “verbeelde gemeenskap” (“imagined community”) waarbinne mense hulle behoefte aan groepsidentiteit uitgeleef het. Die afleiding is dat die konsep van nasionalisme in die negentiende en twintigste eeue dus ’n “lewende mite” geword het.

Volgens Anderson is die begrip van die nasie ook ondersteun deur die “print-capitalism” wat ontstaan het in die loop van die agtiende eeu, toe die roman en veral die koerant die lig gesien het en groot groepe mense op ’n nuwe manier aan hulleself en hulle verbondenheid met ander kon begin dink (Anderson, 1991:36). Ver al die koerant het as ’t ware gedien as “mitiese bindingsmiddel” omdat mense wat replikas van hulle eie koerant in hulle omgewing gesien het, daardeur verseker is dat die verbeelde wêreld gewortel is in die alledaagse een.

’n Belangrike aspek rondom nasionalisme wat vir die doel van die diskoers veral relevant is, is dat die nasionale drukkerstale in die negentiende eeu van groot ideologiese en politieke belang begin raak het (Anderson, 1991:67) wat beteken dat die verskillende nasionale tale ook merkers begin word het van onderskeibare nasionale kultuurgroepe of *volke* (in die terminologie van Van Herder, soos aangehaal deur Kemiläinen, 1964:42). Hierdie gevolgtrekking werp lig op die sterk verband tussen volksidentiteit en taalloyaliteit by die Afrikaner, soos wat in hoofstuk 4 bespreek word.

’n Laaste belangrike saak wat in hoofstuk 3 aangeraak word, is die kwessie van politieke miteskepping. Hier word veral verwys na die standpunt van Leonard Thompson, wat meen dat ’n politieke mite die doel het om ’n bepaalde regime op te hemel of in diskrediet te bring. (Thompson, 1985:1). Thompson onderskei voorts tussen “konserwatiewe mites” (wat hoofsaaklik handel oor die ontstaan en geskiedenis van die betrokke groep) en “radikale mites” wat die geskiedenis as ’t ware herskryf en dikwels ten doel het om “die ander” te diskrediteer. Laasgenoemde groep mites kan dus ingespan word vir negatiewe doeleindes en word ook beskryf deur Cassirer (1946:3) as kragte wat in die “donker skuil en hulle uur afwag” en as “demoniese mitiese kragte.”

Historici (wat self gewone mense is en dus nie sonder hulle eie mites “leef” nie) kan ook nie altyd “mitevry” te werk gaan nie (volgens die eis van die historikus

Barraclough (1979:211)). Thompson meen in dié verband dat mites nie uit die mens se kultuur weggeneem kan word nie, aangesien die mite 'n belangrike funksie verrig. Hy sou egter wou sien dat die mite onderwerp word aan sekere kriteria, nl. historiese versoenbaarheid, verifieerbaarheid op wetenskaplike gronde en nuttigheid of bruikbaarheid op morele gronde. (Vgl. hoofstuk 3:3 in hierdie verband.)

Politici kan wel miteskepping gebruik om sekere (persoonlike) oogmerke te bereik en sodoende kan ook goeie, lewende mites gemanipuleer word en as 't ware besoedel word. Die afleiding is dus dat dit binne die diskoers nodig is om te probeer onderskei tussen mites wat sinvol en opbouend is, en mites wat afbrekend en “demonies” is (sien Cassirer hierbo).

Die uitgangspunt van die proefskrif is veral om te probeer onderskei tussen mites wat bygedra/dit geregverdig (?) het om die taal Afrikaans te bevoordeel op verskillende terreine, en dié mites wat gelei het tot die inkorting van Afrikaans se status en funksies.

7.2.3 Die mite van Afrikaans en die Afrikaners

In hoofstuk 4 word die mitiese “liefdesband” tussen die Afrikaners en Afrikaans as mitiese bindingsmiddel by Afrikaneridentiteit en -nasionalisme redelik omvattend bespreek. Een van die eerste afleidings is dat Afrikaans reeds vanaf 1875 en die Paarl (met die mitiese begin van die “storie van Afrikaans”) gesien word as die taal van die “regte Afrikaanders” en dat hierdie aanspraak steeds sterker geword het ná die Anglo-Boereoorlog (1899-1902). Doelbewuste verzet teen verengelsing en die behoefte om die eie identiteit te bewaar het onder meer aanleiding gegee tot die totstandkoming van die C.N.O.-skole en die aandrang op ampstaalstatus vir Afrikaans, asook die Afrikaanse Bybelvertaling.

Miteskepping met die oog op statusverwerwing vir Afrikaans en politieke vooruitgang vir die Afrikaners in die Nasionale party kon sekerlik ook soms verband gehou het met ekonomiese en politieke gebeure en die ambisies van individue en groepe. Soos in die loop van hierdie studie uiteengesit, is nie alle miteskepping van so 'n aard dat daar nie ook lydende partye is nie, en nie alle miteskeppers is noodwendig idealiste met totale integriteit nie. Die volgende uitspraak van die bekende Afrikaanse skryfster M.E.R. (1972:167) dui egter onteenseglik daarop dat miteskepping rondom Afrikaans en die Afrikaners wel ook gedryf is deur die “droom” (en dus mite) van Afrikanervryheid en –selfrespek:

Oral in die land, op onse dorp kon jy dit (die voortsetting van die vryheidsdroom – AMJ) sien in die *stigting van 'n tak van die Afrikaanse Taalvereniging* [...]. En ons kon dit sien aan die hele geskiedenis van die Privaatskool en *die verowering van leierskap in die onderwys deur die Afrikaner*. Maar dit het baie swaar gegaan: ons was oral, op die kleinste dorp, omring van teenstand. As ek nou die lewensbeskrywing van Steyn en Hertzog lees, vind ek in hulle briewe van daardie tyd, *soos in 'n spieël, ons hele nimmerverslappende opdraand gesukkel om onself te bly* (my kursivering).

Dié uiteensetting werp myns insiens 'n baie belangrike lig op die mite van die “liefdesband” tussen die Afrikaner en Afrikaans: die afleiding is dat die stigting van takke van die Afrikaanse Taalvereniging en die verowering van leierskap in die onderwys verband gehou het met die “hele nimmerverslappende opdraand gesukkel” van die Afrikaner in die eerste dekades van die twintigste eeu om homself teen die Engelssprekende regering te handhaaf en om in dié proses “homself te bly.” Anders gestel: die uitbreiding van die funksies en status van Afrikaans was een van die vernaamste fasette in die identiteit wat die Afrikaner vir homself geskep en verdedig het.

Daar word in hoofstuk 4 verwys na verskillende maniere waarop miteskepping rondom Afrikaans plaasgevind het, nl. metaforiek, woordkeuse, retoriese middele en sintaktiese middele. Die kernbetoog handel egter nie oor die wyse nie, maar wel oor die onteenseglike *verskynsel* van miteskepping rondom Afrikaans. Die

slotsom is dat politieke miteskepping deur leiersfigure 'n instrument was in die politieke “oorwinning” van die “Afrikanerparty” – die Nasionale Party – in 1948, en dat Afrikaans die onbetwiste mitiese bindingsmiddel in hierdie proses was. Die gesindhede en uitsprake van “gewone mense” soos onder meer verwoord in die koerante van die tyd, dui egter baie duidelik daarop dat die miteskeppende proses nie net onder die leiersfigure werksaam was nie, maar 'n veel groter trefkrag gehad het en grootliks deur “gewone” lede van die Afrikanervolk geïnternaliseer is. (Verwys in hierdie verband na Samuel & Thompson se uiteensetting in hoofstuk 2.4 oor die aard en oorsprong van mites, waarvolgens hulle argumenteer dat die mites met die grootste impak nie dié is wat van die openbare verhoë af (“publicly”) aangebied word nie, maar juis dié wat in sosiale interaksie tussen individue en die vertel van hulle persoonlike lewensverhale uitgeruil word.)

In hoofstuk 4 is ook melding gemaak van die berig in *Het Westen* (later: *Het Volksblad*) van 26 Maart 1915 waarin die ontwakende volksgevoel (en taalgevoel teenoor Afrikaans) in die “volkshart” op liriese wyse beskryf word:

Het is werkelijk onverklaarbaar. Het is 'n roering welke uit het hart opwelt naar de lippen en die zeggen met tevredenheid en met trots: “Ik is Afrikaner”. Het is een stille zachte, vredelievende stroom die door Zuid-Afrika gaat en elkeen die daarmee in aanraking komt doet zuchten: “Ek is daarom blij dat ik Afrikaner is”. En met dit zucht verdwijnt de Vaal Rivier, verdwijnt de Oranje Rivier, verdwijnt het woord Kapenaar, Vrijstater of Transvaler. Er is net één uitroep in het hart: “Ik is Afrikaner” en het hart wordt week tegenover dat wat Afrikaans is...

(Taalkundig gesproke is dit ook interessant om te let in watter mate die formele koeranttaal reeds hier afwyk van die standaard Nederlandse vorm in frases soos onder meer “'n roering” en “Ik is”.)

Die belangrikste gevolgtrekkings uit hoofstuk 4 rondom Afrikaans en die Afrikaners is dus die volgende:

- Die mitiese band tussen die Afrikaanse taal en die Afrikanervolk is onteenseglik teenwoordig en 'n legio uitsprake in die loop van die tydperk 1875-1948 (en later) kan hiervan bewys lewer;
- Leiersfigure het dikwels op die genoemde band gesinspeel of dit eksplisiet genoem, en dit is moontlik om af te lei dat miteskepping rondom hierdie saak ook soms ter wille van politieke oogmerke of persoonlike ambisies uitgebuit is;
- **Die verbondenheid tussen die taal en die volk is egter ook deur die oorgrote meerderheid van die “gewone” mense onder die Afrikanervolk geïnternaliseer en as lewende, rigtinggewende mite aanvaar wat sin gegee het aan hulle bestaan as groep en daarom hulle identiteit gedefinieer het;**
- Hierdie internalisering van die mite by individuele Afrikaners verklaar grootliks die feit dat die betrokke mite nou nog so 'n belangrike deel van die Afrikaanssprekende (veral: Afrikaner) se siening rondom Afrikaans verteenwoordig; en
- Die genoemde mite kan, vanuit die oogpunt van die groei en vordering van Afrikaans gesien, as 'n “goeie mite” beskou word omdat dit bygedra het tot die toenemende verbetering van die funksies en status van die taal in veral die eerste vier dekades van die twintigste eeu.

7.2.4 Die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal

In hoofstuk 5 word die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal eweneens redelik omvattend bespreek. Die kernaspek van die diskoers is dat Afrikaans geassosieer is met die apartheidsbeleid van die Nasionale Party-regering ná 1948 en later ook met die gewelddadige toepassing van dié beleid (veral vanaf die laat-sestiger tot die einde van die tagtigerjare). Die feit dat die Nasionale Party steeds gesien is as die party van die Afrikaners het beteken dat die taal van die Afrikaners metafories as “verdrukkerstaal” gebrandmerk is. Dit was die geval ten spyte daarvan dat daar ook Engelssprekendes in die Nasionale Party

was en dat verskeie Afrikaner-intellektueles en –leiersfigure openlik hulle kommer begin uitspreek het oor die morele regverdigbaarheid van apartheid.

Daar word in hoofstuk 5 onderskei tussen sogenaamde “bruin” mites en “swart” mites, hoewel albei hierdie groepe (dus die bruin mense en swart mense) polities gemarginaliseer is.

As agtergrond tot die ontstaan van dié mites word verwys na die proses van kolonialisering, die slawekwessie, die mite van wit dominansie en die sogenaamde “soeke na ’n witmansland” in die twintigste eeu. Die vrees vir die getalle-oorwig van die “donkerder mense” in die land, maar ook in die res van Afrika, maak deel uit van die oorlewingsmite van die wit groep. Veral by die Afrikaners wat reeds sedert hulle ontstaan as afsonderlike kultuurgroep die stryd teen Nederlands en Engels (en die Britse ryk) asook teen die donkerder rasse moes voer, het die mite van eksklusiewe Afrikaner-etnisiteit en die gepaardgaande mite van uitverkorenheid as volk (Moodie: die Afrikaner-burgerlike godsdiens) diep posgevat. Hierdie mite kulmineer dan in die institusionalisering van apartheid en die apartheidswetgewing tydens die bewind van die Nasionale Party.

Die “bruin” mites hou verband met die (singewende – AMJ) ontstaansmites van die bruin mense en hulle status aan die vroeë Kaap, asook hulle beduidende rol in die wording van Afrikaans. Voorts word die problematiese verhouding tussen die bruin mense en baie van hulle se moedertaal, Afrikaans, belig. Die kern van die diskoers in hierdie geval is die feit dat bruin mense hoofsaaklik moedertaalsprekers van Afrikaans was, maar deur die dominante Afrikaanssprekende groep gemarginaliseer en van politieke regte ontnem is en daarom ’n negatiewe houding teenoor die Afrikaners (en dikwels dan ook teen Afrikaans) ingeneem het. Andersyds weer het sommige lede van hierdie groep Afrikaans as “bevrydingstaal” aangewend om teen die onregte van apartheid te betoog.

'n Belangrike afleiding is dat die impak van die mite van Afrikaans en apartheid op die bruin mense egter nog steeds (dus ook ná 1994) voelbaar is, soos verwoord deur Adam Small in 1995:

Apartheid, sê hulle vi' my
Apartheid is
verby
en (despite die remnants
en leftovers)
is vi' real
verby!

Ma die essentials bly
en bly
en bly

Oe die dinge hang innie lug
soes 'ie gieste van Paulus
kos *hulle's memories* ...

Die feit dat die “memories” nog steeds “in die lug hang”, is van belang vir die vraag wat in hierdie slothoofstuk gestel word, nl. watter impak daar steeds op Afrikaans is as gevolg van die mites wat aan die orde gestel is (vgl. hoofstuk 1.4: uitgangpunt 12 en navorsingsvrae 6 en 7). Dit sou bv. kon beteken dat bruin sprekers van Afrikaans steeds 'n “moeilike” verhouding met die taal beleef, en daarom makliker geneig sou wees om die funksionele verskraling van Afrikaans te aanvaar of selfs daaraan mee te werk.

Die “swart” mites hou ook verband met sake soos wit dominansie en die soeke na 'n witmansland, maar hiermee saam is daar die opkoms van “swart bewussyn”, die totstandkoming van die African National Congress, die rol van mitiese figure soos Steve Biko en Nelson Mandela, en die uiters negatiewe impak van Sharpeville, Soweto 1976 en die gebeure in veral die tagtigerjare

waaroor verslag gedoen is voor die Waarheids- en Versoeningskommissie. Al die genoemde gebeure is veral aan die Nasionale Party-regering en daarom ook aan die Afrikaners en Afrikaans gekoppel.

'n Verdere verskil tussen die “swart” en “bruin” mites is dat die swart mense oor die algemeen nooit moedertaalsprekers van Afrikaans was nie, en dus in elk geval hoogstens 'n tweedetaal-assosiasie met Afrikaans het. Daar is dus nie in die geval van swart mense 'n mate van lojaliteit teenoor die taal as moedertaal nie. Intendeel, die siening van ouer swart mense (wat in die vyftiger-, sestiger- of vroeg-sewentigerjare op skool was), is waarskynlik min of meer dieselfde as dié wat deur Mathews Phosa verwoord word in sy inleiding tot *Deur die oog van 'n naald*, naamlik dat Afrikaans, hoewel nie self die sondaar nie, nogtans “die kanaal (was) waardeur die sonde hom aan ons opgedring het.”

Wat betref die geslag ná 1976 is die saak eenvoudig: Engels is hulle medium van onderrig op skool en Afrikaans het in baie gevalle vir hulle 'n “vreemde taal” geword. Sedert 1994 is Afrikaans ook nie langer 'n verpligte matriekvak nie.

In die lig van die diskoers in hierdie studie, kan daar verder aangeneem word dat die ouer geslag wel die mites rondom Afrikaans en die Afrikaners waarmee hulle vir 'n lang tyd geleef het, aan die jonger geslag sou oorgedra het en dat dit dus ook laasgenoemde groep se houding teenoor Afrikaans beïnvloed het. Die impak van apartheid en die assosiasie van die Nasionale Party se beleid met Afrikaans, lei tot die opmerking van Krog dat die Afrikaners moontlik die hoogste prys denkbaar vir apartheid sal moet betaal: die verlies van Afrikaans.

7.2.5 Die neerslag van die mites

In hoofstuk 6 is die doel om by wyse van voorbeeldmateriaal te illustreer hoe wyd die mites wat in hoofstukke 4 en 5 bespreek is neerslag gevind het in verskillende Afrikaanse sisteme. Die uitgangspunt is dat die impak van die

betrokke mites gemeet kan word aan die trefwydte wat hulle gehad het in die sisteme onder bespreking.

Wat betref die neerslag van die mites in die Afrikaanse historiografie, is dit slegs nodig om daarop te wys dat die verskillende standpunte rondom die ontstaan en groei van Afrikaans op Afrikabodem dikwels ook die ideologie van die betrokke historiograaf onderskryf. Hiermee word nie beweer dat die historiografe nie eerlike wetenskaplikes is wat poog om hulle menings te verifieer en met bewyse te staaf nie. Die feit is egter dat historiografe gewone mense is en daarom noodwendig vanuit 'n bepaalde verwysingsraamwerk funksioneer. Die gevolg is dat die mites waarmee die historiograaf leef, onvermydelik deel uitmaak van sy seleksie, ordening en gevolgtrekkings. Hierdie proses is telkens werksaam wanneer die “storie van Afrikaans” deur een van die historiografe “oorvertel” word.

In die lig van die bespreking in hoofstuk 4 rondom die “liefdesband” tussen Afrikaans en die Afrikaner en die rol van Afrikaans as mitiese bindingsmiddel in Afrikanernasionalisme, is dit byvoorbeeld verstaanbaar dat Willemsse (1991:251) verwys na die “deafening silence on or slighting of the non-Germanic or black impact on Afrikaans” by diegene wat die oorsprong van Afrikaans in Suid-Afrikaanse skoolleerplanne uiteengesit het. Die rede vir hierdie “stilte” ten opsigte van die “Afrika-wortels” van Afrikaans hou verband met die dominante rol van die Afrikaner “culture brokers” (Willemsse, 1991:253 en verder):

The history constructed by Afrikaner historiography foregrounds an essential relationship to the motherland, the Netherlands instilling the belief of the direct European descendancy of Afrikaners. The language of these textbook authors is not merely a neutral carriage of the factual message but is very much part of a constructed and exclusive nationalist history” (p. 257).

Hierdie werkwyse (naamlik die seleksie van sekere feite en die weglating van ander) herinner aan die standpunt van die geskiedskrywers Samuel en

Thompson na wie veral in hoofstuk 2 dikwels verwys is. Die twee outeurs beweer onder meer dat narratiewe binne die genre van orale geskiedenisoordrag gesien moet word as “shaped accounts in which some incidents were dramatized, others contextualized, yet others passed over in silence, through a *process of narrative shaping in which both conscious and unconscious, myth and reality, played significant parts*” (Samuel & Thompson, 1990:5) (my kursivering).

Die belang van bogenoemde gevolgtrekkings vir hierdie studie is dat die historiografie van Afrikaans nie as ’n volkome “mitevrye” wetenskap beskou kan word nie, en dat die neerslag van verskillende mites rondom Afrikaans dus ook hier aantoonbaar is en tot in die eie tyd ’n beduidende impak het.

Wat betref die neerslag van die “Afrikaner”-mite in die onderwys en skoolleerplanne, is daar verwys na die C.N.O.-skole as instrumente teen verengelsing en na die rol van historiografe soos die Nienaber-broers wie se “storie van Afrikaans” in die leerplanne van skole vasgelê is.

Die neerslag van die “verdrukkingsmite” in die onderwysleerplanne is hoofsaaklik uiteengesit op grond van die werk van Jan Esterhuyse, wat ’n omvattende oorsig gee van die mate waarin Afrikaner- nasionalistiese sentimente daartoe bygedra het dat “leermateriaal linguistiese ondersteuning (ge)bied (het) aan die apartheidsideologie” (Esterhuyse 1986: Inleiding).

Die volledige bespreking van Esterhuyse hoef nie hier herhaal te word nie, maar myns insiens is daar wel repliek nodig ten opsigte van veral sy beswaar teen die keuse van Afrikanersentriese gedigte in die leerplanne van Afrikaanse hoërskoolleerlinge (eerstetaal). Esterhuyse se argument is dat die keuse van gedigte soos onder meer “Die beeld van oom Paul”, “Generaal de Wet”, “Die kampsuster” en “Vergewe en vergeet” vervreemdend ingewerk het ten opsigte van bruin moedertaalsprekers van Afrikaans wat nie hierdie geskiedenis met wit Afrikaanse kinders gedeel het nie. Dié standpunt is wel regverdigbaar wat betref

die bruin sprekers van Afrikaans. Myns insiens is dit egter nie 'n billike standpunt wat betref dié groep kinders wat wel met hierdie gedigte kan assosieer nie.

Dit is waarskynlik so dat daar in die informele of formele oordrag van die eie geskiedenis deur die volwassenes van bykans elke kultuurgroep op aarde vertellings en of/gedigte en ander literêre tekste ingesluit word waardeur kinders kan kennis neem van die manne en vroue wat as heroïese figure binne hulle groep gesien word. Die ongelukkige feit is dat daar binne die grense van een moedertaal 'n mitiese kloof ontstaan het en dat 'n deel van die moedertaalsprekers sodoende van die gemeenskaplike geskiedenis vervreem is. Hierdie feit kan myns insiens egter nie sonder meer beteken dat Afrikanerkinders daarom geen reg gegun mag word om ook hulle eie geskiedenis en volksfigure in gedigte en verhale te “ontdek” nie. Sou daar voorgestel word dat gedigte oor die eie herkoms en helde verkieslik nie in die leerplanne van Afrikaanse (Afrikaner-) kinders ingesluit moet word nie, sou daar van hierdie kinders 'n voorreg ontnem word wat aan kinders dwarsoor die wêreld gegun word.

Wat is nou die oplossing vir die feit dat daar binne een moedertaal twee groepe kinders bestaan met verskillende behoeftes ten opsigte van die keuse van literêre tekste in skoolleerplanne?

Daar is myns insiens geen eenvoudige of enkelvoudige antwoord op hierdie vraag nie. Een moontlikheid sou wees om te probeer differensieer wat betref die twee groepe kinders, maar hierdie oplossing sou op sy beurt weer kon bydra tot verdere verwydering en stigmatisering. Dit is in elk geval geensins meer 'n haalbare oplossing vandat daar wit en bruin kinders saam in dieselfde klaskamer is nie.

'n Ander – en waarskynlik meer aanvaarbare oplossing - waaraan aandag kan word, is dat daar moeite gedoen moet word om ook gedigte in te sluit soos onder meer Patrick Petersen se “komvandaan” (soos aangehaal in hoofstuk 5 rondom

die “bruin” mites), en ander gedigte waarmee bruin Afrikaanssprekende kinders kan identifiseer. Sodoende kan Afrikaanse moedertaalsprekers uit albei groepe waardering en begrip vir mekaar se mites ontwikkel (of ook insien dat baie van die mites gedeelde mites is) en die werklike “storie van Afrikaans” as meer genuanseerd begin ervaar as wat voorheen die geval was.

Daar is in hoofstuk 6 redelik uitgebreid aandag gegee aan die neerslag van die mites onder bespreking binne die Afrikaanse letterkunde. Daar is geredeneer dat die impak hiervan op die letterkunde nie toevallig is nie, aangesien die letterkunde by uitstek dié sisteem is waarbinne die mitiese ’n tuiste vind. Of anders gestel: die distillasie van al die mites van ’n volk maak deel uit van die narratiewe wat weer in die letterkunde neerslag vind. Min of meer dieselfde gedagte word verwoord deur Roodt (2001:233) wat die volgende beweer:

I hold the opinion that *a country’s literature is probably the best record of its history*. There are various reasons for this state of affairs: it’s not official, it’s not slanted, it offers different perspectives by innumerable individuals on their experience of the country’s realities. The paradox of literature is that although it is fiction, *the writer’s lie is mostly the truth* (my kursivering).

Sonder om weer die oorsig oor die mites in die Afrikaanse letterkunde te herhaal, sou daar beweer kon word dat albei die hoofmites onder bespreking in hoofstukke 4 en 5 wel deeglik in die Afrikaanse letterkunde van die twintigste eeu neerslag gevind het. ’n Verdere afleiding sou wees dat die letterkunde op sy beurt weer miteskepping in die hand gewerk het, of in elk geval meegehelp het om die betrokke mites nog sterker te vestig.

In die laaste afdeling van hoofstuk 6 is daar aandag gegee aan die polemieke rondom Opperman se gedig, “Kersliedjie” – en veral die gebruik van die frase “God se klong” - soos bespreek in die M.A.-verhandeling van N.J. Snyman. Hierdie polemieke bied ’n onteenseglike (en vir my persoonlik ’n redelik ontstellende) blik op die mate waarin die mite van Afrikaner-eksklusiwiteit en wit

meerderwaardigheid deel was van die kollektiewe denke van baie Afrikaners in die vyftigerjare. Hierdie denke was so sterk gevestig dat Snyman selfs daarop wys dat die frase “God se klong” deur een beswaarmaker as “onnasionaal” bestempel is (1969:63).

Daar sou nog baie meer voorbeelde van die neerslag van die mites rondom Afrikaans in verskillende Afrikaanse sisteme uitgewys kon word. Daar is egter aan die begin van hoofstuk 6 daarop gewys dat daar eksemplaries te werk gegaan word en dat die seleksie van ’n redelik wye spektrum van voorbeeldmateriaal veral ten doel het om te wys hoe groot die impak van die betrokke mites was.

7.2.6 Gevolgtrekkings

Die belangrikste gevolgtrekkings met betrekking tot hoofstukke 2 – 6 van die proefskrif kan soos volg weergegee word:

- Mites word in hierdie studie as lewende, rigtinggewende kragte beskou (vgl. hoofstuk 1.4: navorsingsvrae 1 en 2);
- Identiteit, nasionalisme, sogenaamde “verbeelde gemeenskappe” en die kwessie van politieke miteskepping is almal faktore wat belangrik is vir die diskoers (vgl. hoofstuk 1.4: uitgangspunt 13 en navorsingsvraag 3);
- Mites rondom Afrikaans word gesien as positief indien hulle bygedra het tot die bevordering van die taal se status en funksies en as negatief indien hulle verskraling van hierdie status en funksies meegebring het (vergeelyk hoofstuk 1.4: navorsingsvraag 4);
- In die eerste dekades ná die Anglo-Boereoorlog het die Afrikaner ’n verbete stryd gevoer om sy identiteit as groep te handhaaf teen Britse oorheersing (vgl. hoofstuk 1.4: navorsingsvraag 4);
- Hierdie stryd word onder meer verwoord deur M.E.R. wat verwys na die “volgehoue vryheidsdroom” en die “nimmereindigende opdraand

- gesukkel” van die Afrikaner om homself te bly (vergelyk hoofstuk 1.4: navorsingsvrae 4 en 5);
- Daar is onteenseglike bewyse van die feit dat Afrikaans in hierdie eerste dekades van die twintigste eeu en tot met die Nasionale Party-oorwinning by die stembus in 1948 as mitiese bindingsmiddel van Afrikanernasionalisme aangewend is (vergelyk hoofstuk 1.4: uitgangspunt 14 en navorsingsvraag 4);
 - Die mite, “Afrikaans, verdrukkerstaal”, het ’n lang aanloop gehad in die koloniale geskiedenis van die land, en hang saam met onder meer die mite van wit meerderwaardigheid, die Afrikaner- burgerlike godsdienst en Afrikaner-eksklusiwiteit enersyds en swart bewussynstrewes andersyds (vergelyk hoofstuk 1.4: navorsingsvraag 4);
 - Tydens die 1976-Soweto-onluste en die daaropvolgende opstande in die res van die land het Afrikaans grootliks as metafoor vir politieke verdrukking gegeld (vergelyk hoofstuk 1.4: uitgangspunt 14 en navorsingsvraag 4);
 - In die narratiewe voor die Waarheids- en versoeningskommissie is Afrikaans en die Afrikaner dikwels – of meestal – as die “verdrukkings” uitgebeeld (vergelyk hoofstuk 1.4: uitgangspunt 14 en navorsingsvraag 4);
 - Die moontlikheid is selfs al geopper dat Afrikaans die prys is wat die Afrikaners vir apartheid sal moet betaal (vergelyk hoofstuk 1.4: uitgangspunt 14 en navorsingsvraag 4);
 - Die mite van Afrikaans as die taal van die “regte Afrikaners” en dié van Afrikaans as die taal van die verdrukker het albei wyd neerslag gevind in verskeie sisteme van die Afrikaanse werklikheid, en hierdie neerslag kan nagespeur en uitgewys word deur gebruik te maak van ’n seleksie uit ’n groot korpus geskikte voorbeeldmateriaal (vergelyk hoofstuk 1.4: navorsingsvraag 5).

Die vraag kan dan nou gestel word hoe dit met die mites ná 1994 gestel is (vergelyk hoofstuk 1.4: navorsingsvrae 6 en 7).

7.3 Die mites rondom Afrikaans ná 1994

7.3.1 Inleiding: standpunte van taalsosioloë in die aanloop tot 1994

Hans du Plessis maak die volgende uitspraak oor Afrikaans (1992:49):

Afrikaans hoort histories en eietyds in Afrika. Sonder om sy Europese wortels weg te wens, lewe Afrikaans juis omdat hy Suid-Afrikaans is.

In dieselfde publikasie (1992:49) skets Du Plessis egter die situasie rondom Afrikaans – sonder om daarna te verwys as mites – as sou Afrikaans enersyds die simboolwaarde besit van die “toepassing van apartheid” en andersyds dié van “eksklusiewe draer van Afrikanernasionalisme” (dus van die twee opponerende mites wat in hierdie proefskrif in hoofstukke 4 en 5 bespreek is – AMJ).

Daar is ook in hoofstuk 5 rondom die verdrukingsmite verwys na Van Rensburg se uitspraak (1999:72) oor (die simboolwaarde van – AMJ) Afrikaans. Van Rensburg noem dit “die metaforiek omtrent Afrikaans” en beskryf die problematiek hieromtrent soos volg:

Daar heers vandag in Suid-Afrika 'n mode wat dit wil hê dat daar vir die sondes van 'n deel van die Suid-Afrikaanse gemeenskap [...] 'n beskuldigende vinger na die taal Afrikaans gewys word.

Sy standpunt is duidelik: die taal kan nie instaan vir sy sprekers se oortredings nie:

Ek wil betoog *dat die taal Afrikaans nie in die beskuldigdebank behoort te staan nie...* (my kursivering).

In die werk van albei hierdie Afrikaanssprekende (Afrikaner-) taalsosioloë sou 'n mens oor 'n lang tydperk 'n sensitiwiteit vir die “veelrassige” geskiedenis en aard van Afrikaans kon bewys. Om maar een voorbeeld te noem:

Christo Van Rensburg het reeds in die tagtigerjare met ondersteuning van die RGN intensiewe navorsing gedoen oor die Afrikaans van die Griekwas en hieroor omvattend verslag gedoen. Met verloop van tyd het dieselfde onderwerp vir Hans du Plessis in so 'n mate geboei dat hy begin het om verskeie Psalms en later ook ander Bybelgedeeltes in Griekwa-Afrikaans te omdig.

Du Plessis spel die aard van dié Afrikaans wat in die “nuwe Suid-Afrika” moet bly voortbestaan (ook as amptelike taal) in sy 1992-publikasie soos volg uit:

Onthou: as ek van Afrikaans as amptelike taal in die nuwe Suid-Afrika praat, praat ek van die nuwe Afrikaans... Afrikaans wat rekening hou met sy eie nie-wit geskiedenis, en 'n Afrikaans wat rekening hou met die totaliteit van sy dialektiese moontlikhede.

Theo du Plessis, 'n jonger taalsosioloog en student van Christo van Rensburg, neem in Februarie 1988 deel aan 'n seminar oor “Alternatiewe Afrikaans”, wat uitloop op die publikasie “Afrikaans en bevryding”. Die slotsom van Du Plessis se referaat (1988:50,51) is dat daar gestrewe word na 'n “nie-rassige Afrikaans [...] wat in 'n uiteindelijke Suid-Afrika 'n gesonde, ongestremde en onbehepte leefruimte (sal hê).”

Hierdie taalsosioloë vra dus almal by implikasie dat die taal nie “verantwoordelik gehou mag word”² vir politieke miteskepping deur Afrikanerleiers in die verlede en die neerslag van mites in verskeie Afrikaanse sisteme nie, maar dat 'n inklusiewe, nie-rassige Afrikaans 'n regmatige plek in die postapartheidsera gegun sal word.

² Ek is bewus van die feit dat dié formulering 'n verpersoonifisering van Afrikaans impliseer, waaraan baie ander gespreksgenote hulle ook skuldig maak. Vanselfsprekend is dit nie die taal as sodanig nie, maar sy sprekers of die betrokke taalsosioloë wat aan die woord is.

Steyn (1993) bespreek die geskiedenis rondom taalideologie en taalbeleid in Suid-Afrika. In sy betoog (1993:97) rondom die voor-en nadele van taalpluralisme teenoor taalassimilasie wys hy daarop dat, hoewel die direkte koste van taalpluralisme in die geskiedenis hoër was as dié van assimilasië, pluralisme voordele ingehou het soos taalregte en toegang tot belangrike loopbane. Konflik is ook eerder vermy deur pluralisme, en die opstande in Soweto in 1976 het juis voorgekom op grond van die gedeeltelike assimilasiëbeleid. Steyn wys voorts daarop dat amptelike Engels-eentaligheid in Suid-Afrika “’n terugkeer (sou) beteken tot ’n assimilasiëbeleid wat al die ander tale as die amptelike taal gaan benadeel.” Steyn haal in hierdie verband vir Cocquereaux (1981:34) aan, wat die volgende beweer:

Uit het officiële leven verbannen, blijft ze na enige tijd alleen een gesproken taal. Zij sukkel voort in dialectale vormen of verschrompelt tot patois, door die meerderheidstaal gecontamineerd.

Die bogenoemde standpunt wat deur Steyn gestel word, geld weliswaar die situasie wanneer ’n bepaalde taal amptelik van sy amptelike status ontnem word. Dit is nie die geval met Afrikaans ná 1994 nie. Die frase van Cocquereaux, “uit het officiële leven verbannen” kan egter nie sonder meer ter syde gestel word nie. Daar is reeds na talle voorbeelde van hierdie “verbanning” van Afrikaans uit die officiële lewe van Suid-Afrika verwys (en dit ten spyte daarvan dat die taal wetlik ampstaalstatus geniet), en nog talle ander sou bygehaal kon word. Taallojale Afrikaanssprekendes word dikwels gekonfronteer met dieselfde situasie as dié waarna prof. De Vos in 1906 verwys het, soos aan die begin van hierdie hoofstuk aangehaal:

Maar wijst nu de een of ander op zodanig misbruik, zoals hierboven genoemd, (waar Engels voorkeur geniet het bo die “Afrikaanders” se taal – AMJ) dan heet het: hoe bekrompen, hoe anti-Engels om op zulk een kleinigheid te vitten!

Die verskraling van Afrikaans se status in die openbare lewe is waarskynlik vir baie Afrikaanssprekendes (en spesifiek die “Afrikaner”-segment) tekenend van hulle eie verswakte politieke posisie in die land ná 1994.

Daar word voorts geargumenteer dat talle polemieke/diskoerse en gebeure ná 1994 bygedra het tot verdere miteskepping enersyds en ontluistering andersyds van die mites rondom Afrikaans wat in die voorafgaande hoofstukke uiteengesit is. Drie van hierdie gebeure/diskoerse (wat weer eens slegs ’n eksemplariese seleksie verteenwoordig) word vervolgens genoem/kortliks bespreek.

7.3.2 Die WVK (1996-1998)

Die getuienis van “gewone mense” voor die Waarheids- en Versoeningskommissie is in hoofstuk 5 redelik breedvoerig bespreek en sal derhalwe nie weer hier aan die orde gestel word nie. Uit die bespreking moet dit egter duidelik wees dat die WVK-verhore enersyds ’n groot impak gehad het op miteskepping “teen” Afrikaans en die Afrikaner binne dié groepe wat die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal “geleef” het, en andersyds hulle deel bygedra het tot ontluistering van die Afrikanermite vir diegene wat in die Afrikaner se roeping “aan die suidpunt van Afrika” en sy Christelike aard as lewende en singewende mites geglo het.

7.3.3 “Boetman is die bliksem in” (2000 -2001)

Die agtergrond van die sogenaamde “Boetman”-debat is ’n ope brief van Chris Louw, die enigste joernalis van Suid-Afrika by die Statebondskonferensie rondom die beëndiging van apartheid op die Bahamas in 1985 en in 1995 uitvoerende regisseur van twee Afrikaanse radio-aktualiteitsprogramme, *Monitor* en *Spektrum*. Louw se ope brief (gedateer 1 Mei 2000) is gerig aan dr. Willem de Klerk na aanleiding van laasgenoemde se boek, *Afrikaners: kroes, kras, kordaat*. Louw het sy brief aanvanklik in Nasionale Pers se Boekhuis in Aucklandpark

neergesit vir koffiedrinkers om te lees, maar op 5 Mei 2000 is dit in verkorte vorm (op een volblad) in *Beeld* gepubliseer met die opskrif *Boetman is die bliksem in*.

Die kerngegewe van die brief en die daaropvolgende debat is dat die ouer geslag “Broeders” die jonger geslag “Boetmans”, van wie Louw een is, met mooi (miteskeppende – AMJ) woorde in die bloedige stryd – die grensoorlog – ingestuur het om te sterf vir die “Groter Saak” (2001:7) terwyl hulle (die “Broeders”) nooit self ’n oorlog gevoer het nie. Boonop verwyt die “Broeders” nou hulle “volgelingen” en “die Afrikaners” in die algemeen vir apartheid sonder dat hulle persoonlik die “hoof”-skuld daarvoor aanvaar. (In die slothoofstuk van Louw se boek, wat deur ’n kliniese sielkundige, Gert de Lange, geskryf is, word na die debat as ’n “volksdrama” verwys en dit is dan ook so dat die dramaturg, Pieter Fourie, die “woorde-oorlog” tot ’n verhoogdrama vir die 2000 Aardklopfes verwerk het. Daar is dus duidelike sprake van die impak van miteskepping tydens en na aanleiding van die betrokke debat.)

Louw voel skynbaar ook persoonlik gegrief omdat dr. De Klerk hom as jong joernalis (maar reeds getroud, met twee kinders en so digby dertig (2001:11)) in die gange van Perskor “ge-‘Dag Boetman’” het. Hierdie aanspreekwyse getuig vir Louw van die patriargale sisteem waarvolgens die Afrikanerjeng onder meer deur hulle ouers (en oueres) geïndoktrineer is:

Ek onthou hoe ons op skool [...] gatgeskeer het met die Christelik-nasionale kolonels wat ons so vreeslik sedig kom vermaan het teen die euwels van popmusiek, lang hare en voorhuwelikse seks (2001:10).

En

Ek was immers ’n produk van u Christelik-nasionale onderwys; ’n suksesvolle skepping van organe soos die Broederbond... Julle was slug genoeg om ons ook met julle ideale te besmet, deur julle Broederbond-dinkskrums, julle kerkrade, julle geskiedenisonderwysers, julle veldkampe, julle voorligtingsklasse, julle *Roeping en werklikheid*, julle Uitsaaikorporasie, julle koerante, en veral julle sensuur (2001:13).

Dit is baie duidelik dat Louw sinies is oor die **bewustelike miteskepping** deur al die genoemde rolspelers, en dat die “ideale” wat oorgedra is, vir hom die aanskyn van ’n siektetoestand of “besmetting” het. Die “persoonlike aanval” op (Willem) de Klerk is ook in mities-gelaaide frases verwoord (2001:15):

Willem die Veroweraar. Willem die Dappere. Arme Willem die Verketterde.
Willem die Selfregverdigende.

In die konteks van hierdie diskoers oor mites is dit veral interessant dat Louw self eksplisiet na miteskepping verwys in die volgende uitspraak (2001:15):

Ons ou grootvaders het geskiet om dood te skiet. Jou geslag het die Slag van die Woord verken: hoe om te skryf om dood te skryf. In die proses is die *mites verwaarheid* wat vir ons – vandag se dertigs tot vyftigs – *selfs met al ons sinisme, ons geskiedenis geword het ... Watter dapper krygers ons grootvaders was in wie se spore ons [...] gevolg het. Met vernuftige woordspeletjies het julle staatsterreur en menseregteskendings gelykgestel aan ons voorouers se vryheidstryd... Nou hoor ons – die Nuwe Geskiedenis haal die oue mos altoos in – dat selfs in die tyd van heldedade meer as miljoen patrone vermors is om maar enkele duisende Kakies van die gras te maak. Soos julle, het die ou takhare ook maar nie te suiwer gekorrel nie* (my kursiverings)³.

Louw vertel voorts van ’n gewese veiligheidspolisieman wat tydens ’n openbare diskoers rondom die “Boetman”-debat by die Aardklop-kunstefees in September 2000 gebieg het dat hy mense gemartel het en ander onder hom gemobiliseer het om dit ook te doen omdat hy sy “dominee en politieke leiers” geglo het wat gesê het die saak is reg:

Die fors, grys Oom het ’n oomblik stilgebly, en toe gevra: “*Hoe het die storie begin? Wie het dit uitgedink?*” (2001:35) (my kursivering).

Die “Boetman”-brief het ’n hewige polemieë in die media ontlok en talle briewe, wat uiteindelik vervat is in Louw se 2001-publikasie (waaruit bostaande aanhalings geneem is), dui op instemming van oud-dienspligtiges en hulle

³ Louw gee in dieselfde trant hoofstuk 8 van sy boek die titel “Die *mite* van die onskuldige baba”.

naasbestaandes met die sentimente daarin. Die bestek van die polemieek is te omvattend om verder in besonderhede daarop in te gaan.

Enkele slotwaarnemings in verband met die “Boetman”-debat is die volgende:

- Die uitsprake van die genoemde oud-dienspligtiges en hulle naasbestaandes is dikwels skokkend en het waarskynlik in die maande na die ope brief en die reaksie daarop hulle deel bygedra om Afrikaner-mites se geldigheid onder verdenking te bring; Die sterk klem wat Louw plaas op bewustelike miteskepping ter wille van beïnvloeding en indoktrinasie deur verskeie leiers- of gesagsfigure en opvoeders herinner aan Thompson se siening (soos uiteengesit in hoofstuk 3) van sogenaamde “radikale mites” as uiters skadelike fenomene. Thompson haal Cassirer 1946:280 aan wat beweer dat dié demoniese miteskeppende kragte altyd teenwoordig is, “*lurking in the dark and waiting for (their) hour and opportunity*. This hour comes as soon as the other binding forces of man’s social life, for one reason or another, lose their strength and are no longer able to combat the *demonic mythical powers*” (my kursivering.)
- Die interessantste aspek van die “Boetman”-polemieek vanuit die uitgangspunt van hierdie diskoers is egter Louw se stelling dat daar ironie bestaan in die feit dat hy “op intellektuele vlak met soveel saamstem wat (De Klerk) skryf”, alhoewel dit nie “die woede verdryf nie” (2001:21). Hierdie uitspraak dui immers daarop dat die miteskepping in Louw se eie lewe nie sonder blywende impak was nie, en dat dit nie sonder meer moontlik is om die mites waarmee hy van jongs af geleef het, tot niet te maak nie. Dieselfde afleiding volg uit die aanhaling hierbo waarin Louw beweer dat – ten spyte van sy geslag se sinisme – die mites van hulle “helde-voorgeslag” vir hulle “verwaarheid” is en “geskiedenis” geword het.

7.3.4 Die verskyning van Hermann Giliomee se “biografie van ’n volk” (*The Afrikaners: biography of a people*) (2003)

In Giliomee se inleiding tot sy biografie oor die Afrikaners (2003:xiii) word enkele mities-gelaaide frases van Jan Smuts (uitgespreek in 1949 met die onthulling van die Voortrekker-monument) aangehaal (*Smuts Papers*, volume 7:327):

What young nation can boast a more romantic history, one of more far-reaching human interest? Color, incident, tragedy and comedy, defeat and victory, joy and sorrow ... our early history is full of the most gripping human interest. If only we had the pen of the Greeks, what a literary contribution should we make to our future treasures! There is gold not only in our earth, but still more in our history.

Rondom die apartheidsideologie maak Giliomee die stelling dat daar ’n “vreemde” poging was om die begeerte om as wit volk voort te bestaan, te versoen met die konsep van geregtigheid.

The peculiar feature of apartheid as an ideology was its attempt to reconcile the demands for white survival and justice. But for those nationalists who were “double-minded segregationists”, to use Hoernlé’s term, it was difficult to believe that the bleak, segregated townships could justify the denial of rights to black and colored people (Giliomee 2003:461).

In die konteks van bogenoemde aanhaling verwys Giliomee na ’n preek in 1940 wat baie bespreking uitgelok het. Die prediker was ds. William Nicol van Johannesburg. Ds. Nicol se standpunt was dat hy hom wel beywer vir die voortbestaan van ’n afsonderlike Afrikanervolk, maar dat hy eerder sou wou sien dat die Afrikaners deur ander volke verswelg word as dat hulle sou probeer om sonder God en sonder geregtigheid voort te bestaan.

(Hierdie gedagte herinner sterk aan die bekende voorwaarde vir voortbestaan wat van Van Wyk Louw rondom die Afrikanervolk uitgespreek het, nl.

“voortbestaan in geregtigheid”. (Steyn, 1998:1135 se oordeel oor hierdie uitspraak van Van Wyk Louw lui soos volg: “Hy was nie die eerste in die

geskiedenis van die Afrikaner wat geregtigheid as 'n etiese imperatief gesien het nie, maar van geeneen van sy voorgangers het daar so 'n dwingende invloed op die hele gemeenskap uitgegaan nie. 'Voortbestaan in geregtigheid' het mettertyd die hoofmotief vir die Afrikaanse denkers en politici geword wat deur sy denke beïnvloed is.”)

Die afleiding wat volgens Giliomee uit standpunte soos dié van die geestelike leier, ds. Nicol, en die intellektueel, Van Wyk Louw, gemaak kan word, is dat reeds van voor die bewindoorname deur die Nasionale Party en ook in die loop van die apartheidjare, daar prominente Afrikaners was wat hulle kommer oor die regverdigbaarheid van die apartheidsideologie uitgespreek het.

Talle standpunte van Afrikaners wat teen apartheid in geskryf het, is in hoofstuk 5 van hierdie proefskrif aangehaal. Ten spyte hiervan oordeel Giliomee dat, hoewel Afrikaners gedwing is om baie van hulle aannames in heroënskou te neem, die meeste nog moeilik erken dat apartheid in beginsel verkeerd was (2003:666).

Hierdie laasgenoemde stelling van Giliomee op die laaste bladsy van sy omvattende biografie oor die Afrikaners dui myns insiens baie sterk daarop dat die mites waarmee mense oor 'n lang tydperk geleef het, beswaarlik binne 'n dekade tot niet gemaak kan word. Dit bevestig ook die stelling in die “voorafwoord” dat pogings tot die dekonstruksie van 'n mite nie sonder meer die geldigheid van die bestaan van die mite tot niet kan maak vir diegene wat hulle hele bestaan in terme daarvan gedefinieer het nie.

7.3.5 Die “versteuring van veilige patrone”

Daar is onteenseglik ook faktore in die (mitiese) “nuwe Suid-Afrika” van die afgelope dekade wat 'n negatiewe impak het op pogings om die “ou” mites in die geval van Afrikaanssprekendes (Afrikaners) te hermitologiseer. Die belangrikste

hiervan is die impak van die sogenaamde regstellende aksie (as gevolg waarvan baie wit Afrikanermans hulle werk verloor het), asook die eskalاسie van misdaad in die algemeen en die gereelde voorkoms van plaasmoorde in die besonder (omdat dit lyk asof laasgenoemde veral teen Afrikaner-boere gemik is in 'n poging om wraak te neem op apartheid en omdat die persepsie bestaan dat die ANC-regering nie hierdie saak met die nodige erns bejeën nie – AMJ.)

Die bogenoemde faktore en die doelbewuste pogings om bestaande lewende mites binne 'n groep te ontmitologiseer, kan lei tot apatie en rigtingloosheid. (Vergelyk in hierdie verband die sesde uitgangspunt wat in hoofstuk 1.3 as onderdeel van die probleemstelling uiteengesit word).

Steinbeck (vgl. die aanhaling aan die begin van hierdie hoofstuk) verduidelik voorts ontugtering of “disillusie” as die emosie wat 'n mens ervaar wanneer jou *veilige patrone* versteur word. Daar kan beweer word dat die Afrikaner ná 1994 in baie opsigte in 'n fase van “versteuring van die veilige patrone” en daarom ook van ontugtering leef. Die “veilige patrone” het onder meer behels: wit Afrikaanse dominansie en minderheidsregering, Afrikaner-eksklusiwiteit, media-beheer, werksgeleenthede vir Afrikaanssprekendes, beheer oor staatsinstellings en die onderwys en vele meer. Ewe belangrik was ook die “waarheid” van die Afrikanermities waaronder Afrikaner-geroepenheid, die Afrikaner- burgerlike godsdiens en die “wonder van Afrikaans.”

Die afleiding is dus dat die apatie en disillusie nie net die gevolg is van die “fisieke wêreld” (of “veilige patrone”) wat “ten gronde gegaan het nie”, maar van die mite(s) wat ontluister is (Leroux 1980:12). Krog (1998:44,45) verwys byvoorbeeld na die geskoktheid van wit mense by die aanhoor van die narratiewe voor die Waarheids- en versoeningskommissie. (“The whites are often disconcerted: they didn't realize the magnitude of the outrage ...”)

Die gereelde verwysings ná 1994 na die vergrype van die apartheidsregime, die uitsprake teen Afrikaners tydens die WVK-verhore, die feit dat baie wit (veral mans hulle poste in die regering en staatsdiens verloor (en ander soortgelyke “vernederings”), bring groot ontnugtering mee. Soos hierbo bespreek, neem die jonger geslag (die “Boetmans” tussen dertig en vyftig jaar) die ouer geslag (die “Broeders”) kwalik vir apartheid en veral ook vir die miteskepping rondom apartheid wat volgens hulle (Louw en ander) vals was (en dus binne die diskoers van hierdie proefskrif die lewende en singewende funksie van die mite as ’t ware oneer aan gedoen het – AMJ).

Al hierdie faktore het noodwendig ook ’n groot impak op die (mitiese) “merker van (Afrikaner-/Afrikaanse) sosiokulturele identiteit” (vergelyk Webb 1992:9), naamlik die taal, Afrikaans.

7.4 En nou, Afrikaans?

Afrikaans het, soos reeds genoem, in die nuwe Suid-Afrika wel een van die amptelike tale van die land geword, ’n status wat die taal met nog tien ander tale deel. Moedertaal-Afrikaanssprekendes van alle kleurgroepe (blank, bruin en selfs swart) praat daaglik Afrikaans in die huis, in sosiale interaksie onder mekaar, op die skoolterrein, by die kerk, in die wandelgange by die werk, en in talle soortgelyke sogenaamde laetaalfunksiesituasies. Afrikaanse dagblaie en tydskrifte word deur groot getalle lesers gelees, die Afrikaanse letterkunde is steeds verreweg die mees produktiewe Suid-Afrikaanse letterkunde (Roodt, 2001:233), en Afrikaanse musiek en toneel floreer, gemeet aan die Afrikaanse “kunstefeeste”.

Ten spyte van al die bogenoemde oënskyklik gunstige tekens rondom Afrikaans se huidige posisie, is daar egter ook, soos reeds genoem, talle onmiskenbare tekens van die verskraling van Afrikaans se hoëfunksiestatus wat nie sonder meer genegeer kan word nie.

Ons leef in die postapartheidsera. Dit is dan ook in 2004 reeds die derde maal dat daar 'n verkiesing sal plaasvind waartydens volwassenes van alle rassegroepe op 'n gemeenskaplike kieserslys hulle stemme sal kan uitbring om demokraties verkose leiers uit alle bevolkingsgroepe aan te wys.

Die uitgangspunt van hierdie proefskrif is egter dat mites, as singewende en lewende kragte, nie sonder meer “vernietig” kan word nie en gevolglik hulle impak oor 'n baie lang tyd steeds laat geld. Dit is waar wat betref die impak van bewustelike politieke miteskepping (vgl. die “Boetman”-debat hierbo), maar baie meer nog vir dié miteskepping wat in die “kollektiewe onderbewuste” (volgens Jung – vgl. hoofstuk 2) ontstaan en wat dus tot 'n groot mate onbewustelik tot stand kom. Uit die diskoers in hierdie proefskrif moet dit op hierdie stadium duidelik wees dat albei hierdie wyses van miteskepping deeglik verreken kan word in die “storie van Afrikaans.”

Vir die Afrikaner was die eis van sy voortbestaan as afsonderlike groep van die begin af (dit wil sê reeds in die negentiende eeu, maar ook deur die loop van die twintigste eeu) 'n lewende en rigtinggewende mite, waarsonder hy sy bestaan nie sou kon indink nie. Hierdie mite is deur sy leiers op alle gebiede aan hom voorgehou, en het later gestalte gekry in die beleid van afsonderlike ontwikkeling van die verskillende groepe in die land.

Afrikaans was vir die Afrikaner van meet af aan 'n kragtige en miteskeppende instrument (vergelyk weer hoofstuk 4) wat juis daarom op besondere wyse ontwikkel is om status te kon verwerf op al die belangrikste openbare terreine. Dit is dus nie vreemd dat, nog meer so as die meeste ander groepe, die Afrikaner steeds sy groep se identiteit, voortbestaan en lewenskragtigheid meet aan die mate waarin Afrikaans groei – of kwyn - en status geniet al dan nie.

Aan die ander kant kan die mite van Afrikaans as die taal van apartheid – en dus die verdrukkerstaal – ook nie so maklik vernietig word nie. Baie mense wat tans in die regering is, het gely onder “Afrikaans as die verdrukker” – selfs al was hulle eie moedertaal Afrikaans – en het dus geen voorliefde vir die taal en sy sprekers nie. Afgesien van die praktiese, finansiële oorwegings vir die keuse van Engels as taal van nasionale eenheid en *lingua franca*, kan die doelbewuste “aftakeling” van Afrikaans se regte en status op vele openbare terreine sekerlik ook verband hou met die impak van die betrokke mite en die poging tot regstelling van die verlede. Die feit dat Afrikaners vir baie lank geen geheim gemaak het van hulle besondere verbondenheid met Afrikaans as mitiese merker van Afrikaneridentiteit nie, maak dit vir diegene wat die “ander mite” geleef het, soveel sinvoller om juis die taal te gebruik om hulle as ’t ware op die Afrikaner en apartheid te “wreek.”

Drie tradisioneel-“Afrikaner”-terreine is dus aangetas:

- Die werksmilieu, en veral die staatsdiens, waar regstelling volgens kwotastelsels (op grond van die bevolkingsamestelling) baie Afrikaners uit poste wat hulle tradisioneel bekleed het, dwing;
- Die landboumilieu – ook tradisioneel die wêreld van die Afrikaners (of “Boere”) – waar gronde onteien word ten gunste van historiese eienaars se eise en waar plaasaanvalle hulle lewens daagliks bedreig; en
- **Die terrein van hulle “geliefde” taal, Afrikaans, wat na twee eeue van verzet en na besondere winste op sowel die gebied van korpusontwikkeling as dié van statusontwikkeling, in hierdie laat fase lyk asof dit gaandeweg die knie moet buig voor totale oorheersing deur Engels.**

7.4.1 Het die “wonderboom” geval? (Erkenning aan J.C. Steyn en Réna Pretorius)

Sou dit dan nou die slothoofstuk in die “storie van Afrikaans” wees? Het die mite van die “wonder van Afrikaans” sy krag verloor? Is ons nou by die punt waarna Steyn (1978:122) sy dagboekinskrywer laat verwys:

Dis miskien ons almal se enigste egte besit: die smart en die vrees vir die smart om te kan verloor wat vir ons die liefste is... [...] dat die wonderboom ...”

Pretorius (1984:65) voltooi hierdie “angsvallige dagboekskrywer” se frase deur dit in ’n retoriese vraag te omskep: “Vrees dat die wonderboom sal ... val?”

Het die metaforiese “wonderboom” – Afrikaans – miskien al reeds geval, terwyl net sy wortels nog krampagtig aan Afrikabodem bly vasklou? Het die mites rondom Afrikaans die taal ingehaal op tweërlei wyses:

- deur ontluistering van die Afrikanermities, sodat ook die mitiese bindmiddel van Afrikaner-eenheid sy krag verloor het; en
- deur oorbeklemtoning van die verdrukkingssmitie, waarvolgens die taal mede-verantwoordelik gehou word vir die geskiedenis van apartheid en alles wat daarmee saamgegaan het en dus as ongewens beskou word binne die konteks van die “nuwe Suid-Afrika?”

Die antwoorde op al die bostaande vrae is nie eenvoudig of enkelvoudig nie. Hoogstens kan enkele slotopmerkings die rigting aandui waarlangs oplossings vir die bedreiging rondom die voortgesette rol van Afrikaans in Suid-Afrika gesoek kan word.

7.5 Slotsom van die ondersoek

Die mites wat in die loop van die twintigste eeu rondom Afrikaans ontstaan het, asook hulle impak en neerslag binne verskillende Afrikaanse sisteme is in die voorafgaande bespreking onder oënskou geneem.

Die **slotsom** kan kortliks soos volg gestel word:

- Miteskepping rondom Afrikaans het onteenseglik plaasgevind en 'n belangrike rol binne die konteks van die taal se ontwikkeling op alle terreine gespeel;
- Daar was miteskepping vanuit twee verskillende ideologiese vertrekpunte en daarom bestaan daar tans ook nog twee uiteenlopende beskouings van die waarde en rol van Afrikaans in Suid-Afrika;
- Hierdie feite plaas Afrikaans in Suid-Afrika in sommige opsigte in 'n problematiese posisie en kan moontlik negatief impakteer op die voortgesette rol en status van die taal in die veeltalige Suid-Afrika, en veral in mededinging met sy oudste “teenstander”, nl. Engels;
- Indien Afrikaans steeds funksioneel verskraal word en die wit groep sprekers – die Afrikaners – steeds verantwoordelik gehou word vir die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal en die gepaardgaande apartheidsmite, kan dit lei tot verdere disillusie en ontluistering van die eie mites, en moontlik tot apatie of fisiese afstandskopping (deur bv. emigrasie uit die land);
- Daar moet deurtentyd gesoek word na sinvolle oplossings vir die probleme rondom Afrikaans.

7.6 Aanbevelings

Enkele **aanbevelings** word hierna voorgelê, alhoewel daar sekerlik nog in diepte deur politici, taalbeplanners en “gewone Afrikaanssprekendes” na verdere oplossings gesoek moet word.

7.6.1 Leef saam met die mites

Die eerste saak wat myns insiens van baie groot belang is wanneer oplossings gesoek word vir probleme rondom Afrikaans se huidige stand is dat daar met die mites rondom Afrikaans saamgeleef moet word.

Hiermee word bedoel dat die mites wat in hierdie proefskrif bespreek is – en veral dan die twee “hoof”-mites soos in hoofstukke 4 en 5 onderskeidelik aan die orde gestel – op geen manier weggewens of weggeredeneer kan word nie.

Dit is reeds duidelik gestel dat mites as singewende en lewende kragte diegene wat in hulle waarheid glo, rig en lei, en as sodanig beswaarlik binne een menseleeftyd ongeldig verklaar kan word. Of liewers: die mite kan sekerlik by herhaling ongeldig “verklaar” word, maar hierdie verklarings sal geen blywende impak hê nie, omdat die waarheid van die mite tydloos is ook nie “’n verstandelike konkoksie” verteenwoordig nie (sien die aanhalings in hoofstuk 2 in hierdie verband). Om sonder die mite te probeer leef, is so goed as om te “sterf van honger.”

Die oplossing is dus myns insiens nie om die eie of die ander se mites te probeer ontken of ontmitologiseer nie, maar om te aanvaar dat die ander inderdaad ook lewende en singewende mites het waardeur hulle bestaan gerig is, en om respek en deernis hiervoor te ontwikkel. Dit geld ook die opponerende mites rondom Afrikaans. In die woorde van Brink, soos aangehaal aan die begin van hoofstuk 6, moet daar in gedagte gehou word dat al die sprekers van Afrikaans (wat beide moedertaalsprekers en niemoedertaalsprekers kan insluit) “baie stories het wat almal waar is”, en dat dit noodsaaklik is “om reg te leer luister”. (Vgl. ook in hierdie verband hoofstuk 1.4: navorsingsvrae 8 en 9.)

In die huidige opset waarin baie van die vorige gedwonge grense tussen mense afgebreek is, is dit ook makliker om na mekaar se “stories” te luister en sodoende tot ware begrip te probeer kom. Dit sou dus wenslik wees om nog baie meer – metafories gesproke – “bloekombos”-gesprekke binne die Afrikaanse taalwerklikheid en sy mites te voer, met deelnemers uit die geledere van sowel diegene wat binne die Afrikanermities opgegroeï het as diegene wat deur die mite van Afrikaans as verdrukkerstaal gevorm is. Die belangrikste is egter in dié geval om saam te leef met die mites – dié van die ander, maar ook die eie (want ironies genoeg is die mens ook soms in stryd met die impak van die mites in sy eie lewe).

7.6.2 Liesit, praattit, skryffit, ontginnit en bedryffit (erkenning aan Marius F. Titus – Uit: “Skryfwerk”)

Steyn (1980:18) maak die volgende uitspraak rondom taalstatus as een van die vereistes vir die voortbestaan van 'n taal:

Getalsterkte, ekonomiese waarde en kulturele gehalte is van die dinge wat die status van 'n taal bepaal.

Daar kan sonder vrees vir teenspraak beweer word dat Afrikaans in Suid-Afrika op die oomblik nog in al die bogenoemde opsigte in 'n sterk posisie verkeer.

(i) Getalsterkte

Wat getalsterkte betref, kan daar weer na die uiteensetting in hoofstuk 1 (1.1) gekyk word (soos gegrond op die jongste verwerkte sensusgegevens van 2001, aangehaal in Webb 2003). Hiervolgens is 13.3 % van die Suid-Afrikaanse bevolking moedertaalsprekers van Afrikaans, wat Afrikaanssprekendes dus die derde grootste moedertaalgroep maak, teenoor Engels met 8.2 % as die vyfde grootste

moedertaalgroep. Daarbenewens is daar 16.3 miljoen mense in die land wat aandui dat hulle Afrikaans as eerste of tweede taal ken, terwyl daar net 1.4 miljoen meer mense is (17.7 miljoen) wat eerste- en tweedetaalkennis van Engels aandui. Geografies is Afrikaans se verspreiding ook beter as dié van Engels. Wat getalsterkte en T1- en T2-kennis betref, staan Afrikaans dus in werklikheid minder agter vir Engels as wat waarskynlik tans vermoed word.

(ii) Ekonomiese waarde

Afrikaanssprekendes kry wel – soos voorheen gemeld – opdraend in dié beroepe wat voorheen tradisioneel deur hierdie groep beklee is, soos onder meer poste in die staatsdiens en semi-staatsdiens. Daar word ook van maatskappye verwag om regstelling wat betref die indiensneming van persone uit alle groepe volgens 'n kwotastelsel te bewys.

Afrikaanssprekendes het hulle egter toenemend as entrepreneurs laat begin geld. Dit beteken dat Afrikaanssprekendes steeds in baie gevalle diensverskaffers is en dat 'n kennis van Afrikaans ook vir niemoedertaalsprekers in hierdie gevalle 'n ekonomiese bate is.

Afrikaanssprekendes het ook nog 'n groot genoeg impak op die koopkrag in die land om hulle as drukgroep te kan laat geld, bv. wat betref die advertensiewese. (Of Afrikaanssprekendes wel hierdie vermoë tot selfgelding uitoefen, is 'n aspek waarop in afdeling iii hierna teruggekom word.)

Die slotsom is dus dat Afrikaans in Suid-Afrika nog steeds 'n onbetwiste ekonomiese waarde het vir sowel moedertaalsprekers as niemoedertaalsprekers.

(iii) Kulturele gehalte

Oor Afrikaans se ontwikkeling as kultuurtaal hoef daar by niemand enige bedenkinge te bestaan nie. Die taal is mettertyd terminologies op alle terreine ontwikkel, en die soeke na woorde vir die heel jongste tegnologiese ontwikkelings bly nie uit nie, soos onder meer blyk uit die kompetisie op LitNet om 'n goeie Afrikaanse ekwivalent vir 'n sms te bedink (nadat “vonkpos” vir “e-pos” glo deur Breyten geskep is).

Dit is egter veral die kwaliteit van die Afrikaanse letterkunde vanaf die heel vroegste skrywers soos bv. Van Bruggen tot en met die baie produktiewe onlangse skrywers en digters wat aan Afrikaans so 'n besondere plek onder die tale van Suid-Afrika, maar ook in die groter wêreldletterkunde besorg. Daar is nie ruimte om hier al die “groot name”, na wie daar in sommige gevalle reeds in die loop van hierdie studie verwys is, te noem nie. 'n Interessante opmerking wat as voorbeeld kan dien vir die impak van die Afrikaanse letterkunde is dié van die Vise-rector:

Geesteswetenskappe van die Universiteit van Pretoria, prof. Chabani Manganyi, wat by die prysuitdelingsfunksie van die Departement Afrikaans op 5 Maart 2004 gesê het dat Afrikaans nie net behoort te oorleef ter wille van wetenskapsbeoefening in die taal nie, maar veral sodat toekomstige geslagte steeds die poësie van Van Wyk Louw sal kan lees.

In die lig van bogenoemde sou daar beweer kan word dat Afrikaans wat betref getalsterkte, ekonomiese waarde en kulturele gehalte steeds hoë aansien in Suid-Afrika geniet as een van die mees dinamiese tale in die land.

Taalstatus is egter net een van die vereistes wat Steyn stel vir die voortbestaan van 'n taal. Die ander twee ewe belangrike vereistes is houding en taalgetrouheid. In hierdie twee opsigte mag daar wel groot rede tot kommer bestaan, veral wat betref die jonger geslag Afrikaanssprekendes. Die impak van

“negatiewe miteskepping” kan nie in hierdie geval ontken word nie. Soos reeds genoem, is Afrikaners in die afgelope jare herhaaldelik gekonfronteer met hulle eie “sondes” en dié van die vorige geslag, in so ’n mate dat die “boetmans” verwoed teen die “broeders” begin uitvaar het. Niemand wil individuele skuld aanvaar nie, en tog word ’n kollektiewe skuld deur baie Afrikaners bely. Dit is daarom nie verbasend dat baie (veral) jonger Afrikaanssprekendes dikwels verkies om nie té Afrikaans of té taaljoernal voor te kom nie om sodoende alle aandagheid aan die verlede van die Afrikaner (die Afrikanermities) te ontken.

’n Verdere faktor is die voorkoms van kodevermenging (in die geval van Standaardafrikaanssprekers) tussen Afrikaans en Engels wat in die geval van die jonger generasie (die sg. Zoid-generasie) so intens is dat bykans die helfte van die geskrewe Afrikaanse teks van iemand uit hierdie groep (doelbewus) Engels is. Die voorkoms van kodevermenging as identiteitsmerker by jonger taalsprekers is nie vreemd aan baie kultuurgroepe nie. Dit kan daarom nie vanselfsprekend gesien word as ’n gebrek aan taalgetrouheid teenoor die eie taal nie. In die geval van Afrikaanssprekendes, wat reeds vir so lank moes weerstand bied teen die moontlikheid van verengelsing, hou hierdie taalvermenging egter wel pertinente “gevaare” in.

Gustav Preller se aanhaling in die aanhef tot hoofstuk 4, naamlik dat die prys van die “duurgekogte regte en vryhede” binne een menseleeftyd weer vergeet word, is uiters belangrik binne hierdie diskoers rondom miteskepping. Uit die voorafgaande bespreking moet dit duidelik wees dat Afrikaans nie sy “regte en vryhede” maklik of goedkoop verkry het nie.

Prof. Elize Botha het by die genoemde prysuitdelingsfunksie van die Departement Afrikaans van U.P. na die rol van prof. A.P. Grové, wat in dieselfde week waarin die funksie plaasgevind het, begrawe is, verwys as dié van kurator van die Afrikaanse letterkunde. Net so is alle Afrikaanssprekendes myns insiens tans kuratore van die Afrikaanse taal in al sy fasette: die ryke verskeidenheid

variëteite van Afrikaans wat ook in verskeie tekste neerslag vind, die Afrikaanse vaktaal en leksikografie, die letterkunde, taalkunde en historiografie van Afrikaans, en vele meer. Die mite van die “wonder van Afrikaans” is steeds ’n lewende mite, en Afrikaans is die lewende bewys van die lewenskragtigheid van hierdie mite. Die aanbeveling is dus, om die woorde van Titus hierbo te parafraseer, dat Afrikaans daagliks in al sy fasette ontgin en “bedryf” moet word. ’n Gebruikstaal sterf immers nie sommer uit nie.

Hiermee word die groot waarde van kundige beswaar teen die ongrondwetlike verskraling van Afrikaans se hoë funksies geensins ontken nie. Daar is talle voorbeelde van sodanige besware deur bekende Afrikaanse taalsosioloë, taalhistorici en taalpolitici soos Giliomee, Steyn en ander (soos Dan Roodt) in wisselende grade van taalaktiwisme (waarby die impak van miteskepping dikwels onteenseglik waarneembaar is).

Dit sou naïef wees om te beweer dat dit maar net nodig is om Afrikaans te *praat* om die taal se toekoms te verseker. Dit is gewoon nie waar dat die verlies aan status van Afrikaans op vele terreine, soos in hoofstuk 1 gemeld, geen werklike negatiewe impak het nie. Wat egter wel hier beweer word, is dat die “gewone” Afrikaansspreker grootliks kan bydra tot die beveiliging van Afrikaans se voortgesette rol in die samelewing deur die taal sonder skroom in alle lewensituasies te gebruik en te koester. Een saak staan vas: as die Afrikaanssprekendes nie self die regte van Afrikaans op ’n nugter dog besliste manier beding nie, sal niemand anders dit vir hulle doen nie. Daarom dan: liesit, praattit, skryffit, ontginnit en bedryffit.

7.6.3 Wees ’n miteskepper rondom die rol van Afrikaans in Suid-Afrika

Nog voor die eerste demokratiese verkiesing van 1994, in Junie 1993, word daar in ’n Engelse koerant, *The Natal Mercury*, die volgende uitspraak deur Leon Marshall gemaak:

However much apartheid [...] might be resented, Afrikaans (has) gained a place in the history and in the affairs of the country which might warrant special consideration...

In die lig van die bespreking rondom Afrikaans en die Afrikaner in hoofstuk 4 van die proefskrif moet daar volkome met hierdie uitspraak saamgestem word. Afrikaans se ontstaan op Afrikabodem (hoewel natuurlik met onbetwisbare wortels in én mikpunte na die Lae Lande) en sy ontwikkeling tot volwaardige kultuur- en wetenskapstaal wat met Engels as hoëfunksietaal op alle gebiede kan meeding, het inderdaad aan dié taal 'n besondere plek in Suid-Afrika besorg.

Die feit dat Engels 'n internasionale kommunikasie- en publikasietaal is, verleen uiteraard groter status aan Engels as aan Afrikaans. Baie Afrikaanssprekendes verkies om in Engels te skryf. So byvoorbeeld is, in 'n sekere sin ironies, Hermann Giliomee se biografie oor die Afrikaners in Engels geskryf. Die rede is uiteraard die feit dat die werk gerig is op 'n baie groter mark as Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners.

Hierdie selfde feite veroorsaak egter juis myns insiens dat Engels nooit werklik die belangrikste merker van Suid-Afrikaanse kulturele identiteit kan word nie. Engels is wel die wêreldtaal, die taal van wyer kommunikasie en “groot geleerdheid.” Dit is alles deel van die miteskepping rondom Engels, en veral by sogenaamde “agtergeblewenes” in die land, wat opwaartse sosiale mobiliteit deur Engels kan verwerf.

Afrikaans, daarenteen, is uniek aan Suid-Afrika – soos Zulu, Xhosa, Venda, Tswana, die twee Sotho-tale, Tsonga, Swazi en die twee Ndebele-tale. Afrikaans soos ons dit ken met al sy variëteite - dié van die Kaapse vlakke en trouens die hele “Kolonie” (soos my ma, wat in Steynsburg gebore is, altyd na haar geboorteprovincie verwys het), van Gauteng, die Vrystaat, die Richtersveld,

Namakwaland, Namibië, van Adam Kok se nageslag – het sy beslag in Suid-Afrika gekry, en verdien daarom sy besondere plek hier te lande.

Terselfdertyd is Afrikaans terminologies voldoende ontwikkel om mense maan – of Mars – toe te stuur. Min ander tale wat sy aan sy met Engels moes meeding, het nog ooit reggekry wat Afrikaans reggekry het⁴. Afrikaans is daarom een van die mees markante nasionale tale van Suid-Afrika en myns insiens 'n baie groter aanspraakmaker op die rol van merker van Suid-Afrikaanse nasionale identiteit as Engels, die “gesiglose” wêreldtaal.

Die aanbeveling is dus dat hierdie belangrike feite steeds aan ander Suid-Afrikaners en die eie nageslag oorgedra moet word: dat positiewe miteskepping rondom Afrikaans die taal se belangrike rol in die “vryheidstryd” van die Afrikaner sal uitwys, maar ook die waarde van Afrikaans as “bevryde” taal en ekonomiese bate vir baie Suid-Afrikaners, van wie 'n groot groep deel uitmaak van die nieprimêre spraakgemeenskap van Afrikaans.

Die diaspora van Afrikaanssprekendes na ander wêrelddele is bekend. Daar is egter ook 'n toenemende betrokkenheid by ontwikkelingsprojekte in Afrika (waar Afrikaners spesifiek in aanvraag is op grond van hulle kundighede en bewese vermoë tot organisasie en integrasie – volgens mondelinge mededeling van my man, Chris Jordaan, wat al self in meer as een Afrikaland by sulke ontwikkelingsprojekte betrokke was). Die Afrikaners is dikwels in die rol van konsultant of entrepreneur hier betrokke en die moontlikheid dat Afrikaans as taal ook mettertyd in kommunikasie met inheemses in die betrokke Afrikaland 'n bepaalde rol sal speel, is nie uitgesluit nie.

Kortom: nuwe miteskepping (wat nie die ou mites rondom Afrikaans sonder meer kan vervang nie, maar daarby toegevoeg word) is myns in die laaste dekade

⁴Weer eens 'n verpersoonifering van Afrikaans – vergelyk voetnoot 2 op bladsy 323. Uiteraard is dit die sprekers van die taal wat dit “reggekry” het.

geleidelik besig om in die kollektiewe onderbewuste van Afrikaanssprekendes te vorm. Hierdie nuwe miteskepping sluit in:

- Afrikaans is 'n taal van Afrika;
- Afrikaans is “gedemokratiseer” (om die term te gebruik wat, sover my kennis strek, die eerste keer deur Christo van Rensburg op hierdie manier gebruik is (vergelyk Webb 1992:183-197)). Dit beteken dat Afrikaans lankal nie meer gesien word as 'n eksklusiewe wit-Afrikaner-“besitting” nie, maar as die inklusiewe taal van al sy sprekers, van watter Afrikaansvariëteit ook al (wat ook die “swart” Afrikaans – tsotsitaal en flaaitaal - van die townships insluit);
- Van die Psalms en ander Bybelgedeeltes kan nie mooier “gesê” word as in Griekwa-Afrikaans nie (erkenning ook hier aan Hans du Plessis);
- Die Afrikaners – ten spyte van die “versteuring van hulle veilige patrone” – het weer eens hulle besondere vermoë tot aanpasbaarheid getoon en het bewys dat hulle steeds 'n toonaangewende rol in Suid-Afrika te speel het. Hiermee saam word die voortbestaan van hulle taal vir die meeste nog as vanselfsprekende gegewe gereken;
- “Kleur” is geen basis vir skeiding nie en daar is werklik geen verskil in die lewensiening en lewenswaardes – en daarom in die mites waarmee hulle leef – tussen wit en bruin moedertaalsprekers van Afrikaans nie.

Ons staan nou aan die begin van die tweede dekade van die “nuwe, demokratiese Suid-Afrika.” Daar word darem nie weer met die oog op die komende verkiesing op 14 April 2004 stapels blikkieskos en ander voorrade aangekoop vir geval die land skielik ophou bestaan nie. Andersyds weer is die buitengewone euforie van 1994 ook nie meer met ons nie. Die meeste mense

begin beseft dat die mite van “skouer aan die wiel sit” maar die blywendste een is om ’n land te laat “werk.”

En wat Afrikaans betref: diegene van ons wat steeds die mite van Afrikaans as onvervreembare en singewende mite in die “diepst van ons gedachten” en die “binnenst van ons ziel” glo, is dit roerend eens met die reeds aangehaalde woorde van die Hennie Aucamp-figuur: “My bestaan, my identiteit, my kern, my alles lê opgesluit in Afrikaans. ’n Bestaan in ’n ander taal sal vir my tweedehands wees.”

Bibliografie

A. Boeke

- Anderson, B.R. O'G. 1991. *Imagined communities: reflections on the origin & spread of nationalism*. New York: Verso.
- Barnes, L. 1932. *The new Boer war*. Londen: Leonard and Virginia Woolf, The Hogarth Press.
- Barraclough, G. 1979. *Main trends in history*. New York: Holmes & Meier.
- Barthes, R. 1972. *Mythologies*. (uit Frans vertaal deur Annette Lavers). New York: Hill and Wang.
- Basso, R. 1990. Myths in contemporary oral transmission. In Samuel, R. & P. Thompson (reds.):59-69.
- Belcher, R. 1987. Afrikaans en kommunikasie oor die kleurgrens. In Du Plessis, H. & T. Du Plessis (reds.): 17-34.
- Beukes, M. 1998. André P. Brink (1935-) Deel II. In Van Coller, H.P. (red.):316-329.
- Brink, A.P. 1973. (Tweede uitgawe:1982) *Kennis van die aand*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Brink, A.P. 2002. *Anderkant die stilte*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Botha, D.P. 1960. *Die opkoms van ons derde stand*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Botha, E. 1998. Etienne Leroux (1922-1989). In Van Coller, H.P. (red.):586-603.
- Botha, E. 1999. Uit 'n bloekombos-omsoomde wêreld: repliek op Willemse et al. In Du Plessis, T. en A. van Gensen (reds.): 94-100.
- Botha, T.J.R. (red.). 1989. *Afrikaanse Sintaksis*. Pretoria: Academica.
- Bulfinch, T. s.j. *The golden age of myth and legend*. Hertfordshire: Wordsworth Editions Ltd.
- Burke. K. 1961. *The rhetoric of religion: Studies in logology*. Berkeley: University of California Press.

- Calhoun, C. (red.). 1994. *Social theory and the politics of identity*. Oxford: Blackwell.
- Campbell, J. 1949. *The hero with a thousand faces*. Princeton University Press: Princeton. (Sagtebanduitgawe 1972. Princeton: Princeton/Bollingen Paperback Printing.)
- Cassirer, E. 1946. *The myth of the state*. New Haven: Yale University Press.
- Castells, M. 1997. *The power of identity*. Massachusetts: Blackwell Publishers.
- Cilliers, D.H. 1953. *Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939)*. Kaapstad: A.A. Balkema.
- Cloete, T.T. (red.). 1992. *Literêre terme en teorieë*. Bloemfontein: HAUM-Literêr.
- Cobarrubias, J. & J.A. Fishman (reds.). 1983. *Progress in language planning: international perspectives*. Berlyn: Mouton.
- Cocquereaux, J. 1981. *Volken en talen in beweging*. Leuven: Davidsfonds.
- Coetzee, A. 1990. *Letterkunde en krisis*. 'n Honderd jaar Afrikaanse letterkunde en Afrikaner nasionalisme. Johannesburg: Taurus.
- Conradie, P.J. 1962. *Die avonture van die Griekse helde en gode*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Constandse, A.L., L. Grollenberg e.a. 1974. *Logos en mythos*. Baarn: Bosch & Keuning.
- De Rougemont, D. 1956. *Passion and society*. Londen: Faber.
- Davids, A. 1987. The role of Afrikaans in die history of the Cape Muslim community. In Du Plessis, H. & T. du Plessis (reds.): 36-59.
- De Klerk, W. 2000. *Afrikaners: kroes, kras, kordaat*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- De Klerk, W.A. 1979. *Tyd van vernuwing*. Kaapstad: Tafelberg.
- De Vos, P.J.G. 1906. *De Afrikaander en zijn taal*. Amsterdam en Kaapstad: Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-maatschappij.
- De Waal, J.H.H. 1939. *My herinnering aan ons taalstryd (Versamelde Werke, deel 1)*. Kaapstad: Nasionale Pers.

- Du Plessis, H. 1992. *En nou, Afrikaans?* Pretoria: J.L. Van Schaik.
- Du Plessis, H. & T. du Plessis (reds.). 1987. *Afrikaans en taalpolitiek*. Pretoria: HAUM.
- Du Plessis, L.T. 1986. *Afrikaans in beweging*. Bloemfontein: Patmos.
- Du Plessis, L.T. 1991. *Die evaluering van taalbeplanningsprosesse en aanbevelings vir die oplossing van taalbeplanningsprobleme in Afrikaans*. Doktorale proefskrif: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Du Plessis, L.T. & A. van Gensen (reds.). 1999. *Taal en stryd. 1989-1999-gedenkbundel*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Du Plooy, H. 1998. Henriette Grové (1922-). In Van Coller, H.P. (red.):475-488.
- Du Preez, J.M. 1983. *Africana Afrikaner. Meestersimbole in Suid-Afrikaanse skoolhandboeke*. Alberton: Librarius.
- Du Toit, A. 1987. Taal, religie en nasionaliteit, 1824-1886. In Du Plessis, H. & T. Du Plessis (reds.): 61-70.
- Du Toit, J.D. 1917. *Ds. S.J. du Toit in weg en werk. 'n Periode van Afrikaanse oplewing*. Paarl: Paarl Drukkers Maatschappij Beperkt.
- Du Toit, S.J. 1882. *Die Afrikaner Bond. "Eendrag maak mag"*. Paarl: D.F. du Toit & Co.
- De Villiers, A. 1992. Die implikasies van taalinterne konflik in Afrikaans vir opvoedkundige prestasie. In Webb, V.N. (red.):287-316.
- Eliot, T.S. 1956. *On poetry and poets*. Londen: Faber & Faber.
- Engelenburg, F.V. 1928. *Genl. Louis Botha*. Pretoria:J.L. van Schaik.
- Esterhuysen, J. 1986. *Taalapartheid en skoolafrikaans*. Emmarentia: Taurus.
- Estes, C.P. 1992. *Women who run with the wolves*. Londen: Rider.
- Fasold.R. 1984. *The sociolinguistics of society*. Oxford: Basil Blackwell.
- February, V. 1998. Klein begin is aanhou wen. In Van Coller (red.):3-20.
- Fishman, J.A. 1977. Language and ethnicity. In Giles, H. (red.): 15-58.

- Flowers, B.S. (red.). 1988. *Joseph Campbell: The Power of myth (with Bill Moyers)*. New York: Doubleday.
- Fourie, J.J. 1986. *Afrikaners in die Goudstad, 1924-1961*. Pretoria: HAUM.
- Geyser, O. & A.H. Marais (reds.). 1975. *Die Nasionale Party (deel1)*. Pretoria: Academica.
- Giles, H. (red.). 1977. *Language, ethnicity and intergroup relations*. Londen: Academic Press.
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, H & Richard Elphick. 1982. *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1820*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.
- Grebe, H.P. 1997. *Die historiografie van Afrikaans in heroënskou*. DLitt-proefskrif: Universiteit van Pretoria.
- Haasbroek, D.J.P. 1971. *Die ontstaan van die nie-blanke stemreg en die verskansing daarvan in die Suid-Afrika Wet van 1909*. Doktorale proefskrif: Universiteit van Stellenbosch.
- Hancock, W.K. 1962. *Smuts (Volume I)*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Hancock, W.K. & Van der Poel, J. (reds.). 1973. *Selections from the Smuts Papers (seven volumes)*. Cambridge: Cambridge University Press.
- HAT* (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). 1994. Johannesburg: Perskor.
- Hawthorn, J. 1994. *A concise glossary of contemporary literary theory*. Londen: Arnold.
- Headlam, C. 1933. *The Milner Papers (vol.2)*. Londen: Cassell & Company.
- Hegi, U. 2000. *The Vision of Emma Blau*. Londen: Simon & Schuster.
- Hoernlé, R.F.A. 1939. *South African native policy and the liberal spirit*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Hofmeyer, I. 1993. *"We spend our years as a tale that is told": Oral historical narrative in a South African Chiefdom*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

- Hofmeyer, J.H. 1913. *The life of Jan Hendrik (Onze Jan) Hofmeyer*. Kaapstad: Van de Sandt de Villiers.
- Homerus : Die Ilias. Uit die oorspronklike Grieks vertaal deur J.P.J. van Rensburg. s.j. Stellenbosch: Pro Ecclesia-drukkery.
- Hugo, D., Rousseau, L. & Du Plessis, P. (samestellers). 2000. *Nuwe verset*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Jansen, J.D. (red.). 1991. *Knowledge and power in South Africa: Critical perspectives across the disciplines*. Johannesburg: Skotaville.
- Johl, R. 1986. *Kritiek in krisis: vryheid vir die teks*. Durban: Butterworth.
- Jordaan, A.M. 1982. *Tacitus – die geskiedskrywer as mensekenner*. M.A.-verhandeling: Randse Afrikaanse Universiteit.
- Jordaan, A.M. 1995. *Taalbereëling vir Afrikaans in 'n meertalige Suid-Afrika*. M.A.-verhandeling: Universiteit van Pretoria.
- Jung, C.G. 1964. *Man and his symbols*. Londen: Aldus Books Limited.
- Kannemeyer, J.C. (red.). 1980. *Tussengebied*. Johannesburg: Perskor.
- Kannemeyer, J.C. 1995. *Langenhoven: 'n Lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kemiläinen, A 1964. *Nationalism: problems concerning the word, the concept and classification*. Jyväskylä: Kustantajat.
- Kingsolver, B. *The Poisonwood Bible*. 1999. Londen: Faber and Faber Ltd.
- Kirkwood, G.M. 1958. *A study of Sophoclean drama*. Cornell: Cornell University Press.
- Kitto, H.D.F. 1951. *The Greeks*. Harmondsworth: Penguin Books.
- Kriel, L. 2002. *'n Vergelyking tusse Colin Rae en Christoph Sonntag se weergawes van die Boer-Hananwa-oorlog van 1894*. DPhil-proefskrif: Universiteit van Pretoria.
- Kropáček, L. & Skalník, P. (reds.) 2001. *Africa 2000: Forty years of African studies in Prague*. Praag: Roman Mísek.
- Krog, A. 1998. *Country of my skull*. Kaapstad: Random House South Africa.

- Lakoff, G. 1987. *Women, fire and dangerous things*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Langenhoven, C.J. 1932. *U dienswillige dienaar*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Langenhoven, C.J. 1934. Afrikaans as voertaal. In *Versamelde werke deel X*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Lichtenstein, H. 1928. *Travels in South Africa, 1803-1805, vol.1*. Kaapstad: Van Riebeeck Genootskap.
- Lindenberg, A. 1998. André P. Brink (1935-) Deel I. In Van Coller, H.P. (red.):294-315.
- Louw, C. 2001. *Boetman en die swanesang van die verligtes*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Louw, N.P. van Wyk. 1939 (herdruk 1965). *Lojale verset: kritiese gedagtes oor ons Afrikaanse kultuurstrewe en ons literêre beweging*. Kaapstad: Tafelberg.
- Louw, N.P. van Wyk. 1942. *Die dieper reg: 'n spel van die oordeel oor 'n volk*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Louw, N.P. van Wyk. 1986. *Versamelde prosa I*. Kaapstad: Tafelberg.
- Malan, C. 1978. *Misterie van die alchemis: 'n inleiding tot Etienne Leroux se negedelige romansiklus*. Pretoria: Academica.
- Malan, C. (red.). 1982. *Die oog van die son: beskouings oor boeke en werk van Etienne Leroux*. Pretoria: Academica.
- Malan, C. (red.). 1983. *Letterkunde en leser*. Pretoria: Butterworth.
- Malan, C. & B. Smit. 1985. *Skrywer en gemeenskap*. Pretoria: HAUM-Literêr.
- Malan, C. (red.). 1987. *Race and literature/Ras en literatuur*. Pinetown: Owen Burgess.
- Mandela, N. 1994. *No easy walk to freedom*. Londen: Little, Brown and Co.
- Marais, J.L & Renée Marais. 1998. Eugène N. Marais (1871-1936). In Van Coller (red.): 657-671.
- McCartney, T.M. 1992. *Black power ideologies: An essay in African-American political thought*. Philadelphia: Temple University Press.

- Meintjies, F. 1999. Language and labour. In Du Plessis, T. & A. van Gensen (reds.):101-106.
- M.E.R. 1972. *My beskeie deel: 'n outobiografiese vertelling*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewer Bpk.
- Moodie, T.D. 1975. *The Rise of Afrikanerdom: Power, Apartheid, and the Afrikaner Civil Religion*. Berkeley: University of California Press.
- Munslow, A. 1997. *Deconstructing history*. Londen: Routledge.
- Murray, A.S. 1935. *Manual of mythology: A complete survey of Greek and Roman, Norse and old German, Hindoo and Egyptian mythology. (hersien deur WM. H. Klapp)*. New York: Tudor Publishing Company.
- Nasson, B. 1990. Abraham Esau's war, 1899-1901. Martyrdom, myth, and folk memory in Calvinia, South Africa. In Samuel, R. & P. Thompson (reds.): 111-126.
- Nienaber, G.S. & P.J. Nienaber. 1958. *Die opkoms van Afrikaans as kultuurtaal*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Nienaber, P.J. 1962 (1978). *Digters en digkuns*. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.
- Nienaber, P.J. 1964. *Ons Taalhelde*. Kaapstad:Nasou Beperk.
- Nolte, K.E. 1990. *Sonde met die postmodernisme*. In Roos, H.M. (red.):163-186.
- Odendaal, B.J. 1998. Peter Blum (1925-1990). In Van Coller, H.P. (red.):250-261.
- Ohlhoff, H. 1999. Die poësie van voor 1900 tot 1960. In Van Coller, H.P. (red.): 21-243.
- Oliphant, V. 1998. *Die sagte vlees*. Kaapstad: Tafelberg.
- Olivier, F. 1999. Adam Small. In Van Coller, H.P. (red): 565-577.
- Olivier, F. 1999. G.A. Watermeyer. In Van Coller, H.P. (red.):757-763.
- Olivier, G. & A. Coetzee. (reds.). 1994. *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.
- Opperman, D.J. 1978. *Senior verseboek*. Kaapstad: Tafelberg.

- Pelzer, A.N. 1963. *Verwoerd aan die woord: Toesprake 1948-1962*. Pretoria: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Peneff, J. 1990. Myths in life stories. In Samuel, R. & P. Thompson (reds.):36-48.
- Phosa, N.M. 1996. *Deur die oog van 'n naald*. Kaapstad: Tafelberg.
- Ponelis, F. 1992. Standaardafrikaans in oorgang. In V.N. Webb (red.): 69-89.
- Ponelis, F. 1993. *The Development of Afrikaans*. Duisberger Arbeiten zur Sprach-und-Kulturwissenschaft. Frankfurt am Main: Peter Lang.
- Postman, N. en Weingartner. 1971. *Teaching as a subversive activity*. New York: Delacorte Press.
- Preller, G.S. 1941. *Voortrekkers van Suidwes*. Kaapstad: Nasionale Pers Beperk.
- Pretorius, R. 1984. "Vrees dat die wonderboom sal ...val?" In Prinsloo, K.P. & M.C.J. van Rensburg:59-89.
- Prins, M.J. 1999. F.A. Venter. In Van Coller, H.P. (red):722-732.
- Prinsloo, K.P. 1884. Gesindhede ten opsigte van taal in die onderwys in Suid-Afrika. In Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. (reds):106-123.
- Prinsloo, K.P. & M.C.J. van Rensburg (reds.). 1984. *Afrikaans: stand, taak, toekoms*. Pretoria: HAUM.
- Rademeyer, J.H. 1938. *Kleurling-Afrikaans: Die taal van die Griekwas en die Rehoboth-Basters*. Amsterdam: N.V. Swets & Zeitlinger.
- Raidt, E.H. 1976. (Eerste uitgawe: 1971). *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou.
- Reitz, D. 1983. (eerste uitgawe 1929). *Commando: A Boer journal of the Boer War*. Halfweghuis: Southern Book Publishers.
- Roodt, P.H. 2001 After the struggle: Views from recent South African literature. Kropáček & Skalník (reds.):233-242.
- Roos, H. 1983. *Die swerfjare van Poppie Nongena* – tradisie en vernuwing in epiek en kritiek. In Malan, C. (red.):140-152.
- Roos, H.M. (red.). 1990. *Lewe met woorde. Opstelle oor die prosa*. Kaapstad: Tafelberg.

- Roos, H. M. 1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu. In Van Coller (red.): 21-117.
- Samuel, R & P. Thompson (reds.). 1990. *The myths we live by*. Londen: Routledge.
- Schannell, J. 1988 (6de druk 1993). *Spreuke van Langenhoven*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, A.H.M. 1995. *Vatmaar: 'n lewendagge verhaal van 'n tyd wat nie meer is nie*. Kaapstad: Kwela Boeke.
- Scholtz, G.D. 1970. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (Deel 2)*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Scholtz, G.D. 1979. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner (Deel 6)*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Scholtz, J. du P. 1964. (Eerste uitgawe 1939 deur Nasionale Pers.) *Die Afrikaner en sy taal 1806-1875*. Kaapstad: Nasou.
- Schoonees, P.C. 1927. *Die prosa van die tweede Afrikaanse beweging*. 2de omgewerkte en vermeerderde druk. Pretoria: De Bussy.
- Simoons, P. 1974. Mythos: een fenomenologiese benadering. In Constandse e.a. (samestellers) : 9-27.
- Snyders, P. 1992. *'n Waarskynlike mens*. Greenhaven: Unison.
- Snyman, A. 1995. *Siener van Rensburg: boodskapper van God*. Mosselbaai: Vaandel-Uitgewers.
- Snyman, N.J.S. 1969. *Misvattinge oor die literatuur in Afrikaans soos weerspieël in vier polemieke –'n historiese oorsig*. M.A.-verhandeling: Universiteit van Pretoria.
- Steenberg, D.H. 1992. "Mite". In Cloete (red.): 314-316.
- Steenberg, D.H. 1998. Elsa Joubert. In Van Coller, H.P. (red): 527-540.
- Steinbeck, J. 1992. (Eerste publikasiedatum 1952). *East of Eden*. New York: Penguin. (Inleiding deur David Wyatt).
- Steyn, J.C. 1978. *Dagboek van 'n verraaier*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad: Tafelberg.

- Steyn, J.C. 1987. *Trouwe Afrikaners*. Kaapstad: Tafelberg.
- Steyn, J.C. 1998. *Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal*. Deel II. Kaapstad: Tafelberg.
- Syme, R. 1958. *Tacitus. Volume I*. Oxford: Oxford University Press.
- Theron, E. (samesteller). 1976. *Verslag van die kommissie van ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep*.
- Thompson, L.M. 1985. *The political mythology of apartheid*. New Haven: Yale University Press.
- Tonkin, E. 1990. History and the myth of realism. In Samuel, R. & P. Thompson (reds.):25-35.
- Totius. s.j. *Trekkerswee*. Potchefstroom: "Die Weste"-Drukkery.
- Van Coller, H.P. (red.). 1998. *Perspektiek en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 1*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P. (red.). 1999. *Perspektiek en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 2*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van den Heever, R. (red.) 1988. *Afrikaans en bevryding*. Kaapstad: Kaaplandse Professionele Onderwyserunie.
- Van der Merwe, C.N. 1998. Anna M. Louw (1913-). In Van Coller, H.P. (red.):604-614.
- Van der Merwe, H.J. 1972. Die ontstaan van Afrikaans. In Van der Merwe, H.J. (red.): 15-66.
- Van der Merwe, H.J. (red.). 1972. *Afrikaans – sy aard en ontwikkeling*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van der Merwe, H.J.J.M. 1958. *Scheepsjoernaal ende daghregister*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Heerden, F.J. 1975. Die 1915-verkieping. In Geysen en Marais (reds.) :241-268.
- Van Jaarsveld, F.A. 1961. *The awakening of Afrikaner nationalism 1868 – 1881*. Kaapstad: Human & Rousseau.

- Van Reenen, R. 1980. *Op die randakker*. (Saamgestel uit die Randakker-rubrieke in *Die Beeld en Rapport* deur Tobie Boshoff). Kaapstad: Tafelberg.
- Van Rensburg, M.C.J. (red.). 1984. *Die Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare*. Pretoria: RGN-verslag.
- Van Rensburg, M.C.J. 1989. Soorte Afrikaans. In Botha, T.J.R. (red.): 436-467.
- Van Rensburg, M.C.J. 1990. *Taalvariëteite en die wording van Afrikaans in Afrika*. Bloemfontein: Patmos.
- Van Rensburg, M.C.J. 1992. Die demokratisering van Afrikaans. In Webb, V.N. (red.):183-197.
- Van Rensburg, M.C.J. 1999. Fasette van die gesprek oor die gepolitiseerdheid van Afrikaans: repliek op Jan Esterhuysen. In Du Plessis, T. & A. van Gensen (reds.):69-81.
- Van Vuuren, H. 1999. Perspektief op die moderne Afrikaanse poësie (1960-1997). In Van Coller, H.P. (red.):244-304.
- Van Zuydam, S.W. 1998. Ingrid Jonker (1933-1965). In Van Coller, H.P. (red.):514-526.
- Vickery, J.B. (red.). 1966. *Myth and literature*. Lincoln: University of Nebraska Press.
- Von Wielligh, G.R. 1922. *Eerste skrywers*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Walshe, P. 1971. *The Rise of African Nationalism in South Africa*. Berkeley: University of California Press.
- Watermeyer, G.A. 1957. *Die republiek van duisend jaar*. Johannesburg: Dagbreekpers (gedruk vir die digter).
- Webb, V.N. (red.) 1992. *Afrikaans ná apartheid*. Pretoria: J.J. van Schaik.
- Willemse, H. 1985. Poësie as nie-hegemoniese vorm. In Malan, C. & B. Smit. (reds.): 227:230.
- Willemse, H. "Maa' die manne waver nog": jonger swart Afrikaanse skrywers. In Malan, C. (red.):197-208.
- Willemse, H. 1991. Securing the myth: The representation of the origins of Afrikaans in language textbooks. In Jansen, J.D. (red.):249-263.

- Willemse, H. 1999(a). 'n Inleiding tot die buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke. In Van Coller, H.P. (red.):3-20.
- Willemse, H. e.a. (reds.). 1997. *Die reis na Paternoster*. Belville: Universiteit van Wes-Kaapland.
- Willemse, H. e.a. 1999. Oor Bloekombos en (voor-)Uitkyk. In Du Plessis, T. & A. van Gensen (reds.): 82-93.
- Woshinsky, O.H. 1995. *Culture and politics: An introduction to mass and elite political behavior*. New Jersey: Prentice Hall.

B. Vaktydskrifte

- Debray, R. 1977. Marxism and the national question. *New Left Review* 105 (September-Oktober 1977), pp. 25-41.
- Grebe, H.P. 1999. Oosgrensafrikaans as teoretiese konstruk onder die loep. *Literator, Jaargang 20 No. 2*, pp. 47-58.
- Janssens, M. 2003. Mythevorming in de hedendaagse cultuur. *Literator, Volume 24 (1)*:145-157.
- Petersen, P. 1991. Digter van bevryde Afrikaans: 'n onderhoud met Hein Willemse. *Karring* 2:19-21.
- Ploeger, J. 1945. Verskillende besonderhede i.v.m. die rederykerskamer "Onze Taal" in Pretoria. *Jaarboek van die Afrikaanse Skrywerskring Nummer 10*: 30-38.
- Prinsloo, K.P. 1980. Taalbeplanning vir Suid-Afrika. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 20(1), Maart 1980.
- Sebeok, T.A. (red.). 1971. *Current trends in linguistics* (Linguistics in Sub-Saharan Africa), 7.
- Snyman, N.J. 1990. Die polemieë rondom *Sewe dae by die Silbersteins*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 28(4):11-29.
- Steyn, J.C. 1993. Taalideologie en taalbeleid in die Suid-Afrikaanse geskiedenis – oorweging in die ampstaaldebate? *Acta Academica Supplement 1*: 1-97.
- Valkoff, M.F. 1971. Descriptive bibliography of the linguistics of Afrikaans: a survey of major works and authors. In Sebeok, T.A. (red.): 455-500.

Van Rensburg, M.C.J. 1999. Afrikaans and apartheid. *International Journal of the Sociology of Language* (Offprint) :77-96. Berlyn: Mouton de Gruyter.

Van Rensburg, M.C.J. & L. Davey. 1993. Afrikaans – sy ondergang in Thlabane. *Tydskrif vir Letterkunde XXX1(3)* :25-39.

Van Wyk, S. 1992. Ideologie van styl in *Die swerfjare van Poppie Nongena*. Hulle praat liefste Afrikaans. *Karring*, 4:35-40, Winter.

Verhoef, M. 1999. Die mites oor Afrikaans: 'n inleidende beskouing oor die persepsie van Afrikaans as onderdrukkerstaal. *Literator, Jaargang 20 No. 2* : 123-136.

Webb, V.N. 1991. Conflict in South African society, and the role of language. Duisburg: LAUD Paper 232.

C. Periodieke publikasies/ On-/gepubliseerde referate

Afrikaans Vandag : Maandblad van die Stigting vir Afrikaans, Julie 2000

Die Afrikaanse Patriot, 15 January 1876. (Heruitgawe van die eerste nommer van Die Afrikaanse Patriot). Paarl: Paarlse Drukkers.

Beeld, verskeie datums

Botha, E. 1995. Elsa Joubert vier haar 73ste met 'n pragboek. *Beeld*, 30 November.

Die Burger, verskeie datums

Leroux, E. 1960. Die mens, en veral die skrywer op soek na die lewende mite. Lesing voor die Afrikaanse Studiekring, Universiteit van Stellenbosch, op 6 Mei 1960. Opgeneem in Kannemeyer (red.) 1980:11-24.

Malan, C.W. 1983. Verhouding en gesprek in geëngageerde romans, SAVAL-kongresreferate III: *Resepsie-estetika*. Bloemfontein/Potchefstroom:1-20.

Rapport, 10 Mei 1998

SABC Broadcasting Research Unit, 1994. SABC.

Scholtz, J. du P. 1969. "Die groei van Afrikaans tot volwaardige gebruikstaal" in *Die Burger*, 8/9/1969.

Scholtz, J. du P. 1975. "Wie was die eerste Afrikaner?" In *Bylae tot Beeld*, 10/10/1975.

Swanepoel, P.H. 1991. *Die liefdesverhouding tussen Afrikaans en die Afrikaanssprekende: 'n blik deur die oë van Mater Matuta*. Intreerede by die aanvaarding van die leerstoel in Afrikaans aan die Universiteit van Suid-Afrika, 29 Augustus 1991. Pretoria:Unisa-publikasie.

The Natal Mercury, 18 Junie 1993.

Van Rensburg. M.C.J. 1992. *En wat van Afrikaans...? Gedagtes oor Afrikaans se plek naas ander tale in 'n Suid-Afrikaanse talebestel*. Ongepubliseer.

Volksblad, verskeie datums.

Webb, V.N. 2003. *The sustainability of South Africa's pluralist language policy*. Referaat gelewer by die International seminar on Applied Linguistics in a global world, Desember 2003, Universiteit van Delhi.

Willemse, H. 1999(b). *Kantaantekeninge: "Nasionalisme en letterkunde – wat verder?"* Gespreksgeleentheid by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees, 30 Maart 1999, Oudtshoorn.

Willemse, H. 2001. *Om te leef in Afrika: oorlewing, saambestaan en die Suid-Afrikaanse letterkunde*. Intreerede by die aanvaarding van die leerstoel in Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria op 19 Julie 2001. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Willemse, H. 2003. *Op pad na 'n ruim Afrikaans – 'n bydrae oor nie-rassigheid in Afrikaans*. Voordrag as deel van 'n paneelbespreking by die Skiereilandse Technikon, 3 Oktober 2003. Ongepubliseer.

D. Elektroniese publikasie

http://www.litnet.co.za/nuusbrief/2004_03_03.asp

SAMEVATTING

Die onderwerp van die proefskrif is: Mites rondom Afrikaans.

Die probleemstelling raak veral die verskraling van Afrikaans se hoëfunksiestatus in Suid-Afrika na 1994 omdat hierdie verskraling 'n negatiewe impak het op sowel die ongeveer ses miljoen moedertaalsprekers van Afrikaans as op niemoedertaalsprekers vir wie die taal instrumentele waarde het. Die vraag is of miteskepping rondom Afrikaans gedeeltelik verantwoordelik is vir hierdie statusverlies.

Die term “mite” en die impak van mites word voorts bekyk. “Mite” word uiteindelik nie gesien as “'n storie sonder grond” (soos in die woordeboekdefinisie) nie, maar wel n.a.v. Jung, Campbell, Leroux, Malan en ander as 'n storie/narratief wat verband hou met **singewing aan die menslike bestaan**. In hierdie verband word veral gesteun op:

- die standpunt van die bekende twintigste-eeuse mitoloog, Joseph Campbell, wat beweer: “Myths are stories of our search through the ages for truth, for meaning, for significance (Campbell in Flowers 1988:5); en
- die uitspraak van Malan (1978:39) dat die mite “sedert die vroegste tye die mens se manier (is) om deur middel van 'n eenvoudige vertelling die sin, samehang en doel van die kosmos te verklaar.”

Miteskepping binne groepe (Anderson 1991: “verbeelde gemeenskappe”) word bekyk en daar word veral gepoog om die rol van nasionalisme en politieke miteskepping te verreken. In dié verband is die uitspraak van Leonard Thompson veral belangrik. Thompson (1985:3) wys op twee soorte mites, nl.:

- 1) “konserwatiewe mites” (bv. rondom die ontstaan van die groep); en
- 2) “radikale mites” (wat ten doel het om “die ander” se regime in diskrediet te bring).

In die diskoers oor mites rondom Afrikaans is die uitgangspunt dat die betrokke mite as positief of negatief beskou word in terme van die impak daarvan op die status en posisie van Afrikaans in Suid-Afrika.

Die twee “hoofmites” rondom Afrikaans word eksemplaries en anekdoties bespreek en die impak van die betrokke mites op Afrikaans word bekyk. Dié twee mites is naamlik:

- Afrikaans as mitiese bindmiddel in Afrikanernasionalisme in veral die eerste vyftig jaar van die twintigste eeu; en
- Afrikaans as metaforiese verdrukkerstaal in veral die tydperk van geïnstitusioneerde apartheid.

Voorts word die neerslag van bogenoemde mites in verskeie Afrikaanse sisteme (onder meer die historiografie, die letterkunde en die skoolleerplanne) aan die hand van voorbeeldmateriaal bespreek. Die doel van dié bespreking is om aan dui hoe groot die impak van die betrokke mites was.

Ten slotte word die vraag gestel: “En nou, Afrikaans?” Die slotsom is dat Afrikaans se status in die sogenaamde hoëtaalfunksies wel toenemend onder druk is as gevolg van die hegemonie van Engels in die land. Daar moet wel nugter en beslis oor hierdie saak onderhandel word op grond van die toekenning van gelyke taalregte aan al elf ampstale in die jongste grondwet, maar die sprekers van Afrikaans kan ook meehelp vir die behoud van Afrikaans deur:

1. Saam te leef met die mites rondom Afrikaans en wel deur begrip vir en deernis met mekaar se mites te ontwikkel;
2. Afrikaans daagliks vir alle funksies te gebruik, veral aangesien Afrikaans sodanig ontwikkel is dat dit geskik is vir alle funksies; en
3. Self weer mee te werk aan miteskepping rondom Afrikaans, onder meer deur daarop te wys dat Afrikaans as taal van Afrika ’n groter aanspraak het op nasionaletaalstatus in Suid-Afrika as die internasionale taal, Engels.

Sleutelterme

Afrikaans

Afrikanernasionalisme

(Die) Afrikaners

apartheid

identiteit

ideologie

(Die) kollektiewe onderbewuste

kultuur

mite

miteskepping

narratiewe

nasionalisme

sosio-kulturele identiteit

stories

(Die) waarheid

(Die) WVK

SUMMARY

The topic of the thesis is: Myths around Afrikaans.

The problem statement mainly deals with the curtailment of the high function status of Afrikaans in South Africa since 1994 as this has a negative impact on the six million mother tongue speakers of Afrikaans as well as on non-mother tongue speakers for whom the language has an instrumental value. The question is raised as to whether myth making around Afrikaans can be held partly responsible for this loss in status.

The term “myth” and the impact of myths are looked into. “Myth” is not used in this thesis as a “story without ground” (as in the dictionary definition), but, according to the work of Jung, Campbell, Leroux, Malan and others, as a story/narrative that gives voice to man’s search for meaning and significance.

The main points of departure are:

- The viewpoint of the well-known twentieth-century mythologist, Joseph Campbell, who states: “Myths are stories of our search through the ages for truth, for meaning, for significance (Campbell in Flowers 1988:5); and
- The statement of Malan (1978:39) namely that myth has always been the way in which man has tried to explain the sense, significance and purpose of the cosmos by means of a simple narrative.

Myth making within groups (Anderson 1991: “imagined communities”) is viewed and the role of of political myth making explicitly stated. In this regard the statement of Leonard Thompson is relevant. Thompson (1985:3) points to two kinds of myths, namely:

- 1) “conservative myths” (for example about the origins of a group); and
- 2) “radical myths” (that aim to discredit the regime of “the other”).

In the discourse about myths around Afrikaans the point of departure is that the specific myth is regarded as positive or negative in terms of its impact on the status and position of Afrikaans in South Africa.

The two “main” myths around Afrikaans are discussed by exemplification and by means of anecdotes and the impact of the said myths on Afrikaans is evaluated.

The two myths are:

- Afrikaans as mythical binding force in Afrikaner nationalism in (mainly) the first fifty years of the twentieth century; and
- Afrikaans as metaphorical language of the oppressor, especially in the period of institutionalized apartheid.

The impact of the above myths within various Afrikaans systems (among others the historiography and literature of Afrikaans and the school syllabi) is furthermore exemplified with the purpose of indicating how great this impact has been.

Finally the question is asked: “And now, Afrikaans?” (with acknowledgement to the title of a publication by Hans du Plessis, 1992: *En nou, Afrikaans?*). The conclusion is that the status of Afrikaans in the so-called high language functions is daily under more pressure as a result of the hegemony of English in the country. There should be rational and firm negotiations about this unconstitutional curtailment of the rights of Afrikaans. The speakers of Afrikaans can, however, help to preserve the language by:

1. Living with the myths around Afrikaans in the sense that they develop and demonstrate understanding and empathy for the myths of other groups;
2. Using Afrikaans daily for all functions, especially seeing that Afrikaans is indeed suitably developed to meet any need; and
3. Working towards new myth making around Afrikaans, by – among other things – pointing to the fact that Afrikaans, as a language of

Africa, has a greater claim to *national* language status in South Africa than the *international* language, English.

Key words/phrases

Afrikaans

Afrikaner nationalism

(The) Afrikaners

apartheid

(The) collective subconscious

culture

identity

ideology

myth

myth making

narratives

nationalism

socio-cultural identity

stories

“truth”

(The) TRC